


En die lig skyn
in die duisternis,
en die duisternis
kon dit nie uitdoof nie.
Johannes 1:5

# Ontmoet Jesus

## Oordenkinge oor Johannes

Louis Nel

# Ontmoet Jesus

## 'n Reeks Oordenkinge oor die Evangelie volgens Johannes

**Louis Nel**

Mei 2022

Mosbolletjie Boeke

# Inhoud


Voorwoord
1 Ontmoet Jesus!
2 Skepper-God
3 Maak Jou Keuse
4 Die Koning kom Kuier
5 God Tussen Ons
6 Daar is die Lam van God
7 Andreas
8 Jesus is God
9 Bruilof
10 Tempelreiniging
11 Ongelowige Christene
12 Gesprek in die Nag
13 Water En Gees
14 Die Ewige Lewe
15 Wat Is Liefde?
16 Bose Duister
17 Johannes se Getuienis
18 Die Vrou by die Put
19 Jesus weet Alles
20 Die Oes is Ryp
21 Geloofstoets
22 Genees by die Swembad
23 Seun van God
24 Die Hofuitspraak
25 Brood vir 'n Skare
26 'n Wandeling op die See
27 Brood van die Lewe
28 Eet die Brood!
29 Om Jesus te Volg
30 God is Stééds in Beheer!
31 Aan God Al die Eer
32 Om Jesus te Ken
33 Strome Lewende Water
34 Die Fontein
35 Die Ou Testament
36 "Jy is Vergewe!"
37 By die Lig van die Kampvuur
38 Die Jode se Ongeloof
39 Kind van God?
40 Jesus Word Beledig
41 Beproewinge
42 Intimidasie
43 Geestelike Blindheid
44 Die Goeie Herder

45 Hardkoppige Ongeloof
46 Die Dood se Angel is Weg
47 U Was te Laat!
48 Die Dood is Oorwin
49 Jesus se Teregstelling Word Beplan
50 Salf vir Jesus se Voete
51 Hosanna, Hosanna!
52 Die Koringkorrel Sterf
53 Die Jode Verwerp Jesus
54 Jesus Was Vuil Voete!
55 Verraad! Verraad!
56 Het Jy MY Lief?
57 Jesus en die Vader is Een
58 Die Gees In Jou
59 Die Wingerdstok
60 Bly in MY
61 Getuig Ten Spyte Van Vervolging
62 Die Werk van die Heilige Gees
63 Van Droefheid tot Blydskap
64 Vrye Toegang
65 Die Hoëpriesterlike Gebed
66 Gearresteer
67 Petrus se verraad
68 Pilatus
69 Kruisig Hom!
70 Koning van die Jode
71 Dit Is Volbring!
72 Hy Leef!
73 Vrede vir Julle!
74 Vissers van Mense
75 Het jy My lief?

## Voorwoord

“In die begin het God die hemel en die aarde geskep” - so begin die Woord van God in Genesis 1:1. Blaai ons na Johannes 1:1, dan lees ons wat Johannes skryf van Jesus: “In die begin was die Woord,” skryf hy en dan gaan hy aan deur te vertel dat hierdie einste Woord alles geskep het. Jesus, Almagtige God, is die skepper van die heelal.

Hou nou maar jou Bybel oop by albei gedeeltes, want ons lees verder in Genesis 1 dat alles aan die begin pikdonker en onbewoonbaar was, maar dat die heel eerste ding wat God geskep het, lig was. Ja, nog voordat die hemelligte, die son, maan en sterre geskep was, het Hy alreeds lig gemaak. Maar Hy het verder gegaan en die lig en donker van mekaar geskei.

Terug by Johannes 1, sien ons dat daar lewe was is Jesus, die Woord, maar ook dat hierdie lewe die lig vir die wêreld was. Hoe geweldig belangrik is lig nie vir alle lewe!

Jesus is Skepper!

Jesus is God!

Jesus is lewe!

Jesus is Lig!

Dit is hierdie gedagtes wat Johannes wil beklemtoon - wil uitbasuin sodat almal kan hoor.

Ek wil jou dus uitnooi om saam met my die pad te stap om die ware Jesus te ontmoet.

Louis Nel

# 1

# Ontmoet Jesus!

## Inleiding

VIDEO  * **OUDIO**

Wie is God? Hierdie is ‘n kwelvraag op mense se lippe, selfs ook baie gelowiges! Vir tieners is dit veral ‘n baie aktuele en terselfdertyd ook verwarrende vraag. Verby is die dae toe almal saam met jou op skool Christene was en dalk saam met jou in die Sondagskoolklas gesit het. Vandag maak kinders kennis met 'n warboel verskillende godsdienste. Hulle maats is dikwels Moslems, Hindoes en aanhangers van die tradisionele Afrika-godsdiens. Baie is selfs kerkloos of godsdiensloos. Watter een van al hierdie magdom van gode is die regte een? Is daar ooit ‘n God?

Mense soek op verskillende plekke na God om hierdie antwoord te bevredig. Sommige soek Hom in die natuur, ander weer in die kleurvolle beelde van die Hindoe-geloof, die een of ander misterieuse Oosterse geloof of selfs Satanisme. Dan is daar diegene wat na ‘n intensiewe soektog tot die slotsom kom dat daar gladnie ‘n God is nie!

'n Paar jaar gelede is ‘n pastoor hof toe gesleep oor ‘n “diskriminerende” advertensiebord wat hy langs die pad laat oprig het. Daarop het gestaan: “The fool says in his heart: There is no God.” Die klaer wou weet: “Is ons Ateïste dan onnosele gekke?”

As ons uitgekom het by die ware antwoord oor wie God is, is die tweede baie belangrike vraag: Nou wie is Jesus dan? En daarop gee Johannes sommer in die heel eerste verse ‘n baie duidelike antwoord. Vir sommige mense is sy antwoord heeltemal té duidelik. Dit laat hulle ongemaklik voel. Só ongemaklik voel die Jehovah's Getuies daaroor dat hulle die Bybel verander het om by hulle siening te pas. Hulle beweer dat Jesus nie God is nie maar slegs ‘n god of 'n goddelike wese! Amper ‘n soort verhewe engel.

Johannes wil jou egter nie alleen vertel wie Jesus is nie. Hy wil jou ook aan Hom bekendstel. Hy wil jou na Jesus toe neem sodat jy Hom persoonlik kan ontmoet en leer ken. As jy dalk nog sou huiwer oor daardie ontmoeting, dan vertel Johannes jou presies waarom dit so dóód-noodsaaklik is dat jy daardie ontmoeting wél beleef. In die baie bekende gesprek tussen Jesus en Nikodemus in hoofstuk 3, sien ons duidelik dat as jy nie vir Jesus wil ontmoet nie, jy die oordeel van God beslis nie sal vryspring

nie. Jesus is die enigste waarborg vir ‘n ewige lewe.

Dalk moet ons ook die vraag vra: “Wie was hierdie man, Johannes, dat hy met soveel gesag kon skryf oor God en Jesus?”

Johannes het sy kennis van Jesus op ‘n baie persoonlike vlak opgedoen. Hy het die benydenswaardige voorreg gehad om as 'n jong man vir drie volle jaar lank elke dag saam met Jesus te wees en Sy teenwoordigheid te ervaar. Met sy eie oë het hy die talle wonderwerke gesien wat Jesus gedoen het. Hy was by toe Jesus die siekes genees het en dooies weer lewe gegee het. Hy het gehelp om die kos uit te deel aan die skare van 5000 wat Jesus gevoed het met ‘n handvol vissies en broodjies. Maar belangriker nog, kon hy die wonderlike liefde ervaar wat uit Jesus gestraal het. Hy kon eerstehands, prakties leer wat dit beteken om jou liefde uit te leef. Johannes was een van Jesus se dissipels, die “geliefde dissipel.” Hy was een van die twaalf uitgestuurdes of Apostels wat die taak gehad het ná Jesus se hemelvaart om die Evangelie aan al die nasies uit te dra.

‘n Baie interessante vraag is: “Hoe het dit gekom dat Johannes die boek geskryf het?” Baie mense dink dat Johannes een mooi dag onder ‘n boom

gaan sit en begin skryf het. Nee, dit is nie hoe dit gebeur het nie. Oor ‘n lang tydperk het Johannes vir die gemeente vertel van al die dinge wat gebeur het. Die wonderlike woorde van Jesus het kraakvars in sy geheue gebly, en baie van die gesprekke kon hy letterlik seker woord-vir-woord onthou. Dit was ‘n tydperk in sy lewe wat ‘n baie groot indruk op hom gemaak het. Soos wat verskillende situasies in die gemeente opgeduik het, het hy antwoorde gaan soek in die dinge wat Jesus gesê en gedoen het, net soos wat ek dikwels ook staaltjies gaan opdiep uit my kinderdae om sekere geloofswaarhede te illustreer. Uiteindelik, baie jare later, het hy hierdie dinge begin neerskryf, en eers omtrent 60 jaar na Jesus se kruisiging is die Evangelie finaal volledig op skrif gestel.

Een van die talle beelde wat Johannes so meesterlik gebruik in hierdie boek, is die beeld van lig wat in die duisternis skyn en die duister verdryf. Hierdie is so ‘n gepaste gedagte, want vir baie ongelowiges is die wêreld waarlik ‘n plek van duisternis. Iemand wat die waarheid soek, tas gewoonlik in die pikdonker rond sonder om die antwoord te kan kry. Jesus is die ware Lig wat in hierdie duisternis skyn en die donker verdryf. Hy is die énigste ware Lig! En daarom is die Johannes-Evangelie so ‘n besonderse Boek om vir iemand te

gee wat soekend is. Dit is die ganse Evangelie in ‘n neutedop.

Kom, gordel vas vir ‘n reis saam met my uit die duister na die Lig wat helder skyn!

Gebed:

Here, U is die enigste ware Lig! Ek aanbid U, en bring aan U al die eer. Dankie vir ‘n Johannes wat gehoorsaam was en hierdie wonderlike Evangelie geskryf het sodat baie mense van die Lig kan leer.

## 2

# Skepper-God

## Johannes 1:1-5

**VIDEO * OUDIO**

Gister het ons die vraag gevra: “Wie is Jesus?” Johannes gee die antwoord in helder, duidelike taal. Hy begin sy boek deur die vraag te antwoord op so ‘n treffende wyse dat ons absoluut géén twyfel sal hê oor presies Wie Jesus is nie. Die dramatiese loflied waarmee hy sy boek begin, gryp jou só aan dat jy net eenvoudig nie die boek kan neersit nie – jy wil net meer en meer lees! “*In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was self God.*” In Grieks staan daar: Én àrché yn hò lògos, kaì hò lògos yn pròs ton Øeòn, kaì Øeòs yn hò lògos. (Ek het Grieks probeer weergee in gewone skrif.)

Wanneer ons hierdie eerste verse lees, kan ons nie anders nie as om in aanbidding voor Jesus neer te val, want Sy almag, grootheid en oneindigheid word hier beskryf.

Die eerste vyf verse van Johannes neem ons terug na die begin van alles, selfs nog lank voordat die heelal ontstaan het. Wanneer was daardie begin? Niemand weet nie, en niemand kan dit ooit bepaal

nie. Die totaal onbegrypbare is dat Hy van ewig af was. Die sterrekundiges se teorie is dat die heelal wat ons ken sy begin gehad het 15 duisend miljoen jaar gelede. Ja, Jesus was alreeds lank voor dit!

Nog meer indrukwekkend, is die feit dat Jesus die Een was wat verantwoordelik was vir die skepping van hierdie einste heelal. Die vraag is al dikwels gevra: Hoe groot is die heelal werklik? As ons by onsself kan begin: ek is maar ‘n ou spikkeltjie op die aarde, maar net so is die aarde ‘n klein spikkeltjie in die hemelruim, totaal verdwerg deur die ster waarom ons wentel, die son. Die son, op sy beurt, is een van 300’000 miljoen sterre van die Melkweg,‘n galaksie van 100’000 ligjare in deursnee. Die son slegs 8 lig-minute van ons af. Dink maar self hoe groot hierdie melkweg rêrag is! Maar die melkweg is sélf maar ‘n ou spikkeltjie in die heelal! Daar is miljoene soortgelyke galaksies in die heelal, sommige selfs nog baie groter as die Melkweg. En nou wil sommige slim manne beweer dat die heelal dalk maar een van 'n klomp heelalle is!

Ek gee hierdie inligting maar net om jou weereens te laat besef hoe groot en almagtig die Skepper van dit alles, Jesus, is. En die wonder is dat selfs

die kleinste detail, ‘n skoenlappertjie of blommetjie of kleurvolle tropiese vissie, nie vergeet is nie.

Hierdie is egter net die begin! Johannes wil ook vir ons laat verstaan dat Jesus die Een is wat lewe gee. Die wetenskap het baie ver gevorder, en hulle kan al selfs lewe verwek uit chemiese stowwe. Die feit is egter dat slegs Jesus, die Skepper van lewe, ware, sinvolle lewe kan gee. Die mens beweer dat hy ook kan skep, maar om iets te skep, het jy materiaal nodig. Om byvoorbeeld ‘n pot te kan skep, het jy klei nodig. Jesus het alles geskep uit niks. Hy het ook lewe geskep uit niks!

Maar die lewe waarna hier verwys word, is nie maar net gewone lewe nie, maar dit dui op die ewige lewe wat alleen Jesus kan gee.

In hierdie beknopte geskiedenis van die ontstaan van alles, verwys Johannes ook na een van die wondere van die skepping, naamlik Lig. Ja, Jesus het ook lig gegee, en hierdie Lig het in die duister geskyn. Die duister waarna Johannes hier verwys, is natuurlik die duister van die sondeval, wat gedreig het om die wêreld te oorweldig.

Het jy al ooit ware duisternis beleef? Ek was ‘n jong seun, toe ons eendag verneem van ‘n asemrowende grot iewers in die Laeveld. Bewapen met flitsligte, het ons die berg opgeklim om by die

grot te kom. Dit was indrukwekkend, en ek het my verstom oor die reuse sale waardeur ons gegaan het. Ek het verdwerg gevoel deur die indrukwekkende kunswerk van druipsteen wat soos ‘n groot monster met ‘n gapende bek lyk. Die grot is vernoem na hierdie manjifieke beeldhouwerk: “Die Grot van die Skreeuende Monster.” Jare later word dit ontwikkel en kry dit die naam: Sudwala Grotte. Ons besluit om almal ons flitsligte af te skakel. Die pik-giet-swart-nag donker is oorweldigend. Dan skakel iemand ‘n flou flitsie aan, en skielik is al die duister verdryf!

As een enkele klein gloeilampie die duisternis in daardie reuse grotsaal kon verdryf, hoeveel te meer nie die helder ligglans van Jesus nie! Toe die duisternis van die sonde op sy ergste was, het Jesus se versoening aan die kruis eensklaps alles verander, en die duister is vir ewig oorwin. Ja, inderdaad is die duister steeds daar, maar dit kan die helder lig van Jesus nooit uitdoof nie.

Die woord “uitdoof” kan egter ook anders vertaal word: dit kan beteken dat die duisternis die lig nie kon aanvaar nie. Ja, daar is menige mense wat daardie lig van Jesus sien, maar dit steeds nie wil aanvaar nie. “Ek is nog nie gereed nie” of “Ek moet eers beter word!” Van die eerste verse tot aan die heel einde van hierdie boek van Johannes kom die

uitnodiging om daardie wonderbare lig te aanvaar. Regdeur die boek hoor jy Jesus klop aan die deur van jou hart. Jy is die enigste wat daardie deur kan oopmaak en Jesus inlaat. As jy dit nog nie gedoen het nie, is nóú die regte tyd!

Gebed:

Here, ek aanbid U, want U is groot en almagtig, die Skepper, die enigste ware Lig.

3

## Maak Jou Keuse

## Johannes 1:6-13

VIDEO * **OUDIO**

Voordat ons ‘n Lister kragopwekker gekry het, was ons toenterjare aangewese op kerse vir lig op ons plaas. In elke kamer was daar een en hulle moes die klipharde donker sag maak. In die eetkamer, daar waar ons saans gesit en gesels het om die tafel en waar alles maar gebeur het, het Ouma egter saans die Aladdin lamp aangesteek. Hierdie lamp het ‘n baie delikate asbes sakkie gehad wat skitter-wit gegloei het en ‘n helder wit lig gegee het wat alles om jou verlig. Daar was nou vir jou ‘n wáre lig!

Johannes skryf van Johannes die Doper. Hy was soos ‘n kersie, nou nie juis die ware lig nie maar sy doel in die lewe was om voorbrand te maak vir die wáre Lig wat op pad was. Hy moes kom getuig en dit het hy met volle oorgawe gedoen, soveel só dat dit hom uiteindelik sy lewe gekos het!

Ek en jy is inderdaad óók kersies. Ons doel is ook om van die ware Lig te getuig. Die vraag is egter wat ons met ons kersliggies maak? Laat ons hulle skyn of steek ons hulle weg?

Maar dit is nie waaroor dit in hierdie gedeelte gaan nie. Hier gaan dit oor die ware Lig, daardie Een wat soos die Aladdin lamp Sy ligglans skitterwit versprei: Jesus!

Ons ou Aladdin lamp het sy lig gegee in die eetkamer waar ons gesin saans saam was. Jy kon op een van twee maniere daarop reageer: Jy kon daar in die glans van die lig bly, of jy kon uit die vertrek stap, die donker in. Die keuse was joune. Die wêreld het ook verskillend gereageer op die ware Lig, Jesus. Sommige het eenvoudig die rug op Hom gedraai en die duisternis ingestap. Ander het weer met vreugde Sy lig aanvaar in die geloof. En daarmee kom ons by een van die belangrikste aspekte van die Evangelie, naamlik dat jy daardeur gedwing word om ‘n keuse te maak. Elkeen wie se pad Jesus s’n gekruis het, móés net eenvoudig ‘n besluit neem. Daarna is jy nooit weer dieselfde nie. Jy kan nooit ‘n neutrale keuse maak nie. Jy kan Hom nie net eenvoudig ignoreer nie. Jy moet besluit vír of téén Hom. Hierdie besluit kan jou totale lewe vir altyd verander.

In vers 10 en 11 vertel Johannes juis van ‘n groep mense wat besluit het téén Jesus. Hulle wou Hom nie as verlosser aanvaar nie. Die tragiese en baie vreemde is dat hierdie mense die eiendom van die Woord is. Hy het hulle geskep, maar skielik wou

hulle niks van Hom weet nie. Hulle wou Hom nie erken nie. Erger nog: hulle wou Hom nie eers kén nie. As Johannes sê dat hulle Sy eiendom is, dan is dit nie maar net ‘n lewelose stuk eiendom nie. Die woord dui eintlik iets van familie aan, dus beteken dit eerder dat hulle deel van Sy familie is en dat hulle na Sy beeld geskep is. As jy na ‘n familielid van jou sou stap vir wie jy baie omgee, en die persoon gee jou ‘n vuil kyk, draai sy rug op jou en loop weg - hoe sou jy voel? Beslis baie seergemaak! So moet Jesus seker ook voel oor elkeen wat Hom as Messias verwerp!

Gelukkig het almal egter nie hulle rug op Hom gedraai nie. Johannes noem van diegene wat Hom aangeneem het. Wat beteken dit om Jesus aan te neem? Om te glo in Hom as jou Verlosser. Dit behels ‘n persoonlike verhouding met Jesus waar jy jou totale vertroue op Hom plaas en Hom onvoorwaardelik liefhet. Van Sy kant af reageer Hy deur jou op te neem in Sy familiekring. Jy word ‘n kind van God en dus deel van die intieme gesin van Jesus. Hoe word ‘n mens deel van ‘n gesin? Deur geboorte. Wanneer ‘n baba gebore word, is hy outomaties deel van die gesin. Het hy enige aandeel in hierdie geboorteproses? Nee! Mamma doen al die harde werk. In die gesin van God is dit die Heilige Gees wat jou die wedergeboorte gee.

Later, in hoofstuk 3 sal ons sien hoe Jesus vir Nikodemus verduidelik van hierdie wedergeboorte.

“Maar dit maak nie sin nie!”, hoor ek al hoe iemand vir my sê, “Eers sê jy EK moet Jesus aanneem, en dan sê jy weer God doen alles. Watter een is reg?”

Het jy al ooit op ‘n treinspoor gaan staan en die spore goed bekyk? Waar kom hulle bymekaar? Nee, hulle kan nie, want hulle is parallel aan mekaar. Maar die feit is dat hulle in presies dieselfde rigting gaan. Maar ‘n trein kan nie op slegs een spoor ry nie. Hy het altwee nodig. Net so is hierdie twee gedagtes albei waar! Ja, God doen al die werk. En ja, ek moet die besluit neem. Dit is twee paralelle lyne wat albei nodig is vir ‘n mens om ‘n kind van God te kan word. As die een weggelaat word, gaan jou lewenstreintjie verseker ontspoor, want hy kan óók nie op net een spoor loop nie.

Ek weet vanoggend dat die meeste mense wat hierdie dagstukkie lees alreeds deel is van die gesin van God. Ek weet egter ook dat daar vanoggend iemand is wat hierdie lees wat nog nie die besluit gemaak het om deel te word van die gesin nie. As dit jy is, dan wil ek pleit by jou om dit vandag nog te doen. Jou aandeel in die “transaksie” is maar baie klein. Hy doen al die res! Whatsapp my gerus by 082 771 4925.

Gebed:

Here, ek bid vanoggend vir elkeen wat nog nie die besluit geneem het om U te volg nie. Lê asseblief die begeerte in hulle harte om ook U kinders te wil wees.

4

# Die Koning Kom Kuier!

## Johannes 1:14-18

VIDEO * **OUDIO**

Beteken die datum 27 Mei 1947 vir enigiemand iets besonders? Waarskynlik nie, maar in die Nasionale Kruger Wildtuin was dit ‘n baie besonderse dag. Vir baie lank was daar voorberei vir hierdie groot dag. In die Pretoriuskop ruskamp is daar selfs spesiale hutte, koninklike hutte gebou vir ‘n baie besonderse besoeker wat daardie dag die wildtuin sou besoek en daar sou oorslaap, niemand anders nie as die koning van Engeland, koning George VI.

Toe die groot dag aanbreek, is die hekke van die wildtuin vir alle ander besoekers gesluit, en slegs die koning en sy gevolg het die ongelooflike voorreg gehad om die ganse Kruger Wildtuin vir hulleself te hê. Die Britse regering het ‘n versoekie gehad: dit sou darem baie gaaf wees as Koning George en een van die prinsesse elkeen ‘n leeu kon skiet. Stevenson-Hamilton, die parkhoof, het amper van sy stoel afgeval toe hy daardie versoek hoor. Nee, dit sou nie deug nie, selfs al was hy die koning! George en sy dogters moes maar hulle jag-gewere tuis laat. Vir ‘n volle dag lank het

hierdie koninklike stoet die wildtuin deurkruis, en doodmoeg die aand by Pretoriuskop aangekom vir ‘n nag in die Afrika bos.

Die organiseerders van die koninklike huishouding het egter besluit dat dit te gevaarlik sou wees. Die koning kon nét dalk malaria opdoen. Hy moes die nag maar tevrede wees om in sy trein te slaap op Witrivier. Hy het dus nooit in die hut, wat spesiaal vir hom gebou is, geslaap nie!



K_yk gerus na die kort video insetsel van die koninklike besoek in 1947.

As jy mooi dink, is hierdie eintlik ‘n absurde verhaal van ‘n koning vir wie die wêreld nie goed genoeg was nie. Onthou, Suid-Afrika was toe nog ‘n Britse kolonie, en dus deel van Koning George se Koninkryk.

Hoe wonderlik, verfrissend anders is die nuus wat Johannes kom gee nie! Die Woord (Jesus) is die Koning van alle konings en die Eienaar en Skepper van die ganse heelal! Hy het mens geword en onder ons kom woon. Daar staan letterlik dat Hy kom tent opslaan het tussen ons. Ons moet dit lees in die konteks van die volk

Israel, toe hulle as ’n nomadiese volk deur die woestyn geswerf het en in tente gewoon het. Die tent van die Here (die tabernakel) is tussen die volk opgeslaan en daar het die Here gewoon. So anders as koning George, wat so hoog verhewe was dat niemand anders naby hom toegelaat is in die wildtuin nie, het Jesus een van ons geword en Hom gemeng met doodgewone mense, selfs tollenaars, Samaritane, sondaars en vissermanne! Anders as koning George, vir wie selfs ‘n splinternuwe, baie spesiale hut in Pretoriuskop nie eers goed genoeg was nie, het Jesus dikwels buite in die veld op die harde grond geslaap. Hy is immers in 'n vuil, stinkende stal gebore! Hy het swaarkry geken en siektes en gevaarlike situasies het Hom nie afgeskrik nie.

Koning George het homself gedistansiëer van gewone mense. Hy was immers koninklik! Koning Jesus, aan die ander kant, was menslik toeganklik. Selfs kindertjies kon na Hom toe kom met vrymoedigheid, al was hulle onrein en bloot as eiendom gesien.

Kyk, ons moenie vir een oomblik maar aanneem dat Jesus “gewoon” was nie! Johannes maak dit baie duidelik dat ons Sy heerlikheid en genade aanskou het. In alles wat Hy gedoen het gedurende daardie drie jaar van Sy bediening op

aarde, het mense verstom gestaan oor Sy krag, wysheid en majesteit. Geen wonderwerk was te groot vir Hom nie, en selfs die natuurkragte was Hom gehoorsaam. Die hemel het vir Hom oopgegaan tydens Sy doop. Hy het genade in oorvloed uitgedeel. Ons sien dit wanneer hy die vrou wat owerspel gepleeg het vergewe. Ook wanneer Hy die Samaritaanse vrou met die duistere geskiedenis stuur om te gaan preek, en die mal man in die begraafplaas op ‘n sending stuur om die evangelie te versprei.

In vers 18 kom Johannes by die hoogtepunt, die kern van hierdie pragtige lied. Hy maak die bewering dat niemand God nog ooit gesien het nie. Maar dan kom die verrassende: Jesus het God aan ons kom bekend stel. Hy is self God, dus het die mense van 2000 jaar gelede die unieke voorreg gehad om God in lewende lywe te aanskou.

Vandag is die enigste wat verander het, die feit dat Jesus ‘n verheerlikte liggaam het en dat Hy nie nou meer vir ons fisies sigbaar is nie. Hy woon egter steeds onder ons in dié sin dat Hy alomteenwoordig is, en Hy maak persoonlik bemoeienis met elkeen van ons, maak nie saak wie of wat jy is nie. Jesus beskou Homself nie as te verhewe om by jou te wees en met jou te gesels

nie, al is Hy God almagtig, die Skepper van die heelal en Koning van alle konings. Inderdaad moet ek Hom steeds die respek en eer gee wat ‘n Koning van Sy statuur behoort te kry, maar ek kan terselfdertyd ook met vrymoedigheid met Hom gesels oor my eie behoeftes en my smarte. Ek kan my blydskap en vreugdes met Hom deel. Hy is nie soos enige ander koning nie. Jesus is waarlik uniek! Daar is slegs EEN soos Hy! Kom ons aanbid Hom daarvoor.

Gebed:

Jesus, ons eer U, opgestane Heer, Lewensvors en Koning, U wat triomfeer!

# 5

## God Tussen Ons!

## Johannes 1:19-28

VIDEO * **OUDIO**

Daar is onder die Joodse volk ‘n baie groot verwagting. Vir baie jare al word hulle onderdruk deur die Romeine wat die ganse wêreld in hulle mag het. Is daar ooit hoop? Is daar ooit ‘n uitkoms in sig? Daniël het in sy visioene die hoop gelê by die volk dat God in beheer is, al gaan dit ook hóé sleg, en al is die verdrukking ook hóé groot. Hy het ook by hulle die verwagting geskep dat die uitkoms op pad is en dat die Here die Messias sou stuur.

Ook ‘n ander profeet, Jesaja het ‘n nóg groter verwagting by die volk geskep. Sowat 530 vC word die baie bekende Jes. 40 geskryf waarin die aankoms van die Koning beskryf word. Op daardie stadium was die volk in ballingskap, en die land was in ‘n liederlike toestand. Paaie het selfs nog erger gelyk as wat sommige van ons paaie vandag lyk. Waar eenmaal ‘n hoofweg was, was dit nou ‘n kronkel-voetpaadjie, besaai met klippe. Op só ‘n pad kon die Koning, wat op pad was na Jerusalem, tog nie ry nie? Iemand moes vooruitgaan en die klippe wegrol en die pad reguit maak vir die triomfantlike intog van die Koning na Sy hoofstad.

Die gate moes opgevul word en die pad moes rybaar en mooi gemaak word!

Daar moes egter ook iemand vooruitgaan om die aankoms van die koning aan te kondig, want dit sou darem ‘n skande wees as die Koning in Jerusalem aankom ná die ballingskap, en daar was niemand om Hom te verwelkom nie! Almal moes weet dat hierdie nie sommer enige ou leiertjie is nie, maar dié Koning. En Sy ontvangs moes groot en glansryk wees. Almal moes daar wees!

Nou verskuif die toneel 560 jaar aan. Daardie Koning waarvan Daniël en Jesaja geskryf het, was inderdaad op pad. Die tyd was ryp, en die Messias-verwagting onder die Jode het hóóg geloop. Vir eeue het die Jode nooit ‘n ware profeet gesien nie, en nou skielik was hier iemand in die land wat baie snaaks opgetree het. Hy het nes die profete van die ou tyd gepreek en hy was baie anders as enigeen waaraan hulle gewoond was. Boonop het hy links en regs almal gedoop wat na sy preke kom luister het. Jy was nie sommer net gedoop nie! Dit was iets wat slegs gedoen was wanneer iemand van buite by die Joodse volk kom aansluit het. Die doop was dan ‘n soort reinigingsritueel ter voorbereiding van sy inskakeling. Maar Johannes het voor die voet

almal gedoop, selfs Jode. Dit het nie sin gemaak nie! Wat was aan die gang? Dit het die kerkleiers laat wonder of hy nie dalk die Messias was nie?

‘n Hoë afvaardiging van geestelikes word gestuur om te gaan ondersoek instel. Dit is interessant om te weet dat hierdie mense eerlike bedoelings gehad het. Hulle het nie ‘n politieke afvaardiging gestuur nie, maar priesters en Leviete, dié mense wat met die geestelike dinge besig was. Terloops, die Leviete was uit die stam van Levi, en hulle moes diens doen in die tempel om die priesters met hulle take te help en om musiek te maak in die tempel.

Toe die manne by Johannes aankom, wou hulle weet of hy die Messias was, en hy ontken dit heftig. Die Jode het geglo dat ‘n groot profeet soos Elia die Messias sou voorgaan. Maar ook dít ontken Johannes. Hy was maar net “die stem wat roep,” die een wat die aankoms van die Koning aangekondig het en die pad gereedgemaak het vir die Koning om op te ry.

Toe sê Johannes die skokkende ding: “Tussen julle staan die Messias en julle herken Hom nie!”

Hoe profeties was hierdie woorde van Johannes nie! Inderdaad het Jesus kort na hierdie gebeurtenis begin optree en die mees

asemrowende wonderwerke gedoen en gepreek, selfs per geleentheid openlik verklaar dat Hy die Messias, die Seun van God is. Maar steeds het die geestelikes Hom nie herken as die Een na wie hulle kom soek het nie.

Dit is nou al tweeduisend jaar later en die Jode wag nog steeds tevergeefs op die koms van die Messias! Ons kan maar net bid dat hulle oë sal oopgaan voor die tweede koms van die Koning. Maar ons kan die Here dank dat daar darem al ‘n handjievol Jode is wat Jesus reeds ontdek het.

Maar waar laat dit ons, jou en my? In die eerste plek moet ek seker maak dat ek wél vir Jesus herken het, en dat ek ‘n persoonlike verhouding met Hom het. As dit die geval is, het ek en jy in ‘n sekere sin dieselfde taak as Johannes, naamlik om die triomfantlike aankoms van die Koning aan te kondig aan almal wat nog nie van Hom weet nie. Ja, presies soos in Johannes se tyd, is ál die tekens reeds daar dat Jesus se wederkoms op hande is. Die tyd is swaar-swanger!

Maar ons het ook die taak om die pad vir Hom gelyk te maak. Die tyd is kort! Ons durf nie nou op ons louere sit en rus nie. Elkeen wie se pad ons kruis moet weet van Jesus. Inderdaad is Hy tussen ons, saam met ons. Daar is egter baie mense wat Hom nie herken nie. Dit is ons taak om Jesus

bekend te stel aan elkeen met wie ons in aanraking kom. Kom ons doen dit!

Gebed:

Here, vanoggend aanbid ek U as die lewende Here - die Een wat tussen ons is. Gee my die ywer om U aan elkeen voor te stel.

6

# Dáár is die Lam van God

## Johannes 1:29-34

VIDEO * **OUDIO**

As jy hoor van Händel se asemrowende Paaskantata, "Die Messias," dan dink jy outomaties slegs aan die verruklike Hallelujakoor. Die kantata beslaan egter 'n hele reeks wonderlike liedere. Vanoggend weerklink een van die aangrypende gedeeltes uit Händel se Messias in my gedagtes: "*Behold: The Lamb of God! Behold: The Lamb of God!*" Dit eggo deur my hele wese. "*Dáár is die Lam van God!*"

Wat het Johannes genoop om só 'n stelling te maak? Sékerlik moes Johannes vir Jesus geken het as kind en jong man. Hulle was immers familie. Johannes moes 'n vermoede gehad het wie Jesus waarlik was, want as ons die gedeelte oor Jesus se doop in Matteus 3:13-17 lees, sien ons hoe Johannes terugdeins wanneer Jesus hom versoek om Hom te doop. Hy het homself nie waardig geag om Jesus te doop nie. Maar die bevestiging op sy vermoede het eers gekom direk ná die doop, toe die groot wonder gebeur wat Johannes in sy diepste wese geruk het, die wonder van die hemel wat voor sy oë oopgegaan het en die Heilige Gees

wat neergedaal het op Jesus in die vorm van ‘n duif. En dan daardie stem uit die hemel, die stem wat alleen aan God kan behoort: “*Dit is My geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My.*”

Baie mense is onder die indruk dat die Heilige Gees slegs in die Nuwe Testamentiese konteks gemeld word. Dit is egter nie waar nie. In die eerste verse in die Bybel, in Genesis 1:2 sien ons al dat die “Gees van God” betrokke was by die skepping. Ons sien ook telkemale dat die Heilige Gees op belangrike persone met ‘n spesifieke taak gekom het, soos konings, profete en rigters. In 1 Samuel 10:10 lees ons só van Saul: “*Die Gees van God het kragtig in hom gewerk*”. Daar word dikwels gemeld dat iemand deur die Gees gesalf is. Die Heilige Gees het sulke mense dan besonderse krag gegee om hulle take af te handel. Baie goeie voorbeelde hiervan is Gideon, Simson en Dawid.

Wanneer die Heilige Gees dus op Jesus kom, kry Hy ‘n spesiale taak wat Hy moes gaan uitvoer, en hiervoor gee die Gees Hom ‘n besonderse krag. Sy openbare optrede of bediening het begin van hierdie dag af en mense het verstom gestaan oor die dinge wat deur Hom gebeur het.

Drie jaar later het die grootste wonderwerk egter gebeur, toe Jesus die Heilige Gees “aangegee” het

aan alle gelowiges. Skielik was die krag van die Heilige Gees nie meer beperk tot slegs uitgesoekte, spesiale mense nie, maar nou is dit tot beskikking van elkeen wat deel is van die gesin van Jesus.

Dit is hierdie gebeure wat Johannes die profetiese woorde laat sê het: "*Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.*" Of Johannes werklik die volle omvang van sy woorde besef het, is te betwyfel. Hierdie "Lam" na wie Johannes verwys kon ook een van 'n paar betekenisse hê: Dit kon die Paaslam wees wat geslag is ter herinnering van Israel se verlossing uit Egipte of die offerlam wat elke dag volgens die voorskrifte in Eksodus 29:38-42 geoffer is. Dit kon egter ook die skaap of bok wees wat op die Groot Versoendag in die woestyn ingestuur is om die volk se sondes weg te neem.

Dit maak egter nie saak watter een van hierdie moontlikhede ons kies nie - die boodskap bly presies dieselfde. Al het Johannes dit op daardie stadium nie besef en verstaan nie, was Jesus die Lam wat geslag/geoffer sou word in die ware sin van die woord. Hy sou drie jaar later wreedaardig "geslag" word as finale offer tot versoening van die volk se sondes. Maar dié slag nie alleen vir Israel se sondes nie, maar vir die ganse wêreld s'n! As

Paaslam kan ons vandag Sy slagting herdenk. Nie oor die Israeliete se verlossing uit Egipte nie, maar oor óns verlossing van die mag van die sonde.

As ons mooi oor die ware betekenis van hierdie woorde dink, kan ons maar net in dankbaarheid voor ons Verlosser neerval, want die prys wat Hy betaal het is onmeetlik groot. Die feit is dat God ‘n regverdige Regter is, en dat Sy heilige Wese so skoon en rein is, dat Hy nie anders kan as om die swaarste straf te gee op sonde nie. Daar is nie plek vir sonde in God se Koninkryk nie, dus moet die persoon wat teen Hom sondig die straf van die hel kry, ‘n ewige straf, weg van die aangesig van God af. Jesus het egter as Offerlam met Sy lewe betaal, en die straf op Hom geneem sodat ek en jy vrygespreek kan word van daardie verskriklike straf. Daar is egter ‘n voorwaarde, een wat Johannes later onomwonde uitspel: Om jou geloof in Jesus te vestig.

Juis daarom kan elkeen wat deel het aan daardie offer van die Lam vandag jubel en die Here dank deur ‘n lewe van dankbaarheid te leef. Die “pakket” wat Jesus egter bied is baie groter as net ‘n lewe van dankbaarheid, want soos ons reeds gesien het is die Heilige Gees deel van hierdie nuwe lewe wat Hy gee. Die Heilige Gees maak die Woord van God vir jou lewend en nou is die Bybel nie meer

net ‘n geskiedenisboek vol mooi stories en gedagtes nie, maar dit word God se inspraak in jou en Sy riglyn vir jou totale lewe. Soos wat die Heilige Gees vir Jesus krag gegee het en toegerus het vir Sy bediening en so ook later vir die apostels, so doen Hy vandag ook vir my en jou as ons Hom toelaat.

Gebed:

Dankie Here, dat U ook die Heilige Gees vir ons gegee het.

## 7

# Andreas

## Johannes 1:35-42

VIDEO * **OUDIO**

‘n Evangelis is iemand wat mense van Jesus vertel. Wie was die héél eerste evangelis? Dalk Johannes die Doper? Hy het mos van Jesus getuig! Daar was egter iemand anders nog voor hom wat met sy heel eerste ontmoeting met Jesus opgewonde gehardloop het en ander gaan haal het om na Jesus toe te kom.

Maar nou loop ek die verhaal vooruit!

Johannes die Doper was op ‘n dag, soos gewoonlik besig om te preek en te doop, toe Jesus daar verbyloop. Johannes het stip na Jesus gekyk en vir ‘n tweede maal maak hy die uitspraak: “Dáár is die Lam van God.”

Een van sy volgelinge, Andreas, en sy maat was dadelik opgewonde en dadelik los hulle hulle leermeester nét daar en loop agter Jesus aan.

Vir ‘n rabbi sou dit ‘n klap in die gesig wees as jou leerlinge jou soos ‘n sak patats los en agter ‘n ander rabbi aanloop. Vir Johannes was dit egter werksbevrediging, want hy het sy doel bereik. Dit

was immers waarvoor hy daar was, om die pad voor te berei sodat mense Jesus kon volg.

Kom ek noem ‘n voorbeeld: ek bedryf hierdie internetbediening onder die vaandel van die NG Kerk in Ballito. As iemand deur my bediening vir Jesus sou ontmoet, en hy skakel in by die AGS, Baptiste of watter ander Christelike kerk ookal, sal ek jubel en juig, want ek werf nie lidmate vir die NG Kerk nie, maar ek werf volgelinge vir Jesus! Johannes het presies ook net dit gedoen: volgelinge vir Jesus gewerf!

Jesus het die twee manne agter Hom sien aandrentel, toe draai Hy om en vra wat hulle dan nou soek? Hulle was verbouereerd en vra toe sommer die eerste ding wat in hulle gedagtes opkom: “Waar gaan U tuis Rabbi?” Jesus het nie bloot Sy besigheidskaartjie vir hulle gegee nie. Nee, Hy het hulle entoesiasties uitgenooi: “Kom saam, dan sal julle sien!” Wat daar alles daardie middag gepraat was, weet ons nie. Die twee manne het egter só aan Jesus se lippe gehang, dat hulle die ganse middag daar spandeer het.

Wat Andreas daar ervaar het, het hom só opgewonde gemaak dat hy nét daar en dan besluit het dat hy hiérdie Rabbi wat hy ontmoet het, net eenvoudig met ander móés deel! Hy het opgespring en na sy broer, Simon gehardloop en

hom alles van die wonderlike Rabbi wat hy ontdek het vertel en toe sleep hy vir Simon saam na Jesus toe.

Maak Jesus jou óók so opgewonde dat jy Hom net eenvoudig nie vir jouself kan hou nie? Is dit vir jou ook so ‘n obsessie om ander mense na Jesus toe te vat sodat hulle Hom kan ontmoet? Ek het al verskeie verhale gehoor van iemand met so ‘n obsessie, en dan word die persoon wat hy na Jesus lei ‘n Billy Graham wat duisende mense vir die Koninkryk werf!

Van Andreas hoor ons nie juis weer veel in die Nuwe Testament nie. Slegs twaalf keer word sy naam vermeld as een van die dissipels. Hy kry nêrens erkenning vir iets besonders wat hy gedoen het nie. Nogtans het Andreas gesorg vir ‘n groot opskudding in die geskiedenis van die kerk. Die dag toe hy vir Simon na Jesus toe gebring het, het die groot hoekpilaar van die kerk - die rots wat die kerk van Jesus geloods het - in wording gekom.

Inderdaad was Simon maar ‘n rowwe, ongekunstelde, heethoofdige visserman wat dikwels gepraat en gehandel het voordat hy gedink het. Hy was beslis ‘n baie onwaarskynlike kandidaat vir die pos van evangelis en nog veel méér onwaarskynlik as die leier van die ganse Christelike kerk! Maar Jesus het dwarsdeur hierdie

harde dop gekyk toe Andreas hom daar aangebring het. Hy het onder die harde kors ‘n juweel gesien. “Jy is Simon seun van Johannes,” het Jesus vir hom gesê, terwyl Hy stip na die ongemaklike Petrus gekyk het. “Jy sal Sefas genoem word!” Sefas is Aramees vir “Rots.” In Grieks word dit vertaal met die naam “Petrus.” Sy naam word minstens 160 keer genoem in die Nuwe Testament, naas Paulus die naam wat die meeste keer verskyn.

Petrus se invloed op die kerk was astronomies! Dit het wel ‘n volle drie jaar geneem om daardie harde dop te deurdring, maar ná Pinksterdag sien ons in Petrus ‘n onverskrokke leier wat duisende mense met hom saamvat om die triomfantlike kerk van Jesus te bou!

Maar waar het dit alles begin? By ‘n Andreas wat opgewonde was oor Jesus, en bereid was om iemand anders na Jesus toe te lei. Andreas het op daardie stadium nie juis opleiding gehad om van te praat nie, hy het slegs één enkele middag in Jesus se geselskap deurgebring! Dit was egter oorgenoeg om van hom ‘n evangelis te maak.

Dikwels voel ons dat ons eers ‘n EEIII kursus, Getroue Getuies, Bybelskool en ‘n hele boel ander opleiding moet deurtrap voordat ons dit durf waag om met iemand oor Jesus te gesels. Dis ‘n mite! Al

wat Jesus van jou en my vra is om bereid te wees! Jesus het ons immers die Heilige Gees gegee om ons te lei in ‘n gesprek! Dit is nie die taak van ‘n leraar om mense na Jesus te lei nie. Daardie taak behoort aan doodgewone gelowiges, mense soos ek en jy! Andreas het dit bewys, en die talle nuwe gelowiges na die “Pinksterontploffing” het dit weereens bewys toe dit nie die Apostels was wat die Evangelie uitgedra het nie, maar gewone mense. Petrus en sy maters het slegs leiding gegee.

Gebed:

Here, maak my asseblief gewillig om soos ‘n Andreas ander mense na Jesus te lei.

8

## Jesus is God

## Johannes 1:43-51

VIDEO * **OUDIO**

Ek het grootgeword op ‘n plaas naby die skilderagtige dorpie Waterval Boven. Die inwoners was baie patrioties teenoor hierdie dorp, moontlik oor die patriotisme wat uitgestraal het uit ‘n baie spesiale onderwyser, Oom Fred Geyser. Sowat 15 km. van Waterval Boven af is daar ‘n ander, baie kleiner dorpie, Machadodorp. Ons het altyd met minagting van hierdie dorpie en sy inwoners gepraat, en jy het so min as moontlik tyd daar spandeer. Machadodorp was net eenvoudig benede ons waardigheid. Selfs vandag weet min mense van die bestaan van Machadodorp. Kon daar óóit iets goed uit Machadodorp kom? Wel, dalk was dit suiwer jaloesie wat ons so laat voel het, want sien, Machadodorp het die landdroskantoor gehad, en vir elke wetlike ding, selfs motor- en geboorteregistrasies moes al die Boveniete daarheen ry! Boonop het Machadodorp die eer gehad om vir drie maande lank die hoofstad van die Transvaal Republiek te wees!

In die landstreek Galilea was daar ‘n niksbeduidende dorpie met die naam Nasaret. Ek

wil hom amper vergelyk met Machadodorp. Op hierdie einste dorpie het Josef gewerk as timmerman en Jesus het by Josef die ambag geleer. Daar het blykbaar nie veel aangegaan op die dorp nie, en selfs die mense uit die omgewing het neergesien op die inwoners van Nasaret. Die kerkleiers was nog minder beïndruk met hulle, want volgens die ringkoppe het die mense van Galilea nie geleef soos wat hulle baie streng voorskrifte aanbeveel het nie. Die inwoners van Galilea, en veral Nasaret was deur hulle geminag. En met hierdie "Nasaret" bordjie om Sy nek moes Jesus begin met Sy bediening!

As Rabbi het Jesus op daardie stadium alreeds twee volgelinge gehad, Andreas en sy broer Sefas (Petrus). Nou loop Hy vir Filippus raak, en Hy nooi hom uit: "Volg My". Hierdie uitnodiging het baie meer behels as wat dit op die oog af lyk. Dit sou beteken dat Filippus alles moes los en nie alleen saam met sy nuwe Leermeester gaan en na Hom luister nie, maar hy sou die voorbeeld van sy Rabbi moes navolg. Hy sou moes leef soos Hy leef en doen soos Hy doen. Filippus het geweet wat dit behels om 'n rabbi te volg, en hy was bereid om die groot stap te neem. Om 'n volgeling te wees, beteken ook dat jy ander volgelinge moes werf, en van dag een af het Filippus dit gedoen: hy het vir Natanael raakgeloop en hom van Jesus vertel. Dit

is tóg interessant om te weet dat Filippus vir Jesus verbind met die Ou Testament. Vir Jode was dit baie belangrik, want dáár was hulle erfenis as volk van God vasgemaak. Hy sê dus vir Natanael dat hulle die Een gekry het van wie Moses en die profete geskryf het, met ander woorde, die Messias.

Ons is so geneig om die Ou Testament vandag eenkant te skuif en slegs die Nuwe Testament te lees. Dikwels sien ons die Ou Testament as ‘n geskrif vol gru-verhale van oorlog, moord, verraad en egbreuk. Daarby kom die stringe en stringe argaïese wette wat absoluut niks vir ons vandag beteken nie. As ons egter toelaat dat die Heilige Gees ons begelei deur die boeke van die Ou Testament, dan sien ons die voetspore van God van die eerste tot die héél laaste bladsy loop. Ons sien tussen al die bloedvergieting en doodslag van die mense, die geduld, genade, liefde en vergifnis van God soos ‘n goue draad loop deur die Ou Testament. En as ons mooi kyk, ontdek ons selfs vir Jesus daar. Ds. Danie Haasbroek het ‘n dik boek geskryf met die titel: “Die wonder van Jesus in die Ou Testament.” Die Ou Testament vorm inderdaad ‘n integrale deel van die Woord van God, en die God van die geskiedenis praat vandag, na duisende jare steeds met ons deur Jesus.

Toe Natanael hoor dat Jesus uit Nasaret kom, was hy verbaas, want “kan daar uit Nasaret iets goeds kom?” Is dit óóit moontlik dat die lang verwagte Messias uit so ‘n verfoeilike dorpie soos Nasaret kon kom? Hy moes darem ten minste uit Jerusalem gekom het, daar waar die tempel is en waar die groot Koning Dawid regeer het! Dalk is ons vandag ewe verbaas as ons verneem dat Jesus óók in die Ou Testament is!

Toe Natanael egter by Jesus kom, het Jesus se Goddelikheid duidelik na vore getree toe Hy laat blyk het dat Hy rééds vir Natanael geken het, al het Hy hom nog nooit gesien nie. Natanael kon sy ore nie glo nie, want Jesus het absoluut alles van hom af geweet! Hy het dadelik vir Jesus as die Seun van God en die Koning van Israel herken.

Wat Natanael egter daar beleef het was maar net die begin. hulle sou nog “die hemel oop sien”(v 51) en ongekende wonderwerke beleef. Hulle sou die ware Godheid van Jesus eerstehands aanskou! Jesus was juis op pad na Galilea, en daar in die dorpie Kana, die tuisdorp van Natanael, sou die eerste asemrowende wonderwerk by ‘n huweliksonthaal plaasvind.

Het jy al vir Jesus as die Almagtige God ontdek? Is Jesus waarlik vir jou die Koning wat op die troon sit en regeer - die Een voor Wie ons moet neerval in

aanbidding? Ons vergeet te maklik wie Jesus waarlik is. Ja, natúúrlik is Hy die Een wat by ons is en ons hand vashou en vertroos. Maar ons mag nooit vergeet dat Hy terselfdertyd ook die Skepper is, en baie hoog bo ons nietige mensies verhewe is nie. Aan Hom kom al die eer, lof en aanbidding toe!

Gebed:

Here Jesus, ek aanbid U vandag, en ek wil aan U al my lof en dank bring.

9

# Bruilof!

## Johannes 2:1-11

VIDEO * **OUDIO**

Die nuwe Rabbi, Jesus, en Sy handjievol eerste dissipels kry ‘n uitnodiging na ‘n bruilof. Nou weet ons dat bruilofte in Israel ‘n baie jolige en lang uitgerekte affêre was wat maklik ‘n week lank kon duur. Ons wil amper vir Jesus sê: “Here, daar is nie tyd vir sulke alledaagse onbenullighede nie - die tyd is kort! U wéét mos dat U net drie jaar het om alles af te handel!” Maar dan hoor ons Jesus se rustige stem: “Toemaar, moenie bekommerd wees nie, hierdie bruilof is ‘n baie belangrike mylpaal.”

Kom ons stap vanoggend saam met hierdie groepie manne na hierdie bruilof toe en gaan kyk wat daar aangaan. Ek is nogal nuuskierig!

Van ver af hoor ons al die musiek en gelag en vrolikheid. Hierdie is sommer ‘n baie jolige affêre! As ons daar aankom hang my mond oop, want dit dans en sing en vier fees dat die biesies bewe! Heimlik wonder ek waarom Jesus Hom met sulke lawwigheid ophou. Is Sy bediening op aarde dan nie veronderstel om iets baie ernstig te wees nie? Ons maak ons gemaklik by een van die tafels.

“Haai, maar dis mos Maria, Jesus se moeder hier by die tafel langs ons!” Sy is bly om vir Jesus te sien en hulle gaan sit by haar. Die tafels is oorlaai met eetgoed en die atmosfeer is een van groot vreugde.

Maar gou sien ons dat alles nie so baie kosjer is nie - ek mis my ou rooiwyntjie, wat so kenmerkend van ‘n bruilof is! Dan sien ek hoe Maria oorleun na Jesus toe - sy lyk bekommerd. Ek spits my ore om te kan hoor wat sy sê bo die lawaai uit. “Die wyn is op,” is al wat ek kan uitmaak. Dis ‘n ramp! Wat gaan Jesus doen? Ons is teleurgesteld as Hy sy kop skud - nee, Hy gaan nie help nie! Dan besluit Hy tóg om die arme bruidegom, wat veronderstel is om die wyn te voorsien, uit sy verknorsing te help. Hy beduie iets vir Maria, en dan verdwyn sy. Die volgende oomblik begin die kelners water aandra na die groot klipkanne toe wat gebruik word vir die reinigingsrituele. Al sewe van hulle word propvol gegooi. En dan beduie Jesus vir die kelners om van die water uit te skep en vir die seremoniemeester te gaan gee. Ons wonder wat Hy besig is om te doen?

Ek sien hoe die man se gesig ophelder as hy die “water” proe: Dis nie water nie - dit is wyn! Héérlike wyn! ‘n Volle 700 liter daarvan! Ek loer in die rigting van Jesus se dissipels - hulle is in ekstase! Nou

wéét hulle dat hulle keuse om Jesus te volg die regte een was.

“Wat is die betekenis van al hierdie gebeure?” vra jy. Ek wonder sélf hieroor. Dan gaan daar skielik vir my ‘n liggie op. Jesus het met ‘n doel na hierdie bruilof toe gekom! Dit was beslis nie maar net om te kom partytjie hou nie! Hy het simbolies hier die pligte van die bruidegom kom oorneem deur die wyn te voorsien. En dan onthou ek dat Johannes in Openbaring 19 geskryf het van die “bruilof van die Lam” waar Jesus beskryf word as die Bruidegom. Soos dit ‘n goeie bruidegom betaam, voorsien Hy in oorvloed! Wie sal ooit 700 liter wyn opdrink by ‘n bruilof?

Maar daar is meer: Amos het mos geprofeteer van hierdie wyn wat so in oorvloed sou vloei met die koms van die Messias. Gaan lees gerus weer daardie laaste hoofstuk (Amos 9:13-14), waar hy sê dat die wyn van die berge sal afdrup. Dis nou vir jou oorvloed!

Skielik begin dinge vir my in plek val. Ek kyk na die klipkanne - daar is iets omtrent hulle! Waarom het Jesus nou juis besluit om Sy wyn in reinigingskanne te maak? Dit maak nie sin nie! Dan gaan daar vir my ‘n liggie op. Daardie kanne is gebruik vir reinigingsrituele, soos die wet dit vereis. Dit is met ander woorde simbolies van die

rigiede Joodse wet. Wat doen Jesus? Hy verander dit in iets waarmee ’n mens feesvier. Hy verander die wetskanne in feeskanne! Omdat Jesus die ware Bruidegom is, is ons nou nie meer aan die wet gebonde nie, maar kan ons saam met Hom feesvier!

Iets wat my laat wonder het, is waarom Jesus eers geweier het om aan Maria se versoek te voldoen, en toe doen Hy in elkgeval die wonderwerk? Ek dink dat Jesus dalk daarmee wou sê dat Hy nie deur mense voorgesê kan word wat om te doen nie, nie eers deur Sy moeder nie. Maar wat Hy gedoen het was die wil van Sy Vader, en daaraan alleen was Hy gehoorsaam.

Ek sien hoe Jesus se dissipels in verwondering na hulle Meester kyk. Vandag het hulle geleer dat Hy nie sommer enige Rabbi is nie, maar Hy het mag en heerlikheid! Is Hy dalk waarlik die Messias?

Hoe sien ek en jy vir Jesus? Ons is geneig om Hom te soek in die bonatuurlike. Dalk moet ons ‘n slaggie ons oë oopmaak en Hom soek in die doodgewone, alledaagse dinge van die lewe, selfs soos ‘n bruilof! Om Jesus te herken, moet ons bereid wees om die klein wonderwerke wat elke dag in ons lewens gebeur raak te sien en Jesus in geloof daarin te herken. Maar dan moet ons ook

die regte ding doen, en Hom al die eer gee vir hierdie dinge. Loof Hom met jou hele hart!

Gebed:

Here Jesus, U is God en Heer - dankie vir al U wonderdade wat ek elke dag kan beleef.

10

## Tempelreiniging

## Johannes 2:13-22

VIDEO * **OUDIO**

Jesus en Sy dissipels het na Jerusalem toe gegaan om Paasfees te gaan vier. Wanneer presies dit in die kronologie inpas, is nie baie seker nie. Wanneer ons vandag geskiedenis neerskryf, dan maak ons seker dat dit in die korrekte kronologiese volgorde is, maar vir die Jode was dit nie belangrik nie. Wat egter wél belangrik was, was om die regte boodskap op die regte plek neer te skryf. Volgens ander evangelies het hierdie gebeurtenis eers reg aan die einde van Jesus se bediening plaasgevind. Ons moenie ons koppe breek oor die volgorde nie - die boodskap is die belangrikste! Johannes het nie geskiedenis geskryf nie maar hy wou die boodskap tuisbring!

Moontlik moet ons eers die agtergrond van die gebeure verduidelik om te kan verstaan wat werklik gebeur het.

Mense het baie ver gereis om in Jerusalem in die tempel te kom offer. Hulle moes op donkies ry of dikwels selfs te voet daar kom, en dan neem dit dikwels ‘n week of langer. Om so ‘n reis aan te pak

met ‘n skaap of twee, of dalk ‘n paar duiwe, was alles behalwe prakties. En as jy dit nog sou doen, dan het hierdie offerdiere maar bitter vaal gelyk aan die einde van jou reis. En daar het die wisselaars ‘n nis in die mark gesien. Vaal diere is omgeruil vir mooi blinkvet diere wat aanneemlik sou wees vir offer - teen ‘n prys natuurlik! Of jy kon daar reg in die tempelplein vir jou ‘n offerskapie koop.

Geld was ‘n ander kwessie: Romeinse geld was totaal verbied in die tempel, want daar was ‘n beeld op, nogal dié van die keiser en die wet sê duidelik dat jy nie vir jou ‘n “gesnede beeld” mag maak nie. Dit moes dus omgeruil word vir Joodse geld - teen ‘n prys, natúúrlik. En selfs met die Joodse geld was daar ‘n probleem, want die metaal in die munte was nie altyd so suiwer nie omdat smelterye in daardie jare maar primitief was. Slegs suiwer munte was aanneemlik om as offergeld gebruik te word. En weereens moes die arme mense maar betáál om hulle munte om te ruil!

Intussen word die wisselaars ryk uit ander mense se probleme. Ons kan maklik sê dat hulle maar net ‘n besigheid bedryf het. Die probleem was egter dat geld hulle afgod geword het, en dat hulle mense in nood uitgebuit het. Dit wil voorkom asof

hulle buitensporige winste gemaak het! Hulle was mense wat in die tempel gewerk het, en wat as sulks geassosieer was met God. Vir hulle het die klem egter verskuif van God af na geld toe. Ons moet baie duidelik besef dat bymotiewe absoluut géén plek het in jou aanbidding nie. As dit die geval is, dan moet jy jou verhouding met God ernstig herbesin.

Dit is dáárom dat Jesus met ‘n sweep onder hulle ingeklim het. Hy het hulle tafels omgekeer en hulle diere uit die tempel uitgejaag. Hieroor was die Jode woedend en volgens die ander evangelies was hierdie insident die laaste strooi vir die Joodse Raad om Jesus gevange te neem en te laat kruisig.

Ons kan egter baie meer lees in hierdie handeling as slegs die fisiese dinge wat daardie dag gebeur het. Johannes beskryf ‘n uitspraak wat Jesus daar gemaak het omtrent die tempel wat Hy in drie dae sou opbou as dit afgebreek sou word. Ons weet natuurlik dat Hy met die tempel sy eie liggaam bedoel het. As ons dan Jesus se tempelreiniging in hierdie lig sien, dan is daar ‘n baie dieper betekenis in die handeling.

Die Jode moes in die tempel gaan offers bring. Daarvoor het hulle geld of offerdiere nodig gehad. Jesus het egter die geld uitgesmyt en die offerdiere

uit die tempel uitgejaag. Nou het die Jode niks meer gehad om te kon offer nie want hulle hele offerstelsel het in die gedrang gekom. Dit was so goed as om vir hulle te sê: “Julle hoef nie meer Tempel toe te kom nie!” Ons moet besef dat dit ‘n simboliese handeling was om aan te toon dat Jesus nou die nuwe, volmaakte Tempel sou word. Die tempel was gesien as die woonplek van God. As jy dus by Jesus is, is jy by God (die nuwe Tempel). By Hom is al hierdie offers nie meer nodig nie. Hulle is uitgedien, omdat Jesus reeds die finale offer gebring het. Al die Joodse gebruike en kultus is dus nou oorbodig.

Vandag maak ons dikwels ook ‘n baie groot fout, om God in ‘n kerkgebou te wil sien. Dikwels word daardie gebou vir ons heilig soos wat die tempel vir die Jode heilig was. Maak ons dan nie dalk ook ‘n afgod van daardie gebou nie?

Uit wat ons hier bo gelees het, sien ons dat Jesus nie net die offers vervang het nie, maar ook die tempel. Dáár waar Jesus is, dáár is die tempel. Ons weet ook dat Jesus in Matteus 28:20 gesê het dat Hy altyd by ons is. Ons is dus te alle tye by hierdie Tempel en ons kan Hom aanbid nét waar ons is. Dit is nie nodig vir spesiale tye en spesiale plekke en spesiale omstandighede nie. Baie gelowiges spandeer byvoorbeeld hulle rytyd

soggens werk toe in gesprek met Jesus, in plaas van om te kla oor die verkeer.

Gebed:

Dankie Here, dat ek my oggend kan begin in gesprek met U, en dat ek ook kan weet dat U die hele dag lank my Gespreksgenoot is.

11

# Ongelowige Christene

## Johannes 2:23-25

VIDEO * **OUDIO**

Volgens Wikipedia is ongeveer 80% van Suid-Afrika se bevolking van 60 miljoen mense Christene. Ons is dus ‘n uiters geseënde land! Of is ons werklik? As daar dan soveel Christene is - waarom was die kerk gister so leeg? Waar was al die ander mense? Maar dan moet ons darem ook by sê dat daar by die laaste reuse saamtrek van Oom Angus ‘n miljoen mense was, dus 1,6% van die totale bevolking van Suid-Afrika! Dit gee ’n mens hoop vir die toekoms - ons land is nie so ’n slegte plek as wat mense dit wil afmaak nie. Dalk kan ons selfs goed voel oor onsself!

Maar daar is ‘n probleempie: van die 48 miljoen wat beweer dat hulle Christene is, is slegs ‘n klein handjievol werklik gelowiges, oftewel mense wat Jesus in die geloof aangeneem het. En ongelukkig is dit ook so dat van hierdie gelowiges daar ook net ‘n klein persentasie is wat waarlik hulle geloof uitleef deur ‘n lewende, persoonlike verhouding met Jesus. Dit help niks dat jy ‘n Mighty Men gebeurtenis bywoon, en twee weke later is jy maar net weer jou ou self nie. Daardie wonderlike

opbouende geleentheid moet vir jou die vonk wees om ‘n ware verhouding met Jesus te begin.

Hoofstuk 3 van Johannes - Jesus se gesprek met Nikodemus - is seker een van die mees gelese hoofstukke in die ganse Bybel, en veral vers 16. Daarom was dit nodig vir Johannes om eers ‘n kort inleiding daaroor te skryf, sodat ons hierdie gesprek beter kan verstaan. In vers 23 skryf Johannes dat daar groot getalle mense tot geloof gekom het in Jesus terwyl Hy in Jerusalem was om Paasfees te vier, bloot omdat hulle die wonderwerke gesien het wat Hy gedoen het. Die vraag wat onmiddellik by jou ontstaan is, wat van al hierdie gelowiges geword het toe Jesus die dag gekruisig is? Die groot hartseer is dat baie van hulle daardie droewige dag saamgeskree het: “Kruisig Hom! Kruisig Hom!” Hoe is dit moontlik?

Die antwoord hierop is dat die woord “geloof” nie altyd deur Johannes gebruik is vir daardie soort geloof wat ‘n totale oorgawe of persoonlike verhouding met Jesus beskryf nie. Met ander woorde: mense wat positief voel oor Jesus, en wat agter Hom aanloop om Sy wonders te sien, was ook deur Johannes “gelowiges” genoem. Die werklikheid het as ‘n reuse skok gekom vir hierdie selfde “gelowiges”, toe Jesus in Joh 8:44 die bom laat bars: “Julle is kinders van die duiwel!”

Ons moet dus in die eerste plek baie versigtig wees wanneer in konteks sekere woorde of gedagtes gebruik word. Ons moet onthou dat dit uiters moeilik is om uit ‘n antieke taal soos Grieks, en met ‘n totaal ander agtergrond as waarin ons vandag leef, ‘n akurate vertaling te kan maak wat presies weergee wat die skrywer se bedoeling was.

Maar nog meer belangrik is die feit dat ons baie versigtig moet wees oor wat ons “geloof” behels, en dat dit nie slegs ‘n verwonderingsgeloof is soos wat daardie volgelinge van Jesus gehad het nie. Soos ons reeds gesien het, is daar miljoene Suid-Afrikaners wat só ‘n geloof het, en in Jesus se eie woorde is hulle “kinders van die duiwel”. Die tyd het gekom dat elke Christen (ook ek en jy) homself die vraag moet afvra of sy geloof eg is en die stempel van Jesus op het. As jy nie seker is hieroor nie, wil ek vra dat jy my dadelik kontak. Jy kan sommer die skakeltjie hier onder gebruik. Of gaan gesels met jou dominee of pastoor. Dit is lewensbelangrik!

In vers 24 sê Johannes dat Jesus “Hom nie op hulle verlaat het nie”, bedoelende die mense wat tot geloof in Hom gekom het. Dit beteken eintlik dat Hy Homself nie aan hulle toevertrou het nie, omdat Hy geweet het wat in hulle gemoedere aangaan.

Hierdie gedagte word eers werklik duidelik as ons hoofstuk 3 lees, wat handel oor die gesprek met Nikodemus. Jesus het die wedergeboorte vir hom verduidelik, maar Nikodemus was so vasgevang in sy eie redenasies, dat hy eintlik gladnie verstaan het waaroor dit gaan nie. Dalk wóú hy nie verstaan nie, of dalk was hy bang om te verstaan, want dan sou sy Fariseër-vriende hom verwerp. Maar Nikodemus was nie die enigste wat nie wou verstaan nie - hierdie “gelowiges” wou ook maar net verstaan wat hulle pas. Al die wonderwerke was pragtig, en hulle droom dat Jesus, die Messias, hulle sou red van die verdrukking van die Romeine, het gemaak dat hulle aanhangers geword het van Jesus. Hy was egter nie opgewonde oor die aanhang wat Hy geniet het nie, want Hy het hulle binneste geken.

Ja, Jesus ken ook my binneste, en Hy ken joune. Het Hy rede om opgewonde te wees oor ons dissipelskap? Hierdie vraag moet ons elkeen vir onsself afvra.

Gebed:

Here, ek kom vanoggend ontbloot na U. U ken my deur en deur. Ek glo in U met alles wat in my is.

12

## Gesprek in die Nag

## Johannes 3:1-4

VIDEO * **OUDIO**

Ons kan Nikodemus beskryf as ‘n hoogs-geleerde leermeester, een van die mees-gerespekteerde leiers van sy tyd. Hy was Fariseër wat toegewy was aan die wet van God en dus ‘n baie belangrike man. Maar hy was ook lid van die Joodse Raad, waar hy saam met die ander leiers belangrike besluite moes neem. Johannes skryf drie keer van Nikodemus. Die eerste keer vertel hy hoedat Nikodemus in die nag na Jesus kom, sodat sy mede-raadslede hom nie dalk saam met Jesus sien nie. Ten spyte van al sy groot titels sien ons dus dat hierdie leier bang was. Later, wanneer Jesus ’n groot krisis beleef en die kerkleiers Hom wou gevange neem, was dit egter júís Nikodemus wat vir Jesus probeer opkom het. En na Jesus se kruisiging, toe al Sy dissipels verdwyn het, was dit wééreens Nikodemus, die Fariseër en Joodse Raadslid wat na vore getree het en die nodige middele voorsien het om Jesus se lyk te balsem. Ons sien dus dat nie al die kerkleiers en Fariseërs korrup was nie en dat hulp dikwels uit die mees onverwagse oord kom!

Maar wat het daardie nag gebeur?

Nikodemus het gehoor van die nuwe Rabbi wat soveel opslae gemaak het. Die wonderwerke waarvan hy gehoor het was vir hom vreemd. ’n Klein stemmetjie hier binne in hom het vir hom bly sê dat daar baie meer in hierdie Rabbi was as wat hy wou erken. Jesus was op daardie stadium egter totaal onbekend in Israel en Nikodemus móés net eenvoudig vir homself gaan uitvind wat aangaan. Dit was ‘n bietjie van ‘n verleentheid vir hom om openlik na Jesus te gaan, want hoe sou dit nou lyk as ‘n gerespekteerde leermeester wou gaan kers opsteek by ‘n Rabbi waarvan niemand nog eers gehoor het nie? En dan was daar dinge wat hy gehoor het van hierdie Man, wat nie so baie kosjer was nie. Wat sou sy Fariseër-vriende sê? Nee, hy moes liewer in die nag na Hom gaan sodat daar nie te veel vrae sou wees nie. En dan sou hy natuurlik sy woorde baie mooi moes kies om nie sy eie onsekerheid te wys nie!

Toe Nikodemus dan daardie nag vir Jesus opspoor waar Hy besig was om die dag se gebeure met Sy dissipels te bespreek, het Nikodemus uiters ongemaklik gevoel tussen al die rowwe vissermanne en doodgewone mense. Hy moes darem wys dat hy nie sommer net ‘n hierjy se ou man was nie! Baie hoogdrawend begin hy sy

betoog: “*Rabbi, ons weet dat u 'n leermeester is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens verrig wat u verrig as God nie met hom is nie.*”

Nikodemus het dalk heimlik gehoop dat Jesus hom sou antwoord en bevestig dat Hy die Messias is - die Een waarvan hy al so baie gelees het in die Skrifte, en van Wie hy sy leerlinge al so baie geleer het. ‘n Tinteling het deur Nikodemus se liggaam gegaan: sê nou net hy het rêrag die Messias ontdek!

Jesus het egter dwarsdeur Nikodemus gesien en sy héél diepste behoefte raakgesien, ‘n behoefte waarvan Nikodemus sélf nie eers geweet het nie. Sy antwoord was gladnie wat Nikodemus verwag het nie. “*Ek sê vir jou: As iemand nie van bo gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.*”

Die arme man was stomgeslaan! Watter soort van antwoord was hierdie? Dié Rabbi praat in raaisels! Jy kan tog nie weer ‘n slag gebore word nie! Wat presies het Hy daarmee bedoel?

Nikodemus was baie ernstig oor sy ontmoeting met Jesus. Hy het sy woorde baie sorgvuldig gekies en ons kan maar aanneem dat hy eerlik was oor die dinge wat hy gesê het. As dit maar net nóg ‘n

oppervlakkige uitlokking was soos so dikwels van die Fariseërs gekom het, sou hy openlik in die dag na Jesus gegaan het. Nikodemus het dus gehoop om van Jesus wáárlik iets te leer. En Nikodemus was beslis nie teleurgestel nie!

Jesus se eerste antwoord het hom nou wel tussen die oë geslaan, maar Nikodemus kon sommer voel dat hier nog ‘n baie diep gesprek kon gebeur. Sommer dadelik moes hy uitvind dat Jesus nie maar net die Wonderwerker was wat water in wyn kon verander nie, maar dat daar báie meer omtrent Hom was. Nikodemus het Jesus se eerste antwoord dalk verkeerd verstaan – moontlik selfs opsetlik! Toe Jesus sê dat iemand weer ‘n slag gebore moes word, gebruik Hy ‘n dubbelsinnige woord, wat ook kan beteken “van bo gebore”, oftewel dat dit ’n geboorte van God af is.

Jesus se gesprek met Nikodemus oor die wedergeboorte, sou hierdie man se ganse lewe verander. Dit is die héél belangrikste gebeurtenis in énige mens se lewe. Nikodemus se ore was gespits! Hy wou elke woord van hierdie gesprek indrink.

Vir my en jou is hierdie gesprek ewe belangrik en ons moet dit herhaaldelik lees sodat ons herinner kan word aan daardie belangrike gebeurtenis in ons lewens - die dag toe dit gevoel het asof die

son bollemakiesie slaan van blydskap. Ons kan dus ook nie anders nie as om die volgende paar dae ‘n bietjie stil te staan by hierdie gesprek.

Gebed:

Here, dankie dat ek saam met Nikodemus opgewonde kan wees oor daardie nuwe lewe wat alleen U kan gee deur die Heilige Gees.

13

# Water En Gees

## Johannes 3:4-8

VIDEO * **OUDIO**

In Jesus se gesprek met Nikodemus, sê Jesus vir hom dat jy weer gebore moet word. Nikodemus verstaan dit totaal verkeerd! Hy dink dat Jesus bedoel dat hy nou soos ‘n ou man letterlik weer in sy moeder se skoot moes inklim en dat die geboorteproses herhaal moes word. Dis absurd! Met só ‘n onsinnige stelling prikkel Jesus Nikodemus se nuuskierigheid en dit gee Hom die geleentheid om die gesprek verder te neem. Jesus verduidelik dat jy uit “Water en Gees” gebore moes word.

Wat presies het Jesus met hierdie twee woorde bedoel? “Gees” is nie ‘n probleem nie, ons verstaan almal dat die Heilige Gees betrokke is met die wedergeboorte. Maar wat het Hy bedoel met “Water?” Daar is al baie oor die betekenis hiervan gestry. Die een denkrigting sê dat dit dui op die doop as geleentheid wanneer ‘n mens in God se Koninkryk ingaan. As ons egter verder lees in hoofstuk 4, sien ons dat Jesus teenoor die Samaritaanse vrou na Homself verwys as die “Lewende Water.”

Water speel 'n baie belangrike rol in die simboliek van reddingswerk van Jesus en ek dink ons kan met redelike veiligheid aanneem dat Jesus hier na Homself en die Heilige Gees verwys as Hy sê dat jy uit "Water en Gees" gebore moet word. Dit sou met ander woorde beteken dat jy slegs gered kan word wanneer twee dinge met jou gebeur: Jesus moet jou die nuwe lewe gee deur Sy versoening en terselfdertyd moet die Heilige Gees in jou kom woon.

Hierdie dinge is baie moeilik om te verstaan, want ons wil dink in konkrete, menslike terme. Ons het egter hier te doene met 'n geesteswêreld wat vir ons onsigbaar is. Die groot wonder gebeur die dag met jou wedergeboorte. Dan word hierdie geesteswêreld vir jou 'n werklikheid om die eenvoudige rede dat jy déél daarvan word. Jy word terselfdertyd sensitief vir die geestelike dinge wat rondom jou gebeur. Jy word dus 'n burger van die geesteswêreld. Eintlik het jy dubbele burgerskap, want jy is steeds aardsgebonde met 'n sterflike liggaam, maar jy is nie meer beperk tot die aardse nie. Dit beteken dat jy nou bo hierdie beklemmende aardse dinge kan uitstyg.

Praat ek in raaisels? Vir Nikodemus was hierdie ook 'n raaisel, en Jesus het dit maar al te goed besef. Daarom gebruik Hy die beeld van die wind

om vir hom te verduidelik. Jy kan nie die wind sien nie. Jy kan ook nie verduidelik waarvandaan dit kom en waarheen dit gaan nie. Nogtans weet jy dat dit daar is! Jy kan immers die uitwerking daarvan voel op jou vel en sien hoedat dit die blare laat ritsel. In ‘n storm kan jy die krag daarvan beleef waar dit selfs in staat is om reuse bome te ontwortel. Jy hoef egter nie antwoorde te hê op al die vrae nie en jy hoef dit nie te verstaan om seker te kan wees dat die wind wel daar is nie.

Nét so is dit met die Gees. Jy hoef nie alles omtrent Hom te verstaan en al die antwoorde te hê nie, soos byvoorbeeld hoe dit moontlik is dat Hy in jou kan woon. Wanneer ons die geesteswêreld betree, is dit asof jou verstand gaan stilstaan, want alles is net soveel groter en meer onbegryplik as die eenvoudige wêreldse waaraan ons gewoond is. Maar net soos met die wind, ervaar jy die uitwerking van die Heilige Gees ook op ‘n tasbare wyse. Jy sien hoe Hy in mense se lewens werk en wonderlike dinge verrig. Is dit ooit moontlik vir ‘n doodgewone plaasboer om ‘n miljoen mense bymekaar te kry om na ‘n preek te luister sonder dat daar eers ‘n rugbywedstryd betrokke is? Nee! Baie beslis nie! Tóg gebeur die absoluut onmoontlike, en ons kan dit alleen toeskryf aan die kragtige werk van die Heilige Gees wat ‘n eenvoudige plaasboer gebruik. Ek kan talle

soortgelyke voorbeelde noem, wat net eenvoudig nie anders verklaarbaar is nie.

Iemand vra my eendag: “Hoe hoor ‘n mens God se stem? Baie mense hoor Hom met hulle praat, en ek wil dit ook hoor.” Jou eerste reaksie is om te lag oor hierdie vraag, maar dis eintlik ‘n baie diep vraag. Ja, ek kan ook onomwonde sê dat ek een van daardie mense is wat God hoor praat. Hy praat elke dag met my! Het ek al ooit Sy stem fisies gehoor - soos ‘n stem uit die hemel? Nee! Nou hoe werk dit dan?

Wanneer die Heilige Gees die dag in jou lewe kom, maak Hy nuwe deure vir jou oop. Waar die Bybel eers ‘n boek vol stories, wette en rituele was, word dieselfde Bybel nou vir jou ‘n riglyn vir jou lewe en ‘n boek waarin jy God se genade en liefde raaksien. As jy Hom toelaat om deur die Woord met jou te praat, word hierdie ‘n lewende Woord, en hoor jy God se stem deur dit wat jy lees. Op dieselfde manier ervaar jy Sy stem tydens ‘n erediens wanneer iemand preek. Jy wéét net dat dit die stem van God is. Hoe presies weet ek dit? Nee, dit kan ek jou nie sê nie, en elke persoon ervaar dit anders. Die groot geheim is dat ons sensitief moet word om Sy stem te herken wanneer Hy praat. Dit kan alleen gebeur wanneer

ons gedurigdeur daaraan werk om nader en nader aan Hom te leef.

Gebed:

Here, ek dank U dat U genade oor my so groot is, dat ek U teenwoordigheid en U stem kan ervaar.

14

## Die Ewige Lewe

## Johannes 3:9-15

VIDEO * **OUDIO**

Jesus het so mooi vir Nikodemus verduidelik van die wind en die wedergeboorte, maar die slim leermeester verstaan nog steeds nie! Hy is stomgeslaan: "Maar hoe kan hierdie dinge gebeur?"

Die manier waarop Jesus hierdie wonderlike waarhede aan Nikodemus bekend maak, is absoluut briljant. Hy sê nét genoeg om die man aan die dink te sit, maar Hy sê dit op só 'n manier dat dit by Nikodemus 'n brandende begeerte laat om meer te wil weet. Dit word nie vir hom uitgespel nie maar amper in raaisels maak Jesus hom honger om nóg meer te wil uitvind.

Gister het ons gesien dat dit gaan oor die geboorte van Bo oftewel die wedergeboorte. Dis egter net die helfte van die storie. Dit gaan ook oor die manier waarop jy God moet ken. Om Hom waarlik te kan leer ken, moet jy geestelik sensitief wees - iets wat wél gebeur wanneer die Heilige Gees in jou kom en ingryp in jou lewe.

Nikodemus was die wetsgeleerde Fariseër wat streng volgens die riglyne van die wet geleef het en noukeurig elke voorgeskrewe tradisie onderhou het om sodoende die saligheid te kon verwerf en God te eer. Vir hom was hierdie nuwe idee totaal onverstaanbaar. Waarom sou hy dan óók nog ‘n nuwe geboorte nodig hê?

Jesus laat egter die misterie nog méér verdiep! Hy noem vir Nikodemus van die “aardse en hemelse” dinge en dan vra Hy hoe dié twee bymekaar kom en wat hulle met mekaar te doen het? Met die aardse verwys Jesus waarskynlik na die nuwe geboorte oftewel wedergeboorte wat wél hier op aarde plaasvind. As Nikodemus daarmee ‘n probleem het of dit nie kan verstaan nie, hoe sal hy dan nog die wonderlike dinge kan verstaan wat daarna gebeur? Die wonders van die ewige lewe, en die manier waarop die Heilige Gees menselewens totaal verander, is iets wat jou verstand totaal te bowe gaan!

Eintlik kom die aardse en hemelse dinge bymekaar by die kruis op Golgota. Dit is hiér waar alles totaal verander het en waar die Joodse wet en tradisies vervang is met Jesus se versoening. Jesus gebruik die beeld van die koperslang om vir Nikodemus te verduidelik. Tydens die Israeliete se uittog uit Egipte, het hulle weer in een van hulle berugte

kerm-en-weeklaag sessies verval. Dit was al die hóéveelste keer, en beslis die laaste strooi. Hulle het gekry waarvoor hulle gesoek het - die toorn van God! Hy het slange gestuur en baie van die kermende Israeliete is deur hulle gepik en gedood. Maar weereens is God se genade baie groter as Sy straf. Hy het Moses beveel om ‘n afbeelding van ‘n slang uit koper te maak en op ‘n paal te sit. Enigeen wat deur ‘n slang gepik was kon slegs na die koperslang kyk om genees te word.

Hierdie was eintlik ‘n wonderlike profetiese handeling, want daardie koperslang was ‘n heenwysing na Jesus, wat ook so aan ‘n paal sou hang. Nét soos wat diegene wat na die koperslang gekyk het, sou bly leef, so sal die mense wat “kyk” na Jesus aan die kruis bly leef. Die koperslang was egter ‘n simboliese en baie tydelike oplossing, want mense het steeds daarna gesterf. Die nuwe bedeling bring egter iets wonderliks, want om in Jesus te glo bly jy nie alleen lewe nie, maar jy kry die EWIGE LEWE! Dit is iets wat radikaal verskil van die doodgewone saai ou aardse lewe en die kwaliteit daarvan is onbeskryflik baie beter. Dit is boonop iets wat nie eers ééndag sal gebeur wanneer jy sterf nie, maar dit is iets wat alrééds gebeur met jou wedergeboorte.

Van daardie oomblik af is daar ‘n baie belangrike verskil. Nou lewe jy nie meer alleen nie, maar God is saam met jou. Nou leef die Heilige Gees in jou, en Jesus is van daardie oomblik af by jou. In Filippense beskryf Paulus watter soort uitwerking dit op die kwaliteit van jou lewe het. Omdat God in jou is, het jy nou ‘n borrelende blydskap wat jou lewe vul, selfs in die slegste toestande. Dit is wat gemaak het dat Paulus en Silas jubelend kon sing terwyl hulle stukkend geslaan en in ysterkettings geboei in die stinkende tronk gelê het in Filippi. Hulle mede-gevangenes kon nie verstaan waarom hierdie twee dit kon regkry om so vrolik te sing nie!

Vandag is daar baie gelowiges wat kan getuig van so ‘n borrelende lewe gevul met blydskap. Dit is een van talle van die wonderlike gawes van die ewige lewe.

Moontlik vra jy vanoggend: “Maar waarom het ek dan nie daardie blydskap in my lewe nie?” Dalk is dit bloot omdat jy nie die Heilige Gees wil toelaat om jou lewe só te vul en te beheer dat jy daardie blydskap kan ondervind nie.

Die Ewige Lewe het twee fases, die aardse en die hemelse. Tydens die aardse fase hang dit van jouself af wat jy daarmee maak. Hoe nader aan God jy leef en hoe meer jy Hom toelaat om jou lewe te beheer, hoe meer sinvol en vreugdevol sal

dit wees. Elkeen wat in Jesus glo het alrééds die ewige lewe. Lééf dan daardie ewige lewe reeds hier op aarde voluit!

Gebed:

Here, ek kan U nie genoeg dankie sê vir die wonderlike gawe van die ewige lewe wat U ook vir my gegee het nie. Dankie vir die heerlike vreugde wat ook daarmee saamgaan.

15

## Wat Is Liefde?

## Johannes 3:16-18

VIDEO * **OUDIO**

Johannes 3:16 kan met reg as die middelpunt van die Bybel gesien word - dalk nie geografies nie, maar beslis in ‘n geestelike sin. Hierdie enkele versie plaas alles wat ons in die vier evangelies oor Jesus lees in ‘n Goddelike perspektief. God se liefde vir die wêreld is so groot dat Hy bereid was om sy Seun, Jesus daarvoor op te offer.

Wat word bedoel in Johannes met daardie woordjie “liefde”? Uit al die verskillende beskrywings daarvan oor ‘n wye spektrum geskrifte kan ons duidelik aflei dat liefde nie ‘n emosionele saak is nie. Verliefdheid wat byvoorbeeld elkeen van ons as tieners getref het, was suiwer emosie, of dalk ons hormone wat met ons op loop geraak het. Ongelukkig is dit daardie selfde verliefdheid wat dikwels ook maak dat mense trou, en ‘n jaar of twee later, as die emosie opgedroog het, dan skei hulle paadjies weer.

Ware liefde kan dalk beter vertaal word met die woordjie “lojaliteit”. Wat is dit wat twee mense vir vyftig of sestig jaar gelukkig bymekaar hou, selfs

deur die swaar tye en die tye waar hulle vir mekaar kan kwaad word? Dit is ‘n onbeskryflike liefdesband, waarvan intense lojaliteit ‘n onlosmaaklike deel vorm. Dit behels onder meer ‘n verpligting teenoor mekaar, dat die een na die ander sal omsien en dat hulle mekaar sal help en bystaan deur dik en dun.

Dalk kan ons so ‘n ietsie hiervan sien in die liefde van God vir die mens. Hy was bereid om alles op te offer om ons te red. In ‘n liefdesverhouding is daar egter twee kante. God het alreeds Sy kant gebring, en nou is dit die mens se beurt om daarop te antwoord. Jou antwoord is nie ‘n emosionele besluit nie, maar ‘n nugtere wilsbesluit om God se liefdesaanbod te aanvaar. Dit is ál wat Hy van jou vra. Wat daarop volg is dat die liefdesverhouding gebou word, soos in enige stabiele huweliksverhouding. Natúúrlik is daar óók emosie by betrokke - by party mense baie meer as ander.

Om enige liefdesverhouding te laat slaag, is daar harde werk by betrokke. Die twee partye moet mekaar deeglik leer ken. God ken my alreeds en nou is dit mý beurt. Ek leer Hom ken deur die openbaring wat oor Hom geskryf is - die Bybel te bestudeer. Kommunikasie is van uiterste belang in enige verhouding, só ook in my verhouding met God. Hy praat met my deur die Woord, daarom

móét ek dit lees. Ek gesels weer met Hom deur gebed. Gebed is dus nie maar iets wat verpligtend is vir elke Christen nie, maar is jou kommunikasie met God.

Liefde beteken ook dat twee partye bereid is om dinge vir mekaar te doen. Van God se kant af is die sluise van die hemel oop, met alles wat Hy vir my doen. Wat is ek bereid om vir Hom te doen?

Maar kom ons kyk na enkele van die dinge wat Hy bereid is om vir my te doen. In Johannes 3:16 lees ons dat as ek in Jesus glo, ek nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe kry. Om verlore te gaan, beteken dat jy van die Lewende God se teenwoordigheid afgesny word. Dit beteken dat jy sonder Sy gawes en Sy liefde moet klaarkom. As ons maar net mooi gaan dink aan alles wat ons van Hom af kry, dan is die implikasies hiervan te verskriklik om aan te dink. As jy egter besluit om in ‘n liefdesverhouding met Hom te gaan, word hierdie moontlikheid totaal uitgesluit. Maar die bonus is dat jy boonop die wonderlike ewige lewe kry. Dit beteken dat die aardse fase van jou lewe vir ewig verleng word anderkant die afsterwe van jou ou liggaam, jou tydelike “tentwoning” soos Paulus dit beskryf. En in Openbaring kry ons ‘n klein kykie in die wonder van die lewe anderkant

daardie poorte. Dis iets waarna elke gelowige met groot verwagting en opgewondenheid uitsien!

Daar is egter ‘n verdere aspek in hierdie liefdesverhouding: Oordeel! Ons kry dikwels die idee dat ons bang moet wees vir God, veral as ons die Ou Testament lees, waar Hy dikwels beskryf word as Iemand wat straf. Inderdaad kan God nie ongeregtigheid verdra nie, en anders as ons eie politieke stelsel waar korrupsie en ongeregtigheid dikwels maar onder die mat ingevee word, is Hy regverdig, en word dit gestraf. Hy wil ons egter nie in die hemel inboelie deur ons met straf te dreig nie. Inteendeel: Hy wil ons in Sy liefdesarms inroep. Jesus is nie gestuur om te kom straf nie, maar om diegene wat alreeds veroordeel is te kom red. Ek was verdoem tot die ewige straf, totdat ek Jesus se roepstem herken het, en geantwoord het deur Sy aanbod te aanvaar. Vir jare het Hy gesoebat, maar ek het my doof gehou vir Sy stem. Tot daardie wonderlike dag........

Teen die agtergrond van die donker wolke van verdoemenis en ewige verderf, straal die positiewe lig van Jesus se sending om mense soos ek en jy te kom red. Dit is soos iemand wat sy eie lewe opoffer en in die briesende golwe van ‘n stormsee inspring om drenkelinge wat gedoem is te gaan red.

Gebed:

Here, U liefde vir my is so onbeskryflik groot. Ek bely dat my liefde vir U maar skraps is - help my asseblief om my liefde ten volle uit te leef.

16

## Bose Duister

## Johannes 3:19-21

VIDEO * **OUDIO**

Versigtig sluip ek na die ou “spookhuis” met my twee bewende niggies agterna.

Toe ek hoor dat die twee kom kuier, besluit ek om die twee bangbroeke ‘n poets te bak. Die ou huis ‘n entjie van ons plaashuis af, was baie verwaarloos. Daar was lankal nie meer vensters in nie en die plafon en mure was pikswart gerook deur ‘n lekkende koolstoof. Ek het ‘n spookfiguur uit koerantpapier geprakseer om hierdie besoek van die twee meisiekinders een te maak wat hulle nie gou sou vergeet nie. Ek moes al my ingenieursvernuf inspan om ‘n katrolstelsel te laat werk, om my spook vlerke te gee wanneer ek ongemerk die toutjie trek.

Ek kon nie wág dat dit skemer moes word om die twee op ‘n “toer” te neem nie. En so sluip ons drietjies gemaak-versigtig die nag in. In die skemerdonker doem die ou spookhuis voor ons op. Die swartgerookte mure skilder ‘n prentjie so reg uit ‘n rillerfliek. Die skeefgetrekte deur kraak kermend as ek dit stadig oopstoot. Ek moet sluk

om my lag in te hou as ek sien hoe die tweetjies bewe van bang-geit. Die donker in die huis omklem jou hart en hulle wil-wil net omdraai. Ek kry my toutjie beet, en trek. En dan verrys die wit gedaante hier vlakvoor ons oë. Al gillende sien jy net haakskeentjies soos hulle hardloop na die ou plaashuis waar die warm, helder lig van die Aladden lamp hulle met ope arms in die eetkamer verwelkom. Ek lê soos ek lag. My truuk het gewerk!

Duisternis word geassosieer met die bose. Rolprente maak baie deeglik gebruik daarvan en tonele wat angs en verskrikking en veral bose dinge wil uitbeeld, is alyd gehul in ‘n kleed van duisternis - hoe donkerder, hoe boser. Waarom? Die bose het bitter baie dinge om weg te steek. Die bose laat jou net sien wat hy jou wíl laat sien. In die ou spookhuis was die enigste ding wat die meisies moes sien, daardie “spook” van my. Johannes sê in vers 20 dat diegene wat kwaad doen die lig haat. Hulle vermy lig soos die pes, want in die lig kom hulle bose dade in die ope.

Die duister boesem van nature vrees by ‘n mens in. Ek onthou nog, toe ons uiteindelik op die plaas ‘n Lister kragopwekker gekry het, was dit ‘n blye dag. Toe het ons elektriese ligte in die huis gehad! Die probleem was egter dat daardie enjintjie saans

slaaptyd afgesit moes word. En dit was my plig! Ek het die knoppie gedruk om die ding dood te maak, en dan moes ek hardloop dat die stof so staan terwyl die liggie al flouer en flouer word, om betyds in my kooi te spring voordat dit hééltemal donker was. Dit het altyd gevoel asof daar iets agter my was in daardie donkerte, terwyl ek hardloop vir my kooi!

Lig, aan die ander kant, bring rus en vrede in jou gemoed. Kyk maar net hoe koek almal saam om die warm gloed van ‘n vuurtjie in die bos, veral as jy boonop weet dat daar allerhande kriepiekrôlies in die donker skuil. Lig verdryf die duister. Waar daar lig is, kan daar nie duisternis wees nie. Toets dit maar: gaan in ‘n pikdonker vertrek in, en steek ‘n ou piepklein kersie op. Onmiddellik is die duisternis weg! Skakel jy egter ‘n groot buislig met sy blou-wit lig aan, dan is selfs die donkerste hoekie helder verlig.

Jesus het as Lig by uitstek na hierdie donker wêreld gekom. Donker was dit inderdaad tydens Sy koms, want nie alleen was die ganse wêreld regeer deur die ysterhand van die heidense Romeinse regering met al sy afgode nie, maar in die Joodse geledere was die Israeliete oorskadu deur die Fariseërs wat God se wette totaal ondraaglik en onmoontlik vir die mense gemaak

het. Twee absolute uiterstes het die lewe baie donker gemaak.

En toe kom Jesus! Helder het Sy lig geskyn, en die mense gewys dat daar Iemand was wat waarlik vir hulle omgegee het, Iemand wat nie van hulle vereis om die swaar laste van die wet te dra nie. Die bose het baie hard probeer om elke greintjie lig uit te doof, maar Jesus het die duisternis verdryf toe Sy lig begin skyn. Verby was die tyd dat jy deur harde werk en die onderhouding van die wet jou saligheid moes verdien. Deur slegs in Jesus se Lig te leef, kon jy die saligheid verkry, nie uit jou eie verdienste nie, maar suiwer uit genade. Die donker wolk van God se oordeel was nou vervang met die helder lig van bevryding en vergifnis.

Dit is so tragies dat daar steeds soveel mense is wat leef in die duister. Die lig van bevryding skyn helder daar buite, maar hulle verkies om 'n gevangene van die duister te wees. Die oordeel hang pikswart oor hulle, en al wat hulle moet doen om daaruit te kom, is om die geskenk van Jesus se verlossing te aanvaar.

Ek weet dat hier vanoggend iemand is wat hierdie dagstukkie lees, wat steeds onder daardie donker wolk leef. Dalk is dit jy, en daar is 'n brandende begeerte in jou hart om daar uit te kom. Kom dan na die Lig, en gryp Jesus se aanbod!

Gebed:

Here, dankie dat U die Lig na die wêreld gestuur het. Dankie dat U ook vir my daardie Lig gegee het. Ek bid innigliк vir elkeen wat hierdie stukkie lees, en steeds in die duister is.

17

## Johannes se Getuienis

## Johannes 3:22-36

VIDEO * **OUDIO**

‘n Feit wat ons dikwels totaal mis lees, is dat Jesus, net soos Johannes die Doper, ook mense gedoop het. In Johannes 3:22-26, vra iemand vir Johannes of hy bewus was daarvan dat sy “Opposisie” ook nou hierdie doop-ding doen? Mense het glo na Hom toe gestroom!

Hy het sékerlik gehoop om Johannes jaloers te maak, en toe het hy die twee teen mekaar afgespeel. Maar hy het nie met Johannes se lojaliteit teenoor Jesus rekening gehou nie en dit dan ook baie duidelik gemaak dat hy homself maar net as ‘n boodskapper gesien het. Sommige mense het dalk gedink dat Johannes die Christus was, maar hy het dit by herhaling heftig ontken. Hy was maar net voor die Christus uitgestuur. Hy het in elkgeval nie gedoop omdat hy gedink het dat hy beter as ander was nie, maar omdat God hom daardie opdrag gegee het. Hy het slegs God se opdragte uitgevoer.

Johannes het boonop al te deeglik besef dat Jesus waarlik die Christus was. Daarom was Jesus baie

groter as hy. Hy moes dus minder word sodat Jesus, die Christus, verheerlik kon word. Dit was immers sy doel op aarde en dit is waarvoor hy gestuur was.

Elke gelowige, ek en jy ingesluit is ‘n gestuurde, net soos Johannes die Doper. Die Here het vir elkeen van ons ‘n uitgesoekte taak. Vir Johannes was dit om die pad vir Jesus gelyk te maak. Hy het dit met groot ywer uitgevoer. Die vraag is wat ek en jy maak met die taak wat die Here vir ons gee. Doen ons dit halfhartig, net uit pligsbesef? Of maak ons dalk soos die slaaf wat toevertrou was met die klomp geld - die een wat sy geld gaan begrawe het?

Die vraag wat mense dikwels vra is: “Wat is dan nou eintlik my taak?”

Ja, natuurlik is ons almal verskillend en natuurlik het elkeen ‘n ander opdrag van die Here. Die groot, oorkoepelende opdrag vind ons egter in Matteus 28:19, waar Jesus nie alleen die Apostels nie, maar saam met hulle ook elke gelowige die opdrag gee: “Gaan .... maak dissipels....” Dit beteken nie dat elkeen ‘n evangelis of ‘n sendeling moet wees nie. Maar dit beteken dat ek bereid moet wees om die taak wat ek gekry het om die uitbreiding van die Evangelie te bevorder, moet uitvoer so goed as wat ek kan, al is dit ook net om

vloere te skrop! Een taak wat elkeen van ons het, is om liefde uit te leef op só ‘n manier dat dit ander mense honger maak vir die Evangelie.

In die volgende paar verse speel Johannes die Doper in sy antwoord die hemelse teenoor die aardse af. Hy maak in die eerste plek seker dat sy hoorders deeglik daarvan bewus is dat Jesus uit die hemel kom en dat Hy anders is as ons gewone aardlinge. Jesus, die Hemelse is natuurlik dan ook verhewe bo alle aardse dinge. Ons wil graag dinge uit ‘n eg-menslike oogpunt sien. Ons “praat die taal van die aarde” en wil dinge uitredeneer volgens gewone natuurwette. So is dit byvoorbeeld vir ons baie moeilik om te verstaan dat God se vergifnis totaal, allesomvattend is. Hoe is dit moontlik dat Hy maar net elke keer weer en weer kan vergewe? Ons probeer dit menslik beredeneer. Wat egter vir ons onmoontlik lyk, is by Hom moontlik.

Dalk is dit juis hierdie menslike redenasie wat gemaak het dat die Jode vir Jesus verwerp het. Hulle het die wonderwerke gesien en hulle het die wonderlike dinge wat Jesus gesê het met hulle eie ore gehoor. Maar omdat hulle dit menslik of aards wou uitredeneer, kon hulle dit net eenvoudig nie aanvaar nie. Jesus was die vergestalting van God op aarde, maar die Jode kon dit net eenvoudig nie glo nie. Hulle het die Messias vir hulleself baie

anders voorgestel. Hy moes ‘n magtige heerser wees wat hulle sou verlos van die Romeine. Hier sien hulle egter ‘n Kneg wat kom doop en dien en mense gesond maak en met kindertjies speel!

Dan waarsku Johannes hulle: “God het Hom immers gestuur!” Wat daardie mense nie besef het nie, was dat hulle God in aksie gesien het. Al wat van hulle verwag was, was om dit wat hulle gesien het te glo en in die geloof God se aksie te aanvaar. Johannes herhaal hier Jesus se woorde aan Nikodemus van Joh. 3:16. “Wie in die Seun glo, het die ewige lewe”, maar hier is ook ‘n baie ernstige waarskuwing by: “wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom.” (Joh. 3:36). Om aan die Seun ongehoorsaam te wees, beteken om nie in Hom te glo nie. God alleen kan die ewige lewe gee, en Hy doen dit alleenlik deur geloof in sy Seun, Jesus Christus. Johannes wil doodseker maak dat nie alleen die Jode nie, maar die ganse wêreld vandag daardie boodskap begryp. Kom ons volg sy voorbeeld na en versprei die boodskap verder.

Gebed:

Here, help my asseblief om my opdrag om Jesus se Evangelie te versprei, met ywer uit te voer!

18

## Die Vrou by die Put

## Johannes 4:1-18

VIDEO * **OUDIO**

Ek sien eendag ‘n beriggie in die koerant, dat Liz Taylor op trou gestaan het. “Wonderlike nuus!” sou jy dalk kon sê. Nee, stokou nuus! Dit was toe al die negende keer! Sy was toe al stokoud en in ‘n rolstoel, maar steeds het sy gehunker na jong blaartjies, net om hulle weer te los wanneer sy moeg was vir hulle. Nou wat het hierdie brokkie nuus dan met ‘n dagstukkie te doen? Alles! Die vrou in vandag se verhaal het ‘n reputasie gehad byna net so lank soos Liz s’n!

Om net eers die prentjie in perspektief te stel: Jesus en sy dissipels het van Galilea af na Jerusalem gereis om die Paasfees te vier, ‘n reis van sowat 150km. Daar het Sy gesprek met Nikodemus plaasgevind.

Dit was ‘n baie suksesvolle besoek, want mense het in groot getalle om hulle saamgedrom. Hiervan het die Fariseërs, wat groot invloed gehad het in die Jerusalem omgewing, niks gehou nie.

Nou was hulle egter weer op pad terug na Galilea - dalk wou Hy konfrontasie met die Fariseërs op

daardie stadium vermy. Hulle reis het hulle deur die Samaritaanse gebied geneem. Dit was die kortste roete maar nie ‘n gewilde een nie, want die Jode het liefs die Samaritane totaal vermy.

Dit was twaalfuur die middag, en die manne was moeg en honger. Naby die dorpie Sigar het hulle by ‘n put gestop, een wat nog uit Jakob se tyd gedateer het. Jesus besluit om daar te bly wag terwyl die ander vir hulle gaan middagete koop het in die dorp.

En dan gebeur ‘n eienaardige ding. In die hitte van die dag, het ‘n Samaritaanse vrou aangestap gekom met ‘n kruik op haar skouer. G’n ordentlike vrou sou water loop haal het in hierdie warm uur nie, en veral nie alleen nie! Om te gaan water haal, was ‘n sosiale geleentheid vir die vrouens om te klets en al die skindernuus op te vang. Waarom was hierdie een alleen? Het sy dalk iets gehad om weg te steek?

Dan gebeur daar iets wat beslis die wenkbroue sou lig. Jesus het vir die vrou ‘n bietjie drinkwater gevra. Sy kon haar ore nie glo nie - ‘n Jood wat vir haar, ‘n Samaritaan, water vra? Die Jode het die Samaritane soos die pes vermy. Jy het beslis nie saam met hulle geëet of gedrink nie, want dan sou jy onrein word! Dit was só erg, dat sommige Jode

selfs geglo het dat hulle besmet kon raak, selfs as ‘n Samaritaan se skaduwee op hulle sou val!

Die vrou se verbasing was dus gladnie ongegrond nie. Maar dinge het nóg erger geraak toe Jesus ‘n gesprek met haar aanknoop. Nie alleen was sy ‘n Samaritaan nie, maar boonop ‘n vrou. Dus was sy op die heel onderste trappie van die sosiale rangorde - net nog ‘n stukkie eiendom van iemand. In skrille teenstelling hiermee het ons so pas gelees van Jesus se gesprek met Nikodemus, wat op die hoogste sport van die sosiale leer was. Baie gou kom ons uit die gesprek agter dat sy boonop ‘n gure reputasie gehad het!

En dan moet ons maar net besef dat Jesus verby al ons menslike beperkinge kyk. Status maak nie by Hom saak nie. Of dit nou die hooggeplaaste Nikodemus is of die straatvrou - Jesus is daar vir almal, regoor die sosiale spektrum.

Die gesprek is baie interessant. Dit begin met Jesus wat vir water vra. Die vrou antwoord Hom met ‘n vraag wat fokus op die verskriklike kontras tussen Jode en Samaritane - “Julle Jode dink mos dat julle beter is as ons Samaritane” - so lees jy tussen die lyne deur in haar vraag. Jesus sien regdeur haar vraag, en Sy antwoord sê vir haar dat Hy baie meer is as net ‘n gewone Jood en dat Hy eintlik God se gawe aan hierdie wêreld is. Dan

bied Hy haar "lewende water" aan om haar dors te les. Nie alleen sou hierdie water haar onmiddellike behoeftes bevredig nie, maar dit sou haar vir ewig laat lewe.

Daardie water is dieselfde wat ook vandag elke mens se dors na God en redding kan bevredig. Eers verstaan hierdie vrou gladnie waaroor dit alles gaan nie. Maar dan gaan haar oë uiteindelik oop, en sy word Jesus se héél eerste sendeling, as sy vir almal in die dorp van Jesus gaan vertel, soos ons weldra in die volgende perikoop sal sien.

Die gesprek neem nou 'n wending, wat die vinger reg op die groot probleem in haar lewe druk: haar huwelik. Sy was al vyf keer getroud. Of sy geskei was en of haar mans almal dood is, weet ons nie. Ons weet egter dat sy in 'n uiters magtelose posisie was, omdat sy nie vir haarself kon sorg nie. Nou het sy uit radeloosheid sommer by 'n man gebly - iets wat totaal onaanvaarbaar was. Haar lewe is deur sonde verdor. Sleepvoet het sy deur die lewe moes gaan en ander vroue vermy, want hulle kwetsende aanmerkings het bitter seer gemaak. Die lewe het haar baie stief behandel. Sy het aan die einde van haar paadjie gekom!

Sou Jesus waarlik vir haar 'n uitkoms kon gee? Sou hierdie lewende water waarvan sy so pas gehoor het, dalk 'n antwoord kon wees? In ons

volgende dagstukkie kyk ons DV. hoe hierdie gesprek verder uitdraai. Inderdaad wag daar goeie nuus - ook vir jou en my.

Gebed:

Here, soms voel dit vir my asof berge van sonde op my skouers lê. Dankie dat ek vandag kan weet dat U alles alreeds vergewe het, en nie meer daaraan dink nie.

# 19

# Jesus Weet Alles

# Johannes 4:19-30

VIDEO * **OUDIO**

Jesus het ‘n groot risiko geneem om ‘n gesprek te voer met die vrou by die put. In die eerste plek was dit ongehoord dat Hy met ‘n Samaritaan en boonop nog ‘n vrou ‘n gesprek sou aanknoop. Boonop het haar reputasie nou nie juis die situasie verbeter nie. Hy was ‘n Rabbi met twaalf voltydse leerlinge. Boonop het reuse skares mense na Sy leringe kom luister. Hy kon maklik Sy geloofwaardigheid verloor en Sy volgelinge kon opdroog. Hy kon beslis baie verloor deur hierdie gesprek. Nogtans het Hy gekies om dit te doen, want nie alleen het hierdie arme vrou Hom op daardie stadium in haar lewe bitter nodig gehad nie, maar sy sou ook baie vir Sy bediening onder die Samaritane beteken.

Jesus het vir die verbaasde vrou gewys dat Hy alles van haar af weet, en dat sy selfs haar diepste hartsgeheime nie vir Hom kon wegsteek nie. Toe besef sy dat sy hier met iemand baie spesiaal te doene het. Hoe het hierdie vreemde Man geweet van haar huwelikskatastrofe? En hoe het Hy geweet dat sy in sonde saam met ‘n ander man

gebly het? Was Hy dalk ‘n profeet - ‘n Man van God? Sy sou Hom ‘n bietjie toets met ‘n strikvraag waarop niemand werklik ‘n antwoord gehad het nie. Sy sleep dus die groot twispunt oor die tempel tussen die Jode en Samaritane in. Waar sou nou eintlik die regte plek wees om te aanbid - Jerusalem of Sigem?

Hierdie dispuut het eintlik begin toe die tempel in Jerusalem gebou is. Die Samaritane wou saam met die Jode aan die tempel bou, maar die Jode wou hiervan niks weet nie - Samaritane is mos onrein, onthou! En daar begin die hele kwaaivriendskap! Maar dit het ook nie daar geëindig nie. Die Samaritane het ‘n bietjie gaan grawe in die geskiedenis, en toe ontdek hulle dat Abraham volgens Gen 12:6,7 daar by Sigem ‘n altaar vir God gebou het nadat die Here Sy verbond met Abraham bevestig het. Hierdie sou mos nou die éintlike plek wees waar die tempel gebou moes word. Uiteindelik het die Samaritane dan ook hulle eie tempel op die Gerisimberg by Sigem gebou. Die Jode het dit egter weer later vernietig. Toe is almal vir almal kwaad!

Jesus het vir haar verduidelik dat dinge totaal sou verander, en dat dit nie meer sou saakmaak waar ‘n mens aanbid nie. Dit sou gladnie meer nodig wees vir enige heilige plekke nie, nie eers

Jerusalem of Sigem nie! Maar sy moes haar oë oophou, want die groot verlossing was op hande. Die Here het hierdie verlossing na die wêreld deur die Jode gekanaliseer.

Verder het Jesus vir haar verduidelik hoe ware aanbidding lyk. Hulle het aanbid sonder om waarlik te besef wat hulle doen. Wanneer hierdie dinge sou gebeur, sou mense werklik eers besef hoe om die Here te aanbid, en wat Hy van hulle sou verlang. Gelowiges sou Hom dan "*deur die Gees en in waarheid aanbid*" (Joh 4:24). Dit het natuurlik vooruit gewys na die wonderlike werking van die Heilige Gees. Mense sou nou nie meer in tempels of op berge vir God hoef te gaan soek nie, maar die Heilige Gees sal binne-in elke gelowige wees, wat jou natuurlik direkte toegang tot God gee. In plaas daarvan dat gelowiges na God moes gaan, sou Hy nou na die gelowiges toe gaan. Wat 'n wonderlike gedagte!

Ek weet nie hoeveel hierdie vrou werklik van die gesprek verstaan het nie. Om die waarheid te sê, verstaan ons vandag nog steeds nie, want hoe is dit moontlik vir die Gees om in elkeen van ons te woon? Verstaan ons die alomteenwoordigheid van God? Sal ons ooit Jesus se soenverdienste verstaan? Die vrou se antwoord is dan ook baie insiggewend, dat die Messias, die Christus, alles

eendag sal kom bekend maak. Hy sal al die antwoorde op haar vrae hê. Eintlik is dit baie ironies, want sy het steeds nie besef dat dit in werklikheid die Messias was wat daar met haar staan en praat het nie!

Toe antwoord Jesus haar: "*Dit is Ek, Ek wat met jou praat.*"

Ek dink dat die vrou se oë oopgegaan het, en dat sy begin besef het dat hierdie nie sommer maar 'n Profeet was nie. Sy het haar kosbare kruik net daar gelos en vir die mense in die dorp gaan vertel. Sy het haar vrees vir wat die mense van haar sê opsy geskuif om die goeie nuus aan almal mee te deel.

Hierdie woorde van Jesus laat jou en my ook voor 'n besliste keuse. Die eerste ding waaroor ons moet besluit, is of ons gaan aanvaar dat Hy waarlik die Messias is, en nie sommer maar net die een of ander wonderlike Profeet nie. Aanvaar ons dit, dan bring dit ook sekere implikasies mee. In die eerste plek beteken dit dat ek Sy verlossingsgeskenk moet aanvaar, en dus in 'n persoonlike verhouding met Hom moet staan. Maar daar is ook verdere implikasies. Hierdie geskenk is so groot, dat ek nie anders kan as om 'n lewe van dankbaarheid te leef. Hierdie vrou het haar dankbaarheid betuig

deur te vergeet van wat mense sê van haar, en die blye nuus uit te blaker. Hoe doen ek en jy dit?

Gebed:

Here, dankie dat U ook aan my die waarheid openbaar het. Ek wil dankbaar leef en u Naam verheerlik met alles wat ek doen.

20

**Die Oes is Ryp**

**Johannes 4:27-42**

VIDEO * **OUDIO**

Die dissipels het terugekeer van die dorp af, waar hulle gaan kos koop het. Dit was maar half 'n ongemaklike situasie, want hier moes hulle kos koop by Samaritane! Hulle ongemak het egter verder verdiep toe hulle terugkom by die put, want tot hulle afgryse moes hulle Jesus, hulle Rabbi aantref in gesprek met 'n Samaritaanse vrou! Boonop een wat baie twyfelagtig voorgekom het. Hulle het besluit om doodstil te bly oor hierdie situasie, want hulle het net mooi gladnie verstaan wat aan die gang was nie. Boonop was dit maar 'n bitter ongemaklike situasie om oor te praat! Hulle verligting was groot toe sy daar omspring en terughardloop dorp toe. Nou kon hulle die belangrike dinge van die lewe afhandel, soos byvoorbeeld om te eet.

Die manne het uit hulle pad uit gegaan om kos in die hande te kry. Hulle was moeg en honger, maar toe hulle vir Jesus Sy kos gee, moes hulle weereens terugdeins oor hulle Meester se optrede. Nee, Hy het kos gehad waarvan hulle nie weet nie! Hy sou nie eet nie, dankie! Die manne het vir

mekaar gekyk met ‘n vraagteken op die gesigte. “Waar sou Hy kos vandaan gekry het?” Jesus het verduidelik dat Sy kos is om die wil van die Vader te doen.

Jesus wou die prioriteite van ‘n gelowige by die dissipels probeer inskerp. Hulle het gesukkel om te verstaan. Ja, baie later, eers nadat hulle die Heilige Gees ontvang het, het hulle hierdie dinge begin verstaan. Maar nou was al die begrippe wat Jesus gebruik het vir hulle totaal vreemd. Jesus het eintlik vir hulle probeer sê dat die normale dinge van die lewe, soos byvoorbeeld om te eet, minder belangrik is as die geestelike dinge. Hulle moes die wonderlike geestelike wêreld wat voor hulle oë besig was om te ontvou, raaksien. Ware honger is byvoorbeeld om dít te wil doen wat die Here van jou vra om te doen.

Jesus het oor die vlakte getuur en ‘n menigte mense uit die dorp na hulle sien stroom. Hy het geglimlag - ja, die vrou het gaan vertel, en nou wou almal in die dorp weet van “die Man wat haar alles van haar lewe vertel het.” Wat ‘n oes!

“Die oes is ryp,” het Hy sy dissipels meegedeel. Nou was hulle totaal uit de veld geslaan! Wat sou hulle Meester dan nou hiermee bedoel? Toe verduidelik Jesus van die lande wat vol ryp are staan, net reg om gëoes te word. Met hierdie

“lande” het Jesus natuurlik gesinspeel op die Samaritane, wat op daardie stadium sekerlik ook alreeds ‘n baie sterk Messiasverwagting gehad het. Hulle het nét so swaar in die Romeinse verdrukking geleef as die Jode. Ja, hulle was ryp vir die oes - om Jesus se volgelinge te word. Die dissipels het half ongemaklik geraak toe hulle die groot skare Samaritane aangeloop sien kom.

Jesus het egter rustig voortgegaan en verduidelik hoe ‘n oes nou eintlik werk. Dis nie iets wat sommer net gebeur nie. En boonop is dit nie een persoon se werk nie, nee daar is spanwerk by betrokke om ‘n suksesvolle oes te kan lewer. In hulle gedagtes kon die manne ‘n prentjie vorm van wat daar op die land gebeur - eers die ou wat met sy ploeg agter die os aanloop en die grond omdolwe. Dan die kêrel met sy sak saad wat hy strooi. Later wanneer die koring ryp geword het, kom iemand anders met die sekel om die are af te sny en die gerwe in bondels te bind. Dis beslis nie ‘n alleen-werk nie! Almal spring gewoonlik in om te kom help.

Terwyl die opgewonde Samaritane haastig nader kom, begin die dissipels die prentjie kry, dat Jesus nie van ‘n gewone oes gepraat het nie, maar dat Hy gesinspeel het op die geestelike oes van Sy volgelinge.

Vandag is dit steeds net so waar. Daar is diegene wat die Woord saai, en daar is ander wat moet bossies uitkap - bossies van sonde - sodat die lewensplante kan groei. En dan is daar weer diegene wat die wonderlike voorreg het om die oes te kan insamel, want hier sien jy uiteindelik die vrug op die arbeid van baie ander geestelike werkers.

Ek het die groot voorreg om te kan saai deur hierdie dagstukkies. Ek sien eintlik weinig van die vrug op my arbeid, maar ek doen dit in die wete dat die saad wat ek saai op vrugbare aarde sal val, en dat iemand anders eendag jubelend sal kan oes van my poging.

Ja, daardie Samaritaanse vrou het die asemrowende voorreg gehad om te kon deel in Jesus se oes. Die lande was ryp, en al wat sy moes doen, was om die finale boodskap te gaan aflewer. Dit het sy gedoen met volle oorgawe, en die resultaat was dat die uitgeworpe Samaritane net eenvoudig nie genoeg kon kry van Jesus nie. Alhoewel die dissipels sekerlik niks van die idee gehou het nie, het Jesus tog besluit om twee dae daar oor te bly by hulle. Hierdie was ‘n belangrike oes - hoe kon Hy dit óóit so laat staan om op die lande te vrot?

Gebed:

Here, ek loof en prys U vir die wonderlike voorreg wat ek het om deel te mag wees van die span. Help my om die taak wat U my gee met volle oorgawe uit te leef!

21

# Geloofstoets

## Johannes 4:43-54

VIDEO * **OUDIO**

"'n Profeet word nie in sy eie land geëer nie," maak Jesus die stelling vir Sy dissipels op pad na sy tuisland, Galilea, na 'n uiters suksesvolle bediening onder die Samaritane. Wanneer ons die volgende paar verse van Johannes lees, verstaan jy moeilik wat Jesus bedoel het, want hier wil dit voorkom asof die mense van Galilea Hom baie goed ontvang het en Hom as't ware terug verwelkom het.

Dit is gevaarlik om die Bybel te wil verstaan deur slegs enkele versies te lees. Dikwels moet jy ander gedeeltes daarmee saam lees om die spesifieke gedeelte in sy konteks te plaas. Ons moet onthou dat Johannes hierdie Evangelie geskryf het om bepaalde gedagtes by sy lesers tuis te bring. As ons die ander evangelies saam lees, dan kry jy 'n breër prentjie van Jesus se bedoeling. Matteus 13:53-58 vertel byvoorbeeld hoedat die mense van Nasaret, die dorp waar Jesus grootgeword het, Hom verwerp het. Lukas skryf dat hulle selfs so ver gegaan het om Hom van 'n krans te probeer afgooi (Luk. 4:28-30).

As Johannes dus skryf dat die Galileërs vir Jesus verwelkom het, was dit slegs ‘n tydelike ding. Toe Hy egter ongemaklike dinge begin sê het, het selfs Sy eie broers die rug op Hom gedraai!

Van Sigar af het die groep se reis hulle reg noord geneem, verby Nasaret tot by Kana, daar waar Sy heel eerste groot wonderwerk plaasgevind het, waar Hy die water in wyn laat verander het. Hulle volgende stop sou wees Kapernaum, sowat 25km verder, langs die see van Galilea.

In Kana het ‘n man Jesus tegemoet geloop, baie bekommerd. Hy was moeg, want hy het baie haastig die hele ent pad van Kapernaum geloop toe hy hoor dat Jesus by Kana was. Sy seun was baie siek, en hy kon enige oomblik sterf van die koors. Hierdie man was ‘n regeringsamptenaar, wat waarskynlik vir Herodus Antipas, die regeerder van daardie streek, gewerk het.

Toe die man uiteindelik by Jesus uitkom, moes hy eers aanhoor hoedat Jesus hom toets. Was hy nie dalk maar net daar om weereens ‘n wonderwerk te kom sien nie? Ons wil amper vra: “Maar hoe kón Jesus? Kon Hy nie sien dat die man desperaat was nie?”

Ons moet onthou dat duisende mense na Jesus gestroom het uit nuuskierigheid. Ek is séker dat

baie van daardie mense egter iets gekry het wat hulle nie verwag het nie, en as veranderde mense weggegaan het. Ek kan jou verseker dat baie van die manne wat destyds Mighty Men byeenkomste bygewoon het, daar was slegs uit nuuskierigheid, maar dat baie van hulle as veranderde mense terug is huistoe.

Wanneer Jesus hierdie man “uitlok”, sien ons egter uit sy antwoord dat hy Jesus gesien het as die enigste oplossing vir sy probleem. Hy het nie eers in die een of ander teologiese gesprek met Jesus getree, soos baie van die ander gedoen het nie, maar hy het Jesus gesmeek om asseblief dadelik te kom - sy seun was besig om te sterf! Hierdie hooggeplaaste het sy hart voor Jesus uitgestort!

Maar steeds sien ons dat Jesus nie doen wat die man vra nie. Hy het nie saam met die man gegaan om die kind hande op te lê of die een of ander teken te gaan doen nie. Die mense het geglo dat ’n geneser die sieke moes aanraak, sodat sy krag van hom af kon vloei na die sieke toe. Jesus se krag was egter nie afhanklik van aanraking nie. Hy het die man se geloof nog verder getoets en bloot die man teruggestuur huistoe. Die amptenaar moes maar net glo dat sy seun sou leef. Wat het in sy gedagtes omgegaan terwyl hy die lang pad huistoe begin stap het? Vir hom het daar twee dae

voorgelê - twee dae waar hy maar net kon hoop en probeer glo voordat hy by die huis sou wees. Twee dae waarin sy senuwees hom sou opvreet!

Maar op daardie presiese oomblik het die kind gesond geword - so verneem die amptenaar later van sy werksmense.

Maar daar was ‘n bonus - ‘n baie groot bonus. Hierdie ondervinding het die man en sy gesin só aangegryp, dat die hele gesin gelowig geword het. “Hy en sy hele huisgesin het tot geloof in Jesus gekom,” lees ons in Joh 4:53.

Ek en jy word dikwels ook soos hierdie amptenaar getoets. Daar is ‘n saak waarvoor ons bid, en dan kom die antwoord dat die Here ons gebed verhoor. Maar dan volg die lang pad “huistoe” waar niks gebeur nie en jy wonder of die Here ooit onthou het van jou gebed. Hierdie is nie ‘n maklike pad nie! Jy het twee keuses: jy kan die hele pad loop en jou siek bekommer of die Here ooit van jou onthou, of jy kan loop en jubel, in die wete dat jy op Hom kan vertrou, al lyk alles op hierdie oomblik totaal verlore.

Ek weet hoe moeilik daardie pad is. Ek het hom sélf geloop en die versoeking om in die donker put van depressie in te sak, en jou probleme met die wêreld te deel, is baie groot. Positiewe vertroue in

Hom, en ‘n uitleef van ware blydskap, is al wat jou op daardie pad staande kan hou.

Gebed:

Here, ek glo en ek vertrou op U beloftes, al sien ek nog niks. Here, gee my die krag om staande en vol vreugde te bly, asseblief!

# 22

## Genees by die Swembad

## Johannes 5:1-17

VIDEO * **OUDIO**

Nadat Jesus ‘n tydlank in Galilea gewerk het, pak hulle weer die langpad na Jerusalem aan om ‘n fees by te woon. Ons weet van minstens drie geleenthede waar Jesus die Paasfees in Jerusalem bygewoon het. Daarom weet ons dat Jesus se bediening vir ongeveer drie jaar aangehou het.

Daar was tien poorte in Jerusalem se ringmuur in die Nuwe Testamentiese tyd. Een van die poorte, die Skaappoort was aan die noorde kant. Naby hierdie poort was ‘n openbare bad met die naam Betesda. Ons moet onthou dat mense in daardie jare nie die luukse gehad het van ‘n badkamer in die huis nie. Wanneer iemand moes was, is hy na een van die openbare baddens. Rondom die Betesda-bad was daar vyf pilaargange - ‘n afdak op pilare met ‘n muur aan die agterkant. Hier kon mense rustig sit en hulle tyd afwag om te gaan was.

Daar is egter ook geglo dat die Betesda-bad se water genesingskragte gehad het. Van tyd tot tyd

het die water om die een of ander onverklaarbare rede in beroering gekom, wat volgens oorlewering veroorsaak was deur ‘n engel wat na die water neergedaal het om die water te roer. Die eerste persoon wat dan in die water kon kom, was genees van watter soort siekte hy ookal gehad het.

Johannes beskryf ‘n insident waar Jesus tydens hierdie besoek aan Jerusalem, ook by die Betesda-bad aangedoen het waar Hy ‘n man aangetref het wat alreeds agt en dertig jaar siek was. Hy was desperaat, want hy kon net eenvoudig nie gou genoeg by die water kom as dit begin roer het nie.  Daar was elke keer iemand wat hom voorgespring het! Jesus het die man ‘n nuwe kans in die lewe gegee toe Hy hom vra: “Wil jy gesond word?” Wat ‘n vraag! Natúúrlik wou hy! Maar hy kon net nooit betyds in die water kom nie!

“Staan op, tel jou goed op en loop,” het Jesus vir die verdwaasde man gesê. En skielik was hy gesond! Ek kan my amper voorstel hoe hierdie man moes gevoel het. Hy het nie vir hierdie Vreemdeling gevra om hom te help nie en tóg het die Man reguit na hom gegaan en hom gehelp. Hy het hierdie Vreemdeling van géén kant af geken nie en tóg het Hy presies geweet wat met hom verkeerd was en Hy het hom genees. Onmiddellik het hy gevoel hoedat die lewe in sy gebroke

liggaam inloop. Hy het opgespring, sy mat opgetel en huistoe geloop. Nee, ek dink hy het dalk eerder huistoe gehuppel - jubelend!

Maar daar was ‘n probleem - toe hy hierdie Vreemdeling wou bedank vir Sy weldaad, was Hy net weg. Jesus het tussen die skare in verdwyn. Hierdie was egter nie die enigste probleem nie - die Jode was ‘n pyn! Hulle het totaal sy borrel gebars toe hulle hom uittrap oor hy sy matras huistoe gedra het, want dit was die Sabbatdag, en dan mag jy geen werk gedoen het nie. Om iets te dra was werk en hy was dus besig om die wet te oortree!

“Maar ek het maar net gedoen wat die Man gesê het ek moet doen,” het hy nog probeer om sy ernstige misstap te regverdig.

“Watter Man?” wou hulle weet. Nee, hy het nie geweet nie. Hy het Hom mos nie geken nie.....

Later het die man Jesus weer in die tempel raakgeloop. “Kyk, jy is nou gesond,” het Jesus vir hom gesê. “Moet nou nie meer sonde doen nie, sodat daar nie iets erger met jou gebeur nie.” Sou dit nou beteken dat die man gestraf sou word elke keer as hy ‘n sondetjie doen? Dit sou darem verskriklik wees, want ek en jy weet dat daar nie ‘n enkele dag omgaan dat ons nie sommer ‘n streep

sondes doen nie. Sonde is sonde, al is dit ook net in jou gedagtes. Nee, ek dink nie dit is wat Jesus bedoel het nie. Elders verduidelik Hy vir Sy dissipels dat wanneer iets erg gebeur, dat dit nie noodwendig oor iemand se sonde is nie, maar dat God dalk iets daarmee wil bereik.

Kom ons dink ‘n bietjie mooi: wat is ware sonde? Wat is die ergste sonde waaraan jy kan dink? Om moord te pleeg? Om te roof? Om te haat? Nee, die ergste sonde wat jy ooit kan pleeg is om Jesus te verwerp. Die straf daarvoor is die ewige verderf. Ek wil die straf nie eers beskryf nie, want dit is te gruwelik. Hoe verwerp jy Jesus? Deur nie Sy geskenk van die Ewige Lewe te aanvaar nie! In Joh 3:32 het ons gelees: “Wie in die Seun glo, het die Ewige Lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom.”

Wanneer Jesus dus vir die man sê dat hy nie verder moet sondig nie, dan bedoel Hy dat die man in Hom moet glo. Wat is die “iets erger” wat met hom kan gebeur? As hy nie glo nie sal die verskriklike straf van die verderf op hom wees.

Ek het al verskeie kere die vraag gevra, en ek sal dit nog baie vra: Het jy al opgehou sondig? Het jy al Jesus se geskenk aanvaar? Hierdie is ‘n baie belangrike vraag, maar jou antwoord is die

belangrikste ooit in jou lewe. Dis is ‘n antwoord wat die verskil maak tussen lewe en dood!

Gebed:

Here, ek wil vanoggend ernstig bid vir elkeen wat hierdie dagstukkie lees, en nog nie geantwoord het op U pleidooi om U geskenk te aanvaar nie.

# 23

# Seun van God

## Johannes 5:18-29

VIDEO * **OUDIO**

In Ds Danie Haasbroek se boek oor Jesus in die Ou Testament, maak hy ‘n terloopse opmerking, dat daar gedurende die Israeliete se uittog uit Egipte sowat drie miljoen mense moes gewees het. Toe begin ek sommetjies maak. Wat ‘n logistieke nagmerrie moes dit nie wees om drie miljoen weerbarstige mense te voet deur ‘n woestyn te laat trek nie! Waar het hulle genoeg water vir almal gekry? En kos? Daar is mos nie kos of water in die woestyn nie? En hoe het Moses dit reggekry om drie miljoen mense op een slag, baie vinnig deur die see te laat trek om van die Egiptenare af weg te kom? Dink net oor hoe ’n groot gebied hulle elke keer hulle tente moes opslaan! Menslik gesproke was dit alles totaal onmoontlik. En nogtans het dit gebeur. God het hulle water gegee en Hy het hulle ook op ‘n wonderbaarlike wyse van kos voorsien en hulle onderhou.

In die lig hiervan, was die wonderwerk waar Jesus die man by Betesda gesond gemaak het, ‘n relatief klein een. Nogtans het dit ‘n vurige reaksie by die

Jode uitgelok. Hulle was woedend oor Jesus hierdie man laat “werk” het op die Sabbatdag. Toe Jesus hierop reageer, het Sy antwoord hulle nog verder die harnas ingejaag. Volgens hulle het Hy Homself aan God gelykgestel! Dit was Godslasterlik!

Maar hoe het hulle dit uitgewerk? Jesus beweer dat Sy Vader tot nou toe gewerk het (op die Sabbat) en dat Jesus dus ook gewerk het. Die Jode se redenasie was dat alleen God die reg gehad het om op die Sabbat te werk. As Jesus dus sou sê dat Hy ook op daardie heilige dag kon werk, het Hy Homself aan God gelyk gestel omdat Hy Homself die reg toegeëien het wat God alleen mag doen. Dit is, volgens hulle, Godslasterlik en hulle wou Jesus nét daar doodmaak!

Jesus het vir hulle met ‘n beeld verduidelik wat almal daardie tyd baie goed geken het. Dit gaan oor die verhouding tussen ‘n pa en sy seun. Daar was nie daardie jare universiteite of tegniese kolleges waar ‘n mens ‘n ambag of professie kon gaan leer nie. Die pa het die seun sy ambag geleer. Die pa het sy seun boonop die lewenskuns geleer. As ‘n man dus ‘n goeie pottebakker was, sou almal geweet het dat sy seun eendag ook ‘n goeie pottebakker sou wees, want hy het by ‘n meester die kuns aangeleer. Op dieselfde wyse

kon jy aflei van iemand wat ‘n goeie pottebakker was, dat sy pa ook een was, want waar anders sou hy dit kon aanleer?

Hierdie storie het die Jode goed verstaan. Toe gaan Jesus voort deur te verduidelik dat slegs God mos lewe kan gee. As iemand dus uit die dood opgewek sou word, dan kon daar absoluut géén twyfel wees dat dit van God af kom nie. As Jesus dus iemand uit die dood sou terugbring, dan sou dit maar net logies wees dat Hy die Seun van God is, want waar anders sou Hy dit kon leer?

Jesus het hierdie argument egter nou een stap verder geneem en verduidelik oor die oordeel. Regdeur die Ou Testament sien ons dat dit alleen God is wat die oordeel mag vel. Inderdaad maak Hy van tyd tot tyd gebruik van ‘n spesiale gesant om die oordeel oor te dra, soos byvoorbeeld Daniël (Dan 7). Dit is egter steeds God wat oordeel. Jesus kom openbaar nou egter iets nuut, dat die Vader al die oordeel aan die Seun oorgelaat het en dat dit dus Jesus is wat die oordeel vel.

Beteken dit nou dat ons Jesus moet sien as ‘n genadelose God wat gereed staan met ‘n swaard om elkeen wat sonde doen te verdelg? Nee, beslis nie! Die teendeel is eerder waar.

Wat is oordeel? Dit is die teenoorgestelde van redding. Wanneer ons hierdie Evangelie van Johannes lees, kom die reddings-gedagte keer op keer na vore. In Joh 3:16 sien ons dat die Seun lewe gee. Dit kom ook na vore in Joh 5:24, 6:37, 6:40, 6:54 en nog vele ander plekke. Wanneer ons dus lees van Jesus se oordeel, moet ons daarin terselfdertyd God se groot, groot genade raaksien. Sy oordeel tree slegs in werking wanneer Hy verwerp word en wanneer iemand Hom nie wil erken as die tweede Persoon van die Goddelike Drie-Eenheid nie. Dit gebeur wanneer iemand nie Sy soenverdienste wil aanvaar nie.

Eer is iets wat daardie tyd geweldig belangrik was. Om eer te betoon aan iemand, het beteken dat jy sy waardigheid in ag geneem het en dat jy ook vir ander mense laat verstaan dat daardie persoon eer waardig was. Om egter geëer te kon word, moes jy werklik eer verdien het. In Jesus se geval is dit baie duidelik dat Hy al die eer verdien het wat enigiemand kon gee. Het jy geweier om Hom daardie eer te gee, dan het jy nie alleen vir Jesus beledig nie, maar ook terselfdertyd die Vader.

Dalk gee ons vandag nie juis meer eer aan mense wat dit werklik verdien nie. Ons durf egter nie ons eer weerhou van Jesus nie, want daar is niemand groter as Hy nie. Sy dade is groter as wat enige

menslike verstand ooit sal begryp. Nie alleen het Hy die ganse kosmos uit niks geskep nie, maar Hy het ook vir jou en my gered uit die ewige verderf. Sal ons Hom nie al ons eer en aanbidding gee nie?

Gebed:

Here, U is onbeskryflik groot en goed en genadig. Ons aanbid U met alles wat binne in ons is!

24

# Die Hofuitspraak

## Johannes 5:30-47

VIDEO * **OUDIO**

Daar is tans in Suid-Afrika etlike groot hofsake aan die gang waarby reuse in die samelewing betrokke is. Telkens moet ons lag (of dalk eerder huil) as ons hoor hoe die ou grotes lieg en kleitrap om uit die moeilikheid te probeer bly. Vandag verloop hofsake natuurlik totaal anders as in klassieke tye. Toe was daar nie spanne advokate wat met hulle boekgeleerdheid skuldige mense op tegniese punte kon lospraat nie. In daardie jare was ‘n hofsaak maar baie eenvoudig - dit was net die aanklaer, die getuies, die beskuldigde en die regter. Die beskuldigde moes sy eie verdediging waarneem, en op grond van sy getuienis en dié van die getuies vir en teen hom, moes die regter ‘n besluit maak.

In Johannes 5:30-47 speel ‘n tipiese hofsaak af waar Jesus, die beskuldigde, getuig oor Homself. Ek en jy is die regter wat ‘n uitspraak moet maak oor Hom. Ons moet probeer vasstel wie Jesus waarlik is?

Soos in enige hofsaak, moet ons getuies roep. Die wet vereis dat daar getuies moet wees, omdat die getuienis van ‘n aangeklaagde alleen nie goed genoeg is nie. Dit wil egter nie beteken dat Jesus nie die waarheid praat nie en ons kan sonder twyfel aanvaar dat Jesus se getuienis alleen genoeg is. In vers 34 sê Jesus self dat Hy nie nodig het om te steun op mense se getuienis nie. Maar vir die doel van die “hofsaak” gaan ons ook ander getuies inroep, net om die stempel te plaas.

Die eerste getuie wat ons in hierdie saak roep, is Johannes die Doper. Sy getuienis is helder en duidelik. In Joh 1:29-34 getuig hy van Jesus deur te sê: “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.” Hy sluit sy getuienis af met: “Hy is die Seun van God.” Ek en jy kan dalk reeds klaar besluit dat hierdie getuienis dalk goed genoeg is. Met sy getuienis is daar absoluut niks verkeerd nie. Jesus sê egter sélf dat Hy nie Johannes se getuienis nodig het nie. Al was dit waar, was hy maar ’n blote mens. Hy is verganklik en hy is maar ook nes ‘n ou lampie wat ‘n ruk gebrand het en toe weer doodgegaan het. Selfs Johannes se getuienis is maar baie tydelik en dalk sal baie mense hom vandag nie eers meer glo nie! Jesus se eie getuienis is egter baie groter en gewigtiger as dié van Johannes en baie, baie

beter. Kom ons gaan kyk ‘n bietjie na hierdie getuienis:

Die eerste stukkie getuienis wat Jesus noem, is Sy werke. Gaan kyk maar na die dinge wat gebeur het en al die wonderwerke wat Jesus verrig het in die drie jaar van Sy bediening. Hy het mense genees, duiwels uitgedryf, storms stilgemaak en skares kos gegee. Hierdie soort dinge kan alleen van God af kom! Sulke dade kan beslis nie aan die duiwel toegeskryf word nie! Is dit nie al klaar genoeg getuienis nie?

Maar daar is meer: Jesus sê verder dat selfs die Vader oor Hom getuig. Waar kon jy byvoorbeeld ooit ‘n beter getuienis kry as die dag van Jesus se doop, toe die Stem van die Vader klokhelder uit die hemel weerklink het: “Dit is My geliefde Seun….?” Jesus swaai die hofsaak om, wanneer Hy die aanklaers die beskuldigdes maak met hierdie beskuldiging aan die Joodse leiers: “Sy Woord lewe nie werklik in julle nie!” Hulle is blind en doof vir die Woord van God. Ja, hulle ondersoek die Geskrifte wat juis van Jesus getuig, maar hulle lees aspris daar verby. Hulle sien God nie raak daarin nie en hoor nie Sy stem nie. En die ergste is dat hulle Jesus verwerp, omdat hulle Hom nie in die geskrifte herken nie!

Die derde getuienis is dan juis ook hierdie Geskrifte, die Bybel. Vir die Jode het hierdie Skrif absolute krag gedra en wat daarin geskryf was, was wet. Hulle het ook maar ál te duidelik besef dat hulle daarin die pad sou vind wat sou lei na die ewige lewe. Maar die Skrifte het vir hulle geword soos ‘n doolhof wat na nêrens lei.

Ja, dit is tóg moontlik om die Bybel te lees en totaal daarin verdwaal te raak! Dit gebeur wanneer jy jou nie laat lei deur die Heilige Gees nie. Die Bybel is soos ‘n padkaart, ‘n padkaart na Jesus. Jy sal met my saamstem dat as jy doelloos na ‘n padkaart kyk, dan is dit net ‘n deurmekaar spul strepe. Die Joodse leiers het ook nooit Jesus se Naam in hierdie padkaart ingelees nie. Hulle wou net eenvoudig nie! Net soos die Jode van ouds, sal ons ook nie by Jesus uitkom as ons nie hierdie Padkaart wat die Here ons gegee het, ernstig opneem nie. Al die aanwysings wat ons nodig het is daar. Moses het uit die Ou Testament aanwysings gegee en só ook Jesaja. En in die Nuwe Testament is daar talle. Al hierdie dinge is deel van die getuienis wat God gee aangaande Jesus.

Die getuienis lê op die tafel. Ek en jy as regters, moet nou ‘n uitspraak lewer. Wie sê jy as regter, is Jesus? Stem jy saam met die Joodse leiers? Of

aanvaar jy die getuienis wat God Sélf gee? Die keuse, liewe leser, is joune!

Gebed:

Here Jesus, ek aanvaar die getuienis uit die Woord van God aangaande U onvoorwaardelik en met my hele hart en siel en verstand. Ek aanvaar U as my Verlosser!

# 25

## Brood vir ‘n Skare

## Johannes 6:1-15

VIDEO * **OUDIO**

Jesus en sy dissipels was langs die see van Galilea, by Betsaida-Julius. ‘n Groot skare mense het nuuskierig agter hulle aangedrentel en gehoop dat Jesus weer die een of ander groot wonderwerk sou doen. Die nuus het gou versprei en almal wou sien wat Jesus doen. Jesus het gou besef dat niemand Hom hier onder in die vlakte sou hoor nie, dus klim Hy halfpad teen die berg op sodat daar ‘n natuurlike amfi-teater vorm, waar Hy saam met Sy dissipels kon gaan sit. Die verhoog was opgestel vir een van die mees aanskoulike wonderwerke óóit. Steeds het die skare aangegroei.

In my verbeelding sien ek die prentjie afspeel.

Jesus roep een van die manne nader: “Filippus, waar gaan ons kos kry vir al die mense?”

Filippus skrik hom yskoud. Hy laat sy oë gaan oor die reuse skare wat by die minuut nog aangroei. “Hier sit minstens vyfduisend manne alleen, Meester!” Hy begin sy sommetjies maak. As die vrouens en kinders bygetel word, moet daar maklik vyftienduisend mense wees! Om hulle almal kos te

gee, sou seker maklik ‘n jaar se salaris kos. En ons is maar net ‘n klompie arm vissermanne! Hoe kan die Meester van ons verwag om vir soveel mense kos te gee? Hier sit ‘n klómp mense! En hulle is honger!

Moedverlore kyk Filippus rond, terwyl Jesus hom fyn dophou. Andreas beduie laggend na ‘n seuntjie hier in die voorste ry met vyf garsbroodjies en twee bokkems - gedroogde vissies. “Dalk kan ons dit gebruik!” spot Andreas. Filippus vererg hom sommer: “Dis net ‘n ou druppeltjie in die emmer!”

Maar Jesus het lankal geweet wat Hy sou doen. Daardie seuntjie is nie verniet vandag hier nie en die feit dat hy vandag juis vyf broodjies by hom moet hê, is beslis ook nie toevallig nie. Alles was haarfyn beplan, hier is net mooi een broodjie vir elke duisend gesinne. Oorgenoeg! Jare gelede het Hy vir ‘n volle veertig jaar lank elke dag daar in die woestyn genoeg manna uit die hemel voorsien vir drie miljoen mense. Om vir hierdie paartjies kos te gee, sal daarteenoor ‘n relatief klein wonderwerkie wees! Hy beduie vir die skare om te gaan sit. Die grasbedekte hange van die heuwel is ‘n ideale plek vir hierdie “piekniek.” Die afwagting by die mense is groot. Wat beplan hierdie “Profeet” nou?

Jesus dank God vir die kos wat Hy voorsien het en dan beduie Hy vir die dissipels om dit uit te deel.

Die manne verstaan nog nie mooi hoe hulle die taak gaan aanpak nie. Maar dan gebeur die wonderwerk! Soos wat hulle die brood en vis breek, begin dit meer word. Hoe meer die manne uitdeel, hoe meer word die kos! Dit klink soos ‘n byenes soos die mense praat. Hulle kan nie glo wat besig is om voor hulle oë te gebeur nie. Nee, dit kan nie anders wees nie, hierdie Jesus is beslis die Messias! Nóú is die tyd om Hom te kroon sodat Hy die volk van Herodus en Pilatus en al die Romeine kan verlos!

Jesus is egter nog nie klaar met die wonderwerk nie, want eers moet daar ‘n ou Joodse gebruik uitgevoer word, om die oorskiet bymekaar te maak. As hulle daarmee klaar is, is daar nie minder nie as twaalf mandjies vol wat oorbly van die vyf klein garsbroodjies, nadat vyftienduisend mense daarvan geëet het!

‘n Uiters aanskoulike wonderwerk, inderdaad. Maar daar steek baie meer agter hierdie wonder as net die asemrowende grootheid daarvan.

Johannes meld nie verniet in hierdie perikoop van die Paasfees wat op hande is nie. Jesus was op die punt om hierdie fees ‘n totaal nuwe betekenis te gee. Paasfees was natuurlik die fees van die herdenking van die uittog uit Egipte, toe God die volk verlos het uit die kloue van die Farao. Een van

die groot simbole van hierdie fees was juis die ongesuurde brood wat hulle moes eet. Later, tydens Jesus se laaste nagmaal saam met Sy vriende, verwys Hy dan ook juis na die brood as Sy liggaam. Met hierdie wonder kom deel Jesus die brood oorvloedig uit want Sy liggaam sou daar in oorvloed wees vir elkeen wat in Hom glo. Maar anders as die manna wat Hy in die woestyn voorsien het, wat slegs tydelik was, is hierdie "brood" wat Hy sou gee vir ewig.

Maar daar sou meer as net brood op die spel wees. Tydens Paasfees speel die bloed van die lam wat geslag is ook 'n simboliese rol. In Egipte het daardie bloed die doodsengel laat verbygaan. Jesus se kosbare bloed wat Hy gestort het aan die kruis, laat ook vandag vir ons wat in Hom glo, die doodsengel verby gaan, die doodsengel van die ewige verderf.

Die skare wil Jesus kroon as Koning. Dit sou rampspoedig wees, want dit sou 'n politieke revolusie meebring. Pontius Pilatus en die Romeinse Ryk sou onttroon word, en Jesus sou die Koning word van Palestina. 'n Paar miljoen mense sou gered word. Jesus verkies egter om dit van die hand te wys want Sy Koninkryk is véél groter as net 'n klein politieke rykie. Dit is verhewe bo enige politiek! Hy moes die ganse wêreld red

van die mag van die owerste, die duiwel. Daarom is Hy vandag ook my en jou Redder.

Gebed:

Here, dankie dat U baie groter dink as mense, en dat U ook hierdie wonderlike reddingsplan uitgewerk het sodat elke mens op aarde gered kan word as hulle in U glo.

## 26

## ‘n Wandeling op die See

## Johannes 6:16-21

VIDEO * **OUDIO**

Baie jare gelede gaan ons op ’n hengel-ekspedisie in Mosambiek, in die Limpopo Mond. Ek was maar skaars tien jaar oud. Alles was maar baie primitief. Ons kon met ons Landrover ry oor ‘n rowwe tweespoorpaadjie tot by Barra, maar die laaste paar kilometer moes ons in ‘n roeibootjie aanpak. ‘n Tienjarige Sjangaan seuntjie kry die taak om ons te roei na die totaal verlate sandbank by die mond. Twee dae later, na ‘n onvergeetlike uitstappie keer ons terug.

Dit was al skemer toe ons in die volgelaaide bootjie klim. Die seuntjie het die roeispane vasgevat en gekreun onder die vrag. Toe ons die middel van die rivier bereik, kon ek tot my ontsteltenis sien dat hier gróót moeilikheid was. Ons het agteruit beweeg! Ek het oor my skouer geloer na die golwe van die oop see wat besig was om ons in te suig! Boonop het ek al te deeglik besef dat dit wemel van haaie en krokodille in hierdie water. Die gety was besig om uit te gaan en ons het al nader en nader na die kwaai oseaan beweeg in ‘n klein, mankoliekige skuitjie.

Ons por die roeier aan, en hy sweet. Dit begin donker word, en die situasie lyk beslis nie rooskleurig nie. Ek sien al hoe ons almal versuip of opgevreet word!

Toe gebeur die ding wat my hart so ampertjies laat staan het. Die seuntjie het skielik sy roeispane neergesit en iets in Sjangaan gemompel. Toe spring hy uit die skuit uit! Het hy besluit om ons net hier aan ons eie genade oor te laat sodat ons maar diepsee toe kon spoel, terwyl hy wal toe swem?

Ek het begin rondkyk vir ‘n mes om my teen die haaie en krokodille te verweer. Maar dan, tot ons verwondering, sien ons hoe hierdie laaitie op die water begin loop, al agter die bootjie aan, terwyl hy die bootjie teen die stroom op stoot!

Ek het uitgebars van die lag! Die water hier was skaars kniediep en dit was baie makliker vir hom om die bootjie te stoot as om te roei. En ja, ons hét veilig oorkant gekom!

Jesus se dissipels was in ‘n soortgelyke situasie. Na daardie dag toe Jesus die reuse skare kos gegee het van die vyf brode en twee vissies, moes Hy berg-op vlug om van die mense af weg te kom. Toe dit begin aand word, moes die dissipels maar noodgedwonge in die skuit klim sonder Jesus en begin roei om oorkant te kom by Kapernaum. Hulle

kon nie langer vir Hom wag nie, want as hulle nog sou talm sou die donker hulle vang!

Dit was nie ‘n maklike bootvaart nie, want skaars het hulle begin roei, of die wind steek op. Hoe verder hulle geroei het, hoe sterker was die wind, reg van voor. Vir vyf kilometers het hulle teen die geweld van die storm voortgebeur en dit het gevoel asof die roeispane hulle nêrens bring nie. Reg deur die nag het die arme manne teen hierdie sterk wind in geroei. Matteus skryf dat dit voortgeduur het tot dagbreek toe (Matt 14:22-33).

Die arme kêrels was sekerlik totaal uitgeput! Die vorige middag nog moes hulle bontstaan om vir fyftienduisend mense kos te gee. En nou was hulle boonop nog beroof van hulle welverdiende slaap. Maar nog is dit het einde niet! Uit die mistigheid van die storm sien een van die manne ‘n figuur op die water na hulle aangestap kom. “Kyk!” Hy beduie met ‘n hand wat bewe. Die manne is lam van vrees! “’n Spook! Ons einde het aangebreek!” Onheilspellend kom die “gedaante” al nader en nader. Die manne skree van angs!

En dan herken hulle Hom: Jesus! Hulle is stomgeslaan. Jesus klim in die skuit by hulle. Die wind bedaar, en hulle roei die kort entjie na hulle bestemming. Die manne verstaan gladnie!

Ek dink hierdie manne het daardie nag ‘n baie harde les geleer. Wat het hulle in die eerste plek laat besluit om sonder Jesus te vertrek? Wat sou hulle daar oorkant sonder Hom doen? Hy was immers die rede waarom hulle gegaan het! Sonder Hom, so het hulle baie gou uitgevind, is hulle in die moeilikheid! Wat veronderstel was om ‘n uur of twee se roei te wees, het toe uiteindelik die hele, ganse nag aangehou en in ‘n absolute nagmerrie ontaard. As hulle net ‘n klein bietjie langer vir Jesus gewag het, sou hierdie hele aaklige rit waarskynlik verspot maklik gewees het. Die dissipels het ook iets anders geleer, dat die oomblik toe hulle Jesus in die skuit ingehelp het, het die wind gaan lê. Met Jesus aan boord, het hulle nagmerrie skielik soos mis voor die son verdwyn. Hulle het verniet ‘n slapelose nag beleef!

Wat sê dit vandag vir jou en my? Dat ons dit nie durf waag om die lewensstorme aan te pak sonder Jesus nie. Sonder Hom, kan ons maar verseker wees, sal dit in ‘n nagmerrie ontaard. Ek weet baie goed, ek het dit al talle male beleef. Hóéveel keer het ek al ‘n krisis beleef in my lewe, en dit dan sonder Sy hulp probeer oplos. En elke keer nog het ek lelik tweede-beste daarvan afgekom. Die kere wat ek egter alles in Sy bekwame hande oorgelaat het, het dit totaal anders verloop. Nee, Hy het nie elke keer die probleem vir my opgelos

nie, maar nog elke keer het Hy getrou vir my die krag en rustigheid gegee om hierdie krisis te weerstaan. Daar is talle mooi verhale van mense wat deur diep waters was maar in Jesus se krag steeds staande kon bly.

Gebed:

Here, dankie dat U altyd daar is vir my, selfs deur die grootste krisisse. Help my asseblief om U te vertrou in alles in my lewe - selfs deur die grootste moeilikhede.

27

# Brood van die Lewe

## Johannes 6:22-40

VIDEO * **OUDIO**

Dit was ‘n asemrowende wonderwerk! Die mense van Betsaida-Julius was aangegryp deur dít wat Jesus daar teen die heuwel gedoen het. Voor hulle oë het die handvol vissies en broodjies al meer en meer geword totdat derduisende mense oorgenoeg daarvan kon eet! Dit het hulle verbeelding aangegryp. Die volgende dag was hulle weer daar want as dit manna uit die hemel reën, dan moet jy sorg dat jy skep! ‘n Gratis ete is mos nie te versmaaie nie! Toe hulle egter nie vir Jesus op dieselfde plek kry nie, doen hulle baie groot moeite om Hom op te spoor. Hulle het selfs in skuite geklim en Hom oorkant die meer by Kapernaum gaan soek.

Ja, dit is alles baie mooi en goed om Jesus te soek met so ‘n passie, maar hulle het Hom om totaal die verkeerde rede gesoek! Hulle wou nóg brood hê, nóg wonderwerke sien. Hulle het Hom wél opgespoor, maar Jesus het sommer dadelik dwarsdeur hulle gesien. Hulle het beslis nie verstaan nie, toe begin Jesus vir hulle verduidelik dat die fisiese brood nie belangrik is nie. Dit is die

gééstelike brood wat die belangrikste in die lewe is. Daardie wonderbrood van Betsaida-Julius was maar net tydelik, dit kon jou honger slegs vir ‘n kort rukkie stil. Geestelike brood is egter ewig! En jy kan dit slegs op één plek kry, by Jesus!

In vers 27 word Jesus se gesag weereens beklemtoon met die woorde: “Op Hom het God die Vader sy seël geplaas.” Dit beteken dat Hy deur die héél hoogste gesag aangestel is. Hy doen dus alles met die gesag van God. Dit kan natuurlik ook nie anders nie, want Hy is deel van die Goddelike Drie-Eenheid!

Dit wil tóg lyk asof die mense uiteindelik begin begryp het dat Jesus die Messias was. Hulle wou van Hom weet wat God van hulle verwag? Wie anders as die Messias kan so ‘n antwoord gee? Jesus se antwoord was eenvoudig: Geloof! Hulle het miskien wél vermoed dat Hy die Messias was, maar hulle het nie eers náástenby begryp Wie hierdie Messias éintlik is nie.

Die Ou Testament skets alreeds ‘n beeld van Jesus wat jou in aanbidding voor Hom laat neerval. Inderdaad ontmoet ons Hom telkemale in die Ou Testament. Die héél eerste keer sien ons Hom in die Skeppingsverhaal as Skepper van die hemel en die aarde - van die ganse heelal. By talle geleenthede sien ons Hom uit die hemel neerdaal

om as God se Boodskapper op te tree. So byvoorbeeld neem Hy die vorm van ‘n man aan as Hy met Abraham kom praat. Hy verskyn verskeie kere aan Moses, eers by die brandende bos en later wanneer die Verbondstent met die teenwoordigheid van God gevul is soos ‘n wolk, is dit Jesus wat daar teenwoordig is. Ook op die berg Sinai waar Moses die wet ontvang, is dit weereens Jesus wat teenwoordig is. Toe die “Engel van God” aan Gideon verskyn, was dit weereens Jesus wat met Gideon praat.

Wat ek hiermee wil sê, is dat Jesus se blote teenwoordigheid jou met groot ontsag vul. Maar wat doen die mense van Galilea? Hulle soek brood! En hulle soek wondertekens. In plaas daarvan dat hulle in aanbidding voor Hom neerval, eis hulle net allerhande dinge. Hoeveel tekens moes Hy nóg doen voordat hulle sou glo?

Hulle het Jesus probeer wys uit die Geskrifte dat God hulle voorvaders manna uit die hemel gegee het en dít was presies wat hulle nou ook wou sien. Hulle wou hê dat Jesus vir hulle manna uit die hemel moes gee, sodat hulle behóórlik kon glo! Hoe ironies tog, want hulle voorvaders het óók God se wonderwerke geminag. Hulle het ál die dinge gesien gebeur daar in die woestyn en dit persoonlik beleef en nogtans het hulle nóóit op

God vertrou nie! Nou moes Jesus vir hierdie nuwe geslag Israeliete ook sê: “Julle het My gesien, en tog glo julle nie.” (Joh 6:36)

Die spreekwoord sê dat jy ‘n perd tot by die water kan bring, maar jy kan hom nie maak drink nie! Dit is presies wat hier gebeur het. Al die tekens was daar. Die mense het Jesus gesien en beleef dat Hy waarlik die Messias is. Hulle het die wondertekens gesien gebeur. Hy was binne hulle almal se bereik. Jy kan met die brood in jou hand staan, maar steeds honger wees, om die eenvoudige rede dat jy dit nie eet nie.

Jesus gee vir hulle, maar óók vir ons, die wonderlikste beloftes:

v. 37: “Ek sal die een wat na My kom, nooit verstoot nie.”

v. 40: “Want dit is die wil van my Vader: Dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo die ewige lewe sal hê, en Ek sal elkeen van hulle op die laaste dag laat opstaan.”

Hoeveel meer wou hulle nog hê? Nogtans verwerp hulle dit! Vandag word Jesus se beloftes steeds op dieselfde wyse weggesmyt!

Hoe ervaar ons vandag vir Jesus? Hy word ál te dikwels afgemaak as ons “Maatjie” en daar word

dikwels selfs deur gelowiges amper spottenderwys na Hom verwys, as byvoorbeeld: “Die Man daar bo.” Ons moet onthou met Wie ons te doen het, en dat Hy die hoogste gesag in die hemel beklee. Ja, Hy ís hier teenwoordig - ‘n onbegryplike wonder! Maar selfs hier reg langs my is Hy steeds die Een voor Wie ek in aanbidding moet neerval.

Terselfdertyd moet ons ook vir onsself afvra of ons Sy beloftes reeds ons eie gemaak het? Klou ons daaraan vas met alles in ons?

Gebed:

Here Jesus, ek val vanoggend in groot eerbied en verwondering voor U neer in aanbidding. Aan U kom al die lof en eer en dank en aanbidding toe!

28

# Eet die Brood!

## Johannes 6:41-59

Aanhalings word uit die 2020 vertaling gedoen

VIDEO * **OUDIO**

Ons het gesien dat mense verwonderd was oor Jesus. Was Hy dalk die langverwagte Messias? Hulle wou hom selfs kroon as Koning - weliswaar ongelukkig oor die verkeerde redes! Toe Jesus egter vir hulle sê: “Ek is die brood wat uit die hemel neergedaal het,” het Hy een treetjie te ver gegaan! Hulle het Hom dan mos geken! Hy was Josef en Maria se kind! Hulle twee was doodgewone aardlinge – so, hoe kon Hy nou wou kom maak asof Hy uit die hemel kom? Dit was beslis ‘n bietjie dik vir ‘n daalder!

Ongelukkig is dit steeds vandag die reaksie van baie mense. Daar is steeds diegene wat Jesus slegs wil sien as ‘n soort verhewe Profeet. Hoe kan dit moontlik wees dat Hy ‘n hemelse Wese kon wees? Nee, sê hulle, dít wat Jesus gesê en gedoen het, was alles net in die geestelike sin bedoel. Selfs Sy opstanding uit die dood wil hulle geestelik sien, want dit is mos nie moontlik nie?

Jesus het begin verduidelik: “Niemand kan na My kom as die Vader, wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie.” Verder sê Hy dat die Vader mense leer of onderrig en dat “Elkeen wat na die Vader geluister en van Hom geleer het, na My toe kom.”

As iemand dus van die Vader leer en aan Hom behoort, sál hy ook na Jesus toe gaan! Hierdie versie word so maklik uit verband geruk, en mense interpreteer dit só, dat slegs diegene wat deur God na Jesus gestuur word, gered sal word. Dit wil net weereens vir ons sê dat dit baie gevaarlik kan wees om ‘n enkele versie uit te sonder en ‘n leerstelling daarom te bou. Dit moet gelees word saam met die res van die gedeelte, en as ons wyer lees, sien ons duidelik dat jou oproep tot geloof nooit uitgesluit kan word nie. Ja, inderdaad is dit die genade van God wat maak dat jy kan glo, maar terselfdertyd is dit jou eie verantwoordelikheid as mens om Jesus te aanvaar as jou Verlosser. Jy móét dus ‘n wilsbesluit maak!

Ons kan in hiedie verse ook duidelik die groot genade van die Vader sien. Hy trek mense na Jesus toe. Vandag, aan die einde van die tye, is dit so klokhelder-duidelik. Daar is evangeliste versprei regoor die wêreld wat Jesus verkondig. Die tegnologie het verder so geweldig ontplof, dat daar vandag min mense is wat steeds kan beweer dat

hulle nie van Jesus kon hoor nie. Die internet basuin Sy Naam uit en roep mense op om in Hom te glo. Dit is slegs die mees afgeleë gedeeltes in die wêreld wat nie toegang daartoe het nie. Televisiestasies saai oral die boodskap uit, en radiogolwe bereik die mees onbereikbare dele van die aarde en basuin Jesus se redding uit. As dit nie genade is nie - wat is dan?

Tweeduisend jaar gelede was dit dalk anders en slegs die Jode het van God geweet. Maar selfs dít het die Here baie gou verander toe mense soos Paulus en sy medewerkers binne enkele jare die nuus oor die ganse wêreld versprei het.

Dit is egter nie genoeg om slegs die Woord te hoor nie. Daar is óók ‘n reaksie nodig op die Vader se aksie: in vers 47 sê Jesus: “Hy wat glo, het die ewige lewe.” Die mens wat deur die Vader “getrek” is, moet reageer deur in Jesus te glo. Jesus verduidelik dit deur middel van ‘n beeld. Hy beskryf Homself as die “Brood van die lewe”. Om bloot brood te eet, sal jou honger slegs tydelik stil. Selfs “heilige” brood, soos die manna wat die Israeliete in die woestyn gekry het, was slegs tydelik. Die “Brood van die Lewe” het egter ewigheidswaarde. Dit help egter nie dat jy slegs na hierdie “Brood” kyk en dit erken en waardeer nie! Nee, om dit

werklik betekenis te kan gee en van waarde vir jou te maak, moet jy dit eet!

Dit word so mooi versinnebeeld in die nagmaalsviering. Wanneer ons daardie stukkie brood eet, bely en bevestig ons daarmee dat ons deel het aan Jesus. Terselfdertyd versterk Hy my geloof daarmee deur my daaraan te herinner dat ek daardie stap geneem het deur Hom deel te maak van my lewe. Watter stap? Dat ek Jesus se geskenk van die ewige lewe aanvaar het, en Hom onvoorwaardelik aanvaar het as my Verlosser en enigste Saligmaker.

Dit bring my by 'n skrikwekkende gedagte: As ek nog nie daardie stap geneem het nie, durf ek nie nagmaal gebruik nie want dan gaan ek vir almal wat saam met my die nagmaal gebruik, lieg. Die ergste is dat ek vir God lieg deur te sê dat ek deel het aan Jesus, terwyl dit nie die geval is nie!

Jesus sê verder: "Wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom." Jy moet dus ook Sy bloed drink om deel in Hom te hê. Bloed is die lewensaar van iemand se lewe. Daarsonder is lewe nie moontlik nie. Toe Jesus aan die kruis gehang het, het al Sy bloed gedreineer. Toe die soldaat 'n swaard in Jesus se sy druk, was daar nie meer bloed nie, net water. Hy het al Sy kosbare bloed gestort sodat ek en jy kan lewe. Wanneer ek

nagmaal gebruik, wil ek dan juis bely wanneer ek die wyn drink, dat Jesus se bloed ook vir my gestort is. Ek het deel daaraan. Jesus se kosbare bloed reinig my dus en vergewe my sondes!

In kort kan ons dus sê dat die nagmaal twee dinge doen: In die eerste plek herinner dit ons aan wat Jesus vir ons aan die kruis gedoen het. Maar in die tweede plek herinner dit ons ook aan dit wat ons vir Hom moet doen!

Gebed:

Here, dankie dat ek vandag kan weet dat ek deel het aan U liggaam. Dankie dat U dit vir my bevestig deur die nagmaal. Help my om ook my deel vir U te doen met groot ywer.

# 29

## Om Jesus te Volg

## Johannes 6:60-71

**VIDEO * OUDIO**

Jesus se woorde het Sy volgelinge geskok tot in hulle fondamente.

Dit was heerlik om agter Jesus aan te loop. Die blote gedagte dat Hy dalk die Messias kon wees, het mense opgewonde gemaak. Hy het altyd die mooiste dinge gesê, en Hy was so toegeeflik en liefdevol. En daardie ongelooflike wonderwerke! Blindes het gesien, lammes kon weer loop, dowes kon hoor! Jesus kon elke kwaal onder die son genees, selfs duiwels uitdryf! Natuurlik was die kersie op die koek daardie dag toe Hy vir derduisende mense kos gegee het uit feitlik niks! Hoe het Hy dit reggekry? Hy móés net eenvoudig die Messias wees! Dit was heerlik om agter Jesus aan te loop!

Maar skielik het Jesus omgedraai en vir hulle die allerverskriklikste dinge gesê - goed waarvan hulle net mooi niks gehou het nie. Hy wou hê dat hulle sy liggaam moes eet en sy bloed drink! Dis walglik! Hoe kón Hy?

Een-vir-een het die mense begin omdraai en huistoe gaan. Hulle het genoeg gehoor. Hulle borrel was gebars! Dié Jesus wat hulle wou sien, het nie gematerialiseer nie. Hulle was bitter teleurgestel.

Jesus het hulle weemoedig agternagekyk: “Gee dit julle aanstoot?” Ja, natúúrlik het Hy geweet dat die dinge wat Hy so pas gesê het hulle sou afskrik. “Wat dan as julle die Seun van die Mens sou sien opvaar na waar Hy voorheen was?” Jesus gooi die vraag in die lug, as die stroom verlaters al hoe groter word. Hulle het ‘n aardse Messias verwag, Een wat sou regeer soos Koning Dawid. Hy sou al hulle vyande vermorsel en weer van die volk Israel ‘n groot volk maak. Hierdie Messias moes net aangename dinge doen en mooi dinge sê. En boonop moes Hy vir ewig hier bly! Wat sou dit help as Hy weer vertrek hemel toe? Nee wat, hulle sou maar liewer weer terugkeer na die ou gebaande weë soos wat Moses en die Fariseërs dit uitgestippel het, dit was baie makliker!

Uiteindelik het net ‘n klein handjievol volgelinge oorgebly. Jesus het die twaalf uitgesoekte manne vraend aangekyk: “Julle wil tog seker nie ook weggaan nie?”

Dit is ‘n baie somber prentjie wat hier afgespeel het. Het Jesus totaal Sy doel gemis? Moes Hy dan

nie soveel mense as moontlik bereik het in die drie jaar nie? Sê nou maar net daardie duisende wat die wonderbrood gekry het kon almal dissipels word en begin om die Woord uit te basuin - sou dit nie wonderlik gewees het nie? Hulle sou die ganse wêreld vir Jesus kon oorwin in ‘n kort tydjie! Of hoe?

Jesus het egter totaal anders gedink as die mense. Hy het nie reuse getalle nodig gehad nie. Hy het verkies om te werk met klein groepies mense. Uiteindelik sou dit net die twaalf - eintlik elf - wees wat oorbly, asook ‘n paar vroue. Maar hierdie klein groepie sou later só kragtig werk nadat die Heilige Gees oor hulle gekom het, dat hulle die ganse wêreld aan die brand sou steek met die onblusbare vuur van die Evangelie!

Ons staar ons dikwels so blind teen getalle. In die kerk kerm en weëklaag ons dat dit maar weer net dieselfde ou paartjies is wat alles moet doen. Dit is dieselfde ou handjievol wat reageer as daar ‘n oproep is. Ons soek die Mighty Men getalle, en ons raak opgewonde as daar ‘n paar honderd-duisend manne bymekaar kom en mekaar aan die brand steek. Dit is alles mooi en goed, maar steeds is dit die klein groepies waar die groot dinge gebeur.

Inderdaad was dit vir hierdie dosyn manne wat Jesus uitgekies het maar moeilik. Hulle het baie gou agtergekom dat dit nie maklik was om Jesus te wil volg nie. Dit kos harde werk! Kyk maar hoe hulle moes bontstaan om daardie groot skare mense kos te gee! Dikwels was daar bitter teleurstellings, soos die een wat hulle so pas beleef het. Net toe dit gelyk het asof hulle Meester se bediening 'n hoogtepunt bereik het, loop al Sy volgelinge weg. As hulle geweet het wat presies vorentoe op hulle sou wag, dan wonder ek of hulle nie dalk óók die hasepad sou gekies het nie! Die volgende jaar of twee sou met duwweltjies en distels besaai wees. Hulle Meester sou dinge doen wat volgens hulle tradisies totaal onaanvaarbaar was en die owerhede sou hulle naarstigtelik vervolg. Boonop sou een van hulle groep uitdraai om 'n verraaier te wees. Hulle sou dikwels honger en moeg moes gaan slaap op die klipharde grond!

Vandag, as jy werklik bereid is om Jesus voluit te volg, is dit steeds nie 'n maklike pad nie. Jy moet jou maar klaarmaak vir teleurstellings, vervolging en swaarkry. Dit is egter oor en oor die moeite werd! Die arbeidsvreugde wat jy ervaar, is onbeskryflik groot. Die lewensvreugde wat daarmee saamgaan is borrelend. Maar die héél grootste van alles, is die wonderlike eendag waarna jy kan uitsien - die dag wanneer Jesus

weer op die wolke gaan verskyn soos wat Hy opgevaar het!

Gebed:

Here, ek wil my álles vir U gee. Ek wil U voluit volg. Gee my asseblief die krag daarvoor.

30

# God is Stééds in Beheer!

## Johannes 7:1-9

**VIDEO * OUDIO**

Die Huttefees was op hande. Hierdie fees het plaasgevind van die 15de tot 22ste van die 7de maand, Tisjri van die Joodse Godsdienstige kalender. Dit was ‘n vrolike fees waartydens niemand gewerk het nie. Almal het vir hulle hutjies gemaak van beblaarde takke. Dit moes die Israeliete herinner aan die uittog uit Egipte, waar hulle in sulke hutte moes woon. Een van die kenmerke van die fees is dat daar elke dag ‘n vuuroffer aan die Here gebring is.

Die fees het ook bekend gestaan as “Die fees van die insameling” omdat dit plaasgevind het pas nadat die oes en die vrugte op hulle arbeid ingesamel is. Dit het gepaard gegaan met groot vrolikheid. So byvoorbeeld is daar op die eerste aand ‘n ligvertoning gehou met groot kandelare. Daar is gesing, en die manne het fakkeldanse uitgevoer op die maat van musiek. Hierdie feesgedruis het regdeur die nag aangehou tot die oggend. Op die laaste dag was daar ‘n drankoffer gebring wat gepaard gegaan het met ‘n

watergieting, om die dag te gedenk toe water uit die rots gestroom het in die woestyn.

Pas voor hierdie fees sou begin, het daar ‘n paar baie interessante dinge na vore gekom omtrent Jesus se bediening. Hy was op daardie tydstip in Galilea. Hy het van die Jerusalem-omgewing af weggebly, want daar het dit te gevaarlik begin word, want die Joodse leiers het Sy bloed gesoek en Jesus wou nie willens en wetens in die leeu se bek instap nie. Toe Sy broers dus by Hom kom aandring dat Hy weer ‘n slag in Judea moes gaan preek, het Jesus geweier.

Sy broers het ‘n verskuilde agenda gehad. Hulle was gladnie so opgewonde dat die Evangelie versprei word nie - dit het eerder oor hulle eie aansien gegaan. Solank as wat hulle Broer in die kollig was en groot skares gelok het, was dit ook goed vir hulle eie ego, want dan het hulle ook die aandag geniet. Hulle kon spog: “Dis my Broer daardie - die Een wat die wonderwerke doen!” Natúúrlik was hulle terdeë bewus van die feit dat Hy baie spesiaal was. Maar het hulle ooit geglo dat Hy die Messias was? Nee! Vir hulle was Jesus maar net hulle ouer Broer - hulle “Wonderwerke-Broer”.

Dit is tog so tragies dat Jesus selfs vandag nog vir baie Christene dieselfde “Wonderwerke-Broer” is.

Hulle vereenselwig hulle met Hom omdat dit goed is om aan daardie Naam gekoppel te wees - dit gee jou daardie ekstra stukkie status in die lewe. Hy gaan selfs soms kerk toe om dit te bevestig en hy gee ruimskoots (in geld of tyd) vir die een of ander liefdadigheidsorganisasie. Vra jy hom egter of hy ‘n verhouding met Jesus het, dan word jy skeef aangekyk. Só ver wil hy darem nou nie gaan nie!

Jesus het vier broers gehad: Jakobus, Joses, Simon en Judas. Aanvanklik het hulle Hom as Messias verwerp. Ná die gebeure aan die kruis en Jesus se opstanding het hulle egter tot ander insigte gekom en uiteindelik het Jakobus die leier geword van die gemeente in Jerusalem. Hy skryf dan ook die Brief Jakobus. Ook Judas moes in die geloofskringe uitgestyg het, want hy het die Brief Judas geskryf. Ongelukkig weet ons vandag niks verder wat van die ander twee broers geword het nie.

Wanneer Jesus die versoek van Sy broers afwys om na Judea te gaan, verduidelik Hy vir hulle: “My bestemde tyd is nog nie hier nie.” Alles was haarfyn uitgewerk in die wonderlike raadsplan van God en elke klein detail was uiters belangrik. Elke gesprek, elke ontmoeting moes plaasvind, want alles het deel uitgemaak van die groot plan wat

God uitgewerk het. Ons moet dit baie deeglik besef dat Hy in volle beheer was van absoluut alles. Dit was nie maar toevallig dat daar nie blyplek was in Betlehem met Jesus se geboorte nie - God het dit so beplan en voorsien sodat die Seun van God in "skande" gebore moes word as deel van die prys wat Hy moes betaal vir die sondeskuld van die wêreld. Dit is nie maar toevallig dat die Joodse leiers Jesus so gehaat het nie. Dink net: wat sou gebeur het as hulle Hom herken het as die Messias, en Hom gekroon het as Koning? Dan sou Jesus nooit die marteldood aan die kruis kon sterf nie. Dan sou die groot versoening nooit kon plaasvind nie!

Jesus moes op presies die regte tyd op die regte plek wees. Selfs die skande om deur Sy eie dissipel verraai te word, was van uiterste belang! Dat alles moes plaasvind tydens die Paasfees, was ewe belangrik. Die ganse heelal het gefokus op hierdie gebeure. Selfs die beweging van sterre, planete en komete was van kardinale belang.

Dit bring ons by die vraag: as God daardie tyd in volle beheer was - is dit vandag steeds waar? Daardie tyd het dit gelyk asof alles skeef loop. Vandag voel dit dikwels ook vir ons asof alles buite beheer geraak het – Covid-19, die Russe wat die Oekraïne aanval! Nee, Hy is steeds in volle

beheer! Ons verstaan nie altyd die dinge nie want dit is ver verhewe bo ons menslike verstand. As ons dit wil beredeneer, dan raak ons verward. Daarom kan ek en jy vandag maar net rustig wees oor die gebeure rondom ons, en wéét dat God se tyd en Sy tydsberekening akkuraat is, en dat Hy in beheer is van alles. Ek en jy kan dit nie verander nie. Ons moet net doen wat Hy van ons vra, want elkeen van ons is ‘n ratjie in die horlosie van God se tyd.

Gebed:

Here, dankie dat ons kan weet dat U steeds in volle beheer is, en dat ons daarom rustig kan wees!

# 31

# Aan God Al die Eer

## Johannes 7:10-24

**VIDEO * OUDIO**

Ons het gesien dat Jesus geweier het toe Sy broers by Hom aangedring het dat Hy na Jerusalem moes gaan vir die Huttefees. Maar dan lees ons dat Hy toe tóg gegaan het, maar dat Hy ‘n lae profiel gehandhaaf het sodat die mense Hom daar nie eers raaksien nie. Almal het natuurlik verwag dat Hy daar sou wees want hierdie sou mos die ideale geleentheid vir iemand soos Jesus wees om reuse skares te trek sonder veel moeite. Jesus het egter net verdwyn tussen die menigtes!

Weereens moet ons besef dat Jesus se doel nie was om reuse skares mense te beïndruk met groot wonderwerke en indrukwekkende genesings nie. Sy primêre doel was om versoening te kom bewerkstellig. Hy wou God se liefde en genade prakties kom uitleef teenoor die mense. Sy sekondêre doel was om ‘n kerngroepie te kom oplei om hierdie liefde van God aan die wêreld te gaan verkondig.

Op die fees het daar ‘n gefluister tussen die mense opgegaan - ‘n gefluister oor wie Jesus werklik was.

Hulle was duidelik in twee kampe verdeel. Aan die een kant was diegene wat geglo het dat Jesus wél ‘n goeie Man was. Omgeset synde beteken dit dat hulle van mening was dat die dinge wat Hy gedoen en gesê het, tóg van God af gekom het en dat God dus aan Jesus se kant was. Die ander groep mense het presies die teenoorgestelde geglo, dat Hy almal mislei het. Sy werke het dus volgens hulle, van die misleier, oftewel die duiwel af gekom.

Wanneer jou pad die dag met dié van Jesus kruis, móét jy ‘n duidelike keuse maak! Niemand kan neutraal wees nie. As jy nie ‘n besliste keuse maak om Jesus te volg nie, dan volg jy outomaties die duiwel!

Dit is nogal ‘n skrikwekkende gedagte! Enigeen wat nog nie op daardie punt gekom het om ‘n verhouding met Jesus aan te knoop nie, is ‘n volgeling van die duiwel. Dit is dan natuurlik ook waarom ons wêreld vandag in so ‘n chaos gedompel is, want die duiwel besef dat sy uurglas uitloop. Hy moet alles in die stryd werp om siele te wen en daarom span hy elke volgeling van hom - alle nie-gelowiges - in om sy doel te bereik. Selfs gelowiges wat lou geword het word verlei om mee te werk, en die duiwel kry dit baie goed reg!

Maar terug by die Huttefees. Halfpad deur die fees besluit Jesus tóg om Sy dekking te verbreek en Hy begin om mense in die tempel te leer. Die slim manne was stom van verbasing oor Jesus se insig en kennis oor die Skrifte, want anders as hulle, het Hy geen formele opleiding gehad nie. Eintlik is dit baie ironies, want hoe gee jy die oorspronklike Outeur van die Bybel opleiding om Sy eie Boek te begryp? Hoe lei jy die Wetgewer op om Sy eie wet te verstaan? Jesus was die Een wat daardie tyd op die berg Sinai met Sy eie vinger vir Moses die wet geskryf het op die kliptablette. Jesus was die Een wat later daar in die woestyn vir Moses die wet prakties kom verduidelik het in die tent van samekoms. Elke keer as Jesus met Moses kom gesels het, was die tent gevul met 'n wolk en die hele volk het dit gesien. Inderdaad was dit Jesus wat neergedaal het vanuit die hemel. Ja, en dit was ook Jesus wat met die aardsvader, Abraham kom praat het, en daar die verbond met hom gesluit het.

Nou leer daardie selfde Jesus die mense in die tempel, en hulle is verbaas oor Sy kennis.

Maar alhoewel Jesus verdien het om ál die eer en verheerliking te kry, het Hy dit eerder op die agtergrond geskuif, want hier was 'n baie groter saak betrokke. Jesus het nie oor Homself gepraat

nie, maar Hy het die mense van die hoogste Gesag geleer. Jesus het Homself ondergeskik gestel aan die gesag van God Drie-Enig. Ja, vir ons as nietige mense is dit uiters moeilik om te verstaan. Daar was egter ‘n groot doel agter die feit dat Jesus veral hier ondergeskik moes wees. Ons moet onthou dat Hy hier as mens verneder was as deel van Sy missie. Daarom veral moes Hy ondergeskik wees aan God. En wanneer Hy mense geleer het, was die belangrike dat hulle van God moes leer, want Hy is immers die oorsprong van alles. Alle eer moes aan Hom toekom.

So dikwels maak gelowiges die fout om nie Jesus se voorbeeld te volg nie. Jy wil so ‘n bietjie heerlikheid vir jouself hou. Byvoorbeeld: Ek het 60 boeke geskryf - dit maak my nogal ‘n gesiene skrywer! Intussen vergeet ek gerieflikheidshalwe dat as God my nie in die eerste plek die talent gegee het nie, was ek niks! Tweedens vergeet ek dat dit Hy is wat die woorde in my mond lê en daarsonder sal elke bladsy ‘n mislukking wees. Wanneer ek dus oor een van my boeke uitwei, dan behoort ek nie die skrywer daarvan op te hemel nie, maar die oorspronklike Outeur, naamlik die Heilige Gees. Jesus het so ver gegaan dat Hy nie alleen Homself aan God ondergeskik gestel het nie, maar dikwels ook aan ander mense. Ons sien dit wanneer Hy Sy dissipels se voete was of

Homself sien as ‘n Dienskneg. Ook wanneer Hy Hom meng met die uitgewekenes en sondaars waarop almal neergesien het, sien ons Sy nederigheid. In die samelewing van vandag waar mense opgehemel word, en dit mode is, is dit bitter moeilik vir ‘n gelowige om Jesus se voorbeeld na te volg. Maar kom ons maak ‘n begin daarmee. Kom ons gee al die eer aan God en wees nederig teenoor ons medemens. So weerkaats ons Jesus se lig!

Gebed:

Here, gee my asseblief nederigheid, en leer my om al die eer aan U te gee.

32

# Om Jesus te Ken

## Johannes 7:25-31

**VIDEO * OUDIO**

Ken ek rêrag vir Jesus? Maar natúúrlik! Wat vir ‘n soort dom vraag is dit dan nou? Nee, dit is nie werklik so dom soos dit klink nie.

In Jerusalem was daar ‘n klomp mense wat die Huttefees bygewoon het wat óók gedink het dat hulle vir Jesus ken.  Hulle was mos persoonlik by terwyl Hy siekes gesond gemaak het en hulle het Hom sélf hoor praat! Hulle het gesien waartoe Hy in staat was en hulle het elke keer verwonderd gestaan oor die ongelooflike dinge wat Hy vermag het.

Hulle was egter óók deeglik bewus van die feit dat die kerkleiers Jesus se bloed gesoek het en juis dáárom was hulle so verbaas dat Hy dit durf waag het om openlik te preek in die tempel. Die feit dat die owerhede nie ‘n vinger probeer lig het om iets teen Jesus te doen nie, was nog méér verbasend! Inderdaad het hulle telkemale wél gedreig om Hom dood te maak. Die mense het begin wonder of die Joodse Raad nie dalk tóg tot ander insigte gekom

het nie. Het hulle nie dalk begin besef dat Jesus wél die Messias was nie?

Maar dan lig Johannes die sluier so ‘n bietjie oor die ware toedrag van sake, dat daar eintlik ‘n totaal ander rede was waarom hulle Jesus nie kon arresteer nie. In God se groot raadsplan was alles nog nie afgehandel vir Jesus se teregstelling nie. Sy tyd was nog nie daar nie en al sou die manne ook hóé hard probeer, sou hulle Jesus géén leed kon aandoen nie! God was in totale beheer van die situasie en alleenlik wanneer die presiese regte tyd aangebreek het, soos deur God bepaal, sou hulle die groen lig kry om Jesus dood te maak.

Vanoggend se groot vraag is egter of Jesus se volgelinge werklik geweet het wie Hy was? Dan moet ons prontuit sê: “NEE!”

O ja, hulle het gedink dat hulle Hom ken, maar eintlik het hulle Hom gladnie geken nie. Sommige het geredeneer dat wanneer die Messias sou kom, Sy herkoms eintlik ‘n groot misterie sou wees. Jesus kon beslis nie die Messias wees nie, al het Hy al hierdie wonderlike dinge gedoen, want daar was absoluut niks misterieus omtrent Sy herkoms nie. Ja, hulle het selfs Sy ouers, Josef en Maria geken. Waar was die misterie dan?

En dit was juis hulle héél grootste probleem, want hulle het Jesus se Vader gladnie geken nie! Weereens het hulle gedink dat hulle Hom ken, maar in hulle ywer om hulle Godsdiens te bedryf, het hulle totaal by die God van hulle Godsdiens verby geleef! In die proses het hulle God totaal verkeerd leer ken. Hulle het die wet só nougeset probeer uitleef, dat hulle totaal by die kern van die wet, naamlik die liefde verby geleef het. In die proses het hulle God se wonderlike liefde en genade gladnie eers raakgesien nie en daar het niks daarvan in hulle lewens oorgebly nie.

Hulle moes 'n baie duur les leer, dat eers wanneer jy vir God waarlik ken, kan jy vir Jesus die Messias leer ken! Die teendeel is egter ewe waar: Jy kan slegs waarlik vir God leer ken deur Jesus. Praat ek in raaisels? Nee, eintlik gladnie, want Jesus ís mos God!

Nou, wat beteken dit dan werklik om Jesus te ken? Hierdie is 'n vraag wat die afgelope 22 jaar wat hierdie dagstukkies al uitgestuur word, talle male gevra is. Die vraag is al menige keer in hierdie dagstukkies beantwoord. En ja, die antwoord word op talle plekke in die Bybel gegee, dikwels sommer baie reguit, onomwonde en onverbloem. Nogtans word die vraag steeds dikwels gevra: "Wat beteken dit om Jesus te ken?"

Moenie my verkeerd verstaan nie, ek raak beslis nie moedeloos as ek die vraag keer op keer kry nie. Inteendeel, ek is so opgewonde, want dit beteken dat iemand my uitnooi om die Evangelie met hom/haar te deel. En dit is die een ding wat my die meeste vreugde in die lewe gee. Stuur dus maar gerus jou vraag - ek beantwoord dit met groot liefde en beslis sonder om daaroor te kla!

Johannes gee op ‘n hele paar plekke die sleutel vir hoe om Jesus te leer ken. Joh 3:16 sê pertinent dat diegene wat in Jesus GLO, nie verlore sal gaan nie. Die sleutelwoord hier is: “Glo!” Joh 5:24 sê dat diegene wat in Hom GLO wat Jesus gestuur het, die ewige lewe het. Eweneens sê 1 Joh 5:13 dat die ewige lewe behoort aan diegene wat in die Seun van God GLO. Weereens die sleutelwoord: “GLO.” 1 Joh 5:10 sê: “Wie in die Seun van God glo, besit die getuienis in homself.” en vers 11: “En dit is die getuienis: dat God die ewige lewe vir ons gegee het.”

Alles kom dus neer op GELOOF. Om Jesus waarlik te ken, beteken dat jy in Hom glo. Dit is egter nie maar ‘n geloof aan Sy bestaan nie, maar dit beteken dat jy ál jou vertroue op Hóm plaas as jou Verlosser. Dit kom neer op ‘n persoonlike verhouding met Hom, net soos wat ‘n man en vrou in ‘n huwelik ‘n onlosmaaklike liefdesverhouding

het. Die enigste manier om iemand werklik deur en deur te ken, is wanneer daar ‘n intieme verhouding met daardie persoon is. As ek dus sê dat ek Jesus ken, dan impliseer dit dat daardie verhouding ‘n werklikheid is. Die werklikheid is ook dat as daar nog nie so ‘n intieme verhouding is nie, dan ken ek Hom nog nie.

Ek bely vanoggend onomwonde: Ek ken vir Jesus! Kan jy dieselfde sê? Ken jy Hom?

Gebed:

Here, dankie dat ek U ken. Dankie dat U my gered het van die ewige verderf!

# 33

# Strome Lewende Water

## Johannes 7:32-39

**VIDEO * OUDIO**

Terwyl Jesus besig was om die mense in die tempel te leer, het Hy gehoor hoedat die mense oor Hom fluister. Hy was ook wel dééglik bewus van die komplot om Hom gevange te neem. Die tempelwagte was eintlik al op pad om Hom te gaan gryp. Toe sê Jesus 'n skokkende ding, dat Hy nog net 'n kort tydjie by hulle sou wees. Ja, Hy sou hulle verlaat en waar Hy heen sou gaan, sou hulle nie kon kom nie. Hulle het dit soos gewoonlik totaal verkeerd verstaan. Hulle het gedink dat Hy op pad was om na Griekeland te emigreer! Natuurlik het Jesus hiermee bedoel dat Hy sou sterf en na die hemel gaan. Die skokkende is dat Hy geweet het dat die meeste van die mense wat daar teenwoordig was, die binnekant van die hemel nooit sou sien nie, as gevolg van hulle hardkoppigheid en ongeloof!

Dit was die sewende dag van die Huttefees. Die feesgangers het elke dag van die fees na die Siloam put gegaan vir water om na die tempel toe te neem, waar dit by die altaar uitgegiet is. Al singende het die mense takkies rondgeswaai en

sitrusvrugte omhoog gehou as ‘n teken van die oes wat verby was. Hiermee wou hulle dan vir die Here dankie sê vir die oes. Die water was ‘n simbool van die water wat die Here hulle in die woestyn uit die rots gegee het. Esegiël 47:1-9 vertel van ‘n visioen van ‘n stroom water wat uit die tempel stroom, só sterk dat dit ‘n magtige rivier word. Die Jode het dan ook geglo dat daar in die laaste dae fisies ‘n rivier uit die tempelrots sou stroom. Volgens Esegiël vloei die rivier só sterk dat dit die Dooie See vul en vars maak, en dat vissermanne ‘n ryke verskeidenheid vis daar sal kry. Dit gaan nuwe lewe aan die land gee, en waar daar eens dorre woestyn was, gaan dit lowergroen word. Openbaring 22 vertel van dieselfde rivier van lewende water.

Jesus het hierdie pragtige tradisie van die Jode, om water na die tempel te bring, aangegryp en terwyl alles vars in hulle geheue was, het Hy dit uitbasuin sodat almal in die tempel dit kon hoor: “*As iemand dors het, laat hy na My kom, en drink!*” ‘n Asem-ophou-stilte het oor die tempel geval. Alle oë was op Jesus gerig. Wat sou Hy daarmee bedoel het? Skielik het Hy ál die aandag gehad! “*Hy wat in My glo, soos wat die Skrif sê, ‘Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.*”

‘n Doodse stilte het in die tempel gehang. Skielik het dit begin gons soos ‘n swerm bye: “Wat bedoel Hy? Verwys Hy dalk na Esegiël se profesie? Gaan die water dalk nou uit die tempelrots begin stroom?” Maar soos dit al so talle male gebeur het, het die mense Jesus net weereens totaal verkeerd verstaan. Hy het hier na iets heeltemal anders verwys - ‘n geweldige gebeurtenis wat selfs die stroom water uit die rots sou oorskadu. Johannes verduidelik in vers 39 dat Jesus verwys het na die groot dag, ‘n paar jaar later, toe die Heilige Gees op die gelowiges uitgestort sou word.

Aan die einde van Mei gaan die NG Kerk weereens ‘n reeks Pinksterdienste hou, ‘n jarelange tradisie en seker een van die mees geseënde tradisies van die kerk. Die hoogtepunt word natuurlik bereik op Pinkster Sondag, wanneer die uitstorting van die Heilige Gees herdenk word. Wat ‘n heerlike gebeurtenis moes dit nie gewees het nie!

Die beeld wat Jesus hier gebruik is dan ook só akkuraat-beskrywend van dit wat sou gebeur. Strome van lewende water wat sou vloei uit die gelowiges. Petrus was die eerste om dit te ervaar, toe hierdie man wat weggekruip het tydens Jesus se verhoor, opgestaan het en onverskrokke ‘n skare van duisende mense toegespreek het. Die

woorde het letterlik uit hom geborrel soos ‘n fontein heerlike soet water, toe hy verduidelik wat aan die gebeur was. Drieduisend mense het op daardie dag tot geloof gekom. Die borrelende stroom water het hulle net eenvoudig meegesleur!

Daardie selfde stroom borrel vandag nog steeds net so sterk. Die Lewende Water waarvan Jesus vertel het, is in elke gelowige. Ongelukkig skroef die meeste van ons ‘n prop op die Bron sodat dit veilig binne bly. Haal af daardie prop! Gee die Heilige Gees die geleentheid om ook uit jou te kan stroom!

Esegiël vertel hoedat hierdie stroom lewe gee so ver as wat dit gaan. Inderdaad het hierdie stroom in Jerusalem begin, presies soos Esegiël voorspel het en dit het lewe gebring in die dorre woestyn! Die Gees het elke gelowige aangespoor om die Evangelie uit te basuin en binne ‘n baie kort tydjie het dit oor die ganse wêreld gevloei, deur Judea, Samaria, Griekeland, Sirië, Afrika en tot in die hartjie van die bose Rome.

Vanoggend wil ek by jou pleit om die Heilige Gees ook in jou lewe toe te laat en om jou te gebruik as bron waaruit Sy lewegewende water kan borrel. Al wat Hy van jou vra is jou bereidheid. Hy sal die res Self doen! Wees net ‘n instrument in Sy bekwame hande, Hy sal die werk doen!

Gebed:

Here, dankie dat U Heilige Gees ook in my lewe is. Help my asseblief om Hom toe te laat om my lewe te gebruik tot U eer.

## 34

## Die Fontein

## Johannes 7:37-39

**VIDEO * OUDIO**

My hart bons in my keel as ons om Suid Heuwel ry, verby die Elandskrans vakansieoord. Dit is 'n paadjie wat ek tog só goed ken! Tóg ken ek dit nie, want ek het hierdie paadjie veertig jaar laas bewandel. Agter ons lê die sluimerende dorpie, Waterval Boven en hier voor ons die skilderagtige gasteplaas, Tegwaan. Ons hou eers stil sodat ek alles daar onder kan indrink. My oë soek vir bekende bakens en kort-kort gaan daar 'n flikkerinkie op as ek iets sien wat ek onthou. Die eerste sestien jaar van my lewe het ek hier op hierdie einste plaas deurgebring. Hier het ek leer loop, leer praat, leer swem, leer fietsry en 'n innerlike liefde vir die natuur gekweek. Daardie jare was die plaas se naam Doornhoek.

Die opgewondenheid bruis binne in my! Wat gaan ek hier kry? Bestaan die ou gronddam ooit nog? Daai een waar ek en my maats in die middae na skool kaal geswem het? En die groot dam wat Oupa Johnny in die spruit gebou het, waar ek menige blinklyf-forelle vir ure lank moes bekruip vir

'n watertand aandete? En die fontein....... O, daardie wonderlike fontein!

Wanneer ons op die plaas aankom, begin ek droomverlore stap. Ek soek met elke tree herinneringe uit my kleintyd. Veldblommetjies groet my vrolik. In my gedagtes klink die uitbundige gelag van seuns wat in die water rondplas in 'n tuisgemaakte sinkplaat bootjie wat sink as jy net roer in hom.

“Die fontein,” maal dit in my kop, “die fontein! Ek moet by die fontein uitkom om net weer van daardie heerlike soet water te kan proe!” Maar die donker vang my, en ek moet haastig terug na ons gastehuisie langs die rivier.

Laatnag lê ek in die kooi en rondrol. Ek sien in my geestesoog weer die fontein, halfpad teen die klipkoppie op. Kristalhelder, yskoue soet water borrel onder 'n reuse granietklip uit. Ek lê plat op my maag en drink my trommeldik aan daardie heerlike water tot my maag eintlik pyn. Ek kon nooit genoeg daarvan kry nie!

Dit is nog nie eers behoorlik lig die volgende oggend nie, of ek pak met dapper en stapper die klipkoppie agter die ou plaashuis aan. Daardie jare het ek dit sommer uitgehardloop! Nou stoom en blaas ek teen die steiltes uit. Uiteindelik is ek bo -

die uitsig is asemrowend. Skurwe sandsteen klippe wat deur die eeue deur wind en weer gevorm is tot meesterlike kunswerke, lê verstrooi oor die hele koppie. My oog soek die fontein - daar is 'n onbegaanbare ruigte tussen my en die fontein. Ek probeer daar deur worstel, maar met trane in my oë moet ek naderhand tou opgooi! My teleurstelling is baie groot as ek nie by die oorsprong van die fontein kan uitkom nie. Ek soek die stroompie onderkant die fontein, en volg dit. 'n Wonderwêreld van woude en mistige dammetjies waar forelle baljaar vou voor my oop. ’n Ou wilgerboom hang lui-lui sy lang sliert-arms oor die stroompie. 'n Vleiland van papkuil-riete en aaronskelke wat wemel van lewe, omsoom die spiëelgladde watertjies. Naaldekokers swiep oor die mistigheid, en die enkele waterhondjie dans oor die water oppervlak. Onderkant die dammetjies strek 'n byna onbegaanbare vleiland, ver tot onder by die spruit, 'n vleiland deurspek met lewe!

My teleurstelling oor die fontein wat ek nie kan sien nie, gaan stadig oor in verwondering oor al die lewe wat hierdie enkele fonteintjie voed. Hoe wonderlik is dit dat 'n magdom van bome, plante en diere absoluut floreer, en letterlik jubel en juig as gevolg van daardie enkele fonteintjie wat onder die rots uitborrel!

“As iemand dors het, laat hy na My kom, en drink! Hy wat in My glo, soos wat die Skrif sê, ‘Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.” Só het Jesus dit daardie dag by die tempel uitgebasuin! As 'n klein fonteintjie in 'n klipkoppie by Waterval Boven soveel lewe kan gee, hoeveel te meer nie die Bron van alle lewe, Jesus nie. Was jy al by daardie bron? Het jy al geproe hoe soet die Lewende Water is wat Jesus gee? Tegwaan se bron was vir my versper sodat ek nie daar kon bykom nie. Die ware Bron, Jesus, is altyd toeganklik! Hy nooi jou eintlik dringend uit om daarheen te kom en te drink. As jy eenmaal geproe het aan die lewende water wat Jesus gee, dan borrel en bruis dit in jou op, en jy kan net eenvoudig nie stilbly daarvan nie!

Dit is daardie einste lewende water wat die Samaritaanse vrou met wie Jesus eenmaal gesels het, laat opspring het om die hele dorp te gaan vertel van Jesus, die Man wat vir haar nuwe lewe gegee het. Ja, so opgewonde was sy oor die wonderlike water, dat almal in Sigem na Jesus gestroom het om ook van daardie water te kry!

Die fonteintjie van my kinderjare se water maak my opgewonde, maar die Lewende Water wat Jesus gee laat my rondspring en jubel en sing van opgewondenheid, want Hy gee nie net lewe nie -

Hy IS die lewe! In Hom en deur Hom het alle dinge tot stand gekom. Hy is die Bron van alle lewe!

Is jy ook opgewonde oor Jesus? Sê dit dan vir Hom, en sê dit ook vir almal waarmee jy vandag in aanraking kom.

Gebed:

Here, ek dank U vir die heerlike soet water van die lewensfontein waaruit U my gegee het om te drink!

35

## Die Ou Testament

## Johannes 7:40-52

**VIDEO * OUDIO**

“Nee, ek lees nie die Ou Testament nie!” sê sy vir my. “Die ou dinge het mos verbygegaan! Dis net die Nuwe Testament wat vandag van toepassing is op ons gelowiges!” ‘n Frons vorm op haar gesig: “En boonop is die Ou Testament tog net propvol geweld! Al daardie afgryslike, wrede verhale van bloedvergieting en oorlog en moord! Dit gee my koue rillings! Ek het eenmaal gehoor dat die Ou Testament die verhaal is van die Jode. Dit het geëindig die dag toe hulle vir Jesus verwerp het, dus hoef ons net die Nuwe Testament te lees. Niks in die Ou Testament is in elkgeval meer op ons van toepassing nie!”

Ek staar haar verstom aan, ek het nie woorde nie! Haar redenasie is só ver van die waarheid af!

Sommer in die héél eerste hoofstukke van die Ou Testament lees ons al van moord en doodslag. Ons sien hoe Kain sy eie broer, Abel vermoor net omdat hy jaloers was omdat die Here Abel se offer aanvaar het en nie syne nie. Enkele verse later sien ons al hoe geweld oor die aarde spoel. Later,

wanneer die konings, Saul, Dawid en die ander eers op die toneel verskyn, dan ken die bloedvergieting géén einde nie. Dikwels gaan dit gepaard met owerspel, verkragting en korrupsie.

Beteken dit dat ons die ou Geskrifte maar moet laat lê en stof opgaar?

Nee, beslis nie! Ons moet in die eerste plek vir onsself die vraag afvra: Wat is die boodskap van die Bybel as ‘n geheel? Die antwoord is eenvoudig, maar terselfdertyd ook baie kompleks. Jy kan dit nie in een sinnetjie weergee nie. Ek sien die boodskap in die eerste plek as een wat wil vertel van die liefde en genade van God. Die Bybel wil ons iets leer van die Skepper van alle dinge. In die Nuwe Testament word die boodskap oor en oor gegee dat die mens sondig is en dus verlore, maar Jesus, die Seun van God het na die aarde neergedaal en die prys betaal om diegene wat in Hom glo, te red. Weereens God se liefde en genade wat hier na vore tree.

Maar wat van die Ou Testament? Sien ons daardie selfde liefde en genade? En wat van Jesus? Buiten vir ‘n paar profesieë oor Hom, sien ons niks van Jesus in die Ou Testament nie. Is dit werklik so?

Dan het ek vanoggend vir jou ‘n verrassing! Ja, inderdaad sien ons die lelike kant van die mens in die Ou Testament en daar word nie doekies omgedraai as dit beskryf word nie. Maar terselfdertyd sien ons God se liefde reg van die héél eerste woorde in die Skrifte af soos ‘n goue draad deurloop reg tot op die laaste bladsye van die boeke. Boonop sien ons Jesus, die Seun van God optree dwarsdeur die ganse Ou Testament.

In Johannes 7:40-52 hoor ons hoe die mense geredekawel het oor Wie Jesus werklik was. Sommige het beweer dat Hy die Profeet was wat die Messias sou vooruitgaan terwyl ander weer van mening was dat Hy die Messias was. Waar het hulle hiervan gehoor? Nie bloot uit oorlewering nie, maar uit die Ou Testament! Later sien ons dat die skrifgeleerdes en Fariseërs ook betrokke geraak het by die debat. Hierdie mense het natuurlik ‘n deeglike studie gemaak van die Ou Testament!

Die feit is dat die mense wat in die Ou Testamentiese tye geleef het, vir Jesus geken het. Nee, hulle het Hom nie in dieselfde gedaante geken as wat die Nuwe Testamentiese mense Hom leer ken het nie, maar nogtans was daar baie mense wat in die Ou Testamentiese tye geleef het wat ‘n persoonlike verhouding met Jesus gehad het.

Die héél eerste keer dat ons met Jesus kennis maak is in die heel eerste versie in die Bybel, waar gesê word dat God in die begin die hemel en die aarde geskep het. “Maar dis mos nie Jesus nie?” sou jy dalk sê. Johannes 1:1-3 verduidelik dat Jesus die Skepper is. In Gen 1:26 sê God: “Kom ONS maak die mens as ONS verteenwoordiger, ONS beeld”. Hier sien ons die Vader, Seun en Heilige Gees saam optree. In Gen 3 lees ons hoedat dieselfde Skepper (Jesus) met Adam en Eva gesels het. Daar was alreeds sprake van ‘n liefdevolle, sinvolle verhouding.

In Gen 18 lees ons van die besoekers wat Abraham ontvang het. Twee van hulle was engele, en die derde was Jesus, die Seun van God. Abraham het ‘n baie lang gesprek met Hom gehad. Na Abraham het Jakob selfs met Jesus gestoei by die Jabbokspruit. Daar het Jesus hom geseën. In Eksodus 3 lees ons van Moses se roeping, toe die “Engel van die Here” (Jesus) in die brandende doringbos aan hom verskyn het (Eks 3:2). Na ‘n lang gesprek met Moses, stel Hy Homself bekend as JAHWEH (Duidelike bewys dat Jesus God is!) In Eks 33 lees ons hoedat Jesus gedurig met Moses in gesprek was in die tent van samekoms. In Rigters 6:11 lees ons van die “Engel van die Here” (Jesus) se gesprek met Gideon.

Hierdie is maar enkele uittreksels van Jesus se verskyning en omgang met die mense van die Ou Testament. Daar is nog talle voorbeelde en ons sien die groot teenstelling tussen die mens se sondige lewe en Jesus se liefde, genade en vergifnis regdeur die Ou Testament. Gaan lees dit gerus met ‘n nuwe bril, en sien Jesus daarin raak!

Gebed:

Here, dankie vir U groot liefde en genade aan die mensdom deur soveel duisende jare. U is waarlik liefde!

36

## “Jy is Vergewe!”

## Johannes 8:1-11

**VIDEO * OUDIO**

Johannes vertel dat Jesus die nag op die Olyfberg deurgebring het.

‘n Rabbi was daardie tyd se ekwivalent van ‘n professor, dus iemand wat redelik luuks gelewe het. Jesus was anders, Hy het dikwels sommer in die veld geslaap op die harde grond!

Jesus stap vroegoggend na die tempel toe. Hy word begroet met ‘n groot klomp mense wat reeds op Hom wag. Hy gaan sit en die groot kring mense rondom Hom spits hulle ore met groot afwagting. Nie almal is egter opgewonde oor wat Hy gaan sê nie, ‘n klompe Fariseërs en Skrifgeleerdes staan jaloers eenkant. “Hierdie Jesus trek al meer en meer van die volk! Hy vergiftig hulle met Sy leerstellings!”

“Ja, maar vanoggend het ons ‘n onaangename verrassing vir Hom! Bring daardie vrou!”

Hardhandig word ‘n jong vrou nader gesleep. Sy huil histeries want sy weet ál te goed wat op haar wag. ‘n Verskriklike einde staar haar in die gesig. Sy bewe van angs! O waarom het sy tog toegegee

aan haar begeertes? Daardie man het haar voete onder haar uitgeslaan met sy sjarme! Dit het nie eers saakgemaak dat hy getroud is nie, want sy was smoorverlief op hom. Hy het gesê dat sy vrou hom nie verstaan nie – dat sy hom nie bevredig nie. Een enkele nag van hartstogtelike passie ...... en toe word hulle uitgevang!

Snikkend staan sy daar, hardhandig rondgepluk deur die wagte. Die einde is te verskriklik om aan te dink. Hulle gaan haar met klippe doodgooi. Dit is ‘n grusame, pynlike dood wat nie vinnig kom nie. Haar bene gaan gebreek word deur groot klippe, en as sy uiteindelik sterf, gaan haar liggaam gegooi word waar die aasvoëls haar gaan opvreet. Grusaam!

Huilend word die vrou gesleep tot in die kring waar Jesus besig in om die mense te leer. “Uit hierdie tameletjie gaan Hy Homself beslis nie kan uitwurm nie!” Die geleerde manne is baie tevrede met hulleself! Met ‘n vroom gesig wat drup van die heuning tree een van die Fariseërs na vore: “Meester, hierdie vrou is op heterdaad betrap terwyl sy owerspel pleeg.” Hy grynslag, want nou het hy hierdie Jesus in ‘n strik wat Sy einde gaan beteken. “In die wet het Moses ons beveel om sulke vroue te stenig. Maar U, wat sê U?”

Hy weet baie goed dat daar ‘n paar lelike slaggate is. Jesus het net eenvoudig nie ‘n keuse nie, want volgens die wet móét sy gestenig word. As Hy egter sou saamstem, dan wys dit dat Hy nie die wet goed genoeg ken nie, want die man moet na regte sáám met haar gestenig word.

Daar is egter ‘n ander probleem: die Romeinse wet sê dat die Jode nie ‘n doodsvonnis mag voltrek nie. As hierdie vrou dus gestenig word soos wat die Joodse wet vereis, dan oortree hulle die Romeinse wet. As Jesus egter sê dat sy nie gestenig moet word nie, dan gaan Hy téén die wet van Moses in. Boonop sou dit terselfdertyd beteken dat Hy ook sonde goedkeur. Nou het hulle Hom uiteindelik vas! Watter kant toe Hy ookal antwoord, Hy ís in die moeilikheid!

Tot hulle groot frustrasie, maak Jesus egter of Hy hulle vraag totaal ignoreer. Hy buk vorentoe en begin om iets in die grond te skryf. Dit maak hulle briesend! Hy móét ‘n antwoord gee! Uiteindelik kyk Hy op. Bedaard sê Hy: “Laat die een van julle wat ‘n skoon gewete het, die eerste klip op haar gooi.” Hy buk weer vorentoe en ignoreer die spul totaal deur bloot met Sy vinger in die grond te skryf!

Een vir een begin die manne omdraai en wegloop. Die enigste een wat agterbly is die vrou.

Die Jode het ‘n leuse, dat jy nie aan ander moet doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie. As een van hulle dus ‘n klip sou optel, dan stel hy homself bloot aan dieselfde soort oordeel. Die kring mense rondom Jesus is tjoepstil. Wat het hier gebeur? Jesus het elkeen van hulle regter gemaak oor sy eie lewe. Die maatstaf wat jy vir ander mense wil stel - is dit dieselfde maatstaf waaraan jy jou eie lewe meet? Voldoen jy self daaraan? Ek dink elkeen van daardie skare het diep skuldig gevoel, want almal het al hierdie vrou veroordeel vir haar vieslike daad!

Na ‘n bitter ongemaklike stilte, kom Jesus orent. Hy kyk die vrou in die oë: “Vrou, waar is hulle? Het niemand jou veroordeel nie?”

“Niemand nie, meneer!”

Terwyl die trane van dankbaarheid oor haar wange stroom, hoor sy hoe Jesus haar in liefde vergewe. Hy veroordeel haar óók nie! Maar dan waarsku Hy haar: “Gaan, en moet van nou af nie meer sondig nie.”

Hoe groot is God se genade en Sy vergifnis nie! Selfs hierdie vrou se doodsonde word vergewe. Mense het al dikwels vir my gesê dat hulle sonde só groot is dat hulle nie weet of God hulle óóit sou vergewe nie. As jy dalk so voel, lees dan maar

gerus weer Jesaja 1:18. Ja, Sy vergifnis is allesomvattend. Saam daarmee is daar egter ook ‘n verantwoordelikheid, ‘n opdrag om die sonde af te sweer. Dit beteken in kort dat ons in ‘n intieme verhouding met Jesus moet leef. Sonde is om nie God se wil te doen nie. Sy wil is om in Jesus te glo - om Hom te dien en elke dag daardie verhouding met Hom meer en meer intens te maak, en Hom met jou hele hart en siel en verstand lief te hê. Die natuurlike uitvloeisel hiervan is dat jy ernstig gaan probeer om heilig te lewe!

Gebed:

Here, dankie dat U ook al mý gruwelike sondes vergewe het. Ek wil U dien, Here, met alles wat in my is.

## By die Lig van die Kampvuur

## Johannes 8:12-20

**VIDEO * OUDIO**

Ons sit in die Bos by ‘n heerlike, gesellige kampvuurtjie. Dit is laataand, en die vuurtjie knetter en vlam op as ek die laaste paar kurkdroë sekelbostakkies opgooi. ‘n Heerlike geur van egte boskruie vul die lug en die warm vlammetjies strooi ‘n gerusstellende lig in ’n snoesige, warm gloed na al die donker hoekies van die bos rondom ons. Elke stukkie duisternis word verdryf. Alles is mooi en stil en vreedsaam. Die enigste geluid is dié van die knetterende vuurtjie wat so heerlik gesels.

Maar dan begin die dun takkies uitbrand totdat slegs ‘n dik stomp oorbly wat hardnekkig klein blou vlammetjies optower. Ja, inderdaad gloei die kole nog warm-rooi, maar die vuurtjie is uitgebrand. ‘n Doodse stilte sak oor ons toe. Skielik kom ons agter hoe donker en dreigend die bos om ons werklik is. ‘n Takkie kraak. Ek rek my nek om iets te sien. Die pikdonker is oorweldigend. My hart klop woes - wat kan dit wees? Luiperd? Dalk ‘n leeu? In die verte weergalm die onheilspellende klaaglied van ‘n hiëna. ‘n Koue rilling hardloop langs my ruggraat af. Nag in die bos is

angswekkend as die pikdonker duisternis jou oorval!

Solank jou kampvuurtjie helder brand, voel jy veilig. Die vuurtjie wat knetter verdryf nie alleen die duisternis nie, maar ook die ander onheilspellende bosgeluide. Wanneer die vuurtjie egter doodgaan begin jy allerhande dinge hoor wat jou bangmaak. Presies dieselfde geld vir jou geestelike lewe.

Die tema van lig en duister kom keer op keer voor in Johannes se Evangelie. In vers 12 sê Jesus weereens dat Hy die Lig vir die wêreld is en dat as jy Hom volg, jy nooit in die duisternis sal lewe nie. Lig was in daardie tyd ‘n algemene Godsdienstige beeld om die kontras tussen goed en kwaad aan te dui. Mense was afhanklik van klein olielampies om lig te maak wanneer dit begin donker raak. As jy na donker nog enigiets wou doen, moes jy ‘n lampie gebruik, anders sou jy knoei. So ‘n lampie het dus sin gegee aan jou lewe.

Terselfdertyd was die duisternis weer gebruik as dekking vir bose dade. As ‘n rower jou goed wou vat, het hy dit in die donker gedoen om sy identiteit weg te steek en terselfdertyd om jou onverhoeds te betrap.

Duisternis word ook in dieselfde lig gesien as blindheid. Het jy al ooit deur die rowwe veld

probeer stap in ‘n pikdonker nag sonder ‘n flitslig? Dit laat jou voel hoe dit moet wees om blind te wees. Ek en Mosbolletjie het eenmaal by Doornkloof Kamp in die Vrystaat saam met ‘n klompie Voortrekkers so ‘n staptog sonder flitslig op ‘n pikdonker, maanlose nag meegemaak. Miershope, klippe en grensdrade het hulle tol swaar geëis en  talle bloukolle en nerfaf maermerries het ons ondervinding gemerk!

Wanneer Jesus dus sê dat Hy die Lig vir die wêreld is, kom daar ‘n paar gedagtes na vore. Die eerste vraag is of ek wél daardie Lig in my lewe het? Daarsonder is ek geestelik blind en ek gaan met elke liewe klippie in my pad, hard met moeder aarde kennismaak! Sonder Jesus se Lig is dit pikdonker om my en ek is in die mag van die bose. Dan is dit soos om sonder ‘n vuurtjie in die bos te sit, terwyl jy die leeus en ander gevaarlike goed hier rondom jou hoor. Angswekkend!

Met Jesus se Lig in my lewe is dit egter anders. Dan hoef ek nie die donker van die bose te vrees nie. Maar dit is ook elke gelowige se plig om Jesus toe te laat om Sy lig in hom te laat skyn. In die bos is die gloeiende kole van ‘n laatnagkampvuur alles goed en wel. Om egter ‘n knetterende vuurtjie te hê, verg van my om gedurig hout en takkies op te gooi. In my geloofslewe is dit presies dieselfde.

Om Jesus toe te laat om Sy Lig helder te laat skyn, verg van my om gedurig die hout en takkies van “goeie werke” op my “kole” te gooi. Wat beteken dit? In die eerste plek om my liefde prakties uit te leef teenoor my medemens. Maar terselfdertyd beteken dit ook dat ek my verhouding met Jesus sal koester. Dit doen ek deur ‘n gesonde gebedslewe asook ‘n gedurige honger na die Woord. Jy kan nooit ophou leer uit die Woord nie!

Ons kan baie leer uit ‘n kampvuur. Hy begin met ‘n hoop dun takkies wat vinnig opvlam en ‘n helder lig gee. Hulle brand egter baie gou uit, dus moet jou vuur verder gestook word met dikker hout. Met iemand wat nuut in die geloof is, is dit presies dieselfde. Jou eerste verwondering oor jou redding vlam helder op, maar jou geloof verflou maklik as dit nie gou gestook word met pitkos nie.

Soos die aand vorder en daar gedurig hout op die vuur uitbrand, vorm dit ‘n warm basis van kole, wat net ‘n paar takkies verg om dit weer vrolik te laat brand. Nét so vorm jou gedurige soeke na kennis van die Woord ‘n stewige basis vir jou geloof, wat sorg dat dit maklik kan opvlam. As jy egter nie hout op ‘n vuur gooi nie, gaan die kole weldra koud word en presies nét so met jou geloofsvuurtjie - as dit nie gedurig gestook word nie, gaan dit stadig koud word.

Stook dus vandag daardie kampvuurtjie van jou geloof, sodat Jesus se lig helder deur jou kan skyn en die duisternis van die bose kan verdryf.

Gebed:

Here, ek wil U lig laat skyn in my lewe. Help my om te onthou om dit gedurigdeur te stook!

# 38

## Die Jode se Ongeloof

## Johannes 8:21-30

**VIDEO * OUDIO**

Jesus was in gesprek met die Jode. Hulle het Hom allerhande vrae gevra en Jesus het hulle antwoorde gegee wat hulle gladnie verstaan het, of dalk wóú verstaan nie. Sy gesprek met die Jode is uit ‘n menslike oogpunt totaal onbegryplik. Ons sien ook in hierdie gesprek ‘n frustrasie opbou, beide van die Jode sowel as van Jesus af.

“Wie is jy?” vra die Jode, nadat Jesus al talle male vir hulle verduidelik het wie Hy is. “Waarom praat Ek eintlik nog met julle?” kom Jesus se moedelose antwoord. Hoeveel duideliker moes Hy dit dan nog stel? Maar tóg is daar ‘n diep geheimenis wanneer Jesus verduidelik, iets wat te groot is vir ons menslike verstand om ooit te begryp.

Hierdie gesprek is een van die belangrikste uitsprake van Jesus oor die dinge wat daar by die kruis gebeur het. Hy vertel vir die mense dat Hy weggaan, en dan sê hy verder ook vir hulle dat húlle nie kan kom waar Hy heen gaan nie. In Joh 7:34 het Hy dieselfde ding vir hulle gesê. Dit is ‘n dringende waarskuwing hierdie - ongelukkig een

wat die Jode verkies het om te ignoreer. Hulle verkies om nie te verstaan wat Hy bedoel nie. "Gaan Hy dalk selfmoord pleeg?" wonder hulle. Lagwekkend! Hulle maak totale gekke van hulleself.

Terloops, daar was eenmaal 'n beriggie in die koerant van 'n gemeente wat 'n reuse plakkaat op die kerkgronde opgerig het met 'n Bybel aanhaling: "Die dwaas sê in sy hart dat daar nie 'n God is nie!" 'n Ateïs het erg aanstoot geneem, want hierdeur word hy mos uitgekryt as 'n dwaas. Hy is hof toe hiermee, en hy het sy saak gewen, want dit is ongrondwetlik om iemand 'n dwaas te noem as hy nie glo nie, al sê die Woord van God anders. Ja, hy mag dalk sy hofstryd gewen het, maar die arme man het 'n baie groter geveg verloor, en dit maak hom die grootste dwaas wat bestaan. Want wat help dit jy het wel alles op aarde, maar jy verloor die reg om die ewige lewe te kan hê?

Jesus spel dit weereens vir die Jode uit - Hy is van daar Bo, nie van hierdie wêreld nie. Kon Hy dit duideliker sê? Hy is van die hemel af. En hiermee het Jesus baie beslis nie bedoel dat Hy 'n engel is nie! Ja, Hy het wél die titel van Engel, maar dit is 'n verhewe titel: Engel van die Here! Dit beteken egter nie dat Hy 'n engel is nie, maar Hy is God. In

Sy verduideliking gebruik Jesus die term “Ek is wat Ek is” om te sê Wie Hy werklik is.

Tydens die gebeure van Moses se roeping in Eksodus 3, waar Moses die brandende doringbos sien, lees ons dat die “Engel van die Here” in die gedaante van ‘n brandende bos aan hom verskyn het. Dit was dus die Seun, Jesus. Later in die gesprek, as Moses wil weet hoe hy vir die Israeliete moet sê, wie hom gestuur het, sê die Here vir hom: “Ek is wat Ek is” (JHWH of JAHWEH).

Moses moes sy skoene uittrek, want die Here het hom laat verstaan dat hy op heilige grond verkeer. By die aanhoor van hierdie woorde, moes die Jode eintlik ook in aanbidding voor Jesus neergeval het, want hier was hulle voor die Heilige God. Maar wat doen hulle? “Wie is jy?” vra hulle Hom. Hy het vir hulle so pas uitgespel Wie Hy is, en dan kom hulle met so ‘n simpel vraag! Dit is daarom dat Jesus vir hulle sê: “Waarom praat Ek eintlik nog met julle?”

Maar dan kom die totaal onbegryplike uitspraak van Jesus, dat Hy slegs sê wat Hy van die Vader gehoor het. Ons sien hier Jesus se ware menslikheid deurkom, dat Sy kennis beperk is tot wat die Vader Hom meegedeel het. Terselfdertyd sien ons Sy Goddelike kant as Hy vir hulle sê dat Hy hulle kan veroordeel. Later sal ons sien hoe

Jesus se menslike kant nog sterker na vore tree, wanneer Hy bang en benoud is kort voor die kruisiging. Hy was waarlik mens, net soos ek en jy, maar met die groot verskil dat Hy geen sonde in Hom gehad het nie. Maar weereens sien ons ook in Sy Menslikheid, dat daar die Goddelike deurkom, in dat Hy ten volle bewus is wat vorentoe met Hom sou gebeur. Hy het presies geweet wat vir Hom sou voorlê tydens die kruisiging. Dit moes, menslik gesproke, absoluut skrikwekkend gewees het! Geen wonder dat Hy daardie verskriklike nag in Getsemane gebid het dat hierdie dinge asseblieftog nie met Hom moes gebeur nie! Dit was meer as wat enige mens sou kon verduur.

In die daaropvolgende deel van die gesprek praat Jesus van Sy “verhoging.” Hulle, die Jode, sou Hom verhoog, en eers daarna sou hulle begin besef Wie Hy werklik is. Hierdie “verhoging” dui natuurlik op Jesus se kruisiging. Maar dit het eintlik ‘n dubbele betekenis, want terselfdertyd dui dit ook op Sy verhoging tydens die hemelvaart, waar Jesus weer Sy regmatige plek ingeneem het in die troonsaal van die almagtige God, as heerser oor hemel en aarde.

Ten spyte van die hardnekkige ongeloof van die Joodse leiers, vertel Johannes vir ons dat daar

nogtans baie mense tot geloof gekom het in Jesus oor hierdie dinge wat Hy vir hulle gesê het.

Vandag moet ek en jy as gelowiges nie moedeloos raak as ons die ongeloof rondom ons aanskou nie. Daar is steeds ‘n groot skare van gelowiges wat saam met ons die Here dien.

Gebed:

Here, dankie vir al die gelowiges wat U dien saam met my, en wat ook soos ek onvoorwaardelik glo in U.

# 39

## Kind van God?

## Johannes 8:31-47

**VIDEO  *  OUDIO**

Kan iemand wat Jesus in geloof aanvaar het, sy geloof verloor en dus weer verlore raak? Daar is al menige warm debatte oor hierdie vraag gevoer! Is dit moontlik dat jy jou geloof in Jesus kan verloor? In Nederland het 'n predikant op 'n dag tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen God is nie en hy het 'n totale ateïs geword. Die ergste is dat hy sy predikantstatus behou het en hierdie verskriklike leuen van die kansel af verkondig het!

Die briewe van Johannes vertel dat die gemeente in twee geskeur het en dat een deel van die gemeente nie meer aan die waarheid van Jesus vasgehou het nie. Hulle het ook nie meer soos gelowiges opgetree nie. Ek het dit al talle male beleef dat lewende lidmate een dag net wegraak uit die gemeente en totaal vervreem raak van die kerk.

Johannes 8:44 vertel van iets amper nog erger, wanneer Jesus vir die Jode "wat in Hom glo" sê dat hulle kinders van die duiwel is! Dit is erg! Hoe kan dit?

Maar kom ons begin by die begin: Ons het reeds in ‘n vorige dagstukkie gemeld dat wanneer Johannes praat van iemand wat in Jesus glo, hy nie noodwendig bedoel dat die persoon ‘n gelowige is nie, maar dat dit ook kan beteken dat die persoon hom bloot by Jesus skaar sonder dat daar werklik ‘n intieme verhouding met Hom is. So byvoorbeeld noem 70% van alle Suid-Afrikaners hulleself Christene, maar dit beteken baie beslis nie dat hulle almal gelowiges is en in ‘n verhouding met Jesus leef nie.

Ons het reeds genoem dat hoofstuk 8 eintlik ‘n soort hofsaak is oor die identiteit van Jesus. Die vraag word gevra, of God Jesus se Vader is? As dit wél die geval is, plaas dit Jesus natuurlik aan die kant van God. Ons het reeds uit die vorige verse gesien dat dit in der waarheid tóg die geval is. Maar nou kom Jesus en Hy swaai die hofsaak om. Nou is Hy nie meer die Een wat in die beskuldigdebank staan nie, maar wél diegene wat na Hom luister. Die tyd het gekom dat húlle nou verantwoording moet doen. “As julle in My woord bly, is julle waarlik My dissipels”, sê Jesus vir hulle. Hier lê die toets van ware geloof in Jesus - dat jy volkome gehoorsaam sal bly aan wat Jesus sê.

Hy sê verder vir hulle dat hulle die waarheid sal ken en dat daardie waarheid hulle sal vrymaak.

Wat is hierdie “waarheid”? Dié dinge wat vir God reg en eg is. Die Jode verstaan Jesus alweer verkeerd - hulle is dan Abraham se kinders, en hulle is nie slawe nie! Hoe kan Hy nou wil beweer dat hulle nodig het om vry te word? Hulle is mos klaar vry!

Maar eintlik speel hulle so reg in Jesus se hand, want Hy gebruik nou presies hulle onkunde om te verduidelik wat hierdie vryheid waarlik beteken. Hy gebruik die posisie van ‘n slaaf teenoor ‘n kind in die huis. Elke sewe jaar moes die Jode hulle slawe vrylaat. Die slaaf het dus ‘n beperkte verhouding met die gesin. ‘n Kind se verhouding is egter permanent. Die implikasie is dat wanneer Jesus jou vrymaak, oftewel deel maak van die gesin van God, dan is dit ‘n permanente gawe.

Vir die Jode wat staan op die feit dat hulle afstammelinge van Abraham is, en daarom deel is van God se volk (gesin), het Jesus ‘n onaangename verrassing: Abraham was wél deel van God se gesin, maar dit maak sy nageslag nog nie deel van God se gesin nie. Hulle dade wys dit wel baie duidelik. Jesus se Vader en hierdie “gelowiges” se vader kan beslis nie een en dieselfde wees nie. Jesus verkondig die waarheid aan hulle, maar wat is hulle reaksie? Hulle wil Hom doodmaak. Jesus kom van God af - Hy (die God

van Israel) het Sélf vir Jesus gestuur. Deurdat hulle nie vir Jesus wil aanvaar nie, bewys hulle nou ook deurdat hulle téén die God van Israel gedraai het. Dit is ‘n verskriklike gedagte! Maar dit raak erger: dit beteken terselfdertyd dat hulle die duiwel as vader het! En dit is daarom dat hulle nie Jesus se boodskap kan of wil verstaan nie. “As God julle Vader was, sou julle My liefgehad het,” sê Jesus vir hulle (Joh 8:42).

Die Woord van God is ewig, en vandag dus nog net so vars as tweeduisend jaar gelede. Dit praat ook vandag met ons as mense in die moderne era. As daar werklik 30 miljoen gelowiges in Suid-Afrika was, sou ons land baie anders gelyk het. Ons besef egter almal dat dit beslis nie die geval is nie, en dat die grootste persentasie slegs in naam Christene is. Trek ons egter die kring nouer, en ons kyk na diegene in die kerk, dan kom ons ook baie gou agter dat daar talle mense sit wat nie werklik vir Jesus ken nie. In vers 47 beklemtoon Jesus dit: “Hy wat uit God is, luister na die woorde van God.”

As daar dus vandag vir jou en my die vraag gevra word, oor Wie ons dink dat Jesus werklik is, dan kan ons nie sommer so ‘n antwoord aanmekaarslaan nie. Die waarheid kom uit in die dinge wat ons doen en hoe ons leef. Die antwoord word dus gegee deur ons dade.

Die vraag aan die begin: Kan ‘n gelowige verlore gaan? ‘n Ware gelowige is ook maar net ‘n mens, en hy kan afdwaal, soos met die verlore seun gebeur het. Ek glo egter dat Jesus hom nooit verlore sal laat gaan nie, en dat hy altyd weer teruggetrek sal word deur die liefde en genade van die Vader.

Gebed:

Here, dankie dat ek nie ‘n slaaf is nie, maar U kind. Dankie vir al die voorregte wat U my gee, en dat U my vashou, selfs wanneer ek struikel. Help my om my liefde vir U ten volle uit te leef.

40

## Jesus Word Beledig

## Johannes 8:48-59

**VIDEO * OUDIO**

Jesus word gruwelik beledig deur die Jode, op die ergste moontlike manier. In die eerste plek noem hulle Hom ‘n Samaritaan. Vir ‘n Jood is dit ‘n verskriklike ding om te sê, want soos ons weet, word die Samaritane verag deur die Jode. Hulle was beskou as verraaiers van die ware geloof en al was hulle half-Joods, was hulle beskou as oneg omdat hulle van gemengde bloed was. Die Jode sou eerder met ‘n volslae heiden gesprek gevoer het as met hierdie “halfgebakte” mense.

Dis so ironies dat wanneer Jesus die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan vertel, dan wys Hy juis daarop dat dit nie die “heilige” Jode is wat goed doen aan ‘n man in nood nie, maar juis ‘n “smerige” Samaritaan. Jesus dra dus duidelik nie dieselfde sentimente in Hom as die Jode nie. Ons het reeds gesien dat Hy dit prakties uitleef deur nie die ompad om Samaria te reis nie, maar deur die landstreek te reis. Verder het ons gesien hoedat Hy waaghalsig ‘n gesprek aanknoop met ‘n baie obskure Samaritaanse vrou. Aan hierdie belediging steur Jesus Hom dus gladnie!

Die tweede belediging wat hulle Hom toeslinger, maak egter seer. Die Jode beweer dat Jesus van die duiwel besete is. Dit kan net eenvoudig nie verder van die waarheid af wees nie. Vandag wonder ons hoe die Jode ooit so blind kon wees. Om Iemand wat nog net goed gedoen het en liefde uitgeleef het tot op die héél hoogste vlak, te beskuldig van duiwelsbesetenheid, is absurd! Het hulle nooit gesien wat Hy gedoen het nie? Het hulle nie opgemerk dat Hy duisende siek mense genees het nie? Het hulle nie die wonderwerke wat Jesus gedoen het, beleef of ten minste daarvan gehoor nie? Wat van die reuse skare wat Hy kos gegee het van slegs vyf brode en twee vissies? En die water wat wyn geword het - sê dit dan niks? Iemand wat van die duiwel besete is, sal gladnie goeie dinge doen nie! En buiten vir al die wonderwerke, moes hulle Hom sékerlik tog gehoor preek het. Nikodemus, hulle hooggeagte kollega het dit wél raakgesien en Hy het Jesus agterna opgesoek om te hoor hoe jy die saligheid kan verkry. Uit alles wat Jesus gesê het moes hulle tog baie duidelik kon sien dat Hy baie beslis nie van die duiwel besete was nie!

Vandag maak dit my diep hier binne seer, dat my Heiland so verskriklik beledig moes word. Hy wat die duiwel beskou as die grootste vyand, was hier deur die geestelike leiers van die volk van God

daarvan beskuldig dat Hy en die duiwel in ‘n bondgenootskap gestaan het! Hierdie volk, vir wie Hy uitgekies het nog voor die grondlegging van die aarde af, en wat Hy gedra, beskerm en gekoester het deur die millennia, is dieselfde volk wat Hom nou so wreed verwerp.

Wanneer Jesus hulle antwoord, sê Hy nie ‘n dooie woord oor die aantyging dat Hy ‘n Samaritaan is nie! Wat sou dit in elkgeval saakmaak? Hy het nie net na die aarde gekom vir Jode nie maar ook vir Samaritane, én Grieke, Romeine, Turke en selfs Suid-Afrikaners! Die tweede aantyging ontken Hy egter ten sterkste. Hoe kan dit ook anders?

Vir Jesus het dit egter nie gegaan oor wat die mense oor Hom gesê het nie. Sy doel was immers nie om hier op aarde eer te kom soek nie. As dit die geval was, sou alles baie anders gebeur het en sou Hy in ‘n paleis gebore word en nie ‘n stinkende stal nie! Dan sou Hy ook nie te voet die land deurreis het en snags op die harde grond geslaap het nie. Daar is egter ‘n Groot Regter wat Hom uiteindelik sou verhoog en aan Hom al die eer gee wat Hom toekom. Maar vir nou was daar ‘n baie belangriker saak, naamlik om te kom red. Daarom waarsku Jesus die Jode dat hulle moet luister na wat Hy sê en dit ter harte neem sodat ook húlle, die spotters, die ewige lewe sou kon kry.

Ek wonder soms of daar wél enige van daardie mense uiteindelik tot inkeer gekom het? O ja, ten minste een het tot ander insigte gekom, en die grootste sendeling van alle tye geword - Paulus! As dit kon gebeur met ‘n fanatikus soos Paulus, dan was daar sekerlik ook ander wat tot nuwe insigte gekom het, en Jesus gesien het vir wie Hy werklik was.

Die Jode kom nou en sleep ook vir Abraham by die argument in. Jesus verduidelik vir hulle dat Abraham Hom goed ken, en dat Hy alreeds lank voor Abraham daar was. Hoe kan dit ook anders? Jesus is die Een wat nie net vir Abraham gemaak het nie, maar die ganse heelal uit niks geskep het. Maar dit sou die Jode gladnie verstaan het nie. Toe doen hulle maar wat hulle die beste kon doen: hulle tel klippe op om Hom daarmee dood te gooi. Jesus moes vlug vir Sy lewe!

Hoe ironies, dat die Jode vir Jesus wou doodmaak. Hy was vir hulle juis die één kans om die ewige lewe te kon kry. Sou jy nie hierdie kans met altwee jou hande aangegryp het nie? Ongelukkig herhaal die geskiedenis homself keer op keer, en vandag is die spotters steeds daar - mense wat Jesus, die enigste Weg na die ewige lewe, verwerp, bespot en beswadder. Moenie dieselfde fout maak nie!

Gebed:

Here, dit maak bitter seer as ek vandag lees hoe verskriklik U beledig is. Ek aanbid U en eer U. Dankie dat U ten spyte van al die beledigings, steeds vir my die losprys betaal het!

# Beproewinge

## Johannes 9:1-12

**VIDEO * OUDIO**

Hierdie beproewings wat ons tref - is hulle nie maar God se straf op ons sondes nie? As dit die dag met ons swaar gaan, is die Here nie dalk besig om ons te straf nie? Of as ‘n geliefde van my weggeneem word, is dit moontlik omdat ek iewers gesondig het? Hierdie is alreeds ‘n baie ou vraag! Dit was selfs op die lippe van Jesus se dissipels. Dit was so algemeen aanvaar, dat hulle vanselfsprekend aangeneem het dat die arme blinde bedelaar wat hulle teëgekom het, gestraf was deur God oor sy sonde, of dalk eerder oor sy ouers se sonde. God was in daardie tyd gesien as die God van lewe en van die goeie. Niks wat iets te doene gehad het met pyn of siekte kon van Hom af kom nie, en daarom kon dit alleen deur die man of sy ouers se sonde wees dat hy gely het. In hierdie geval was die man van geboorte af al blind, so dit kon dus slegs die ouers se skuld wees! Dis húlle sondes wat gestraf was!

Jesus het egter Sy kop geskud. Nee, hierdie man was blind sodat God daardeur verheerlik kon word. Die werke wat God doen moes in hierdie blinde

man gesien kon word. As God dus hierdie man sou genees, dan sou dit weereens ‘n bewys wees van Sy almag, liefde en genade, en dat Hy selfs die tekens van sonde kan uitwis. As Jesus die man sou genees, dan sou dit dien as ‘n verdere bewys dat Sy werke nie, soos die kerkleiers beweer het, aan die duiwel gekoppel kon wees nie, maar dat dit van God af sou kom. Daardie man was dus blind sodat dit die mense van daardie tyd se geloof in Jesus sou vestig, en selfs vandag nog ook ons eie geloof versterk.

Jesus kon maar ‘n enkele woord gespreek het, en die man sou gesond wees. Hy verkies egter om dit op ‘n ander manier te doen - ‘n baie verrassende manier: Hy maak “oogmedisyne” aan deur met spoeg ‘n bietjie klei aan te maak, wat hy aan die man se oë gesmeer het. Toe stuur Jesus hom na die Siloam-bad om hom te was. Johannes noem baie pertinent dat die naam van die bad beteken: “Die een wat gestuur is.” Dit is met ‘n baie goeie rede, want hierdie blinde man word nou ook ‘n gestuurde. Waarvoor was hy gestuur? Om van Jesus te gaan getuig - iets wat hy baie goed gedoen het, nie alleen deur die voorbeeld te wees van Jesus se wonderwerke nie, maar later ook deur wat hy moes sê voor die Joodse Raad, waar hy namens Jesus moes praat.

Hier het ons ‘n voorbeeld van ‘n totaal ongeletterde mens wat nie eers ‘n behoorlike agtergrond gehad het van godsdiens nie, en beslis nie veel geweet het van Jesus af nie. Nogtans het die Here hom baie vrugbaar gebruik om die boodskap van God se genade en Jesus se verlossing uit te dra.

Ek en jy skuil so dikwels as verskoning agter ons gebrek aan genoegsame kennis, om as getuies vir Jesus te dien. Hierdie man het met enkele woorde en sekerlik ‘n stralende gesig gaan getuig. Ons sien dieselfde met die Samaritaanse vrou, wat met absoluut géén kennis, buiten ‘n enkele kortstondige ontmoeting met Jesus, gaan getuig het, en ‘n hele dorp in beroering gebring het. ‘n Ander voorbeeld is die man wat duiwelsbesete was, daar in die begraafplaas. Nadat Jesus hom bevry het, het hy gaan getuig, en ‘n hele landstreek vir Jesus gewen. Hierdie man kon slegs getuig uit wat Jesus vir hom gedoen het! Hy het absoluut géén Skrifkennis gehad nie.

Die dag toe ek en jy deur Jesus gered is van die mag van die duiwel, het ons outomaties uitgestuurdes geword. Net soos die blinde man, was ons ook geestelik blind, en Jesus het ons geloofsoë gegee om mee te kon sien. Anders as die drie mense wat ons hier bo genoem het, is ons in die geweldige bevoorregte posisie dat ons van

kleins af al Skrifkennis ingegee is deur ons ouers, sondagskoolonderwysers en leraars. Hoe durf ons dan nog sê dat ons nie waardig is om uitgestuurdes te kan wees nie?

"Maar ek is bang!" sê ons dikwels. Ons is bang vir verwerping. Ons sal later sien dat hierdie blinde man ook verwerp was. Hy was uit die sinagoge gesmyt omdat hy dit durf waag het om vir Jesus te getuig. Getuienis bring konfrontasie. Ons sien dit baie goed by sendelinge wat die Woord uitdra in die lande waar die Evangelie nie welkom is nie. Hulle word dikwels vervolg en selfs gedeporteer as hulle uitgevang word dat hulle Bybels uitdeel of die Woord verkondig. Nog erger: die Christene van hierdie lande word in die tronk gesmyt of selfs doodgemaak as hulle uitgevang word dat hulle die evangelie uitdra. Dit is baie moeilik, en hulle beproewinge is bitter swaar. Hulle, en die sendelinge wat hulle lewe waag om die Woord daar te bring, moet gedurig in ons gebede wees.

Twee vrae wil ek graag vanoggend voor jou deur lê: Is daar beproewinge wat dreig om jou onder te kry? Dan moet jy dit sien as 'n geleentheid om God se Naam groot te maak. Die tweede vraag: leef jy waarlik jou missie uit as uitgestuurde van Jesus?

Gebed:

Here, dankie vir die beproewinge in my lewe - ek weet dat U 'n groot doel daarmee het. Leer my om dit te omskep in getuienis vir U.

# 42

# Intimidasie

## Johannes 9:13-34

**VIDEO * OUDIO**

Die sage van die blinde man wat Jesus genees het, het nie geëindig met sy genesing nie, dit was maar net die begin. ‘n Feit wat nie voorheen aan ons vermeld was nie, is dat hierdie hele episode op ‘n Sabbatdag plaasgevind het. Die Jode het soos ‘n spul aasvoëls sit en wag vir Jesus om die een of ander van Moses se wette te oortree, maar dit het net eenvoudig nie gebeur nie. En hier val die “oortreding” as’t ware in hulle skote!

Die Fariseërs het geweldig baie gemaak van die Sabbat. Hierdie wet was as’t ware uitgelig bo al die ander. Hulle was so bang dat iemand dalk per ongeluk die Sabbatswet sou oortree, dat hulle ‘n hele klomp bywette gemaak het om te beskryf wat alles nie op ‘n Sabbat gedoen mag word nie. Sommige van hierdie wette is werklik komies en ‘n bespotting van die Fariseërs se intelligensie. In kort het die wet vir hulle baie swaarder begin weeg as God, die Een wat die wet ingestel het! Hulle het ook nie tred gehou met die ware betekenis van die wet nie.

Toe die Fariseërs dus verneem het dat Jesus hierdie man op ‘n Sabbat genees het, het hulle op die arme man toegesak, want nou was hy hulle getuie nommer een! Hy was oor en oor ondervra totdat hy naderhand moedeloos geraak het met hierdie spul wat maar net nie kon verstaan wat met hom gebeur het nie. Dat die man wonderbaarlik genees was, het nie vir hulle saakgemaak nie. Dat hy nou vir die eerste keer in sy lewe kon sien, het vir hulle gladnie getel nie. Al wat vir hulle saakgemaak het, was die wet, en hoe om Jesus vas te trek. Oor en oor het hulle hom geïntimideer. Hulle kan net eenvoudig nie aanvaar dat hierdie ‘n wonderwerk kon wees nie. “Wat sê jy van Hom?” het hulle hom in ‘n hoek probeer druk. Hulle wou weet Wie presies Jesus vir hierdie man was? Dalk weerklink dieselfde vraag vanoggend in jóú ore: Wie is Jesus vir jóú?

In skrille kontras hiermee, sien ons die man se getuienis oor Jesus: Vir hom was Jesus ‘n Profeet, ‘n Boodskapper, ‘n Bemiddelaar van God. Hy het oorgeloop van lof teenoor Jesus: “Hoe kan iemand wat ‘n sondaar is sulke wondertekens doen?” het hy moedeloos die vraag voor die geleerde manne gegooi (vers 17). Hierdie vraag het hulle kaarte totaal deurmekaargekrap en tussen die lyne deur lees ons dat hulle onder mekaar gestry het hieroor.

Toe hulle niks van waarde uit die man gewurg kon kry nie, het hulle na sy ouers gedraai. Hulle was egter te bang om enigiets te sê, buiten dat hulle seun blind was van geboorte af en dat hy nou kon sien. As hulle sou sê wat in hulle harte was, dat Jesus die Christus was, dan sou dit klaarpraat wees met hulle. Hulle het baie goed geweet dat hulle uit die sinagoge geban sou word. Dit sou beteken dat alle sosiale bande met die gemeenskap geknip sou word. Hulle sou vreemdelinge word in hulle eie dorp. Hulle durf dus niks sê nie, daarom is hulle kommentaar: “Vra hom self - hy is oud genoeg.”

‘n Tweede keer word die man nader getrek en gepeper met vrae, totdat hy naderhand vir hulle sê: “Ek het mos al vertel, en julle het nie geluister nie. Wil julle dalk ook Sy dissipels word?” Dit het hulle briesend gemaak, toe haal hulle die groot kanon uit: Moses! Hulle was dissipels van Moses, en Moses het immers met God gepraat.

Hoe ironies, in ‘n vorige dagstukkie het ons gesien dat dit Jesus Sélf was wat aan Moses verskyn het in Eksodus 3. Dit was Hý wat vir Moses die opdrag gegee het om die volk uit te lei. Ons kan ook met sekerheid aanneem dat dit Jesus was wat met Moses gepraat het op die berg Sinai en die Wet vir hom gegee het (Eks 19 en 20). Dit was ook Jesus

wat gereeld by talle geleenthede met Moses gepraat het in die tent van samekoms. Moses het in diepe nederigheid selfs sy skoene uitgetrek toe hy die eerste keer vir Jesus ontmoet het. Hy het in aanbidding en groot respek met Jesus gepraat. Vir Moses was Jesus absoluut alles in die lewe, en het hy Hom as God herken en erken.

In teenstelling hiermee was Moses en die wet vir die Fariseërs alles en het hulle die God van Moses om die lewe probeer bring. Hulle wou Hom net eenvoudig nie herken of erken nie.

Aan die ander kant sien ons hoedat die man wat blind was ontluik het van iemand wat te bang is om te praat tot iemand wat uitgeproke was en Jesus verdedig het. Die Fariseërs het hom eintlik ‘n groot guns gedoen, want voor ons oë het hy ontpop en vreesloos het hy Jesus erken as ‘n Man wat van God af is. Vreesloos, want vir hom sou daar ‘n verskriklike straf wag, om uit die sinagoge en dus uit die totale samelewing geban te word oor sy standpunt. Ja, hy het nog nie mooi verstaan waaroor dit gegaan het nie, maar hy het besef dat Jesus baie spesiaal was en dat hy daarom aan hom moes vasklou. Die ergste hét gebeur en hy wórd uitgeban! Maar ook die feit dat hy nie verstaan het nie, sou verander as Jesus later aan hom sou verduidelik Wie Hy werklik was.

Die vraag is vanoggend: Hoeveel beteken Jesus vir my? Soveel so dat ek alles oorboord sou gooi om Hom te volg? Soveel so dat ek selfs bereid is om my status en vriende prys te gee?

Gebed:

Here Jesus, U is alles in my lewe. Ek aanbid U want U is die Koning van konings. Hou my asseblief staande as ek gekonfronteer word.

43

# Geestelike Blindheid

## Johannes 9:35-41

VIDEO * OUDIO

Ons het gesien watter verskriklike lot die blinde man wat Jesus genees het getref het. Die Joodse leiers het hom uit die sinagoge verban. Dalk was hy die eerste van die Christene wat deur die Jode vervolg is, maar daar sou nog baie ná hom volg. Vir hierdie man was die straf groot, want vir die eerste keer in sy lewe kon hy sien en kon hy met volle oorgawe deelneem aan al die sosiale aktiwiteite van die gemeenskap, maar die oomblik toe dit gebeur, word hy totaal afgesny van hierdie einste gemeenskap. Wat ‘n verskriklike teleurstelling. Wat ‘n wrede straf!

Maar wie kom tot sy redding? Niemand anders nie as Jesus. Hy het gehoor van die arme man se dilemma, en toe gaan soek Hy die man. Jesus het geweet dat Hy vir hierdie man iets baie, báie groter en meer bevredigend kon bied as die aanvaarding deur ‘n ongelowige gemeenskap. ‘n Totaal nuwe wêreld het op daardie man gewag - ‘n wêreld waarvan ek en jy vandag ook deel is. Buiten vir die asemrowende vooruitsig van die volmaakte lewe wat eendag wag, is daar ook die wêreld van die

gelowige, wat totaal anders is as dié van die ongelowige.

As ons verder gaan lees in boeke soos Handelinge, sien ons hoedat die gelowiges geleef het. Daar was liefde en ‘n omgee vir mekaar wat absoluut géén grense geken het nie. Party gelowiges het selfs so ver gegaan om hulle eiendom te verkoop om geld te kry om hulle mede-gelowiges wat verdruk was te help. Vandag sien ek steeds hierdie liefde en omgee by gelowiges wat werklik erns maak met hulle geloof. Ek was al sélf deur ‘n paar bitter moeilike tydperke in my lewe, en in daardie tye is ek letterlik op die hande gedra deur gelowiges wat omgee.

Dit is ook ‘n totaal nuwe wêreld van vriendskap wat vir jou oopgaan as jy die dag tot geloof kom. Wêreldse vriendskap is dikwels uiters oppervlakkig. Maar vriendskap tussen gelowiges is op ‘n totaal ander fondament gebou - dit het diepte, en dit kyk nie na wêreldse dinge nie, maar die geestelike en die ewige. Jesus het hierdie dinge geweet, en daarom gaan soek Hy die man op om hom aan hierdie nuwe wêreld voor te stel.

Toe Jesus hom konfronteer, was Hy deeglik bewus daarvan dat hierdie man steeds nie besef het wat presies met hom gebeur het nie. Ja, hy kon skielik sien, maar Wie was dit wat hom genees het? Hy

het nie geweet nie! Hy was steeds geestelik blind, en hy het nodig gehad om te kon sien. Toe Jesus hom dus vra of hy in die Seun van die Mens glo, het die man nie eers geweet Wie dit was nie. Intussen het die Fariseërs soos 'n spul brommers om hulle gedraai. Hulle het presies geweet van Wie Jesus gepraat het. Hulle het oor en oor in die Skrif geleer van die Seun.

Toe maak Jesus ook die man se geestelike oë gesond, toe Hy vir die man sê dat Hy, Jesus, die Seun is. Sy onmiddellike reaksie was om te bely dat hy glo en hy het Jesus net daar aanbid, terwyl die Fariseërs gesnak het na hulle asems. Skielik het hierdie nuwe wonderwêreld vir die man oopgegaan en hy het op 'n totaal ander vlak gesien!

Ek onthou nog baie goed, die dag toe Jesus my oë oopgemaak het. Ek was alleen in 'n klein rondaweltjie op Amatikulu, toe ek my hart vir die Here gegee het. Ek het nie eers mooi besef wat met my gebeur het nie. 'n Paar dae later vra 'n meisie my wat met my gebeur het? My stralende gesig het haar vertel dat iets my lewe verander het! Toe verduidelik sy vir my dat ek so pas 'n gelowige geword het. Ek het dit sélf nie eers besef nie! Maar skielik was alles net anders en 'n nuwe, wonderlike wêreld het voor my oopgegaan! Dit was asof daar

skille van my oë afgeval het, en ek kon sien en verstaan.

Jesus het die Fariseërs om Hom aangekyk. Ja, Hy het die blindes weer laat sien, maar die wat kón sien, dié sou blind word. Hoe verstaan ‘n mens dit? “Ons is mos nie blind nie!” het die Fariseërs dadelik geprotesteer.

“As julle maar blind was,” het Jesus Sy kop meëwarig geskud.

Hulle het die Skrifte deeglik geken. Hulle het ál die kennis gehad wat nodig was om van God te weet. Hulle was egter só verstrengel in hulle godsdiens, rituele en wette, dat hulle God nie meer raakgesien het nie! Hulle kon dus wél behoorlik sien, maar hulle het hulleself blind gehou.

Ja, vandag sien ons dit steeds dat daar hoogsgeleerde teoloë is wat die spoor totaal byster geraak het. Hulle het ál die kennis en geleenthede gehad, maar dit deur hulle vingers laat glip omdat hulle die wonder van God nie wou raaksien nie. Daarteenoor was hierdie man wat geen kennis gehad het nie - vir hom het Jesus laat sien. Hy het die hemel oopgemaak sodat die man die wonder kon sien.

Dit is ‘n wonderlike voorreg vir iemand om teologiese studies te kan doen, maar dan rus daar

‘n geweldige groot verantwoordelikheid op sy skouers. So ‘n persoon moet egter ook soveel harder werk aan sy geestelike lewe as enigiemand anders.

Gebed:

Here, dankie dat U ook my oë oopgemaak het sodat ek U heerlikheid kon sien!

## 44

## Die Goeie Herder

## Johannes 10:1-21

**VIDEO * OUDIO**

Dit was ‘n nostalgiese kuiertjie op die plaas waar ek grootgeword het, naby Waterval Boven. Veertig jaar het verby gegaan. Sou ek nog die dinge daar kry wat vir my mooi was? Die eerste wat ek sien is die ou opstal - ek is teleurgestel want dit het verander. Wat vir my as kind na ‘n massiewe huis gelyk het, is nou ‘n doodgewone huis met kleinerige vertrekke. Die buitegeboue waar ek so lekker gespeel het as kind, staan wél nog, maar selfs hier het dinge verander en ek voel nie tevrede nie. Dit is nie soos ek dit onthou nie!

Ek stap oor na waar die ou klipkraal was. Hy is feitlik heeltemal weggesteek tussen die bome. Maar dan, as ek hom vind, dan helder dit in my op. Daardie stewige klipmure wat Oupa self gebou het - hulle staan presies nog net soos wat ek dit onthou. Onvernietigbaar het hulle behoue gebly! In my geestesoog sien ek weer die beeste - hoor ek hulle tevrede bulk in die kraal. Ek hoor weer my hond opgewonde blaf, waar hy die beeste saans gaan haal en na die kraal toe lei sodat hulle veilig sal wees agter die vorse ou klipmure. Wonderlik

dat hulle sy stem geken het en dat hulle agter hom aangedraf het.

Jesus vertel ‘n storie van so ‘n ou klipkraal. Net soos Oupa se kraal, het hierdie een ook ‘n hek. Dit is die enigste plek waar die vee kan in en uit, en dit is die ingang vir die veewagters. Niemand het in Oupa se kraal gekom buiten deur daardie hek nie. En nou sê Jesus dat dit ook die enigste ingang is vir iemand wat regmatig daar moet in. Ja, daar is wel mense wat oor die muur klim, maar hulle is daar vir net een doel, en dit is om te steel!

Jesus vertel vir die mense dat die skape die herder se stem goed ken, en dat hulle agter hom aanloop as hy hulle roep. Die herder ken sy skape só goed, dat hy elkeen op die naam roep. Maar hulle volg nie sommer enige stem nie - hierdie skape volg net hulle herder en niemand anders nie. As hulle ‘n vreemde stem hoor, skrik hulle en hardloop weg.

Dit was ‘n pragtige storie, een waarmee Jesus se hoorders kon assosieer, want dit was deel van die alledaagse lewe. Maar met die storie wou Jesus by hulle ‘n waarheid tuisbring.

Ons kan daardie stewige vesting van die klipkraal sien as die ewige lewe. Daar is maar net één manier om daar in te kom, en dit is deur die hek. Hierdie hek onderskei die ware van die valse.

Iemand wat nie daar hoort nie, sal nie daar ingaan nie. Hy sal oor die muur probeer sluip. In hierdie verhaal is daar slegs een kraal en een hek. In vers 7 sê Jesus dat Hý daardie Hek is, en dat Hy die enigste toegang is tot die kraal.

Daar is teoloë wat vandag wil beweer dat daar meer as net een manier is om in die kraal van die ewige lewe te kom. Volgens hulle moet jy net glo - of dit nou in Boeddha is of die Hindoe godsdiens aanhang - maak nie saak nie. Dit is snert! Jesus is die enigste weg! Hy het Sélf so gesê. Al die ander is diewe en rowers (vers 8). Wat doen ‘n dief ? Hy steel en hy slag en hy roei uit (vers 10)!

In teenstelling daarmee - wat doen die herder? Hy versorg die skape in liefde en sorg dat hulle op die sappige groen gras wei. “Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.” (vers 10) sê Jesus vir hulle. Jesus het na die aarde gekom, nie om te oordeel nie, maar om te red en om liefde te gee en om te versorg. In skrille teenstelling hiermee sien ons die werke van die bose. Die Fariseërs is in sy mag, en al wat hulle doen is om verwoesting te saai. Hulle probeer nie alleen vir Jesus om die lewe bring nie, maar hulle maak die lewe vir die mense onmoontlik. Ons sou later sien hoedat hulle die Christene vervolg en selfs doodmaak. Hulle dink net aan hulleself!

Jesus is nie net die Ingang of Hek na die ewige lewe nie, Hy is ook die Herder wat Sy skape (die gelowiges) versorg en beskerm. In vers 15 sien ons hoedat Hy Sy lewe aflê vir Sy skape. As ‘n herder ‘n wolf sien by sy skape, sal hy sy lewe waag om die wolf te verdryf en sy skape te beskerm. Jesus het bewys dat Hy daardie Goeie Herder is, toe Hy sy lewe op die spel geplaas het om die bose se mag oor gelowiges vir altyd te breek. In die proses het Jesus die grootste offer van alle tye gebring - hy het Sy lewe gegee vir Sy skape!

Maar watter voordeel het dit vir ‘n trop skape as hulle herder dood is? Dan is hulle mos herderloos en verlore. In vers 18 verduidelik Jesus dat Hy nie alleen Sy lewe aflê vir die mensdom nie, maar dat Hy dit weer opneem in opdrag van God. Diegene wat wil beweer dat Jesus nooit uit die dood opgestaan het nie, moet hulle woorde sluk, want hier verduidelik Jesus waarom dit so noodsaaklik was dat Hy weer moes opstaan. Hy leef! Nie alleen lééf Jesus nie, maar Hy is steeds die Goeie Herder, en Hy versorg stééds vandag vir my en jou, Sy skape. Hy beskerm nog steeds Sy skape teen die aanvalle van die wolwe (die bose), en Hy gee Sy skape nog steeds die groen weivelde. Maar nog meer: Hy lei hulle na daardie onvernietigbare klipvesting van die ewige lewe..

Gebed:

Dankie Here, dat U ook my Herder is, en dat ek by U veilig is.

# 45

# Hardkoppige Ongeloof

## Johannes 10:22-42

**VIDEO  *  OUDIO**

In Jerusalem was dit winter. Saam met die winter het een van die Jode se groot feeste gekom, die Fees van die Tempelwyding. Dit het terugdateer tot die jaar 164 vC. Sirië was daardie jare die wêreldheerser en Israel was in sy greep. Aan die hoof het 'n man gestaan met die naam Antiochus Epifanes, 'n goddelose despoot. Hy het die naam Epifanes laat byvoeg, dit beteken "geopenbaarde god". Boonop het hy die liederlikste Godslasterlike dinge van God gesê. Om die Jode 'n les te leer, het hy die tempel onteer deur 'n beeld van Zeus in die tempel te laat oprig. Hy het selfs 'n vark op die altaar geoffer.

Na 'n bloedige stryd slaag Judas Makkabeus egter daarin om die vyand te verdryf en in die winter van die jaar 164 vC word die tempel uiteindelik herstel en weer in gebruik geneem. Daarna word daar elke jaar in die middel van Desember hierdie fees gehou wat agt dae duur.

Tydens hierdie groot feestelikhede was Jesus in die tempel. Die Jode het om Hom saamgedrom en

toe soek hulle ‘n reguit antwoord, of Hy die Christus was of nie? Hoeveel keer het Jesus nie alreeds vir hulle die antwoord gegee nie? Maar steeds het hulle nie gehoor wat Hy sê nie. “Ek het dit vir julle gesê, maar julle glo nie!” Jesus moes seker teen hierdie tyd moedeloos gewees het met hulle. Kon hulle net eenvoudig dan nie verstaan nie?

Vandag hoef ek en jy nie moedeloos te raak as ons die evangelieboodskap aan iemand oordra en hy hardkoppig weier om dit te aanvaar nie. Selfs Jesus het hierdie probleem gehad!

Jesus verduidelik vir die Jode deur weereens die beeld te gebruik van skape. Sy skape staan in ‘n spesiale verhouding met hom - hulle ken Sy stem en volg hom. Soos ‘n goeie Herder, sorg Hy vir hulle. Hy gee hulle selfs die ewige lewe! Hy beskerm hulle met Sy lewe, en niemand sal hulle van Hom kan steel nie. Waarom kan Hy dit doen? Die Vader het hulle vir Hom gegee en natuurlik is die Vader almagtig. Maar meer nog: Jesus en die Vader is Een. Jesus identifiseer Homself dus baie intiem met die Vader.

Wat beteken dit vir ons as Jesus sê dat Hy en die Vader een is? Nee, dit beteken nie dat Jesus die Vader is nie. Die Vader is immers groter as Hy en Jesus bly die gestuurde Seun. Hulle is egter een

omdat hulle een wil het. Hulle belange is dieselfde en dit vloei saam. Die eenheid tussen Vader en Seun is ‘n eenheid van wil asook van dade. Dit impliseer natuurlik ook dat Jesus waarlik God is en deel van die Goddelike Drie-Eenheid. En dit weerlê die beweringe van die Jehovah’s Getuies, dat Jesus nie God is nie, maar slegs ‘n Goddelike wese.

Natuurlik het die Jode baie goed begryp wat Jesus gesê het. Dit was in hulle oë niks minder nie as Godslastering, want hiermee wil Jesus Homself as God verhef. Hulle het dan sommer ook klippe opgetel om Hom dood te gooi. Eintlik is dit só ironies, want absoluut alles wat Jesus gedoen en gesê het, het daarop gewys dat Hy waarlik God is. Uit Hom het slegs liefde en goeie dinge gekom, maar daarvoor was hierdie manne totaal blind. “Baie goeie dade van die Vader het Ek aan julle gewys. Oor watter een van daardie dade wil julle My stenig?” het Jesus hulle gevra. Hulle het hulle egter nie gesteur aan wat Jesus gesê het nie. Hy moes dood omdat Hy Godslasterlike bewerings gemaak het!

Toe kom Jesus met ‘n meesterlike aanhaling uit Psalm 82:6, waar die regters veroordeel word. Hier sê die Here vir hulle dat hulle almal gode is, omdat hulle goddelike uitsprake moes maak en dus vir

God moes aanhaal. Hulle het Hom as't ware op aarde verteenwoordig. As hulle "gode" was, dan soveel te meer is Jesus God. Hy sê dit nou wel nie in soveel woorde nie, maar die implikasie is daar! As die Jode Psalm 82 sou lees, dan kon hulle Jesus nie skuldig vind nie, want alles wat Hy gesê het was korrek volgens die Skrif en daarmee durf hulle nie stry nie. Nou was hulle in 'n hoek gedryf.

Ai! As die Jode maar net Jesus se woorde en dade wou bymekaarbring. Dan sou hulle tot die besef gekom het dat Jesus en die Vader deel is van die Drie-Eenheid. Maar alles het net mooi niks gehelp nie, want hierdie Jode was beslis nie van Jesus se skape nie en hulle het dus gladnie Sy wonderbare stem herken nie. Hulle het net één ding gesoek: Jesus se dood! Voordat hulle Hom egter kon gryp, het Hy hulle ontglip. Hy het hierna uit Judea na Perea vertrek, 'n landstreek oorkant die Jordaan. Hoe tragies dat die Jode - Sy eie mense - vir Jesus laat gaan het! Hulle het Hom gehoor en die wonderlike dinge gesien wat Hy gedoen het, maar hulle wou Hom nie aanvaar nie en nie in Hom glo nie. Met die mense van Perea was dit egter anders: Hulle het alles onthou wat Johannes die Doper oor Jesus gesê het en dit was vir hulle genoeg om Jesus ten volle te aanvaar en glo! Hy het nie eers nodig gehad om dit met wondertekens

te bewys nie. Aan hulle het Hy die ewige lewe gegee.

Gebed:

Here Jesus, ek bid vanoggend vir elkeen wat U woord gehoor het maar steeds onverskillig daarteenoor bly. Open asseblief hulle oë, Here!

46

## Die Dood se Angel is Weg

## Johannes 11:1-16

**VIDEO * OUDIO**

Net buite Jerusalem was daar ‘n dorpie met die naam Betanië. Daar het ‘n groepie mense gewoon wat vir Jesus baie na aan die hart was: Maria, haar suster Marta en hulle broer, Lasarus. Veral Maria het ‘n groot plek in Jesus se hart gehad, want sy was die een wat die kosbare flessie reukolie gebreek het en die inhoud daarvan op Jesus se voete uitgegooi het. Jy onthou seker nog hoe kwaad Judas hieroor was, want hierdie olie was ‘n hele jaar se salaris werd - wat ‘n vermorsing! Maar Maria het doodeenvoudig voortgegaan en Jesus se voete met haar los hare afgedroog - ‘n wonderlike daad van liefde!

Nou was hulle egter in gróót nood - Lasarus was dodelik siek! Jesus was hulle enigste hoop. Daar was egter ‘n probleem, want Jesus en Sy dissipels moes inderhaas vlug vir die Jode en hulle was nou in die landstreek Perea, oorkant die Jordaan. Dit sou minstens twee dae neem vir die boodskap om Jesus-hulle te bereik en die situasie was kritiek!

Daar was waarskynlik ‘n paar uiters moeilike vrae gevra deur Lasarus se vriende. Sou hulle ooit betyds kon wees? Sou Jesus dit ooit waag om terug te kom om Sy vriend gesond te maak?

Wanneer hulle twee dae later by Jesus-hulle aankom, was die twaalftal baie bang. Dit was mos lewensgevaarlik vir Hom! Die Jode sou Hom hierdie slag beslis nie weer laat wegkom nie! Eintlik kon Jesus mos maar net die woord spreek, en Lasarus sou gesond wees! Dis mos wat Hy gedoen het met die soldaat se seun! Die manne was baie bekommerd - wat sou hulle Meester doen?

Toe stel Jesus hulle gerus: Lasarus se siekte sou nie sy dood beteken nie - dit sou egter Jesus se mag openbaar. Die volgende dag het Hy, tot groot ontsteltenis van die manne bloot rustig voortgegaan om te preek en mense gesond te maak. En so ook die dag daarna. Uiteindelik deel Hy die ontstellende nuus mee aan die twaalftal: “Ons gaan na Judea toe”. Die manne was geskok! Hoe kon Jesus so ‘n onverantwoordelike ding wou staan en doen? Dit was mos om Sy eie dood te soek! Die Jode sou Hom verséker daar in die hande kry en dan sou dit klaarpraat wees! Maar Jesus was vasberade - Hy wóú na Betanië toe gaan!

Toe sê Jesus ‘n baie snaakse ding vir die manne: “Ons vriend Lasarus slaap, maar ek gaan om hom wakker te maak.” Wat sou Hy hiermee bedoel? Ons weet tog dat Lasarus teen hierdie tyd alreeds dood was en Jesus het dit sékerlik ook geweet. Waarom sou Hy dan sê dat Lasarus net slaap?

Daar is ‘n baie goeie verduideliking. Vir Jesus was die dood so gering soos wat dit is vir iemand om te slaap. Vir ons is die dood dikwels ‘n verskrikking - die einde van die pad. Daar kom alles uiteindelik tot stilstand! Dis klaar! Dis verby! Jesus het dit egter baie anders gesien, want die dood is slegs die poort na die nuwe lewe wat vir ewig aanhou. Dit is dus niks meer as ‘n doodgewone slapie nie en wanneer jy wakker word, is jy aan die anderkant van die poort. As ons tussen die lyne lees, sien ons dat dit aan daardie kant van die poort asemrowend mooi en skoon en rein en wonderlik is. Ek sien met groot verlange uit daarna!

Natuurlik het die manne Hom totaal verkeerd verstaan. As ‘n siek persoon slaap, is sy kanse op herstel soveel groter. Dit was dus mos nie meer nodig vir hulle om na Betanië te gaan nie. Toe help Jesus hulle maar reg: nee, Lasarus was dood, en dit wás nodig om daarheen te gaan. Toe sê Jesus nóg ‘n onverstaanbare ding, dat Hy bly was dat Hy nie daar was met Lasarus se afsterwe nie.

Waarom sou Hy dit sê? En waarom het Hy dan nog ‘n volle twee dae se tyd verkwis terwyl Hy geweet het dat Lasarus al klaar dood was? Nou sou dit nóg ‘n verdere twee dae neem om in Betanië te kom en die arme Lasarus se lyk sou in daardie hitte dan al lankal ontbind wees!

Weereens was daar ‘n baie goeie rede vir Jesus se optrede. Die geloof daardie tyd was dat iemand se siel nie dadelik sy liggaam verlaat het wanneer hy sterf nie. Die siel het daar bly rondhang, net vir die wis en die onwis. Eers wanneer die liggaam begin ontbind, drie of vier dae na sy sterwe, sou die siel na die “onderwêreld” vertrek. Hulle vertel dat daar Griekse dokters was wat beweer het dat hulle iemand uit die dood terug sou gebring het, maar dat die kêrel nog nie eers behoorlik dood was nie, menende dat sy siel nog steeds in die omtrek was.

Jesus wou verseker dat almal sou weet dat Lasarus onherroeplik dood was en dat niemand sou kon sê dat sy siel nog in die omgewing was nie. Dan sou niemand kon sê dat dit nie ‘n wonderwerk van God was nie. Thomas se moedelose reaksie was: “Kom ons gaan ook, sodat ons saam met Hom kan sterwe”. Hoe ironies dat toe Jesus vir Lasarus lewe gee, dit juis die laaste strooi was vir die Jode om Hom om die lewe te bring. Jesus se handeling het egter nie alleen vir

Lasarus lewe gegee nie, maar dit het ook die ewige lewe aan Jesus se dissipels gegee, asook aan elkeen wat in Hom glo!

Jesus was rustig hieroor, want Hy het geweet dat as gelowiges bereid is om Hom te volg, al is dit ook in die grootste gevaar denkbaar, dat ons steeds op Hom kan vertrou. Niemand sal ons uit Sy hand ruk nie, selfs nie eers die dood nie!

Gebed:

Here, dankie dat ek vandag kan weet dat ek selfs vir die dood nie eers hoef te vrees nie, want U hou my styf vas!

# 47

## U Was te Laat!

## Johannes 11:17-32

**VIDEO * OUDIO**

In die dorpie Betanië is alles in rep en roer, want uit die groot stad Jerusalem het mense daarheen gestroom om die twee susters, Marta en Maria te kom troos na die tragiese afsterwe van hulle broer, Lasarus. Dis maar 'n uur se stap van Jerusalem af, dus is dit darem nie veel moeite om hulle plig na te kom nie. Hulle word ontmoet deur 'n droewige prentjie, almal huil en kerm en rou. Lasarus is ál wat hierdie twee vroue nog oorgehad het in die lewe en nou is hy dood, begrawe, vir ewig weg!

Iemand kom aangedraf en fluister vir Marta in die oor: "Jesus is op pad!" Haastig staan sy op en loop haar Meester tegemoet. 'n Entjie buite die dorp kry sy Hom, en groet Hom met 'n verwyt: "Here, as U hier was sou my broer nie gesterf het nie!" Waarom het Hy nie betyds gekom nie? Sy het tóg betyds 'n boodskapper gestuur om Hom te laat haal. Waarom het Hy tog so lank getalm? Marta glo egter steeds heimlik dat Jesus nog iets aan die saak kan doen. Alles kan tog nie totaal verlore wees nie? Maar selfs in haar wildste drome is sy nie voorbereid op dít wat op haar wag nie. As

Marta dus vir Jesus sê dat sy wéét dat God vir Jesus sal gee wat Hy vra, bedoelende dat Lasarus steeds gered kan word, dan is daar steeds ‘n sprankie hoop in haar. Die ongeloof weeg egter baie swaarder as die hoop!

Jesus se antwoord is dat Lasarus wél uit die dood sal opstaan. Hierdie gedagte is egter een te veel vir Marta - dit kan tog nie moontlik wees nie? Haar broer is al vier dae dood! Sy liggaam het al begin ontbind in die bedompige klipgraf! Dit sou beteken dat as hy uit die dood herroep word, dat sy liggaam totaal oorgeskep sal moet word. God alleen is die Skepper! Nee, dit is tog totaal onmoontlik! O ja, sy weet natuurlik dat hy eendag met die opstanding weer lewendig sal word. Al die kinders van God sal dan lewendig word wanneer die finale oordeel aanbreek. Sy glo dit want sy is van kleins af so geleer.

Jesus draai om en kyk Marta in die oë. Wat Hy vir haar sê is vandag vir jou en my een van die grootste trooswoorde wat ons óóit kan kry: “Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal leef, al het hy ook gesterf; en elkeen wat leef en in My glo, sal tot in ewigheid nooit sterf nie.” Hierdie is nie maar net trooswoorde aan Marta oor haar broer nie, maar ‘n dramatiese uitspraak wat

weergalm deur die sale van die hemel. “Glo jy dit, Marta?”

“Glo jy dit?” vra Jesus vandag vir jou en my. As jy hierdie uitspraak glo, dan beteken dit steeds nie dat jy die ewige lewe het nie! Die belangrikste is egter dat jy in Jesus glo! Is daar ‘n verhouding tussen jou en Jesus? Het jy vir Hom gesê dat jy onvoorwaardelik in Hom glo en dat Hy jou Verlosser is?

Wat presies behels Jesus se uitspraak? Soos ons in die vorige dagstukkie duidelik gesien het, is die dood vir die gelowige nie die einde van die pad nie, maar eerder die begin van ‘n splinternuwe lewe - een waar die verskrikking van die dood nie meer ‘n faktor is nie. Ons het gesien dat die dood slegs die poort is na hierdie wonderlike lewe saam met Jesus, waar daar selfs nie eers meer siekte, oudword of pyn is nie, en waar sonde totaal afwesig is.

Marta antwoord Jesus met ‘n onseker “Ja, Here…..” Ja, sy weet dat Lasarus eendag sal lewe, maar nou is hy vir eers dood. Maar dan kom Marta met ‘n groot verrassing vorendag, as sy haar onvoorwaardelike geloof in Jesus uitspreek. Dit is die mees omvattende geloofsbelydenis oor Jesus wat ons in die ganse Evangelie van Johannes kry: “Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun

van God, Hy wat na die wêreld kom.” Kan enigeen dit duideliker stel? Selfs die slim Skrifgeleerdes wat vir jare die Bybel bestudeer het en al die uitsprake oor Jesus oor en oor gesien het, het nie ingesien wat hierdie eenvoudige, ongeletterde vrou raakgesien het nie. Of Marta egter mooi begryp het wat sy so pas bely het, is ‘n oop vraag, want ons sal later sien dat sy Jesus probeer keer wanneer Hy Lasarus se graf wil laat oopmaak.

Jesus wil nie verder gaan in die dorp in nie. Hy bly buite Betanië staan. Dalk is dit die spul roubeklaers wat al kermend om Maria saamdrom wat Hom gladnie aanstaan nie. Dus gaan fluister Marta vir Maria in die oor dat Jesus aangekom het. Sy probeer ongemerk uitglip, maar die kermende gespuis tou agter haar aan om haar te gaan bystaan as sy by die graf gaan huil. Dis egter nie waarheen sy op pad is nie - haar grootste Troos het aangekom, en sy gaan val by Sy voete neer. “Here, as U hier was.....” verwyt sy Hom.

Hoe dikwels gaan soek ons nie ook maar troos by Jesus nie, en dan verwyt ons Hom: “Here, as U maar net betyds ingegryp het....” Ek praat uit dure ondervinding, want ek het dit al so dikwels in my lewe gedoen. En dan moet ek later in skaamte vir Hom sê: “Here, ek is so jammer - ek het nie besef wat U besig was om vir my te beplan nie.” Sal ons

ooit leer om Jesus onvoorwaardelik te vertrou in alle aspekte van ons lewe?

Gebed:

Here, vandag wil ek vra dat U my sal help om volle, onvoorwaardelike vertroue in U te kry. U is almagtig - by U is niks onmoontlik nie. Maar ek besef ook dat U gedagtes baie meer verhewe is as myne.

## 48

## Die Dood is Oorwin

## Johannes 11:33-44

**VIDEO * OUDIO**

Mag ‘n mens huil? Mag jy bedroef wees? Paulus leer ons dan om altyd blymoedig te wees - om selfs deur die allerverskriklikste situasie nog vrolik te moet kan sing en lag. Dan pas huil mos nêrens in die prentjie in nie. Of hoe?

Ons tref vir Jesus aan waar Marta by Hom staan en Maria aan Sy voete kniel. ‘n Groep mense drom al kermend om hulle saam, ‘n droewige prentjie inderdaad! Dan gebeur die verrassende, as Jesus se gemoed volskiet, en Hy ook huil. Waarom sou dit gebeur?

Ek kom gereeld op begrafnisse, dikwels van mense wat ek nie eers geken het nie. Ek help soms met die klankversorging of video-uitsendings by begrafnisse. As ek tydens so ‘n roudiens my oë oor die mense laat gaan, sien ek die droefheid op die gesigte. Hulle het iemand dierbaar verloor en hulle huil. Ek kry veral die persoon wat die bedankings doen só jammer. Hulle begin gewoonlik vol moed en selfvertroue praat, maar dan skiet die gemoed vol en hulle kry bykans nie ‘n

woord uit nie. Op daardie stadium is alles gewoonlik net een te veel vir my en ek huil heerlik saam met almal, al ken ek hulle van g’n kant af nie. Dit is met sulke tye dat ek die Here dank dat ek nooit ‘n predikant geword het nie, want ek is gans te emosioneel. Hoe kry hy dit reg om nie saam te huil nie?

Ja, ‘n mens (selfs ‘n man!) mag maar huil! Vir vrouens kom dit mos natúúrlik! Maar die vraag is, waarom het Jesus gehuil? Was dit omdat Hy waarlik vir Lasarus so lief gehad het? Dis wat die Jode gedink het. Nee, ek dink nie so nie, want Jesus was tog dééglik bewus van die dinge wat sou volg. Hy het geweet dat Hy Lasarus kon opwek en boonop dat Lasarus die ewige lewe gehad het en dus nie werklik dood was nie. Gewoonlik soek mense Jesus se droefheid in die kortsigtigheid van Sy vriende. Hulle het Hom deeglik geken en Marta het boonop dan so pas bely dat Hy die Christus is. Sy het met haar hele hart geglo! Tóg was daar in hulle harte steeds daardie onsekerheid en hulle kon maar nét nie die volle prentjie raaksien nie. Was Jesus bedroef omdat hulle ten spyte van alles nie kon verstaan nie?

Dalk moet ons ‘n paar verse aanlees om ‘n beter prentjie van Jesus se droefheid te kry. Hy wou na

Lasarus se graf geneem word. Dan volg al die opmerkings as mense sien dat Hy huil, sommige van hulle vol deernis - “Kyk hoe lief het Hy hom gehad!” Daar was egter ook die snedige aanmerkings: “Hy kon ‘n blinde laat sien – kon Hy dan nie gekeer het dat hierdie man sterf nie?” Ons lees in hulle opmerkings vyandigheid, verwyt, ongeloof. Weereens skiet Jesus se gemoed vol en Hy huil. Dalk moet ons dus Sy hartseer sien - nie oor Lasarus nie, maar oor die onkunde en sondigheid waarmee Hy hier te doen kry. Jesus moes sékerlik geweet het dat, alhoewel daar gelowiges onder hierdie mense was wat beslis saam met Hom in die paradys sou wees, die grootste deel van hierdie mense op pad was na die ewige verderf! Ek sien dus Jesus se droefheid oor almal wat besig was om verlore te gaan as gevolg van hulle ongeloof.

Intussen het die huilende stoet by die graf aangekom. Dis heel waarskynlik presies dieselfde soort graf waarin Jesus binnekort ook in begrawe sou word. Dis ‘n gat wat uitgekap was uit die rots en met ‘n groot klip wat voor die opening gerol was om dit te seël. As dit eenmaal verseël was, sou so ‘n graf beslis nie gou weer oopgemaak word nie, want natuurlik was die reuk van die ontbindende lyk onhoudbaar! G’n wonder dat Marta protesteer

het toe Jesus die ondenkbare vra, dat die klip weggerol moes word!

Ai Marta! Sy het met haar eie oë talle asemrowende wonderwerke aanskou wat Jesus gedoen het. Sy het herken dat Hy die Seun van God is, maar steeds kon dit nie in haar verstand indring dat Hy tot alles - absoluut hééltemal alles in staat was nie, selfs om haar broer uit die dood te laat opstaan! Dit sou natuurlik beteken dat Lasarus se liggaam in ‘n sekere sin herskep moes word omdat Hy al begin ontbind het. Maar vir die Skepper van die heelal was hierdie ‘n nietigheid! Nou moes God se almag aan haar en al die ander om haar openbaar word!

Die doodsreuk het swaar om die groep gehang toe die klip weggerol is. Dan bid Jesus dat die Vader Hom ter wille van die omstanders die wonder van lewe sou gee. Na dese moes daar géén twyfel wees dat Jesus waarlik die Seun van God is nie. Op Jesus se bevel kom Lasarus springlewendig uit die graf gestap, steeds toegedraai in sy grafdoeke.

Jesus is inderdaad die opstanding en die lewe. Elke roubeklaer wat daardie dag in Betanië was, móés dit met hulle eie oë sien! Vandag is hierdie maar net een van talle sulke wondere wat ons as gelowiges se geloof versterk en net weereens vir

ons sê dat by Jesus niks, maar níks onmoontlik is nie. Glo jy dit? Ek glo met my hele hart!

Gebed:

Here, dankie dat ek vandag kan weet dat ek ‘n Almagtige God aanbid.

## 49

# Jesus se Teregstelling Word Beplan

## Johannes 11:45-57

**VIDEO * OUDIO**

Lasarus se opwekking uit die dood het ‘n geweldige groot invloed gehad op alles wat sou plaasvind oor die volgende klompie dae. Die mense wat daar was, het almal gesien wat gebeur het, en baie van hulle kon net eenvoudig nie anders as om tot geloof te kom in Jesus nie. Die ander wonderdade kon dalk nog op ‘n manier verklaar word, maar hier het hulle voor hulle oë die absolute onmoontlike sien gebeur, iets wat alleen maar net van God af kon kom! Dit kon beslis nie anders nie, Jesus móés net eenvoudig die Messias, die Seun van God wees!

Hierdie gevoel was egter nie deur almal gedeel nie. Daar was ook ‘n groepie skeptiese manne en hulle het reguit na die Fariseërs gehardloop om met hulle die ontstellende nuus te deel. Hierdie nuutste wonderwerk van Jesus het vir hulle die rooi ligte laat flikker! Hier was gróót moeilikheid op pad as Jesus só sou aangaan! Dit kon selfs op ‘n opstand uitloop!

Die Joodse Raad, die hoogste gesag in die Joodse samelewing was inderhaas bymekaargeroep. Hulle het bestaan uit al die politieke- en godsdienstige leiers van die gemeenskap. Die besluit wat hulle sou neem, sou hulle dus namens die ganse Joodse volk neem. Ons sien baie duidelik hoe bang hierdie manne was, want as daar ‘n opstand sou kom, dan was dit klaarpraat met hulle. Die Romeine was baie verdraagsaam teenoor die Jode. Hulle kon hulle godsdiens bedryf soos hulle wou en maar rustig hulle kulturele sake reël. Hulle het dit egter nie geduld dat daar enigsins politieke onstabiliteit kom nie. Dan het hulle met ‘n ysterhand ingegryp! Hulle het natuurlik ook die Jode baie goed geken en hulle het geweet hoe vinnig hierdie nasie se humeur kon opvlam. Hulle was nog al die jare so en vandag is hulle nog presies dieselfde. Dit was die rede waarom die Romeinse troepe in Jerusalem ontplooi was en altyd op ‘n gereedheidsgrondslag was om toe te slaan op die geringste teken van opstand. ‘n Skamel 30 jaar later, in 70 nC, gebeur die ergste dan ook juis en Jerusalem word totaal vernietig. Hulle trots, die tempel, het letterlik van die aardbol af verdwyn, sodat daar vandag nie ‘n teken daarvan oor is nie!

Die Joodse Raad was dus gladnie verniet so opgestres oor die situasie nie. Kajafas, die

hoëpriester, het egter met ‘n oplossing gekom. Een Man moes vir die volk sterf sodat die nasie nie verlore sou gaan nie. Kajafas het self nie mooi besef wat die omvang was van dit wat hy kwytgeraak het nie. Die gedagte van plaasvervanging, waar een persoon sterf tot voordeel van al die ander, het hy beslis nie bedoel in die sin waarin ons dit vandag verstaan nie. Johannes verduidelik egter, dat God vir Kajafas gebruik het om te profeteer dat Jesus vir die nasie sou sterf. Maar dit sou in werklikheid uitkring na die ganse wêreld toe!

Dit klink vir ons dalk vreemd dat God ‘n vyand van Jesus sou gebruik om so ‘n uitspraak te maak. As ons egter deur die geskiedenisboeke blaai, sien ons dat Hy dikwels totale heidene gebruik het om Sy doel te bereik. Hierdie is maar net nóg so ‘n voorbeeld. Terselfdertyd moet ons egter ook onthou dat, alhoewel hierdie hoëpriester téén Jesus gekant was, hy op daardie stadium die belangrikste Godsdienstige figuur was en diens gedoen het as die aardse middelaar tussen God en Sy volk. Hy het dus as profeet namens God gepraat. God se wil was dat Jesus namens die volk sou sterf en Hy het dit bekendgemaak deur die hoëpriester. As Jesus dus aan die kruis hang, is dit omdat God hom daar wou hê en nie omdat die Jode so besluit het nie.

Die uurglas was besig om uit te loop. Spanning was aan die opbou oor die grootste gebeurtenis van alle tye, ‘n gebeurtenis só groot, dat selfs die kalender daarvolgens ingerig is. Gelowiges sowel as ongelowiges moet net eenvoudig kennis neem! Die Jode het koppe bymekaargesit en begin met hulle finale beplanning om Jesus vir ewig uit die weg te ruim. Jesus het egter hulle grypende vingers ontglip en vir ‘n rukkie in Efraim saam met Sy dissipels gaan bly. Maar die Paasfees - Jesus se laaste Paasfees as Mens op aarde was naby. Van oral af in die platteland het mense na Jerusalem gestroom vir hierdie onvergeetlike fees. Die verhoog word gereed gekry vir dáárdie verskriklike Vrydag.

Almal kon die spanning voel opbou. Mense het vir mekaar gevra of hulle gedink het dat Jesus na die fees toe sou kom? Almal het geweet dat as Hy Sy opwagting daar sou maak, sou Hy nie weer lewendig daar weggaan nie. Ook die Joodse leiers het hulle finale reëlings begin tref. Mense word opdrag gegee, dat as Jesus Sy gesig sou wys, moes hulle onmiddellik laat weet word sodat Hy in hegtenis geneem kon word.

Ek het hierdie geskiedenis al oor en oor gelees en beleef en elke keer klop my hart in my keel van spanning. Gaan God se plan uitwerk? Ek wil nie hê

dat Jesus so verskriklik moet ly nie. Maar elke keer moet ek net weereens besef dat God se gedagtes soveel hoër is as myne - dat Sy beplanning perfek is en dat Hy van beter weet. Ook in my eie lewe vandag, moet ek besef dat Hy steeds in beheer is, en dat ek maar net kan berus by die dinge wat Hy beplan het.

Gebed:

Here, dankie dat ek vanoggend maar net weer kan weet dat U alles in U bekwame hande hou.

50

## Salf vir Jesus se Voete

## Johannes 12:1-11

**VIDEO * OUDIO**

Die finale tyd het aangebreek! Jesus-hulle vertrek na Betanië, net buite Jerusalem. Nou is hulle natuurlik ook rég in die gevaarsone, waar die Joodse leiers op hulle wag. Die regte oomblik moet nou net aanbreek om Hom gevange te neem en tereg te stel.

Jesus en Sy dissipels word uitgenooi vir ‘n ete deur Sy dierbare vriende Marta, Maria en Lasarus. Hulle gaan sit aan om die tafel, of dalk moet ons eerder sê dat hulle om die tafel aanlê! Marta is soos gewoonlik die een wat rondhardloop en hulle bedien. En dan, terwyl sy so ywerig aan die werk is, verdwyn haar suster, Maria en kom te voorskyn met ‘n albasteflessie. Alle oë is op haar gerig. Asems word ingetrek want jy kan sommer sien dat hierdie ‘n peperduur fles is. Wat sou sy daarmee wou maak? Sy gaan reguit na Jesus toe, breek die nek van die fles en begin om die ganse inhoud daarvan oor Sy voete uit te giet.

Nardusolie word gemaak van die wortels van die nardusplant wat in Indië groei. Hierdie olie is dus

ingevoer uit Indië, en is onbetaalbaar duur. ‘n Enkele druppel of twee is genoeg om ‘n heerlike geur te versprei. Vir Maria is dit egter nie genoeg nie en die hele inhoud, ‘n volle halfliter word vir haar Meester gebruik. Die vertrek en die hele huis word gevul met die hemelse geur van Nardus!

‘n Doodse stilte hang oor die groep, niemand uiter ‘n woord nie. “Weet Maria wat sy so pas gedoen het?” Elkeen stoei met sy eie gedagtes. Maria is egter nog gladnie klaar nie. Sy maak haar hare los en dan begin sy om haar goedversorgde haredos as handdoek te gebruik om Jesus se voete sorgvuldig droog te maak. Nou het sy almal éérs sprakeloos! Jy kan letterlik hoor hoe die toeskouers hulle asems intrek. So ‘n ding word net eenvoudig nie gedoen nie!

Hare was destyds vir vroue baie belangrik en hulle het groot moeite gedoen om dit te versorg. Maria se handeling is dan ook beskou as baie, baie spesiaal, want ‘n vrou sou slegs haar hare so gebruik om ‘n man se voete af te droog as hy vir haar baie spesiaal is - as sy dus aangetrokke is tot hom. Hiermee wil sy vir die man sê dat sy haar héél beste vir hom wil gee. Dit sou egter baie vergesog wees om Maria se aksie teenoor Jesus as ‘n seksuele aangetrokkenheid te sien. Vir haar was Hy haar Meester vir Wie sy enigiets sou doen.

Judas Iskariot is die eerste om die stilte te verbreek. Hy is ‘n bitter ongelukkige man! Hy meet Maria se aksie onmiddellik in geldwaarde, want hierdie duur olie kon eerder verkoop gewees het. Sy redenasie is dat die geld vir die armes gegee kon word. Baie edel, inderdaad! Maar Judas het ‘n verskuilde agenda, hy was geldgierig!

In daardie jare het ‘n Rabbi hom nie bekommer oor die alledaagse dinge soos kos, geld ens. nie, sy volgelinge moes hiervoor sorg en só natuurlik ook met Jesus. Sy dissipels moes sorg dat daar kos en ander noodsaaklikhede was. Judas was die een wat die finansies hanteer het, maar hulle het vermoed dat daar van die geld in sy eie sak beland het. Hierdie flessie nardusolie het Judas se geldgierige ogies laat skitter, want dit was ‘n hele jaar se salaris werd!

Het Maria geweet wat op Jesus gewag het? Het sy vermoed dat haar Meester ‘n paar dae later dood sou wees? Sy sou Hom salf met die beste wat sy gehad het terwyl Hy lewe. Sy het ‘n lewende Here aanbid! In skrille kontras hiermee kom Nikodemus ‘n week later met ‘n volle vyftig liter speserye om Jesus vir ewig in die graf weg te bêre!

Jesus is rustig oor Maria se handeling. As Judas haar oor die vingers wil tik oor sy so mors, is Jesus se reaksie dat Maria hierdie reukolie spesiaal

moes hou vir hierdie dag, want dit is om Hom te salf vir Sy begrafnis. Vir die armes kan hulle maar weer anderdag iets gee, maar nou is Jesus die héél belangrikste.

Vir Maria was dit van uiterste belang om haar álles te gee vir ‘n lewende Here. Nie alleen offer sy baie duur reukolie op nie, maar sy waag ook haar reputasie deur haar hare te gebruik. So maklik kon iemand dalk iets anders gelees het in haar handeling, maar sy het nie omgegee nie. Sy het besef dat Jesus se tyd om was en dat daar dalk later nie weer ‘n geleentheid sou wees nie.

Ek dink dit is baie belangrik dat ons Jesus moet dien terwyl daar vir ons nog ‘n geleentheid is om dit te doen. So maklik wil ons sê dat ons wél eendag aan Sy voete sal sit, eendag ná die wederkoms. Maar dit is ook belangrik dat ons hier en nou alles in die stryd moet werp en al ons lof en verheerliking aan Hom, die Koning van alle Konings sal bring! Maria was dankbaar vir wat Jesus vir haar gedoen het, en sy het haar dankbaarheid op ‘n tasbare wyse getoon. Is jy dankbaar vir wat Jesus vir jou gedoen het en steeds elke dag doen? Dan is dit mos net reg om ook op ‘n tasbare wyse vir Hom dankie te sê! Nie maar op ‘n halfhartige wyse, deur ‘n paar druppeltjies olie aan Hom af te staan nie, maar om

jou álles vir Hom te gee. Géén offer is te groot om vir Jesus te gee nie!

Gebed:

Here, ek gee dikwels so halfhartig, en my dankbaarheid is so flou. Ek wil U dien met alles wat ek het!

51

# Hosanna, Hosanna!

## Johannes 12:12-19

**VIDEO * OUDIO**

Die spanning is besig om op te bou tot ‘n geweldige crescendo. Twee dae nadat Maria die duur nardusolie oor Jesus se voete uitgegooi het, stap Jesus en Sy dissipels uit Betanië na Jerusalem. Van heinde en verre kom mense aangestroom vir die Paasfees. Dan herken iemand vir Jesus, en binne minute gons dit onder die menigtes wat soos ‘n lewende rivier die laaste entjie na Jerusalem kronkel, dat Jesus ook daar is op pad is na die fees toe. Almal is vrolik en opgewonde, want só ‘n gebeurtenis kom net eenkeer per jaar! Maar vanjaar is dit asof iets anders knaag aan die stemming. Almal besef dat daar iets baie groot gaan gebeur, maar niemand kan sy vinger daarop lê nie!

“Daar is Jesus!” Binne minute breek ‘n groot groep mense weg soos ‘n reuse swerm kommandowurms agter Jesus aan. ‘n Jong donkie - ‘n eg-koninklike rydier - word nadergebring. As Jesus opklim, raak die skare histeries. Hulle dreunsang weerklink oor die klowe, en eggo dat dit kilometers ver gehoor kan word. Hy ry die steilte af

na die stad op die donkie wat Sy dissipels vir Hom gaan haal het. Oral langs die pad pluk die mense palmtakke en al takswaaiende en singende drom hulle om Jesus saam. “Hosanna!” sing hulle uit volle bors. “Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!”

Hosanna is ‘n Hebreeuse woord uit Ps 118:25 en dit beteken “verlos ons tog.” Dit word uitgespreek hosji-a na.

“Die Koning van Israel! Die Koning van Israel!” dreun dit deur die menigte, wat nog al die tyd aangroei teen ‘n verbysterende tempo.

In Sagaria 9:9 word hierdie intog van Jesus op die rug van ‘n donkie letterlik woord-vir-woord voorspel. Die mense is baie opgewonde! Het die einde van die Romeinse oorheersing nou uiteindelik aangebreek? Hierdie skare dink beslis so! En ja, daar is die klein handjievol wat bitter bekommerd ook maar deel in die feesvreugde. Wat gaan môre oplewer? Gaan hulle Meester dalk tereggestel word? Besef hierdie jillende skare dit dan nie?

Maar daar is ook ‘n groepie manne wat gladnie meedoen nie. Rasend van woede staan hulle eenkant en beraadslaag. “Kyk net wat doen Hy!” sis een Fariseër. Hy slinger woedende verwyte na

sy moedelose kollegas: “Sien julle nou! Julle het net mooi niks uitgerig gekry nie! Hier het ons dit nou - die ganse wêreld tou nou agter Hom aan!”

“Ja,” brom ‘n ander een nors “as ons nie nou blitsig optree nie, gaan hierdie ding baie lelik skeefloop! Dink nou maar vir julleself: wat gaan die Romeine doen as hulle sien dat hier ‘n groot opstand aan die uitbroei is? Dan is dit klaarpraat met ons! Al ons harde werk van die afgelope jare gaan tot niet gemaak word! Daardie Romeine gaan ons opfrommel!”

“Ons moet onmiddellik van Hom ontslae raak, of ons is in groot moeilikheid!” stem die nors manne saam.

Die woorde van Sagaria 9:9 spring uit die bladsye van die profesie: “Jubel, Sion! Juig Jerusalem! Jou Koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en Hy is ‘n oorwinnaar, Hy is nederig en ry op ‘n donkie, op die hingsvul van ‘n donkie.”

Het enigeen van die duisende mense wat so al singende agter Jesus aan dans, hierdie woorde van Sagaria onthou? Eers later, toe alles verby was, het die profesie begin sin maak vir die groepie dissipels. Nou wil hulle egter huil, want hulle sien hoe hulle Meester na Sy dood ry. Daardie manne gaan Hom beslis nie weer laat

wegkom nie. Tóg ry Hy gedweë die stad binne, soos ‘n Lam ter slagting gelei. Hulle verstaan dit nie. Hoe kan Hy so willens en wetens reguit in die slagyster inry?

“Hosanna!” skreeu die skare histeries. “Hosanna! Gee ons nóú verlossing!” Hoe profeties is hulle woorde nie! “Hosanna! Hosanna!” weergalm dit teen die stadsmure wat al nader kom. Dit is presies wat Jesus op pad is om te gaan doen, om verlossing te gaan bewerkstellig! Maar dit is beslis nie die soort verlossing wat hierdie mense verwag nie. Hierdie Koning ry nie op ‘n vurige perd om oorlog te gaan maak, soos wat hierdie skare wil hê nie. Nee, hierdie Koning ry op ‘n sagmoedige donkie! Hy bring vrede! Die verlossing en vrede wat hulle soek, kan alleen met geweld kom. Ja, die skrikwekkende geweld wat teen Jesus gebruik is, laat ‘n mens sidder. Maar Hy het dit nie met geweld beantwoord nie. Wanneer hulle Hom op die mees grusame manier behandel, antwoord Hy met liefde: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.”

Die gebeure daar voor Jerusalem se trotse stadspoorte, ruk my aan die hart, net soos wat dit sekerlik ook Sy dissipels geruk het. “Kon die Vader nie maar net verlossing gegee het nie? Waarom moes Jesus nou juis so verskriklik ly?” Moontlik

kon Hy, maar dan sou dit goedkoop en afgewater gewees het. Ons verlossing het verskriklik duur gekom! God se genade is nie goedkoop nie, en juis dáárom vra dit van jou en my om ons dankbaarheid met passie uit te leef. Jesus was bereid om die volle pad te stap. Hy was bereid om doelbewus in die put vol adders in te klim om ons te red. Die skrikwekkende is dat Hy presies geweet het waarvoor Hy Hom inlaat!

Gebed:

Here, dit ruk in my, en ek kry diep seer as ek dink aan U groot offer vir my. Ek wil U dien, Here, met alles wat in my is, omdat ek so dankbaar is vir wat U vir my, sondaar, gedoen het.

## Die Koringkorrel Sterf

## Johannes 12:20-36

**VIDEO * OUDIO**

Die tyd was besig om met 'n verbysterende snelheid voort te spoed na die finale oomblikke van Jesus se sending op aarde.

Johannes vertel dat dit nou nie meer net Jode en Samaritane was wat na Jesus kom luister het nie, maar selfs ook 'n Grieke wat Hom wou sien. Toe Jesus hiervan hoor, sê Hy vir Andreas: "Die uur het gekom dat die Seun van die Mens verheerlik moet word." Hy het alreeds die tyd van verheerliking sien naderkom en daarná sou 'n onbeskryflike evangelie-ontploffing volg wat die ganse wêreld sou oorstroom!

Toe verduidelik Jesus vir hulle met 'n beeld, wat met Sy sterwe sou gebeur. Dis soos 'n koringkorrel wat jy in die grond plant. Daardie saadkorreltjie sterf as't ware, maar in die proses spruit daar 'n splinternuwe, grasgroen plant uit wat groei en uiteindelik 'n groot oes lewer. Jy het sekerlik al 'n saadjie in die grond gedruk en dan met groot verwagting staan en dophou wanneer die eerste tekens van lewe begin voorkom. Wat 'n heuglike

dag, as daardie grond ‘n krakie begin wys, en dan, as jy weer sien, loer die eerste brose blaartjies deur die kraak. Kort voor lank staan daar ‘n groot plant wat vrug dra. O, die wonder van nuwe lewe!

As die saadjie egter nie in die grond kom nie, kan hierdie wonder nie plaasvind nie en dan sal daar ook nie ‘n oes kan wees nie. Die saad móét sterf voor nuwe lewe kan plaasvind en baie nuwe koringkorrels voortbring. Op dieselfde wyse sou Jesus se sterwe nuwe lewe bring en vrug voortbring in groot oorvloed.

Wat vir Jesus voorgelê het oor die volgende paar dae, was skrikwekkend en Hy was diep ontsteld! Hy sou liewer wou bid dat dit tog asseblief maar nie moes gebeur nie, want die verskriklike kruisgebeure was net te veel om te verduur. Die ander evangelies beskryf hoe Jesus daar in die tuin van Getsemane deur die laaste nag in gebed geworstel het en hoe Hy letterlik bloed gesweet het van angs. Hoe Hy die Vader gesmeek het om nie voort te gaan nie. Maar Jesus het die waarheid van die koringkorrel besef, dat sonder Sy sterwe alles verniet sou wees. Dit was juis hiervoor wat Hy Homself verneder het om na die aarde neer te daal uit Sy hemelse heerlikheid. Hy het nie gekom om vir ons ‘n voorbeeld te kom stel oor hoe om te lewe nie - Hy het gekom om die losprys te betaal.

Nou het die ergste verskrikking vlakvoor Hom gelê. “Vader, verheerlik U Naam!” het Jesus in volle oorgawe gebid. Hy was bereid om die laaste ent voluit te stap - tot die héél laaste tree!

Skielik was daar ‘n stem uit die hemel, die stem van God: “Ek het dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik.” Dit was soos ‘n donderslag wat rammel deur die klowe en oor die berge. “Dis ‘n engel! Dis ‘n engel wat met Hom gepraat het!” het die mense vol verwondering vir mekaar gefluister.

Dit gebeur slegs met baie besonderse geleenthede dat God in ‘n hoorbare stem met mense praat. Hierdie was sekerlik die grootste gebeurtenis óóit in mensegeskiedenis en hier praat God sodat almal daar dit kon hoor. Almal móés net eenvoudig kennis neem van God se heerlikheid en van die groot versoeningsdaad wat op hande was.

Jesus verduidelik vir die omstanders: “Hierdie stem het nie ter wille van My gekom nie, maar ter wille van julle.” Maar dan sê Hy dat saam met die versoening egter ook oordeel kom. Die duiwel se laaste uur van groot mag het aangebreek. Met Jesus se kruisdood, word die mag van die duiwel verbreek, sodat enigeen wat in Jesus glo, nie meer in sy gulsige kloue sou beland nie, maar gered sou word deur Jesus. Die duiwel was die heerser hier op aarde. Met Jesus se koms het Hy die terrein

van die duiwel se koninkryk betree en hom kom onttroon.

Ja, die duiwel is steeds hier en hy het steeds mag. Paulus noem hom ‘n brullende leeu - uiters gevaarlik! Maar heers, kan hy nie meer nie, want sy mag is aan bande gelê. Die enigste plek waar hy steeds heers, is waar daar goddeloosheid is, dáár waar mense nie in Jesus wil glo nie.

Die vraag is, of die duiwel steeds vir gelowiges gevaarlik is? Kom ek verduidelik: As ‘n leeu agter tralies is, is jy doodveilig, hy kan jou nie bykom nie. Steek jy egter jou hand deur die tralies, of as jy te naby aan sy hok kom, dan kan hy jou lelik seermaak. ‘n Mens bly net eenvoudig weg van daardie gevaarlike katte af! Die duiwel is presies dieselfde. As ‘n gelowige onverskillig raak, kan hy lelik seerkry.

Wat is die antwoord? In vers 26 sê Jesus: “As iemand My wil dien, laat hy My volg.” Om Jesus waarlik te dien, moet jy bereid wees om uit jou leunstoel op te staan en te doen soos wat Jesus van jou vra. Gelowiges is nie altyd bereid om groot opofferinge te maak nie en hulle neem die lewe dikwels baie gemaklik op. Diegene wat egter bereid is om gemak agter te laat en Jesus voluit te dien, ondervind ‘n lewensvreugde wat ongekend is! Paulus het dit gedoen, en die vreugde en

blydskap het uit hom geborrel soos ‘n helder fontein. Vandag is daar talle gelowiges wat presies dieselfde doen en bereid is om daardie ekstra myl te stap vir Jesus. Gaan gesels gerus met so ‘n persoon en jy sal sommer sien hoe hy straal. Kom ons begin sommer vandag en volg Jesus onvoorwaardelik!

Gebed:

Here Jesus, ek wil U volg met alles wat in my is. Lei my om U voetspore te volg, en om in U helder Lig te lewe.

53

# Die Jode Verwerp Jesus

## Johannes 12:37-50

**VIDEO * OUDIO**

Deur die eeue, en veral in die vroeë Christelike kerk, was daar dikwels die knellende vraag: Waarom was daar so min Jode wat uiteindelik in Jesus geglo het? Hy het immers ál hierdie wonderwerke voor hulle oë gedoen en selfs mense uit die dood opgewek! Hulle het verstom gestaan oor alles en die wyshede wat uit Sy mond voortgevloei het was ver verhewe bo die menslike. Waarom het die Jode Hom nooit aanvaar nie? Inderdaad was dit die heidenwêreld wat uiteindelik aan die brand gesteek is deur Jesus se optrede!

Was dit maar bloot deel van God se plan? Ons sal nie weet nie, maar een ding is baie seker: Hy het geweet dat dit sou gebeur! Hy het dit immers al baie jare tevore voorspel deur Sy profete. In Jesaja 6:9,10 lees ons hoedat die Here vir Jesaja gesê het dat die volk die dinge sou aanskou en hoor en dit nogtans nie raaksien en begryp nie. En in Jesaja 53:1 sug die profeet dat die volk nie die mag van die Here sal raaksien in hierdie gebeure nie en dat hulle dit nie sou glo nie!

O, daar was wel ‘n klein handjievol wat uiteindelik geglo het, ‘n baie klein persentasie van die reuse groep wat gesing het: “Hosanna! Hosanna!” Daar was selfs van die Joodse leiers wat geglo het, maar so tragies, het hulle in die geheim geglo, want as dit in die openbaar sou uitkom, was hulle uit die sinagoge en die samelewing, wat vir hulle so baie beteken het, geban!

Ons wil vandag so maklik sê: “Maar dit is so onregverdig! Hulle is dan die volk van God! Hy het hulle mos uitverkies!”

Is dit rêrag onregverdig? Dit wil amper vandag lyk asof die Here die Joodse volk verwerp het. As dit die geval was - sou ons kon sê dat die Here nie regverdig was teenoor hulle nie? ‘n Skrikwekkende bewering!

Kom ons gaan blaai ‘n bietjie in die geskiedenisboeke van die Joodse volk en dan besluit ons maar self. Alles het alreeds begin by die oervaders, Adam, Noag en Abraham, waar die wonder van God uitgespel was aan hierdie manne. Hulle het God intens beleef en as ons mooi gaan lees, sien ons dat hulle dikwels persoonlik met God te doene gekry het. Hy het saam met Adam in die tuin gewandel en met hom gesels. Abraham het Hom soos ‘n mens gesien en selfs saam met Hom geëet en met Hom gesels. Jakob, die vader

van die Israeliete, het selfs met Hom gestoei by die Jabbokdrif en hy het God op Sy troon gesien sit. Moses het Hom persoonlik ontmoet op die Sinaiberg. Later, gedurende die uittog was Moses gedurig in gesprek met Hom in die tent van samekoms, en die volk het dit in verwondering aanskou. God het daar in volle heerlikheid verskyn!

Wat was die volk se reaksie? Na alles wat hulle gesien en ondervind het, het hulle gedurig gekerm en gemor en gekla en selfs afgode aanbid. Dit was ‘n klap in die gesig van God. Toe hulle, ten spyte van hulle ongeloof en weerbarstigheid, uiteindelik in die beloofde land aankom, kry hulle die wonderlikste leiers in Samuel, Dawid, Elia, Jesaja en nog baie meer, wonderlike mense wat met God gewandel het en die volk van Hom geleer het. Wat doen hulle? Hulle het baklei, afgode aanbid, die profete vermoor en keer op keer hulle rug op God gedraai!

In kort kan ons sê dat die Joodse volk vir Jesus oor duisende jare intens beleef het soos geen ander volk op aarde nie. Tóg verwerp hulle Hom. Maar steeds is die Here se genade nie uitgeput nie en Hy stuur Jesus om in ‘n menslike vorm as Sy gesant na die aarde neer te daal. Waarheen? Na hierdie einste Joodse volk! Wat doen hulle met

Hom? Hulle misken Hom en maak Hom dood! Sou dit onregverdig wees as Hy sou besluit om hulle te verwerp? Ek vra maar net.......

Maar steeds is God se genade onbeskryflik groot, want selfs die Jode wat Hom verwerp het, kry nog ‘n kans. Al wat hulle moes doen, was om in Jesus te glo. Hy het nie gekom om te veroordeel nie, maar om te red. Hy was dus bereid om selfs al daardie verskriklike sondes van hulle uit die verlede te vergeef en daarvan te vergeet, as hulle net in Hom sou glo. Deur in Jesus te glo, glo jy ook in God, die Almagtige, want hulle is Een.

Jesus se aanbod geld egter nie net vir die Joodse volk nie, maar ook vir die res van die wêreld - ook vir jou en my. Géén mens se sonde is te groot om vergifnis te kry nie. As jy dalk vandag sou dink dat die ewige lewe jou nooit beskore kan wees nie as gevolg van jou verlede, dan is jy verkeerd. As Jesus selfs die weerbarstige Jode ‘n tweede kans kon gee, dan kan ek en jy ook een kry.

Gebed:

Here, dankie dat U my ‘n tweede kans gegee het, en dat U ook vir my gered het, ten spyte van al my baie sondes.

54

# Jesus Was Vuil Voete!

## Johannes 13:1-17

**VIDEO * OUDIO**

Die Johannes Evangelie bestaan uit drie onderafdelings. Hoofstuk 1-12 handel oor Jesus se werk op aarde, Sy openbare optrede. Die boodskap wat Johannes hierin wou tuisbring, is dat wie in Jesus glo, die ewige lewe het. Vandag begin ons by die tweede deel, hoofstuk 13-17 wat gaan oor die laaste paar uur wat Jesus saam met Sy dissipels gehad het voordat Hy gevange geneem is. Die derde deel, Hoofstuk 18-20 handel oor Sy kruisiging en wat daarna volg.

Ons tref Jesus nou aan saam met Sy volgelinge waar hulle saam ‘n maaltyd nuttig. Jesus se laaste ure as mens het aangebreek en Sy intieme kring manne is vir Hom baie belangrik, dus bring Hy dit met hulle deur en verseker hulle dat Hy hulle vir altyd sal versorg.

Die finale stap van God se groot verlossingsplan het aangebreek. Johannes skets in ‘n paar woorde die agtergrond van wat op pad was om te gebeur. Hy vertel van Jesus se liefde vir die wêreld wat so oneindig groot was, dat Hy tot alle uiterstes sou

gaan. In die teenpool grynslag die duiwel, hard besig om God se plan te probeer verongeluk. In die proses speel hy egter direk in God se hand! Johannes maak dit ook baie duidelik dat Jesus van God af kom, dus is Hy die Een met alle mag en heerlikheid!

Die toneel is ‘n tipiese Oosterse maaltyd, waar almal uitgestrek lê in ’n ry rondom die tafel. Jy kan jou dus voorstel dat die een se voete maar ongemaklik naby die volgende se gesig was! Hulle oop leersandale het nie die vuil van die stowwerige straatjies van hulle voete afgehou nie, dus was dit noodsaaklik dat gaste aan tafel se voete eers gewas moes word. Dit was die slaaf se grillerige taak en as daar nie een was nie, het die persoon met die héél laagste status die voorreg gekry om hierdie onaangename takie af te handel - gewoonlik die vrou in die huis.

Wanneer Jesus, hulle Leermeester dus ‘n handdoek om Sy lyf bind en die wasskottel vat, snak die manne na hulle asems! Dit word net eenvoudig nie gedoen nie! Onwillig en sékerlik uiters ongemaklik, hou die manne hulle voete uit. Maar Petrus weier soos ‘n steeks donkie: “Nooit in der ewigheid nie!”

Ai tóg! Petrus was maar altyd dwars van die gereg! Hierdie slag het hy gesien hoedat sy Meester

verneder word om slaaf te speel en Petrus wou géén deel hê aan sy Rabbi se vernedering nie. Dit het beteken dat Jesus maar eers weer mooi moes verduidelik sodat Petrus kon verstaan. Skielik het daar vir Petrus ‘n liggie (‘n baie klein liggie!) opgegaan. Hy besluit dat as Jesus wou was, dan moes Hy asseblief sommer sy héle lyf was! En weereens moes Jesus baie mooi verduidelik dat dit nie nodig was nie.

Jesus se handeling het gedemonstreer dat ons, Sy volgelinge se waardesisteme totaal verskil van dié van die wêreld. Eintlik het Hy daardie dag ons waardestelsels totaal omvergegooi! God se liefde en mag lê júís in opoffering en nederigheid. Hier het Hy, die Seun van God, Skepper van die heelal en Opperste Heerser dit prakties kom demonstreer deur sélf Slaaf te word en die nederigste van alle werke te kom doen!

Wat wou Jesus daardie dag vir Sy volgelinge sê?

Twee gedagtes kom na vore. Eerstens dat die voetwassery simbolies was van ons vuil sondige verlede wat skoongewas word deur Jesus. “As ek jou nie was nie, het jy nie deel aan My nie,” het Jesus vir Petrus gesê. Om enigsins deel te kan hê aan Jesus, móét ons toelaat dat Hy ons sondes afwas. Hoe doen Hy dit? Hy het die volle straf gedra vir ons sondes met Sy kruisdood op

Golgota. Ons moet hierdie geskenk van vergifnis aanvaar en ons eie maak, dan is ons outomaties skoongewas.

Tweedens moet ons Jesus se voorbeeld navolg. As Hy, wat so hoog bo ons verhewe is, bereid was om die nederigste werk te doen, moet ons ook bereid wees om die minste te wees. Dit is nie maklik nie! Toe Adriaan Vlok destyds Desmond Tutu se voete gewas het, het die wêreld hom uitgelag en gespot. Dit was ‘n bitter vernederende simboliese handeling. Maar daardeur het hy baie rou wonde van oorheersing en baasskap genees.

Ons moet dit baie duidelik besef, dat jou lewe drasties verander die dag wanneer jy Jesus se vergifnis en verlossing ontvang. Dis egter maar net die begin. Hierna moet jy Jesus se voorbeeld navolg - jy kan nie maar gaan sit en ontspan nie! Jesus demonstreer dit dan ook baie duidelik dat een van die maniere waarop ons Hom moet volg, is om ook daardie selfde opofferende diens aan mekaar te bewys soos wat Hy gedoen het. Ja, ons wil almal graag leiers wees en die dinge doen wat edel en aanskoulik is. Min gelowiges sien egter kans vir die “vuil werk” - die dinge wat vernederend is om te doen. Om op ‘n parkbankie langs ‘n vuil, stinkende boemelaar te gaan sit en sommer net te gesels, is darem baie ver onder my waardigheid.

Hoe ver is ek en jy bereid om te daal sodat Jesus, die Koning, verheerlik kan word?

Gebed:

Here, ek bely dat ek nog so styf vasklou aan my waardigheid. Help my asseblief om U wonderlike voorbeeld na te volg.

55

## Verraad! Verraad!

## Johannes 13:18-30

**VIDEO * OUDIO**

Die nag is gevul met spannende drama. Die lug is so dik dat jy dit met ‘n mes kan sny! Eers die vreemde voetewassery en Petrus se bitsige reaksie daarop. En nou, as dit uiteindelik rustig raak rondom die etenstafel, laat bars Jesus wéér ‘n bom. Een van hierdie intieme groepie wat die afgelope drie jaar elke oomblik met Hom gedeel het, gaan Hom in die rug steek – verraai!

Die twaalftal het nie ‘n idee waarvan Jesus praat nie. Hulle verdink nie ‘n enkele een van hulle groep nie, nie eers vir Judas nie. Ons wil so graag vir Judas Iskariot as ‘n slegte mens uitkryt. As ons egter na die dissipels se reaksies kyk, sien ons dat hy nie anders as die ander was nie. Hy het meegedoen aan ál die aktiwiteite. Om die waarheid te sê, het hy boonop nog ‘n groot verantwoordelikheid gedra, want hy moes hulle finansies hanteer. Ja, hulle het so ‘n vae suspisie gehad dat hy dalk lang vingers het, maar niemand kon dit ooit bewys nie. Judas Iskariot was ‘n doodgewone dissipel wat saam met Johannes,

Petrus en die ander gebid het en aan Jesus se voete gesit en leer het.

Jesus het egter geweet wat diep in Judas se hart gebroei het. Uiterlik het hy dit nooit gewys nie, maar diep in hom was hy bitter ongelukkig. Was dit dalk dat hy soos so baie ander volgelinge van Jesus, Hom gesien het as die Een wat hulle uit die juk van die Romeine sou bevry? Baie teoloë is van mening dat dit wél die geval was. Toe hy sien dat dit nie sou gebeur nie, het hy moontlik verbitterd geraak. Ons kan egter slegs raai wat in Judas se lewe skeefgeloop het. Maar terwyl hulle om die tafel gekuier het, het Judas alreeds heimlik ál sy planne agtermekaar gehad. En Jesus het dit geweet!

"Dit verseker Ek julle: Een van julle sal my verraai!" Jesus is uiters ontsteld wanneer Hy hierdie skok-aankondiging maak. Sovéél liefde het in Sy bediening gegaan! Met soveel liefde en deernis het Hy hierdie twaalf manne opgelei om die wêreld te vertel van God se genade! Hierdie verraad was egter deel van God se raadsplan en hoe hartverskeurend dit ookal was, het Jesus dit so aanvaar.

Dit manne was totaal verslae! Daar kon tog sékerlik nie 'n verraaier in hulle midde wees nie?

Dan stamp Petrus aan Johannes: “Vra ‘n bietjie vir Jesus wat Hy bedoel!”

Johannes het die ereplek langs Jesus aan tafel gehad. “Meester, wie is dit?”

“Die een vir wie Ek ‘n stukkie brood gee.” Met dié skokkende woorde strek Jesus na Judas en gee vir hom die brood. “Wat jy wil doen, moet jy baie gou doen!”

Judas het summier opgestaan en uitgeloop in die nag in.

Johannes beskryf dat die duiwel in Judas Iskariot ingevaar het, die oomblik toe Jesus hom die stukkie brood aangegee het. Dit laat ons met baie ongemaklike vrae - vrae waarop daar nie maklike antwoorde is nie. Vrae soos, of God dan die duiwel in Judas se lewe ingestuur het?

Die antwoord is bloot: “NEE!” Ons kan eintlik maar net spekuleer, maar vir my lyk dit asof Jesus vir Judas uitgekies het as een van die groep, juis omdat Hy geweet het dat Judas nooit waarlik lojaal sou wees nie. Judas se Messiasverwagting was ‘n politieke motief en God het presies só ‘n persoon nodig gehad om Jesus te verraai. Judas kon dalk al lankal sy ware kleure gewys het, maar vir God was die tyd nog nie reg nie, dus keer Hy die duiwel sodat hy nie vir Judas te gou oorrompel nie. Op

presies die regte oomblik, laat God die duiwel toe om sy finale invloed op Judas uit te oefen!

Nóg ‘n vraag wat dikwels gevra word, is of Judas ooit ‘n keuse gehad het? Kon hy nie dalk die regte keuse gemaak het nie? Was hy bloot ‘n pion in God se hand? Nee, ek glo beslis nie dat Judas bloot ‘n pion was wat maar moes maak soos God wou hê nie. Hy het ‘n keuse gehad en hy het die verkeerde besluit geneem! God het egter vooraf gewéét wat Judas se keuse sou wees en juis daarom is Judas gekies as dissipel en nie iemand anders nie.

Daar het stories rondgegaan, dat Judas eintlik die held in die verhaal was en dat hy ‘n “goeie” man was wat God se opdrag moes uitvoer om Jesus te verraai. Daarom moet Judas dus ‘n ereplek kry! Dit is beslis nie wat die Bybel ons leer nie. In die eerste plek sien ons dat die duiwel ‘n invloed op hom gehad het. Boonop was dit deels ook geldgierigheid wat hom gedryf het tot hierdie daad. Hy het dertig silwerstukke hiervoor verdien!

Wat leer ons vandag uit die gebeurtenis? Ek dink die belangrikste is dat ons kan weet dat God in beheer is, selfs deur die ergste situasies. Hy laat die duiwel en Judas toe om hulle bose werk te doen sodat Sy groot raadsplan foutloos sou uitwerk. Ons leer ook dat Hy alwetend is en dat Hy

selfs die toekoms ken. Wanneer dinge dus vir ons verlore lyk, is dit nie omdat God beheer verloor het nie, maar bloot omdat daar ‘n groter doel is agter dinge wat gebeur. Hy laat toe dat sekere dinge gebeur omdat dit in Sy raadsplan is. En nee, dit is beslis nie God wat die slegte dinge doen nie! Daardie dinge is die werk van die duiwel!

Gebed:

Dankie Here, dat ek weereens vandag kan besef dat U in volle beheer is, en dat ek daarin kan berus en steeds my volle vertoue op U kan plaas.

56

# Het Jy MY Lief?

## Johannes 13:31-38

**VIDEO * OUDIO**

Moeder Theresa word deur die wêreld gesien as ‘n ikoon van diensbaarheid. Sy was vereer met ‘n Nobel Prys toekenning - die hoogste eer wat enigeen kan kry. As ons egter na haar lewe gaan kyk, dan sien ons eintlik ‘n vaal bestaan van harde werk en swaarkry. Sy het daagliks te doene gehad met die armstes van armes. Haar maer, verrimpelde gesig was beslis nie dié van ’n filmster nie. In haar lewe was daar absoluut géén glorie nie!

Wanneer Jesus vir Sy dissipels sê dat Sy tyd van verheerliking aangebreek het, dan moet ons ook hierdie heerlikheid in perspektief stel. In menslike terme sien ons ‘n verheerliking as glans en glorie en alles wat blink. By ‘n gala-aand is almal uitgedos in die mooiste en duurste klere, en die edelstene skitter soos die sterre. Die verheerliktes word net mooi dinge toegedig, al is hulle soms vrot van binne. En die kroon wat hulle ontvang, mag dalk pragtig lyk en glorie uitspel, maar dit is ook maar verganklik en hol van binne.

Jesus se verheerliking werk totaal anders: ‘n Nag van angs in Getsemane, waar Hy bloed sweet en worstel met God, lei Sy verheerliking in. Dan volg die veragtelike daad van verraad deur een van Sy vertrouelinge. Hy word gevange geneem en na die hof gesleep waar valse getuienis voor Hom geslinger word. Die vriend waarop Sy hoop gebou was om die uitgestuurdes te lei, verloën Hom in sy grootste uur van nood.

Ja, dit was maar die begin van Jesus se verheerliking! Dit sou egter nog baie erger word! Hy is gespot en hulle het op Hom gespoeg en Hom geslaan. Die hoogtepunt van Jesus se verheerliking sou aanbreek wanneer die soldate ruwe spykers deur Hom kap teen die vloekhout vas, waar Hy moes hang as die bespotting van die ganse wêreld, op ‘n plek bedoel slegs vir die slegste van misdadigers. Is dit verheerliking?

Nie alleen was hierdie grusame gebeure ‘n verheerliking vir Jesus nie, maar ook vir God almagtig. Want hierin kry die grootste liefdesdaad van alle tye gestalte. Watter pa sal bereid wees om sy enigste seun, die een wat hy liefhet, te laat offer op ‘n grusame wyse sodat slegte mense gered kan word? Abraham was wel bereid om sy enigste seun Isak te offer, maar dit was vir God, en dit was baie edel. Nogtans het hy nooit tot die daad

oorgegaan nie. Wanneer God dus Sy enigste Seun, die Een wat Hy liefhet, ter slagting stuur om geoffer te word sodat slegte mense wat Sy vyande is, gered kan word, dan kan Hy alleen bekroon word met die hoogste eer en verheerliking wat daar óóit moontlik is. En Jesus, wat Hom vrywillig aan hierdie grusame marteling en vernedering onderwerp, móét net eenvoudig hiervoor verheerlik en vereer word met die hoogste eer denkbaar. As Moeder Theresa ‘n Nobelprys kon kry - hoeveel te meer Jesus!

Alles kom eintlik neer op liefde. Dit was die grootste liefdesdaad van alle tye! Jesus verbind hierdie liefdesdaad ook aan ‘n nuwe gebod wat Hy die dissipels gee op daardie skrikwekkende aand: “Julle moet mekaar liefhê.” Ons sou dalk wou sê dat dit mos al ‘n ou gebod is uit die Ou Testament, dat ons God moet liefhê en ons naaste soos onsself. Maar die liefde waarvan Jesus hier praat, is baie dieper as dit. “Soos ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê!” Hoe lief het Jesus hulle (ons)? Só lief, dat Hy bereid was om die verskrikking van die kruis te trotseer vir hulle (en ons). Hoe lief het ek en jy ons medegelowige? So lief dat ons selfs die ergste marteling sal ondergaan vir hom?

Hierdie soort liefde het eintlik nie eers die tien gebooie nodig nie, want outomaties sal jy nie iemand anders se eiendom vat, hom doodmaak of seermaak nie en dit sal tweede natuur wees om niks sleg van hom te sê nie. Maar hierdie liefde is nog véél dieper, want die soort liefde waarvan Jesus hier praat, word verwoord in Paulus se gedig oor liefde in 1 Korintiërs 13.

Ons sê baie maklik dat ons Jesus so liefhet dat ons bereid is om enigiets te doen vir Hom of ons medegelowige en medemens. In teorie is dit maklik, maar in die praktyk raak dit ‘n totaal ander storie! Ja, selfs die grote ou Petrus, die Rots, die een met die sleutels van die Koninkryk, moes dit uitvind op die harde manier. “Ek sal my lewe vir U aflê!”, sê hy vol selfvertroue vir Jesus. Maar dan moet Jesus hom hard neerbring aarde toe, want voor daardie droewige nag verby sou wees, sou die einste Petrus nie minder nie as drie keer vir Jesus verloën. “Ek sal my lewe vir U aflê!” Werklik?

Petrus was werklik lief vir Jesus. Sy optrede het dit nie rêrag gewys nie en hy het hard geval! Nogtans het Jesus hom steeds lief en ná Jesus se hemelvaart tel Hy vir Petrus op en maak hom sterk deur die Heilige Gees. Die vraag aan elkeen van ons is of ek Jesus waarlik liefhet? Hoe groot en

sterk is my liefde vir Hom en hoe groot is my liefde vir my medegelowige?

Gebed:

Here, my liefde vir U en my medemens skiet so ver tekort. Hef my op, asseblief Here.

# 57

## Jesus en die Vader is Een

## Johannes 14:1-14

**VIDEO * OUDIO**

Jesus se dissipels het so pas die mees ontstellende dinge gehoor, eers dat een van hulle Hom sou verraai en dan moet Petrus boonop hoor dat hy daardie selfde nag nog sy Meester nie minder nie as drie keer sou verloën. Maar dan kom Jesus se wonderlike trooswoorde: “Laat julle harte nie ontsteld wees nie. Glo in God, glo ook in My”. Wanneer hulle die grootste krisis in hulle lewe tegemoet gaan, kom hierdie troos! Wanneer ek en jy vandag deur die donkerste dieptes gaan, dan sê Jesus ook vir my: “Moenie ontsteld wees nie, vertrou My!” Dan hoef ek my oor niks te bekommer nie, want alles is in Sy bekwame hande, Hy sal vir alles sorg!

Vervolgens skilder Jesus vir die dissipels ‘n beeld van waar Hy weggaan. Hy doen dit egter met ‘n doel, om vir hulle ‘n plek in die hemel te gaan voorberei vir die dag wanneer Hy kom om Sy kinders te kom haal. Dit is wat Jesus nou gaan doen en Hy gaan binnekort vertrek na Bo om alles gereed te kry.

In hierdie laat stadium van Jesus se bediening, sien ons steeds die hopelose onkunde van die manne saam met hom. “Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg ken?” kerm Thomas. Het hy nie geluister nie? Het Jesus dit nie al talle male uitgespel vir hulle nie? En steeds verstaan hulle gladnie!

Dan kom Jesus met seker die bekendste van Sy uitsprake: “Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe”. Sommige mense wil dit vertaal as dat Jesus die ware pad na die lewe is. Maar dit sou nie reg laat geskied aan die volle omvang van hierdie uitspraak nie, want dit gaan veel dieper as slegs die feit dat die lewe bereik kan word deur Jesus. Die fokuspunt moet op Jesus alleen wees, en dat daardie wonderlike dinge aan Hom toegedig word - dat Hy die enigste Weg is; dat Hy die Waarheid is; dat Hy die enigste Bron van lewe is. As ons eenmaal by Jesus uitkom, dan ontdek ons eers waarlik wat waarheid is, en dan ondervind ons die ware lewe, soos alleen Jesus dit kan gee.

En as enigeen dink dat hy na God kan gaan deur ‘n ander weg as Jesus, dan maak hy ‘n baie groot fout. Jy kan alleen vir God ken as jy Jesus ken, want Hy en die Vader is een. Hierdie eenheid bestaan daarin dat Jesus alles weerspieël wat in die Vader is. As die Vader dus Persoonlik hier

teenwoordig was, sou Hy presies dieselfde gedoen het as wat Jesus doen.

Die probleem is dat God so almagtig, verhewe en heerlik is, dat Sy heerlikheid die mens in ‘n oogwink sou verskroei. Jesus is dus gestuur as Sy verteenwoordiger sodat ons met God kan kommunikeer sonder om aan Sy heerlikheid blootgestel te word. Toe Jesus as mens na die aarde gekom het, was dit nie die eerste keer dat Hy as Verteenwoordiger optree nie - Hy het dit talle male in die Ou Testamentiese tyd reeds gedoen. Die bekendste hiervan is Sy gesprekke met Abraham, Moses en Elia. Ons lees byvoorbeeld in Eksodus 3:1-17 dat “die Engel van die Here” aan Moses verskyn het in die brandende doringbos. Die Engel van die Here is natuurlik Jesus, die Seun van God. Soos die gesprek vorder, kom ons agter dat dit God is wat direk met Moses gesels. Jesus praat hier met hom asof Hy die Vader is. Wat hier gebeur, is dat Jesus as die Vader se Verteenwoordiger namens Hom met Moses praat, want Moses sou die Vader se teenwoordigheid nooit kon oorleef nie. Wanneer die gesprek eindig, sê Jesus vir Moses dat hy vir die volk moet sê dat JHWH (God) hom gestuur het.

Wanneer Filippus vra dat Jesus hulle die Vader wys, weet hy duidelik nie waarvoor hy vra nie. “Ek

is al so 'n lang tyd by julle, en het jy My nie leer ken nie, Filippus? Wie My gesien het, het die Vader gesien.”

Daardie dissipels het dus baie duidelik nie besef hoe naby hulle werklik aan die Vader was nie en dat hulle die hele tyd besig was met die Vader se direkte Verteenwoordiger nie. Presies dieselfde geld ook vir my en jou vandag. Die feit is dat Jesus in Sy alomteenwoordigheid ook hier by jou en my is en dat Hy teenwoordig is by alles wat ons doen en by ons gesprekke. As Verteenwoordiger van die Vader, is Hy onbeskryflik groot en heerlik en magtig. Met hoeveel disrespek word Hy dikwels behandel? En hier praat ek nie van ongelowiges nie, maar juis van gelowiges, wat die Here Jesus dikwels behandel soos ‘n soort speelmaatjie. Daar word dikwels spottenderwys van Hom gepraat. Ja, die Vader word gewoonlik met groot respek behandel, maar wat ons aan Jesus doen, doen ons ook aan die Vader, want hulle is EEN.

Kom ons onthou altyd met Wie ons eintlik te doen het. Ja, Jesus is vir ons toeganklik en ons kan te enige tyd met Hom praat. Boonop is Hy altyd daar vir ons. Ons kan ál ons laste, behoeftes, vreugdes en diepste hartsgeheime met Hom deel. Maar terselfdertyd mag ons nie vir een enkele oomblik vergeet dat Hy God almagtig is, en dat Hy die

Vader se Verteenwoordiger is nie. Kom ons behandel Hom met die respek waarmee Iemand soos Hy behandel hoort te word. Kom ons gee aan Hom al die eer!

Gebed:

Here Jesus, ek aanbid U, want U is God almagtig, Skepper van die heelal - my Verlosser!

# Die Gees In Jou

## Johannes 14:15-31

**VIDEO * OUDIO**

Jesus het Sy dissipels deeglik voorberei vir die feit dat Hy weggaan en die depressie het maar swaar op hulle harte gedruk. Maar dan troos Hy dat Hy die Vader sal vra om vir hulle 'n ander Parakleet (Parakletos) te stuur. Die 1983 vertaling gebruik die woord: "Voorspraak."

Hierdie woord, Parakletos is eintlik baie moeilik om te vertaal, want ons het nie werklik 'n soortgelyke woord in Afrikaans nie. Maar kom ek probeer verduidelik: Destyds kon slegs enkele ryk mense 'n geleerdheid bekostig, gevolglik het die oorgrote meerderheid van die samelewing absoluut niks geweet van die wette en reg nie. So is daar dan 'n weldoener aangewys uit die ryk geledere wat die arm mense van hierdie dinge kon leer wat van hulle verwag word, hulle te ondersteun en om hulle by te staan in byvoorbeeld hofsake. Hierdie weldoener is die "Parakletos" genoem. Wanneer Jesus dus die Heilige Gees aan die dissipels kom voorstel, noem Hy Hom 'n "Parakletos".

Dit is baie belangrik dat ons moet weet presies Wie en Wat die Heilige Gees is. Ons kan leer uit wat Jesus hier vir Sy dissipels oor Hom kom sê asook wat ons ook uit die Ou Testament oor Hom lees.

In die eerste plek is die Heilige Gees nie maar net ‘n krag van God nie, maar is Hy ‘n Persoon. In vers 17 sê Jesus: “**Hy** is die Gees van die waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat die wêreld **Hom** nie sien nie en ook nie ken nie. Julle ken **Hom** egter, omdat **Hy** by julle bly en in julle sal wees.” Hier word baie duidelik verwys na die Heilige Gees as ‘n Persoon.

In die tweede plek moet ons weet dat die Heilige Gees saam met die Vader en die Seun God-Drie-Enig is. Uit hierdie gedeelte sien ons dat Hy van die Vader kom. in Genesis 1:2 word na Hom verwys as die Gees van God. In Joh 14:23 sê Jesus: “**Ons** sal na hom toe kom....”, die “Ons” verwysende na Jesus en die Heilige Gees.

Derdens sien ons dat die Heilige Gees nie vir elkeen beskore is nie. In die Ou Testament sien ons dat dit net baie spesiale mense was wat die voorreg gehad het om die Heilige Gees in hulle lewens te hê. Ons lees telkens van ‘n groot figuur: “Die Gees van God het oor hom vaardig geword.” Alles sou baie drasties verander met Pinksterdag, wanneer Jesus die Gees “uitstort” oor gelowiges.

Nou is dit nie meer spesiale enkelinge nie, maar alle gelowiges. Maar steeds is daar ‘n beperking: **SLEGS** gelowiges sal die Gees ontvang! Hy is dus nie bedoel vir die ongelowige wêreld nie. As ‘n ongelowige dus vir jou sê dat hy die Heilige Gees in hom het, is dit ‘n leuen! In Johannes 14:17 verklaar Jesus onomwonde dat die wêreld Hom nie kan ontvang nie!

Vierdens leer Jesus ons in vers 26 dat die Heilige Gees, die “Parakletos” met ons praat: “Die Parakleet, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle in alles onderrig en julle aan alles herinner wat Ek vir julle gesê het.”

Hoe doen Hy dit? Nee, Hy praat nie hoorbaar nie, maar in jou hart. ‘n Voorbeeld hiervan is deur die Bybel. Vir die ongelowige is die Bybel ‘n dooie boek. Vir die gelowige is dit egter die Woord van God, want wanneer jy dit lees met ‘n biddende hart en ‘n oop gemoed, praat die Heilige Gees met jou deur dit wat jy lees. Jy sien skielik net iets in ‘n totaal ander lig as wat jy dit voorheen gesien het en dan wéét jy dat die Gees nou direk met jou gepraat het. Hoe weet ek? Dit is dikwels net ‘n onbeskryflike “gevoel” van vrede of saligheid wat oor jou gemoed kom. Wanneer ek die dagstukkies skryf, is dit net daardie vredevolle wete wat oor my hart kom, wat vir my sê dat ek nou skryf wat die

Heilige Gees wil hê dat ek moet skryf. Dit gebeur soms dat ek iets skryf wat in my hart ‘n vraagteken - ‘n onsekerheid los. Dan gaan ek terug na daardie gedeelte en verander dit, want dan weet ek dat dit nie is wat die Gees wou hê ek moes skryf nie.

In die vyfde plek sien ons dat die Heilige Gees nie maar net tydelik in jou woon vir ‘n kort rukkie en dan weer vertrek nie. Inteendeel, in vers 16 sê Jesus: “…..sodat Hy vir ewig by julle kan wees.” Hy kom woon in jou die dag wanneer jy ‘n keuse maak vir Jesus. Daardie dag kom vul Hy jou lewe. Die vraag wat ek al dikwels gehoor het, is waarom die stem van die Gees stil kan raak in my lewe? Dalk moet ek dit verduidelik met ‘n beeld wat ds Dana Minnaar destyds gebruik het, dat jou lewe soos ‘n emmer vol klippe is, waar die klippe sonde uitbeeld. Wanneer Jesus in my lewe kom, word my emmer vol gemaak met die Heilige Gees. Dit is soos ‘n ewigdurende stroom wat invloei. Die sondeklippe veroorsaak egter dat daar nie baie plek in my lewe is vir Hom nie. Hoe meer van hierdie klippe ek egter uitgooi, hoe meer plek is daar vir Hom en hoe duideliker kan ek Sy stem hoor. Wat is hierdie sondeklippe? Sonde is om nie die wil van God te doen nie. Dit is dus nie net fisiese sondes nie, maar ook byvoorbeeld om nie genoeg met Hom te praat of om van Hom te leer nie.

In kort kan ons sê, dat hoe nader ek aan God leef, hoe meer gaan ek die Heilige Gees in my lewe ondervind, en hoe meer gaan ek God se volkome vrede en blydskap in my lewe beleef.

Gebed:

Here, dankie dat U Heilige Gees ook deel van my lewe is.

59

## Die Wingerdstok

## Johannes 15:1-8

**VIDEO * OUDIO**

Die vrug van die wingerdstok het ‘n baie groot rol gespeel in Jesus se bediening op aarde. Keer op keer word dit gebruik om God se almag te beklemtoon of om die een of ander waarheid tuis te bring of om te dien as simboliek. Jy sal nog onthou dat Jesus se eerste groot wonderwerk juis was om wyn te maak van water. Hier voorsien Hy die vrug van die wingerdstok in oorvloed en kwaliteit uit niks! Tydens die laaste maaltyd saam met Sy dissipels word wyn die simboliek van Sy kosbare bloed wat gestort word sodat die gelowiges kan lewe.

En nou gebruik Jesus, enkele ure voordat Hy gevange geneem gaan word, die beeld van druiweboerdery om te wys hoe die interaksie is tussen God en die gelowiges.

In die mooiste Kaap staan jy dikwels verstom oor ‘n boer se piepklein stukkie grond onder wingerd, met iewers selfs nog ‘n wynkelder ook. Hoe is dit moontlik dat so min so baie kan produseer? In die Vrystaat strek die mielielande dikwels tot ver oor

die horison en dan krepeer die arme boer steeds van die ellende. Dit is absoluut verstommend hoe ‘n groot klomp druiwe een enkele ou wingerdstokkie kan produseer! Maar daar is sekere voorwaardes wat nagekom moet word vir só ‘n goeie produksie! En dit is juis hierdie voorwaardes wat Jesus uitspel, want wat vir die wingerd geld, geld ook vir die gelowige.

Die eerste waarheid wat ons baie deeglik moet besef, is dat daar drie elemente is waarsonder ‘n wingerd gladnie kan bestaan nie. Die eerste is die wingerdstok. Sonder daardie stam is daar géén vrugte, lote of lewe nie. Die tweede is die lote, die stingels waaraan die druiwekorrels groei. Die derde, baie belangrike element is die druiweboer, want sonder sy intensiewe aandag sal die wingerd so wild rank dat daar geen krag oor sal wees vir vrugte nie.

In die beeld wat Jesus gebruik, stel Hy Homself voor as die Wingerdstok - die Bron van lewe. Die Vader word voorgestel as die Boer wat alles in stand hou. Die gelowiges word gesien as die lote. Nou moet ons baie deeglik besef dat die lote aan ‘n wingerdstok van uiterste belang is, want sonder lote gaan daar géén vrugte wees nie. Kyk jy mooi na ‘n wingerdstok, dan merk jy ook dat daar nie ‘n hoofloot is wat al die druiwe dra en ‘n klomp

mindere lote wat net ondersteun of saamgroei nie. Nee, ál die lote is ewe belangrik en álmal dra vrugte. Pas ons dit toe op die kerk, dan is dit nie die dominee of pastoor wat al die vrugte moet dra en die gemeente draf maar net saam om te ondersteun nie. Almal het ‘n ewe groot taak.

Jesus sê ‘n skrikwekkende ding oor die lote wat niks doen nie. Hulle word afgesny, want hulle is waardeloos! Wat presies beteken dit? Beteken dit dat gelowiges wat nie hulle kant bring nie, uit die Koninkryk uitgesmyt word? In vers 6 sê Jesus dat sulke lote selfs verbrand word! Sal iemand wat eenmaal in Jesus geglo het, skielik verlore gaan? Nee, ek dink nie dat dit die bedoeling is nie. Jesus sê immers in Johannes 10:28 dat niemand ‘n gelowige uit Sy hand sal ruk nie!

Daar is egter baie mense wat onder die vaandel van die Christelike geloof hulleself rondom die Wingerdstok skaar. Hulle kom selfs kerk toe en doen dikwels aktief mee aan gemeentebedrywighede. Hulle het egter nog nooit daardie stap geneem om Jesus se verlossing te aanvaar nie. Ek weet - ek was sélf daar! Dit is hulle waarvan Jesus sê dat hulle afgesny en verbrand sal word. Skrikwekkend! Moenie dat jy so ‘n loot wees nie.....

Maar die belangrike deel is dit wat met die ware lote gebeur. As jy kyk hoe ‘n wingerdstok lyk kort voor die groeiseisoen, dan wonder jy of daar ooit ‘n enkele korreltjie aan so ‘n plant kan groei. Dit is net die kaal stam en oral waar daar die vorige seisoen nog welige lote was, is daar nou net stompies - kaal gesnoei! En dan gebeur die wonder: binne ‘n kort tydjie begin die lote bot en rank om ‘n lowergroen boskasie te vorm, gelaai met sappige druiwe. Daardie snoeiproses is van uiterste belang om nuwe groei en vrugte te stimuleer. Hoe meer drasties die snoei, hoe beter die vrugte.

In die gelowige se lewe is hierdie ook ‘n baie belangrike beginsel. Die Vader snoei ons dikwels baie drasties en dit maak soms bitter seer. Die resultate is egter dat ons geestelik bloei en groei en dat ons vrug kan dra. Dikwels gaan ons deur so ‘n snoeiproses en dan wil ons dit uitskreeu: “Here, dit is nou genoeg!” Maar ons moet besef dat Hy die Boer is wat beter weet as ons en Hy sal ophou snoei wanneer Hy tevrede is.

‘n Ander baie belangrike aspek, is dat ‘n loot nie los van die wingerdstok kan groei nie. Hy is totaal afhanklik van hom, want die lewenssap vloei juis uit die wingerdstok om die loot te laat vrug dra. Net so is ons totaal afhanklik van Jesus. Ek moet in Hom bly om te kan oorleef, geestelik sowel as

liggaamlik. Hy bly egter ook in my. Hy is die Een wie se “lewenssap” deur my are vloei en die Een wat die vrug in my lewe gee. Sonder Hom is ek totaal verlore en absoluut waardeloos.

Gebed:

Here, dankie dat ek ‘n loot kan wees aan U Wingerdstok. Gee my asseblief die krag om die snoeiproses te oorleef, sodat ek baie vrug kan dra vir U!

60

# Bly in MY

## Johannes 15:1-17

**VIDEO * OUDIO**

In die vorige dagstukkie het Jesus die beeld gebruik van die wingerdstok. “Bly in My”, het Jesus gepleit! Ons het gesien hoedat die lewenssap bruis deur die lote en lewe gee in oorvloed. Die sap gee ongekende groei en dit laat die loot heerlke, stroopsoet, sappige druiwe dra. Die lote (dis nou gelowiges) wat in Jesus bly, is vasgeanker aan die Wynstok. Dis nie alleen die ewige lewe wat nou ter sprake is nie, maar ‘n geestelike lewe wat bruis en groei en vrugte dra. Die rede is dat Jesus die “lewenssap” deur jou are laat bruis, net soos in die Kaapse wingerd.

Wat is die doel agter alles? Sodat die Vader hierdeur verheerlik kan word! So lees ons in Johannes 15:8.

Jesus het al by verskeie geleenthede gesê dat die Vader Hom liefhet en dis baie belangrik om dit te weet. Nou vergelyk Hy die Vader se liefde teenoor Hom met Sy liefde teenoor ons. Hy het Sy dissipels net so lief as wat die Vader Hom het. Dit

geld natuurlik ook vir jou en my! Dit is ‘n baie groot liefde!

Jesus vra egter ook iets van ons - dit durf nóóit by ‘n eensydige liefde bly nie! Die vraag is al dikwels gevra, hoe bewys ek my liefde teenoor Jesus? Hy gee hier persoonlik daardie antwoord in baie eenvoudige taal. Hy begin deur te verduidelik dat Hy beslis nie iets van ons vra wat onmoontlik is nie. Hy het sélf die voorbeeld kom stel deur die opdragte van die Vader te kom uitvoer as bewys dat Hy ook die Vader liefhet. Op dieselfde wyse móét ons Jesus se liefde beantwoord deur Hom ook lief te hê. Die bewys van ons liefde vir Hom, is om Sy voorbeeld na te volg en Sy opdragte uit te voer. Let wel, die opdragte wat ons van Jesus kry is nie eers náástenby so moeilik as die opdrag wat Hy van die Vader gekry het nie!

Wat is Jesus se opdrag aan ons? Dit is ‘n verskriklike moeilike een: “Julle moet mekaar liefhê.” Is ek snaaks as ek sê dat dit baie moeilik is? Nee, want dit kom sommer so van nature om liefdeloos op te tree. Dit kos inspanning en selfbeheersing om in alle omstandighede mekaar lief te hê, veral as iemand in ‘n krisis beland. Dit is só maklik om daardie persoon te beskinder en swart te smeer. Jy maak hom letterlik dood met jou woorde. Dis moord! Liefde is om niks te sê wat

iemand anders kan seermaak nie maar eerder positief teenoor daardie persoon op te tree en te probeer help.

Om Jesus se opdrag uit te voer, beteken om liefde te dink, liefde te voel, liefde te doen, liefde te leef! Liefde moet die totale rigsnoer van jou lewe wees. Het Jesus nie juis presies só geleef nie? Wat ‘n wonderlike voorbeeld om na te streef!

Dit wil tóg vir my lyk asof daar twee norme gestel word wat die uitleef van ons liefde betref. In die eerste plek is daar die liefde wat in die wet beskryf word, dat ek my naaste moet liefhê soos ek myself liefhet. Dit is die minste wat die Here van my verwag. Maar die liefde wat Jesus hier beskryf is ‘n baie meer intieme en intense liefde. Dis die liefdesband tussen medegelowiges. Jy gaan immers jou eie broer of suster baie meer liefhê as ‘n vreemdeling, is dit nie so nie? Wel, in Jesus is álle gelowiges boeties en sussies. Dit is dus egte naby-familiebande wat ons aan mekaar bind.

Wat behels so ‘n liefde? Paulus het dit baie duidelik uitgespel in 1 Kor 13, waar hy onder meer sê dat liefde geduldig is en vriendelik, nie grootpraterig, afgunstig, liggeraak of verwaand nie. Onwelvoeglikheid en eie belang is twee dinge wat nie in liefde se woordeboek voorkom nie en van boekhou oor die kwaad is daar géén sprake nie.

As jy Jesus se liefde in jou het, sal jy jou nie verlekker in onreg nie, maar eerder bly wees as die waarheid seëvier.

Maar weereens moet ons besef, soos ek reeds hier bo genoem het, dat alles uiteindelik primêr gaan oor die Vader en dat Hy ook in die uitleef van ons liefde verheerlik word. Dink so daaraan: as twee broers sou baklei - wie is dit wat die seerste kry? Hulle ouers word deur hulle koppestamp seergemaak! Dis húlle wat die meeste ly uit die boeties se onenigheid. Aan die ander kant, het jy al ooit gehoor hoe ‘n pa kan spog as hy vertel van sy kinders wat so lief is vir mekaar? Kinders wat énigiets sal doen om mekaar te beskerm se pa wil bars van trots! Daar is niks in die lewe wat hom meer plesier verskaf nie!

God is ons Vader, en op presies dieselfde manier maak ons Hom bly as ons ons liefde prakties en op ‘n baie tasbare wyse teenoor ons boeties en sussies in die geloof uitleef. Liefde teenoor ons medemens en veral ons medegelowige, is onlosmaaklik deel van ons liefde teenoor God. As ons mekaar nie liefhet nie, is die uitleef van ons liefde teenoor God nutteloos.

Jesus sluit hierdie perikoop af deur terug te kom na die gedagte van die wynstok. Die dissipels (en dit sluit ons in) is aangestel om uit te gaan en

vrugte te dra. Soos die heerlike soet, sappige druiwekorrels aan die wingerdlote, moet ons liefde ook vir mekaar wees, soet, sappige vrugte. Maar dit is nie maar net ‘n versoekie van Jesus nie - dit is ‘n bevel! “Dit beveel Ek julle:”, sê Jesus, “Julle moet mekaar liefhê!” (v. 17)

Gebed:

Here, ek staan vanoggend diep skuldig voor U, want my liefde vir my medegelowiges is maar bitter flou. Help my asseblief om hulle onvoorwaardelik lief te hê!

61

## Getuig Ten Spyte Van Vervolging

## Johannes 15:18 - 16:4

**VIDEO * OUDIO**

Om ‘n Christen te wees, is nie vir sissies nie! Hierdie waarheid het ek al agtergekom toe ek nog op skool was. Vir ‘n begin was ek uitgesluit uit die “groot pret”, omdat ek nie goddeloos was nie. Ek was ‘n “voorbeeldige” outjie, maar nou nie juis ‘n uitgesproke gelowige nie. Op daardie stadium het ek nog nie vir Jesus ontmoet nie, maar my Christelike opvoeding het ‘n groot rol gespeel. Eintlik was ek nóg vis, nóg vlees, want ek was iewers tussen die wêreld en die geloof. Ek onthou egter twee broers wat uitgesproke Christengelowiges was. Hulle pa was ‘n predikant en hulle het hulle geloof ten volle uitgeleef in die skool. Die arme twee outjies was uitgeworpenes! Hulle is gespot en niemand wou iets met hulle te doene hê nie. Hulle het “gedweep” met hulle Godsdiens, só het ons ten minste geglo. Ja, selfs ék het saam gespot! Vandag voel ek skuldig daaroor, want nou weet ek dat hulle nooit gedweep het nie. Hulle het eenvoudig hulle geloof uitgeleef en ek bewonder hulle dat hulle in die wrede wêreld

van die kind steeds vasgeklou het aan hulle waardes!

In Jesus se laaste gesprek met Sy dissipels voordat Hy tereggestel word, berei Hy hulle voor vir die verskrikking wat op hulle sou wag. Die afgelope drie jaar het hulle ‘n baie beskermde lewe gehad saam met Hom. Nou het die tyd egter gekom dat hulle die wêreld vierkant in die oë sou moes gaan kyk en dit sou beslis nie maklik wees nie. Hulle het gewoond geraak daaraan dat groot skares mense in vervoering agter hulle aanloop. Nou kom die ontnugtering dat die wêreld hulle sou haat - so sê Jesus. Maar hulle moes nie moed verloor nie, want Jesus het dit alreeds verskeie kere beleef. Die Fariseërs het Hom immers gehaat met ‘n passie! Binne die volgende paar uur sou die dissipels die volle omvang van hierdie haat met afgryse moes aanskou. Hulle moes só daaraan dink, dat as die wêreld hulle sou liefhê, dan sou daar baie groot fout wees! Dan sou hulle mos die eiendom van die goddelose wêreld wees. Hulle moes ook altyd onthou dat hulle diensknegte was van hulle Meester, Jesus en ‘n dienskneg kan mos nie verwag om voorkeur behandeling te kry terwyl sy Meester vervolg word nie? Hy is mos nie belangriker as sy Meester nie, is hy?

Wat vir die dissipels gegeld het, geld ook vir alle gelowiges en dit sluit jou en my vandag in. Jesus is immers baie belangriker as ons! Ons staan nie los van Hom nie, want as gelowiges het ons Hom aanvaar as ons Here en Meester. As Hy vervolg moes word deur die wêreld, moet ons dieselfde kan verwag!

Ons moet egter onthou dat hierdie soort van vervolging iets totaal anders is as die snoeiproses waardeur ons gaan, waarvan ons in die vorige twee dagstukkies gepraat het. Daardie loutering is iets wat die Here aan ons doen om ons geestelik sterk en fiks te maak, amper soos om in die gimnasium te gaan sweet. Dít waarvan Jesus egter hier praat, is iets totaal anders. Dit het te doen met die haat wat die duiwel koester teenoor enige eiendom van God. Eintlik is hierdie hele aanslag gemik op God, maar die duiwel doen dit aan ons omdat ons God se eiendom is en Hy God deur ons probeer bykom!

Die vraag is egter nou, dat as die wêreld so vyandig is teenoor ons, of ons nie eerder maar onsself in ‘n klooster moet gaan afsonder en ‘n beskermde lewe lei waar ons heeldag lank vir God in vrede kan loof en aanbid nie? Nee, baie beslis nie! In verse 26 en 27 lees ons dat Jesus ons juis in hierdie wrede wêreld instuur om van Hom te

gaan getuig. As ons nie getuig nie, hoe gaan die kerk tot stand kom? Hoe gaan die kerk oorleef? Dit sal wegkwyn en verdor! Hoe het die kerk in die eerste plek tot stand gekom? Hierdie dissipels het presies gedoen wat Jesus gevra het en hulle het gaan getuig. En elkeen wat tot geloof gekom het, het verder gaan getuig, sodat baie van die mense wat hulleself eers by die vyand, die duiwel geskaar het, tot geloof gekom het.

Natuurlik het hulle nie uitgegaan met leë hande nie! Hulle het die Heilige Gees gehad om hulle te lei in hulle getuienis. Ek en jy het vandag nog steeds die Heilige Gees om ons te lei in ons getuienis!

As jy egter dink dat dit daardie tyd maklik was om te getuig, dan maak jy ‘n groot fout. Hierdie gelowiges was uit die sinagoges en die samelewing uitgesmyt. Hulle is in die tronk gestop en selfs doodgemaak, want wat hulle gedoen het, was gesien as godslasterlik. Ons het dit baie gemaklik hier in Suid-Afrika, want ‘n gelowige kry nie baie teenstand nie, buiten as hy miskien begin getuig en wêreldlinge laat skuldig voel. Daar is egter baie ander lande waar gelowiges vandag afgryslik vervolg word en waar hulle selfs doodgemaak word as hulle durf getuig!

Vandag wil Jesus vir jou en my sê: Moenie bang wees om oor Hom te getuig nie. Ja, dit is nie maklik nie en ek kan selfs verwag dat ek uitgelag, selfs uitgevloek gaan word. Maar onthou dan, dat Jesus presies dieselfde en nog baie meer vir jou en my deurgemaak het. Waarom sal ons dit dan nie vir Hom doen nie?

Gebed:

Here, gee my asseblief vandag die moed en wil en krag om van U te kan getuig.

# 62

## Die Werk van die Heilige Gees

## Johannes 16:5-15

**VIDEO * OUDIO**

Dit wil lyk asof die dissipels nog gladnie Jesus se weggaan begryp het nie. Maar hulle was te bang om Hom daaroor uit te vra, want dalk sou hulle net 'n antwoord kry wat hulle dalk nie wou hê nie. Ja, hulle het besef dat die skrif aan die muur was, en dat Jesus beslis tereggestel sou word. As hulle maar geweet het hoedanig hierdie teregstelling sou wees - die verskrikking daarvan, dan sou hulle dalk die hasepad gekies het! Maar die blote gedagte dat Jesus hulle sou verlaat, het alreeds 'n beklemming om hulle harte geplaas. Dit was die hele onsekerheid rondom dit alles.

Jesus troos hulle deur te verduidelik dat Sy weggaan juis vir hulle tot voordeel sou wees. Natuurlik het hulle dit gladnie verstaan nie en Jesus het ook nie eers probeer verduidelik nie, want op daardie stadium sou dit nie vir hulle sin gemaak het nie. Eers later sou die lig vir hulle opgaan en sou hulle die hele prentjie begin sien. Maar eers moes daar iets anders met hulle gebeur. Jesus moes vir hulle die Parakletos, die Voorspraak gee voor hulle waarlik sou verstaan.

Wat sou die Voorspraak doen? Jesus noem hier drie baie belangrike sake. Eerstens moes die Voorspraak die sonde van die wêreld gaan blootlê. Wat is sonde? Dit is om nie die wil van God te doen nie. Ons kan dalk sondelysies wil opstel: dans, rook, suip, dobbel ens. Maar nee, dis nie waaroor dit gaan nie. Wat is die grootste sonde van almal - die sonde wat jou beslis uit die hemel sal hou? Om nie in Jesus te glo nie! Hierdie is die kern van alle sonde, want sonder geloof in Jesus is jy in die mag van die duiwel en dan is die gruwelikste dade moontlik. Geloof in Jesus bring ‘n totale nuwe perspektief in ‘n mens se lewe. Die vraag is, hoe gaan die Voorspraak die sonde van die wêreld blootlê en watter metodes gaan Hy gebruik? Die antwoord is heel eenvoudig, deur die getuienis en verkondiging van gelowiges! God gebruik mense (gelowiges) om Sy Woord te verkondig en aan die wêreld uit te basuin dat Jesus die enigste Weg is en dat jy sonder Hom in sonde voor God staan.

Tweedens sê Jesus dat die Voorspraak sal bewys dat die reg aan Jesus se kant is. Ná Jesus se kruisiging, opstanding en hemelvaart, kon alles maar net eenvoudig in die vergetelheid verdwyn het, as nóg ‘n Martelaar wat droewig aan Sy einde gekom het. Dit het egter nie gebeur nie, want die Heilige Gees het mense soos Petrus en Johannes

gebruik om dit aan die wêreld uit te basuin wie Jesus werklik is. Hy is nie maar ‘n martelaar nie, maar waarlik God! Die taak van die Heilige Gees was om dit duidelik te stel dat al die dinge wat gebeur het maar net op een enkele manier verklaar kon word, dat niks hiervan kon gebeur sonder God se heilige ingryping nie. Alles omtrent Jesus is eg en waar.

Die derde groot taak van die Heilige Gees is om die wêreld te oortuig van die oordeel wat kom. Hoe oortuig jy ‘n ongelowige van die oordeel en dat hy onder die oordeel staan? Ek dink die meeste ongelowiges leef alreeds in vrees en bewing vir dit wat wag! Almal weet wat die hel beteken, en al sê iemand vir jou dat hy nie aan die hel glo nie, dra hy heimelik die vrees in sy hart: Sê nou maar net.....

Ja, die oordeel het alreeds begin met Jesus se koms. Die owerste van die wêreld (die duiwel) is reeds veroordeel! Hy het sy magsposisie klaar verloor en die finale straf is alreeds sy voorland. Enige ongelowige is besig om presies dieselfde paadjie te loop. Vir die duiwel is daar geen hoop meer nie, maar vir die ongelowige is daar steeds hoop. As hy maar net die Voorspraak wil toelaat om Hom na Jesus te lei.

Maar die werk van die Voorspraak is nie net op die wêreld toegespits nie. Die Heilige Gees sal ook

baie aktief betrokke wees in die lewe van elke gelowige. Dit is Hy wat die gelowige in die waarheid sal lei. Dit beteken dat Hy vir my en jou lei om te leef volgens die wil van God. Ons moet onthou dat toe Johannes hierdie Evangelie geskryf het, was daar nog nie ‘n Bybel soos wat ons vandag het nie. Toe was dit van uiterste belang dat die gemeente sou luister na die influistering van die Heilige Gees. Vandag is ons so wonderlik bevoorreg om die Bybel te hê as riglyn. Maar steeds is dit die Gees wat deur die Bybel met ons praat en ons lewe rig.

Wat verkondig die Gees aan ons? Hy verkondig Jesus! Die hoofdoel van die Heilige Gees is nie om oor Homself te getuig nie, maar oor Jesus. Hy verheerlik Jesus in ons lewens. Hy verkondig aan ons die almag, die glorie en die grootheid van Jesus. Ek dink dat jy met my sal saamstem dat Hy dit wonderlik reggekry het uit alles wat ons tot dusver alleen uit hierdie Evangelie van Johannes behandel het. Onthou jy nog die heel eerste hoofstukke wat gehandel het oor Jesus as Skepper van die heelal, en al die glorie wat daarmee gepaard gegaan het? Dit was die werk van die Heilige Gees om Johannes te lei om hierdie wondere aan ons oor te dra. Hoe heerlik word Jesus nie hierdeur verheerlik nie!

Gebed:

Dankie Jesus, dat U aan my die Heilige Gees gegee het, en dat ek elke dag van Hom kan leer oor U!

63

# Van Droefheid tot Blydskap

## Johannes 16:16-24

**VIDEO * OUDIO**

Mense beweer dat ‘n man nie geboortepyn ervaar nie. Dit is louter onsin! Ek onthou nog soos gister, daardie dag, 47 jaar gelede, toe ek en my Mosbolletjie se eersteling gebore is. Eers was daar die opgewondenheid dat die dag uiteindelik aangebreek het, maar toe begin die geboortepyne. Ek weet nie wie van ons twee die meeste angs belewe het nie - sou ons ooit betyds by die kliniek aankom? Elke sametrekking het die koue sweet op my gesig laat uitslaan van pure benoudheid. Lánk voor dit werklik nodig was, het ek my kosbare aflewering reeds gedoen by die kliniek. En toe begin die pynlike wag - minute het harmansdrup-stadig soos ure verbygekruip. Met elke kramp het ek inmekaargekrimp van pyn vir my liefling. Ek het haar pyn probeer minder maak, maar ek het so magteloos gevoel!

En toe, uiteindelik, het die oomblik aangebreek, en sy word lêgemaak in die teater. En toe begin die éintlike nagmerrie! Dit het gevoel asof my binneste uitgeruk word, elke keer as sy gil van die verskriklike pyn. Angs het my aan die hart gegryp

toe ek sien hoedat die are in haar gesig uitbult en sy bloedrooi word. “Weet die dokter ooit wat hy doen? Sê nou my kosbare Mosbolletjie kry ‘n beroerte - ek kan mos sien hoe skrikwekkend haar bloeddruk styg, elke keer as sy moet druk! Soveel vrouens sterf tydens geboorte gee - ek wil haar nie nou verloor nie!” Die angsgedagtes het deur my gemoed gemaal en die vrees wou my opvreet!

Toe skielik was alles verby en ons eersteling maak die mooiste geluid wat ‘n mens se ore ooit beskore is - daardie eerste gil van verontwaardiging omdat hy so ongeskik behandel was! Blou, geswel en vreklelik, is hy in ‘n doek toegedraai en vir Mamma gegee. Ons vreugde het géén perke geken nie! Wat oomblikke tevore nog angs was, was nou ongekende vreugde. In my Mosbolletjie se arms het die volmaakte klein mensie gelê en my glimlag was net gekeer deur my ore wat in die pad was!

Jesus verduidelik vir Sy dissipels dat dit nog net ‘n klein rukkie is voordat hulle Hom nie meer sal sien nie. Maar dit sal van korte duur wees, want binnekort is Hy weer terug, maar hierdie keer slegs tydelik voordat Hy vertrek na Sy Vader. Jesus berei hulle voor vir die trauma waardeur hulle sal gaan in die volgende tyd. Hy vergelyk dit met die verskriklike pyn waardeur ‘n vrou gaan tydens die geboorte van ‘n baba.

Wat ‘n wonderlike vergelyking is dit nie! Ja, inderdaad is dit Hy, Jesus, wat ál die pyn fisies beleef het en die proses moes deurmaak. Dit was wel Sý lewe wat op die spel was, maar die dissipels moes al hierdie dinge aanskou met angs wat aan hulle harte gegryp het!

Soms gebeur dit ook maar dat ‘n pa dit nie meer kan hanteer nie en dan hardloop hy weg! Net so kon Petrus dit nie meer hanteer nie en het hy die hasepad gekies, deur te sê dat hy gladnie weet wie hierdie Jesus is nie. Hy wou die verskriklike foltering nie meer aanskou nie. Ek dink daardie handjievol manne en vroue wat hardnekkig vasgeklou het aan Jesus tot op die bitter einde, het elke oomblik van Sy marteling, bespotting en kruisiging saam met Hom beleef. Die angs het hulle harte uitgeruk. Hulle droefheid het géén perke geken toe hulle Hom uiteindelik daar van die kruis moes afhaal en na die graf toe dra, om vir ewig weggelê te word nie. Nou was daar niemand meer om eers ‘n wonderwerk te doen om Hom soos Sy vriend Lasarus te laat opstaan nie. Dit was finaal verby! Al hulle drome was vernietig. Hulle was bitter bang, want nou het húlle beurt dalk aangebreek om óók vervolg te word soos hulle geliefde Meester!

Die pikswart Sabbat het gekom - ‘n Sabbat waarin hulle in sak en as gesit het!

Toe breek daardie Sondagoggend aan. Eers die skok as hulle ‘n leë graf kry. Maar dan begin die berigte instroom van alle kante af: Jesus leef! Hulle Meester het uit die dood opgestaan! Iemand het Hom hiér gesien en twee manne het Hom weer dáár gesien. Hy het saam met twee manne aandete genuttig in Emmaus. En dan die uitbundige vreugde as Hy skielik tussen hulle staan en met hulle gesprek voer!

Eers tóé besef hulle die betekenis van dit alles. Wanneer Jesus dan ‘n ruk later na die hemel opvaar, is dit nie met droefheid wat hulle van Hom afskeid neem nie, want nou besef hulle dat Hy steeds by hulle is, al kan hulle Hom nie meer fisies sien nie. Boonop gee Hy kort daarna ook vir hulle die Ander Trooster, die Heilige Gees.

Terwyl Jesus vir hulle hierdie prentjie skilder, bring Hy die saak op oor gebed. Hierdie sou vir hulle ‘n uiters belangrike vorm van kommunikasie met Hom word. Jesus maak vir hulle die deur oop na die Vader, want deur gebed kan hulle nou ál hulle behoeftes uitstort voor die Heilige God. Jesus word so ook vir my en jou die Weg na die Vader. Ons kan vandag vryelik in gesprek tree met Hom deur Jesus. “Vra, en julle sal ontvang,” sê Jesus, nie

alleen vir die manne saam met Hom om die tafel nie, maar ook vir jou en my vandag, “sodat julle blydskap volkome kan wees.”

Gebed:

Almagtige Vader, dankie dat ek ook die wonderlike voorreg het om met U te mag praat deur Jesus, my Here. Dankie dat ek ook van U kan vra en dat U my blydskap volkome maak!

64

# Vrye Toegang

## Johannes 16:25-33

**VIDEO * OUDIO**

Gedurende die afgelope 63 oordenkinge wat ons alreeds oor die Evangelie van Johannes gedoen het, het ons telkemale gesien hoedat Jesus beeldspraak gebruik om waarhede by die skares en ook by Sy 12 uitgesoekte manne tuis te bring. Dit was baie nodig, want hulle kon net eenvoudig nie die hoë teologiese begrippe verstaan nie. Hulle verstandjies was hééltemal te klein om die dinge van God te begryp.

Ja, so gaan dit maar dikwels ook met ons - ek moet bieg dat 'n dominee my al dikwels totaal verloor het tydens 'n preek. As die hoë teologie eers rondgeslinger word, dwaal my gedagtes en aan die einde stap ek uit en wonder waaroor die predikant dan nou eintlik gepreek het. As hy egter 'n storietjie vertel om 'n waarheid te illustreer, onthou ek dikwels vir baie jare daarna nie alleen die storie nie, maar ook die boodskap agter die storie.

Die stories wat Jesus vertel het, het sóveel impak gehad en die waarheid só duidelik tuisgebring, dat

hulle nou, tweeduisend jaar later, steeds deur mense onthou word en steeds dieselfde uitwerking het!

Vir die elf manne by Jesus het die tyd egter nou te kort geraak vir beeldspraak en nou moes Jesus reguit met hulle praat. Hy vertel hulle van die Vader. Tot dusver was die beeld wat die mensdom van die Vader gehad het, een van ‘n onbereikbare God wat verhewe is bo alle wesens. Slegs baie spesiale persone soos die hoëpriester het toegang tot Hom. En selfs hierdie toegang geskied nie direk nie, maar deur die Middelaar, Jesus. Ons het in ’n vorige hoofstuk gewys hoedat Moses met God gepraat het deur Jesus, die Seun van God. Deur die eeue het Jesus telkens as Middelaar opgetree.

Jesus het nou egter die prentjie totaal kom verander. Hy wys hulle daarop dat die Vader nie daardie God is voor Wie jy in vrees en bewing hoef te leef nie! Hy is nie die Een wat slegs veroordeel en verdelg nie, maar Hy is die God van liefde. “Die Vader self het julle lief”, sê Jesus vir hulle. Hy laat hulle verstaan dat hulle dan ook maar direk met die Vader kan gesels.

Ja, net die volgende dag gebeur dit dan ook so dat daardie swaar gordyn wat God van die gewone wêreldling geskei het, die voorhangsel in die tempel van bo na onder middeldeur geskeur word

deur die hand van God. Van daardie oomblik af is God toeganklik vir elke mens op aarde. Die werk van die hoëpriester, om slegs eenkeer per jaar in vrees en bewing agter die gordyn in God se teenwoordigheid te moet staan, het tot ‘n einde gekom.

Van nou af is Jesus nie meer die Boodskapper tussen God en die mens nie, maar ons kan maar net Jesus se Naam noem wanneer ons met die Vader wil praat. Ek wil dit probeer verduidelik. Jare gelede kom staan ‘n wildvreemde paartjie voor ons deur. “Oom Jannie van Melkrivier het gesê dat ons na julle toe kan kom vir hulp.” Op grond van Oom Jannie (Pa se broer) se goeie naam, het die tweetjies vir ‘n week by ons kon bly, want ons het geweet dat Oom Jannie se oordeel reg was.

Eintlik is die Vader NIE toeganklik vir alle mense nie. ‘n Bhoedis en ‘n Hindoe het byvoorbeeld GEEN togang tot Hom nie en hulle kan maar bid tot hulle blou word in die gesig, maar Hy sal hulle gebed nie aanhoor nie. Die sleutel is Jesus! As jy vir Jesus ken, dan het jy direkte toegang tot die Vader, net soos daardie jongman wat vir Oom Jannie geken het, toegang gehad het tot ons. Hierdie is egter nie maar net ‘n oppervlakkige kennis van Jesus nie. Nee, dit behels ‘n verbintenis - ‘n persoonlike verhouding met Hom.

Dit is asof daar uiteindelik ‘n liggie opgaan vir die dissipels, as hulle vir Jesus sê dat hulle nou verstaan. Na al hulle vrae en gebrek aan insig, kan ons nou amper hande klap en juig: “Hoera!” Maar dalk is dit ‘n bietjie te gou, want Jesus vermaan hulle om nie so haastig te wees met hulle belydenis nie. In die volgende paar ure sou hulle nog erg ontnugter word en hulle gaan selfs uitmekaar gejaag word. Hulle sou selfs die ondenkbare doen en hulle geliefde Meester, Jesus alleen los om Sy eie geveg te veg, terwyl hulle angsbevange wegkruip. Maar dan kom die troos as Hy vir hulle verduidelik dat Hy nooit alleen sou wees nie, want die Vader sou by Hom wees regdeur die verskrikking. Hulle dink wél dat hulle nou reeds alles verstaan, maar eers nadat al hierdie dinge gebeur het, sou die waarheid tot hulle deurdring. Jesus sê dat hulle net nie moedeloos moet raak nie. Dalk gaan alles vir hulle totaal verlore lyk, “maar hou moed, Ek het reeds die wêreld oorwin,” troos Jesus.

Dit het ‘n kruis gekos om die manne waarlik te laat verstaan. Toe sou die ongelowige Thomas kom staan voor die opgestane Jesus en gevul met geloof verklaar: “My Here en my God!”

Jesus se oorwinning het ook vir my en jou die swaar, ontoeganklike deure wawyd oopgegooi,

sodat ons vrye toegang het tot die Vader. Vrye toegang beteken egter dat ons daarvan gebruik moet maak. Kom ons gebruik dit soveel as wat ons kan!

Gebed:

Heilige Vader, dankie vir U liefde vir ons, en dankie dat ons nou deur Jesus se heilige Naam toegang het tot U.

65

## Die Hoëpriesterlike Gebed

## Johannes 17:1-26

**VIDEO * OUDIO**

Jesus se laaste oomblikke in gesprek met Sy dissipels breek aan en Hy gebruik dit deur hulle in gebed aan die Vader op te dra. Hierdie Hoëpriesterlike gebed bestaan uit 4 fases: In die eerste deel (17:1-5) verklaar Jesus dat Sy werk op aarde afgehandel is en dat Hy nou gereed is om terug te keer hemel toe. In die tweede fase (v. 6-19) sê Jesus dat daar 'n groep mense is wat Sy boodskap in geloof aanvaar het. Hy bid vir hulle en hulle behoeftes en dat die Vader hulle sal beskerm. Die derde deel van Jesus se gebed (v. 20-23) handel oor ander mense wat ook nog tot geloof in Hom gaan kom, dus oor die uitbreiding van die kerk. In die slotgedeelte (v. 24-26) vra Hy die Vader om al die gelowiges eendag te laat kom waar Hy nou heen gaan.

Die tyd van Jesus se verheerliking het aangebreek. Wat is die toppunt van Sy verheerliking? Die afgryslike kruisgebeure! Ons wil moeilik hieraan sluk, want is dit dan nie eintlik vernedering nie? As ons kyk na ons groot volkshelde - waarin kom hulle verheerliking na

vore? Racheltjie de Beer se verheerliking het gekom toe sy in ‘n sneeustorm haar klere uitgetrek het om haar boetie se lewe te red. Sy het ‘n wrede ysdood gesterf, maar dit het haar ‘n held gemaak. Wolraad woltemade het ‘n held geword toe hy die ysige stormsee aangedurf het met sy perd om skipbreukelinge te red en sélf in die proses verdrink het. Jesus se verheerliking het nie gekom in Sy hemelvaart nie, maar in die versoeningsdaad aan die kruis, waar Hy die straf moes verduur vir die sondes van mense deur die eeue.

Dit was egter nie Sy enigste taak nie. Uit Sy gebed sien ons dat Hy na die aarde gestuur is as God se Gesant om die Vader aan die mensdom te kom openbaar. Voor Jesus se koms, het niemand ooit die voorreg gehad om God te kon sien nie. Moses het wel van aangesig tot aangesig met God verkeer, maar selfs toé het hy slegs Sy heerlikheid en glans beleef in die tent van samekoms. Wat hy daar ervaar het, kon hy slegs deel met ‘n klein deeltjie van die aarde se bevolking. In Jesus kon die mensdom God nou in lewende lywe sien en ervaar. Wat meer is, diegene wat Hom aanvaar in die geloof, word nou deel van God se gesin en hulle het die voorreg om Hom persoonlik te kan ken. Dit is dan ook die ware betekenis van die ewige lewe, om in die teenwoordigheid van God te kan leef. Is dit nie ‘n wonderlike gedagte nie? En

nee, dit gebeur nie eers eendag nie, maar dit is reeds deel van elke gelowige se lewe!

Eintlik het Jesus se taak om God aan die mense bekend te stel alreeds duisende jare tevore begin. Abraham het alreeds iets hiervan ervaar, toe Jesus saam met twee engele aan hom verskyn het. Jesus het gereeld aan Moses verskyn en God aan hom voorgestel, sodat hy daardie kennis weer aan Israel kon oordra. Maar nou kom maak Jesus Homself openbaar aan álle mense en dra só die beeld van die Vader oor.

Daar is egter ‘n ander baie belangrike taak, naamlik om dit aan die mensdom bekend te maak dat hulle gered kan word. Diegene wat aan Hom behoort, kry die ewige lewe. Die wonderlike is dat ál hierdie mense uiteindelik na die Vader geneem sal word sodat hulle ook kan wees waar Jesus heen gaan.

Verlossing is suiwer genade en God doen ál die werk. Maar die mens het tóg ‘n klein aandeel hierin, om die besluit te maak of hy deel wil wees van God se gesin of nie. Dit is al! Regdeur hierdie Evangelie sien ons Jesus se oproep om daardie keuse te maak. Het jy dit al gedoen?

In die derde fase van Jesus se gebed, dra Hy Sy volgelinge wat moet agterbly aan die Vader op.

Daar gaan baie eise aan hulle gestel word, en Jesus bid dat die Vader hulle veilig sal bewaar. Dit gaan egter nie net oor húlle nie, maar oor die Naam van God wat in gedrang is. Hulle is immers deel van God se gesin en daarom is hulle en GOD ineengeweef. Hulle belange vloei in mekaar. Daar is dus ‘n hegte eenheid tussen die gelowige en God. Uit hierdie eenheid behoort dit voort te vloei dat die kinders van God sal optree soos wat die Vader van Sy kinders verwag. Dit moet vir die wêreld daar buite baie duidelik wees Wie se kinders hulle werklik is. Daardie eenheid behoort al hegter en hegter te groei. Jesus bid dan ook spesifiek dat niemand hulle ooit uit daardie eenheid sal ruk nie.

‘n Kind van God kan egter nie net in homself en sy verbintenis met God gekeer wees nie. Die blye boodskap van verlossing moet ook uitgaan na die wêreld daar buite. Jesus stuur hulle dan juis die wêreld in (v. 18) om net soos Hy die Evangelie uit te basuin. Hulle moet dus nou die taak oorneem om die Vader aan die wêreld bekend te stel. Die gelowige moet as’t ware ‘n spieël wees wat God se beeld reflekteer.

Jesus bid ook vir eenheid, nie alleen dat gelowiges een met God sal wees nie, maar dat hulle gesamentlik as ‘n eenheid sal funksioneer. In hulle

eenheid moet die eenheid tussen gelowige en God ook sigbaar word.

Laastens pleit Jesus dat Sy liefde ook deel sal wees van elke gelowige se lewe. Leef dus liefde uit!

Gebed:

Here Jesus, dankie dat U ook vir my gebid het. Help my om altyd een te wees met U en my medegelowiges.

66

## Gearresteer

## Johannes 18:1-11

**VIDEO * OUDIO**

Al ooit gewonder waarom dit juis nodig was dat Judas die soldate na Jesus moes neem? Hy was mos maklik om op te spoor, nie waar nie? In die eerste plek sou dit moeilikheid wees as hulle Jesus helder oordag sou arresteer, want Hy het steeds baie aanhangers gehad en die Jode wou ten alle koste vermy dat daar ‘n opstand uitbreek. Dus moes Hy in die nag gevang word sodat die dinge ongesiens kon gebeur. Die laaste ding wat hulle wou hê is dat dit baie aandag trek.

Ons moet onthou dat dit Paasfees was. Jerusalem was tot oorlopens toe vol van pelgrims van regoor die wêreld wat hier wou kom feesvier. Blyplek was natuurlik ‘n nagmerrie, want al die herberge was vol en meeste pelgrims moes net eenvoudig vir hulle ‘n lêplekkie iewers in ‘n park of ‘n openbare tuin kry vir die nag. Jy kan jou dus indink dat om iemand in die nag op te spoor tussen honderde of dalk selfs duisende mense wat daar iewers lê en slaap, was ‘n totaal onbegonne taak. Onthou, daar was nie straatligte nie! Natuurlik sou Jesus en die twaalf manne ook iewers in ‘n tuin oornag het en

hulle gunsteling slaapplek was die tuin van Getsemane.

Dit is dan ook net hier waar Judas in die prentjie ingekom het. Hy het met die Joodse Raad ooreengekom dat hy teen betaling vir hulle sou gaan wys waar om Jesus te kry. Hy het presies geweet waar Jesus en die ander manne sou slaap daardie nag. Hy was immers veronderstel om saam met hulle daar te wees! En so sien ons die optog van soldate in diens van die hoëpriester en wagte wat vir die Fariseërs gewerk het, gewapen met spiese, kieries en fakkels om hulle pad te vind in die donker tuin. Vooraan die stoet loop Judas, want hy ken die pad na Jesus se slaapplek. Ek kan my voorstel dat hierdie ‘n skrikwekkende optog moes wees. Die slim mense reken dat daar iewers tussen tweehonderd en seshonderd mense moes wees in die groep! Die ironie van die saak is dat hierdie klein weermag daar was om een enkele Man aan te keer - iemand wat waarskynlik nog nooit in Sy lewe eers ‘n wapen in Sy hand gehad het nie!

Maar as ons nugter oor die saak gaan dink, strek hierdie ironie eintlik selfs nog baie verder, want hierdie “oormag” kom eintlik om God gevange te neem! Dan raak hulle ‘n nietigheidjie, want watter magtige weermag kan een oomblik staande bly

teen die hemelse magte wat God met een enkele woord kan ontplooi? Die Jode en die hoëpriester dink dat hulle die hef in die hand het. Hulle het die volle mag oor hierdie Jesus! Hulle besef egter nie dat hulle eintlik probeer optree teen die Koning van alle konings nie en dat alle mag in die hemel en op aarde in Sy hande is. Hulle besef nie dat hulle totaal magteloos voor Hom staan en dat hulle alleen regkry wat hulle regkry omdat Hy hulle dit toelaat, sodat God se reddingsplan tot uitvoer kan kom.

Wat sou enige mens se normale reaksie wees as hy hierdie oormag sou sien aankom en hy weet dat hulle hier is om hom te kry? Dit sou eintlik baie maklik wees om net eenvoudig in die tuin te verdwyn tussen die donker bome in en te gaan skuil tussen die horde mense wat daar lê en slaap. Maar wat doen Jesus? In plaas van wegvlug, loop Hy hulle tegemoet! Hy weet presies wat hulle soek en Hy maak dit vir hulle maklik. Hy lê immers Sy lewe vrywillig af!

In die ander evangelies lees ons dat Judas vir Jesus gesoen het. Johannes vertel egter dat die soldate teruggedeins en op die grond neergeval het.

Waarom?

Dalk kan ons die antwoord gaan soek in Jesus se woorde, toe hulle sê dat hulle vir Jesus van Nasaret soek. Sy antwoord was: “Ek Is Hy!” Het Judas en die soldate dalk hierin die woorde van God gehoor toe Hy by die brandende braambos Homself aan Moses voorgestel het: “EK IS WAT EK IS”? Het Judas dalk nou vir die eerste keer besef dat hy waarlik met God te doen het? ‘n Mens kan maar net wonder.

In ‘n normale situasie sou Jesus se dissipels saam met Hom gevange geneem word. Nogtans word hulle teen alle verwagtige in vrygelaat op Jesus se bevel. Selfs nadat Petrus Malgas se oor met sy swaard afgekap het, word hulle nie gevange geneem nie. Waarom? Dit illustreer die mag wat Jesus steeds oor die omstandighede gehad het. Die dissipels het ‘n taak gehad en die soldate was magteloos om te keer dat hulle daardie taak gaan uitvoer. Jesus was in volle beheer van die totale situasie. Wanneer Petrus sy aanval doen met sy swaard, probeer hy ingryp, maar ook híér neem Jesus beheer oor. Hy moes immers voortgaan met Sy versoeningsdaad en selfs Petrus kon Hom nie eers keer nie.

Vandag is God steeds in volle beheer, al lyk die situasie soms vir ons totaal onmoontlik. Om God te vertrou wanneer die nag op sy donkerste is, is nie

maklik nie - vra maar vir Petrus! Persoonlik het ek self ook ‘n paar jaar gelede deur ‘n baie donker tyd gegaan en dit was beslis nie maklik nie. Dit is egter suiwer genade dat ek God kon vertrou en Sy wonderlike hand in my uur van nood kon raaksien. O ja, en Hy het die wonderlikste vriende op my pad gestuur om my hande vas te hou en my te bemoedig en my daaraan te herinner dat Hy in volle beheer is!

Gebed:

Here Jesus, elke dag kom ek net meer en meer tot die besef dat U die almagtige God is, en dat U in beheer van alles is.

67

## Petrus se verraad

## Johannes 18:12-27

**VIDEO * OUDIO**

Daardie nag was ‘n nagmerrie wat Petrus liewer hééltemal wil vergeet, maar hy kan nie - dit bly maal in sy kop en in sy deurmekaar hart.

“Waarom het ek nie geluister na my Meester nie? Hy het dit vir my uitgespel, maar ek wou dit nie glo nie! Hoe sou ek, Petrus, die Rots óóit so ‘n verraderlike ding wou doen? Ek probeer so hard vergeet, maar ek bly net oor en oor die dinge wat gebeur het voor my sien afspeel. Absoluut niks maak meer sin nie! En Judas? Die adder! Hoe kon hy? Ja, dalk moes ons die tekens gelees het, maar nogtans - wie sou dit ooit verwag? Toe hy daar tydens hulle ete verdwyn het - wie sou ooit kon droom dat hy op pad was om so ‘n verfoeilike daad te pleeg? Maar Jesus het geweet. ‘Een van julle sal My verraai’, het Hy nog gesê. Ons was almal verslae hieroor. Judas? Judas, die skurk! Maar is ek ooit beter as hy? Ek het dan nét so ‘n verraderlike ding gedoen!

En toe, daardie verskriklike vernedering van die voete-was. As ek maar geweet het wat op my

Meester wag, sou ek eerder Sý voete gewas het! Maar dis te laat, dis alles te laat! Hulle het Hom gekruisig en nou lê Hy daar, koud in die graf!"

Rou snikke van droefheid en selfverwyt skeur deur Petrus se borskas. "As ek tog maar net geweet het. Maar Jesus het tóg ál hierdie dinge voorspel. Hy het dit keer op keer duidelik vir ons uitgespel. Hoe kon ons so dwaas wees om ál Sy woorde te hoor en dit maar net by ons verby te laat gaan, oor ons te laat spoel?" Petrus is verward, bedroef, kwaad.

Wéér dink hy terug aan daardie ellendige nag. Die beelde maal deur sy benewelde verstand. "Ek is nog net 'n klein rukkie by julle", hoor hy nog Jesus se woorde eggo deur sy gedagtes.

"As ek maar geweet het hoe klein daardie rukkie sou wees! Ag, dit was maar 'n paar miserabele ure! En toe ek nog vir Hom vra waarheen Hy nou eintlik gaan, was Sy antwoord, dat ek in elk geval nie kon saamgaan nie. Hy het gesê dat ek Hom wél tóg later sou volg. Ek het bly karring dat ek nóú wou saamgaan. Waar was my gedagtes? Het ek nou rêrag gedink dat ek Hom sou kon volg tot by die kruis?"

Skielik omklem 'n verskriklike vrees Petrus se bang hart: "Sê nou net ..... beplan die Jode dalk om my

ook só tereg te stel? Ek was baie haastig om vir Hom uit te blaker dat ek my lewe vir Hom sou aflê! Jesus se antwoord daarop dreig keer op keer om my hart uit my binneste te ruk: ‘Dít verseker Ek jou: Nog voor die haan kraai, sal jy My drie keer verloën!’ Hoe het Hy geweet?”

Van voor af ruk die rou snikke van berou weer deur Petrus se liggaam. Hy is al seer gehuil. Daar kan nie meer trane kom nie. Verwyt op verwyt ruk deur hom. Hy wil nie aan die res dink nie, maar soos ‘n droom wat oor en oor en oor speel, sien hy weer elke klein detail: die oormag soldate wat daar in die donker tuin vir Jesus kom soek het; Judas se strak gesig in die fakkellig, toe hy Jesus aan hulle uitgewys het; Jesus, sy Meester, wat soos ‘n Lam ter slagting maar net gedweë Homself aan hulle oorgee. Petrus het in ‘n magtelose woedebui probeer om die honderde soldate aan te vat met sy swaard -‘n arme slaaf moes boet toe sy oor afgekap is - amper lagwekkend!

Verslae het hy en ‘n paar van die ander die spul op ‘n afstand gevolg. Uiteindelik het net twee van hulle die moed gehad om tot by die hoëpriester se huis agterna te loop. “Kom ons gaan kyk wat hulle met ons Meester aanvang,” het Johannes hom aangepor. Eers wou Petrus nie - hy was bang. Baie, báie bang! Sê nou net hulle word herken? En

dan word sy ergste vrese waar. ‘n Simpele diensmeisie! Sy het daar by die deur gestaan, en toe Petrus nog bewend wou insluip, blaker sy dit uit: “Jy is tog nie ook een van hierdie Man se dissipels nie?”

Die toneeltjie speel oor en oor voor hom af. “Natúúrlik hét ek dit ontken! Wat kon ek anders doen? Moes ek dan vir haar gesê het: ‘O ja, ek is Petrus, die leier van daardie Jesus se dissipels?’ Hulle sou my mos nét daar en dan doodgemaak het! Ag, hoe kan ek my lafhartige optrede nog probeer regverdig? Jesus se woorde eggo oor en oor in my kop, my hele wese: ‘Nog voor die haan kraai, sal jy My drie keer verloën, Petrus!’ Ek wil gek word!”

Dit was ‘n bitter koue nag. Petrus was dankbaar vir die vuur wat die manne daar in die binnehof aanmekaar geslaan het. Versigtig het hy nadergestaan om die koue uit sy liggaam te probeer uitdryf. Hy kon voel hoe die hitte sy lyf warm maak, maar sy hart het steeds soos ‘n blok ys gevoel. Skielik voel dit asof iemand hom met ‘n voorhamer slaan: “Jy is tog nie ook een van Sy dissipels nie?” Sommer so uit die bloute, het die vraag gekom en ‘n tweede keer moes Petrus dit ontken en later ‘n derde keer. En toe, daardie aaklige geluid van die haan.

“Daardie vervloekte haan wat kraai, so ál asof hy my finaal veroordeel het! Ek het sommer blindweg die nag ingehardloop en gehuil en gehuil. Hoe kón ek my Meester so skaamteloos verloën het? En dít terwyl die hoëpriester besig was om Hom te verhoor?”

Die Sabbat is verby. Iewers kraai ‘n haan om te sê dat die nuwe dag, Sondag aangebreek het. Sal daar iewers in hierdie dag ‘n sprankie hoop wees? Petrus neem ‘n besluit: “Sodra dit lig word, gaan ek na die graf toe om my laaste eerbetoon aan my Meester te gaan gee. Ek sal Hom gaan smeek om vergifnis. Dalk, nét dalk, gaan hierdie dag vir my nuwe hoop bring......”

Gebed:

Here, dankie dat Petrus se hoop nie beskaam het nie, en dat ons vandag kan jubel: “U het waarlik opgestaan!”

## 68

# Pilatus

## Johannes 18:28-40

**VIDEO * OUDIO**

Ponteus Pilatus, die Goewerneur oor Judea was die man met die hef in die hand! Hy was bekend daarvoor dat hy ‘n onbuigsame, onbarmhartige man was wat hom dikwels skuldig gemaak het aan geweld en korrupsie. Die volk het hom gehaat, want hy het die lewe vir hulle dikwels baie suur gemaak. Terselfdertyd het hy in vrees geleef dat hy dalk deur die volk by die Keiser aangekla sou word en dat hy só sy pos kon verloor.

O ja, daar was wél ook ‘n koning in Judea, Herodus Antipas, maar dié was maar net ‘n pion van die Romeinse ryk. Boonop het hy ook maar net oor ‘n gedeelte van Israel regeer - die res was deur sy twee broers regeer.

En die Joodse raad? Hulle was óók nie in beheer van hulle eie land nie. Oor interne sake kon hulle wel sélf besluite neem, maar die Romeine was éintlik die baas!

Dit was baie vroeg die Vrydagoggend. Deur die nag het die Joodse Raad vir Jesus skuldig bevind. Maar hulle mag was beperk en die Jesus-saak het

te groot geword vir hulle, daarom word Hy na Pilatus geneem om gevonnis te word.

Die Jode het buite Pilatus se paleis saamgedrom - hulle wou nie in hierdie heiden se woning ingaan nie, want dit sou vir hulle ‘n groot dilemma wees. Daardie aand sou hulle die Pasga vier en as hulle hulleself deur die dag verontreinig het, kon hulle nie deel hê aan hierdie belangrike fees nie!

Hoe ironies, dat terwyl die paaslammers daardie Vrydag in die tempel geslag was, sou Jesus, die Lam van God aan die kruis hang. Is dit toeval? Nee, baie beslis nie! God se raadsplan is tot op die sekonde uitgewerk!

By Pilatus se paleis, word Jesus as ‘n misdadiger voorgehou. Weereens kom die verskriklike ironie na vore, want Jesus het juis God se werke kom doen. Alles wat Hy gedoen het, het Hy in die openbaar gedoen sodat almal dit kon sien. En keer op keer reflekteer dít wat Hy doen die wonderbare Lig van God. Geen enklele misdaad kan aan Hom toegeskryf word nie.

Op Pilatus se vraag, waarom hulle dan nie maar sélf vir Jesus kon teregstel nie, beweer hulle dat hulle as Jode nie die reg daartoe gehad het nie. Hier sien ons ook hulle dubbele standaarde, want net ‘n rukkie vantevore wou hulle die einste Jesus

stenig. Later word Stefanus dan ook tereggestel deur met klippe doodgegooi te word. Wat ons egter deurentyd in gedagte moet hou, is dat God al vir eeue lank deur Sy profete voorspel het dat Jesus gekruisig sou word. Dit was iets wat slegs die Romeine kon doen. Dus het hierdie Jode onwetend presies gedoen wat God wou hê dat hulle moes doen.

Pilatus wou van Jesus weet of Hy die "Koning van die Jode" was. Die gerugte oor Jesus moes sékerlik Pilatus se ore bereik het. Daar was 'n baie sterk Messiasverwagting onder die Joodse volk. Hulle het egter 'n Messias verwag wat die skoene van Sy voorvader, Dawid sou volstaan en regeer as koning oor Israel. Maar eers sou Hy die swaar juk van die Romeine van die onderdrukte volk se seer skouers afgooi om hulle sodoende na vryheid te lei. 'n Klomp opgewonde mense was onder die indruk dat hulle hierdie Koning gekry het en hulle het Hom triomfantlik in Jerusalem inbegelei. Hulle was egter teleurgestel, want Hy het nie die swaard opgeneem nie.

Wat sou gebeur het as hierdie Messias-koning wél oor die Jode kom regeer het? Vir hoe lank sou hulle vrede hê? Tot die volgende wêreldheerser net eenvoudig weer oor hulle sou loop? Nee, God se reddingsplan het totaal anders gewerk. Die ware

Messias se regering sou nie op geweld gebaseer wees nie, maar op liefde. Dit sou ook nie beperk wees tot slegs die Joodse volk nie, maar sou strek oor die ganse wêreld. Sy volgelinge sou ook nie veg met swaarde nie, maar met Waarheid en met die Woord van God. Die belangrikste is egter dat hierdie Koninkryk wat gevestig word, nie op die aarde gebaseer is nie, maar in die hemel.

Pilatus het baie gou agtergekom dat Jesus geen gevaar ingehou het vir die magtige Rome nie. Hy besef verder ook maar ál te goed dat Jesus onskuldig was en desperaat probeer hy om Jesus vry te laat deur ‘n plaasvervanger te laat teregstel, die rower Barabbas. Daar is ‘n ou verhaal wat sê dat Barabbas se eerste naam ook Jesus was en dat Pilatus sou vra: “Watter Jesus moet ek vrylaat - Jesus Barabbas of Jesus van Nasaret?” Die Jode het egter die verkeerde Jesus gekies! Barabbas was vir hulle ‘n held, want al was hy ‘n rower, was hy ‘n bendelid van ‘n vryheidsbeweging, wat ten minste probeer het om hulle van die Romeine te bevry!

As gelowiges moet ons ook baie versigtig wees dat ons nie van Jesus Iemand probeer maak wat Hy nie is nie. So dikwels is Jesus vir ons slegs daar vir noodgevalle. As ons in die moeilikheid is, weet ons baie gou waarheen om te hardloop! Wanneer ons

die wind van agter het, vergeet ons gerieflikheidshalwe van Hom. Jesus is ons Koning, te alle tye en in alle omstandighede! Ons héél eerste prioriteit is om Hom te dien met alles wat in ons is. Die vraag is, hoe dien ons Hom? Deur Sy liefdesgebod uit te leef, nie alleen teenoor God nie, maar ook teenoor ons medemens en dan veral teenoor ons medegelowiges.

Gebed:

Here Jesus, U is my Koning. Ek wil U dien met my hele lewe!

69

## Kruisig Hom!

## Johannes 19:1-16

**VIDEO * OUDIO**

Die grootste drama van alle tye ontvou - ‘n drama wat ruk aan elke mens wat dit beleef se binneste. Daar is vier partye in hierdie aangrypende drama – nee, vyf! In die hoofrol sien ons vir Jesus, die Koning van die heelal. Hier lyk hy gladnie na enige soort heerser nie - verslae, uitgeput, in boeie, skynbaar totaal magteloos. Teenoor Hom staan een van die magtigste manne op aarde, die man wat totale beheer het oor die ganse Judea. Sy woord is wet en hy kan maak en breek soos hy wil. Selfs die koning swig voor sy blaf! Maar ook hiér is alles nie wat dit op die oog af lyk nie, want onder daardie klipharde dop skuil ‘n bang en bitter onseker mens.

Die derde karakter is eintlik ‘n groep - die vloekende, spottende, wrede, klipharde, bang-vir-niks soldate. Hulle doen wat hulle moet en hoe meer wreedheid hulle in hulle dagtaak kan insit, hoe meer geniet hulle dit. Maar selfs die bevelvoerder onder hulle het ‘n hart iewers onder al daardie pantser.

Die vierde groep is ‘n vrome, Godvresende, wetsonderhoudende klomp manne wat op geestelike vlak die volk van Israel lei soos ‘n herder sy skape lei. Dag-vir-dag sien ons hulle in die tempel en in sinagoges, waar hulle die mense leer van God. Onder daardie skitterwit kleed van vroomheid skuil egter ‘n vuil-swart gewaad van haat, wraaksug, moord en opgekropte woede.

En die Vyfde Speler? God Almagtig! Met een enkele woord kan Hy al hierdie spelers verdelg - in rook laat opgaan. Maar Hy doen dit nie, want die grootste Verlossingsplan van alle tye moet binne enkele ure uitgevoer word. Hy laat dus toe dat elke speler sy mag, haat, wraak en wreedheid uitleef, want alleen só kan God se reddingsplan slaag.

Soos gebruiklik by alle gevangenes wat gekruisig word, word Jesus eers gegésel. As jy ooit die rolprent: “Passion of the Christ” gesien het, sal jy verstaan wat dit beteken. Ek kon daardie bloedige toneel van Jesus se géseling naderhand nie meer hanteer nie, trane het oor my wange gestroom! Stukke rou vleis is uit my Meester se rug geruk, elke keer as daardie sweep met die loodballetjies Hom tref. Die verskriklike pyn wat Hy moes verduur, is onmenslik, grusaam, wreed. Oor en oor en oor tref die hale Hom. En die soldate lag en spot en vloek. En omdat Hy nou kwansuis ‘n

Koning is, moet Hy mos ‘n kroon dra - ‘n kroon van pyn wat giftige dorings in Sy kopvel inboor - dorings wat brand en die bloed deur Sy oë laat stroom. Ook die purper mantel wat spot met Sy sogenaamde koningskap, word Hom nie gespaar nie.

Die magteloosheid en besluiteloosheid van die magtige, ongenaakbare Goewerneur Pilatus, word al duideliker. Hy het gedink dat hy ál die mag in sy hande het, maar nou kom hy agter dat hy in die moeilikheid is met wát hy ookal besluit. In sy hart wéét hy dat hierdie Man onskuldig is, maar dan is daar die Jode en die Keiser, in wie se slegte boekies hy beslis nie wil kom nie. Hy probeer na alle kante toe om uit die tameletjie te kom, maar hy raak net meer en meer verstrengel in die taai gemors. En dan is daar nog hierdie voosgeslane, bebloede Man hier voor hom wat ewe kalm vir hom wil wysmaak dat hy, die magtige Pontius Pilatus, absoluut géén gesag oor Hom het nie en dat hy alleen kan doen wat hy doen omdat God dit toelaat. Watter vermetelheid! Maar sê nou net dit is waar...? Weereens probeer hy hom hier uitwurm, maar hy is magteloos!

Dan was daar die Jode. “Kruisig Hom! Kruisig Hom!” weerklink hulle bloedstollende gille deur die gange van Pilatus se weelderige paleis. “Kruisig

Hom! Kruisig Hom!” Dit weergalm tot in die allerheiligste van die tempel waar die “vrome” priesters hulle heilige diens doen.

Dit is twaalfuur die middag. ‘n Lang, uitmergelende nag en dag van marteling, beskuldigings, hofsake, beledigings druk alreeds bitter swaar op die bebloede skouers van Jesus. Uit die mond van ‘n skare wat slegs dae tevore gejubel het: “Hosanna vir die Seun van Dawid!” kom nou die verwytende haatgille: “Vat Hom weg! Vat Hom weg! Kruisig Hom!” Op Pilatus se vraag of hy dan nou hulle Koning moet kruisig, kom die skokkende antwoord van die priesterhoofde: “Ons het nie ‘n koning nie! Ons het net die keiser.” Hulle kies die keiser - ‘n goddelose man wat hulle met ‘n passie haat, bo die heilige Hemelkoning. Skokkend! Onverstaanbaar! En so sny daardie Jode hulleself finaal van die Koning van die Jode, en so ook van God af. Tragies - uiters tragies.

Sou dit ooit moontlik wees vir God om hierdie verskriklike daad van hulle te vergewe? Ek hoor ‘n koor van stemme opgaan: “Nooit in der ewigheid nie!” Nie baie lank daarna nie, stap een van die voorbokke, ’n haatlike Fariseër na Damaskus om nóg Christene te vervolg. Daar ontmoet Saulus van Tarsus die opgestane Jesus en word hy die grootste sendeling ooit. God se vergifnis vir hom

was volkome! Sit jy dalk met sonde wat jy dink onvergeeflik is? As Hy daardie verskriklike sonde kon vergewe - niemand se sonde is te groot vir Hom nie! Ook nie joune nie. Bring dit vandag nog na Hom!

Gebed:

Here, dankie dat U bereid is om selfs die grootste sonde te vergewe.

# Koning van die Jode

## Johannes 19:17-27

**VIDEO * OUDIO**

In die ander drie evangelies word die kruisgebeure baie grafies beskryf. Johannes vertel egter die kruisverhaal deur slegs enkele belangrike details aan te haal en daarop te konsentreer. Ons sien byvoorbeeld dat die grootste deel van Johannes se verhaal rondom die opskrif aan die kruis draai.

Daar was destyds basies vier metodes gebruik om misdadigers tereg te stel. Hulle kon onthoof word of verbrand word. Die Joodse spesialiteit was om so ‘n persoon te stenig, met klippe dood te gooi. En dan was daar kruisiging, die wreedste vorm van teregstelling. Dit was gebruik slegs vir die mees geharde misdadigers. Die groot doel met kruisiging was om mense af te skrik sodat hulle nie misdaad sou probeer as ‘n loopbaan nie. Daarom is die kruise dan ook geplant net buite die stad, langs ‘n besige pad, sodat almal dit kon sien, amper soos ‘n lewende advertensiebord teen misdaad. Aan die kruis is dan ook ‘n nota gespyker wat die veroordeelde se misdaad beskryf. Diegene wat dit gelees het moes wéét, as jy hierdie misdaad sou pleeg, word jy óók so uitgestal!

Die Jode het vereis dat Jesus gekruisig word, maar Pilatus het die laaste sê gehad in die saak: Hy het die nota oor Jesus se misdaad geskryf. Sy misdaad? “Die Koning van die Jode!” Net dit! Natuurlik was die Joodse leiers bitter ontsteld hieroor, want hier word hulle nou direk betrek by die hele smerige affêre. “Verander asseblief die klagstaat,” het hulle by Pilatus gepleit. “Skryf liewer dat Hy gesê het dat hy die Koning van die Jode is.” Hulle redenasie was dat Jesus beslis nie hulle Koning was nie.

Jy sal onthou, dat tydens Jesus se verhoor, Pilatus vir Hom gevra het of Hy dan wél ‘n Koning is? Jesus se antwoord was ‘n onomwonde: “Ja!” Pilatus het dit ter harte geneem! Jesus wás ‘n Koning en daarom móés Hy sterf. “Wat ek geskryf het, het ek geskryf!” het Pilatus dus voet by stuk gehou en daarmee was die saak afgehandel.

Waarom is hierdie opskrif vir Johannes so belangrik? Soveel so dat hy selfs die ander dramatiese gebeure by die kruis afskeep om hierdie een tuis te bring?

By die kruis sien ons dat die soldate oor die klagstaat gespot het. Die Jode was van mening dat dit nie waar was nie. Die regter het egter bevind dat dit wél die waarheid was! Jesus sterf dus as Koning van die Jode.

Dit laat jou met ‘n kwelvraag, want as die Jode sou ontken dat Hy hulle koning is, dan moet daar mos ‘n ander “Joodse volk” wees, nie waar nie? Maar wie is hierdie volk? In Joh 3:16 sien ons dat God die wêreld kom red het en nie net die Jode nie. In Joh 4 lees ons van die insident waar Jesus met die Samaritaanse vrou by die put gesels het. Tot die afgryse van Sy dissipels het die Samaritane daarna in hulle hordes opgedaag om Jesus te kom ontmoet. Dan kom ons tot die gevolgtrekking dat selfs die sogenaamde “onrein” Samaritane deel is van God se volk! Nie baie lank na hierdie gebeure nie, sien ons die eerste heidene wat deel word van hierdie volk en kort voor lank was mense van alle volke, kulture en nasies deel van die Koninkryk! En die Koning? Jesus! As die Jode dit nie so wou aanvaar nie, was hulle bloot nie meer deel van God se volk nie en dus nie meer kinders van Abraham nie. Lees gerus maar weer Johannes 8.

Soos gebruiklik, was die gekruisigde se klere verdeel onder die soldate as ‘n soort beloning. Die lot was gewerp oor Sy onderkleed, sodat Psalm 22:19 in vervulling kon gaan. God gee aandag, selfs aan die kleinste detail! Toe Dawid hierdie Psalm geskryf het, was Jesus se kruisdood alreeds lankal in beplanning! Dit was beslis nie iets wat sommer op die ingewing van die oomblik gebeur het nie en elke klein detail was haarfyn beplan.

Johannes noem die insident waar Jesus vir Maria, Sy moeder, aan “die dissipel wat Jesus liefgehad het” (Johannes?) toevertrou. Dit illustreer eintlik prakties wat Jesus kom doen het. Eintlik moes Sy broer haar versorg het, maar Jesus stel iemand anders aan - ‘n geestelike broer. Wanneer Hy Johannes as Maria se seun verklaar, wys Hy dat dit nie die aardse gesin is wat belangrik is nie, maar eerder die hemelse. Sowel die “geliefde dissipel” as Maria word nou deel van hierdie hemelse gesin waarvan Jesus ook deel is - die gesin wat Hy op aarde kom stig het. Wat is die een groot kenmerk van hierdie gesin? Liefde. Prakties word dit uitgespel, want onder andere beteken dit dat hulle vir mekaar omgee en mekaar versorg. Die “geliefde dissipel” het dan ook die daad by die woord gevoeg en Maria in sy huis ingeneem.

Ek ondervind daardie wonderlike, onbaatsugtige liefde prakties in my eie lewe. Eers die dag as jy in nood verkeer, sien jy hoe medegelowiges vir jou omgee en met hoeveel liefde hulle jou oorlaai, sonder om iets terug te verwag. Ek het die afgelope jare elke dag net verstom gestaan as ek die omgee-liefde van medegelowiges teenoor my gesin in Jesus ervaar het.

Deur liefde prakties uit te leef, kom jy nie alleen die liefdesgebod na nie, maar daar gebeur ook iets

wat nog baie belangriker is. Jy weerkaats die liefde van Jesus! Jy is basies soos ‘n spieël, waarin mense nie vir jou nie, maar vir Jesus sien. Dit is immers wat belangrik is in die lewe, dat Jesus verheerlik moet word!

Gebed:

Here, dankie vir wonderlike gelowiges wat U liefde daagliks uitleef in my lewe. Help my asseblief om ook dieselfde te doen.

# 71

## Dit Is Volbring!

## Johannes 19:28-42

**VIDEO * OUDIO**

Jesus se laaste oomblikke breek aan. "Ek is dors," kom die sagte woorde van die kruis af. 'n Bietjie suur wyn op 'n spons, word aan 'n hisoptakkie na Hom uitgehou om Sy dor lippe te benat. En dan sterf Jesus met dié woorde op Sy mond: "Dit is volbring!"

Kort en kragtig! Maar in hierdie toneeltjie lê 'n skatkis vol simboliek en waarheid. Ons moet in gedagte hou dat Jesus op die Vrydag gekruisig is. Volgens Joodse gebruik, sou die Sabbat met sononder daardie aand begin. Maar hierdie was 'n baie spesiale Sabbat, want die Paasfees het ook op hierdie Sabbat geval, sowel as nóg 'n Joodse fees: die offer van die gerwe. Terwyl hierdie kruisgebeure dus plaasvind, was die priesters hard besig in die tempel om die offerlammers te slag vir die viering van die Paasfees.

As ons terugblaai in die geskiedenisboeke, merk ons dat toe die Israeliete destyds uit Egipte getrek het, hulle die bloed van die paaslam aan hulle deurkosyne moes smeer met 'n hisoptakkie. En

nou gebruik die soldaat juis ook ‘n hisoptakkie om Jesus se lippe te smeer met wyn.

Wat sê dit alles vir my? Soos die bloed van die Paaslam wat geslag is destyds die Israeliete van die dood gered het, so is Jesus nou ook geslag as die Paaslam. En daar is boonop nog ook baie ooreenkomste. Daar was spesifieke voorskrifte vir hierdie lammers wat geslag moes word: Hulle moes in die eerste plek sonder gebrek wees. Jesus was ook sonder gebrek, in die sin dat Hy absoluut géén sonde gehad het nie. Daar was ook ‘n bepaling dat geen been van die lammers gebreek mag word tydens die slagproses nie.

Die kruisigingsproses was ‘n pynlike en stadige dood, wat soms selfs dae lank kon duur. Omdat hierdie spesifieke kruisiging op ‘n Vrydag gebeur het en dit boonop Paasfees was, het die Jode gevra dat hierdie manne se dood verhaas moes word. Deuteronomium 21:22-23 spesifiseer dat iemand wat ter dood veroordeel is en gekruisig word, deur God vervloek is. Hy mag nie na donker daardie dag nog daar hang nie, want dan word die land verontreinig. Hy moet dus begrawe word voor donker. En daarom die Jode se haas om die drie gekruisigdes dood te kry. Die gevolg was ‘n uiters pynlike en traumatiese handeling, waar die soldate die manne se bene gebreek het. Die trauma

hiervan was waarskynlik al genoeg om hulle summier te laat sterf. Gebeur dit egter nie, dan het die dood in elk geval gou gekom, want sonder bene om hulle aan die kruis te stut, moes hulle nou slegs aan hulle arms hang, wat veroorsaak dat hulle nie kon asem kry nie. Hulle het bloot versmoor.

As die soldaat egter by Jesus kom, sien hy dat Jesus reeds dood is. Net om doodseker te maak, steek hy met ‘n spies in Jesus se sy. Die bloed en water wat uitgevloei het, het hierdie soldaat die versekering gegee dat Jesus beslis dood was en dat dit ‘n mors van tyd sou wees om ook Sy bene te breek. En so word die Skrif asook die voorskrif vir die Paaslam vervul.

“Dit is volbring”, was Jesus se laaste woorde. Alles wat die Vader van Hom verwag het, het Hy gedoen, tot op die laaste letter toe. Sy taak was afgehandel. Die Griekse woord wat hier gebruik word, impliseer dat Sy taak klaar was en dat die gevolge daarvan nooit sal ophou nie.

Nou tree twee baie belangrike manne na vore, albei lede van die Joodse Raad, die einste Raad wat Jesus ter dood veroordeel het. Josef van Arimatea en Nikodemus het besluit dat Jesus ‘n behoorlike begrafnis moes kry. Josef het Pilatus versoek om Jesus se liggaam te kry. ‘n

Veroordeelde sou nooit in ‘n familiegraf begrawe word nie, want hy sou die grafte “onteer.” Josef het egter sy nek uitgesteek, want nie alleen het hy die risiko van ontering verontagsaam nie, maar sy eie eer en posisie in die Joodse Raad en die samelewing in gevaar gestel. Hy het absoluut alles op die spel geplaas omdat hy vertroue gehad het in Jesus. Ook Nikodemus het alles in die lewe gewaag toe hy meer as vyftig kilogram speserye gebring het om Jesus se lyk voor te berei vir die begrafnis. Slegs baie belangrike persone het die eer gekry om soveel speserye op hulle begrafnis te kon hê. In Nikodemus se oë was Jesus só ‘n belangrike persoon en het Hy dus die eer verdien.

Jesus was in ‘n nuwe graf begrawe naby die plek waar Hy gekruisig was. Dit is belangrik, want toe Jesus se volgelinge daardie Sondagoggend na die graf toe gehardloop het en hulle die graf leeg gekry het, dan moes hulle weet dat hulle nie ‘n fout gemaak het om dalk na die verkeerde graf te gaan nie. In die splinternuwe graf, waar daar nog niemand voorheen begrawe was nie, het hulle die doeke gekry waarin Jesus toegedraai was. Hulle móés weet dat dit die plek was waar Jesus begrawe was.

Maar nou was dit die Vrydagmiddag laat. Die son was op die horison en die Sabbat was op hande -

én die Paasfees. Vir Jesus se volgelinge was dit sekerlik die droewigste Sabbat óóit! En die Paasmaaltyd het hulle met lang tande geëet. Watter donker en onseker toekoms het op hulle gewag? Hulle Meester was dood en nou het die Jode sékerlik hulle mes vir hulle ingehad. Sou hulle dit ooit kon oorleef?

Gebed:

Here, soms voel ek ook so verlore en verslae, en voel dit of ek van God verlaat is. Dankie dat U my in sulke tye aan die hand vat en optel en my weer laat sien dat U in beheer is en steeds lééf!

72

# Hy Leef!

## Johannes 20:1-18

**VIDEO * OUDIO**

Het jy al ooit ‘n nagmerrie-nag beleef en elke pikdonker oomblik omgewens? Dat die môre asseblieftog net moet aanbreek! Ja, ek het al verskeie sulkes beleef. Maar daar was een in besonder wat my nou nog ‘n knop op die maag gee as ek daaraan terug dink. Ek het daardie nag met ‘n paar jong Voortrekkertjies in die bos in Marloth Park gaan uitslaap, sommer so onder die sterre. Dit was ‘n wonderlike idee - altans só het ek gedink. Maar toe die leeus die nag sommer hier baie naby begin brul en die hiënas hééltemal te naby na my sin aan ons rondgiggel en “Hoeeee”, toe begin ek half ongemaklik raak. Soos wat die nag gevorder het, het hierdie gevaarlike geluide al nader en nader aan ons beweeg. Hier sit ek met die kinders onder my sorg en ek stel hulle bloot aan sulke soort gevaar! Daardie nag het harmansdrup-stadig omgeskuifel. Toe die eerste strale van die son die horison begin verkleur, kon ek vir die eerste keer my oë toemaak en vir ‘n paar minute slaap, voordat die uitbundige kinders die ganse bos wakker gemaak het.

Ek dink dat daardie Sabbat sekerlik die langste een was in die ganse lewe van Jesus se volgelinge. Hulle het elke oomblik daarvan omgewens! Die Sondagoggend was dit nog pikdonker, toe Maria Magdalena al op pad was na Jesus se graf. Wat sy so vroeg daar wou gaan doen, sou nét sy weet. Dalk wou sy maar net naby haar Meester wees, al was Hy dan ook dood. Die nag was te lank en sy het troos nodig gehad. Ek sien in my geestesoog die die huilende vrou wat in die donker aansukkel - bedroef omdat sy haar geliefde Meester nie eers kon bystaan in Sy donkerste uur nie.

En dan die verskriklike skok, as sy by die graf aankom en sien dat die klip weggerol is. Met ‘n hart wat in haar keel klop, hardloop sy na Petrus toe om hom die skokkende nuus te gaan vertel. Iemand het Jesus se lyk gesteel! Ek kan my die skok en afgryse op arme Petrus se gesig voorstel. “Hoe kón hulle!” het hy sekerlik geskreeu. Hy en Johannes opgespring op en so vinnig hulle kon gehardloop om te gaan kyk wat aangaan. Met hygende asem was Johannes eerste by die graf. Toe hy inkyk, sien hy iets baie vreemd, dat die graf inderdaad leeg was, maar dat die doeke wat om Jesus se lyk gedraai was, steeds daar gelê het. Petrus het al hygende daar aangekom en in die graf ingekruip. Wat hy daar gevind het, het ‘n reuse

vraagteken op sy gesig geplaas. Hy kon dit nie verstaan nie! Géén dief sou ‘n liggaam steel en eers die doodsdoeke afhaal nie! Selfs die doek wat om Jesus se kop gedraai was, het daar eenkant gelê, netjies opgevou. Iets was baie, baie vreemd hier! Dit het net eenvoudig nie sin gemaak nie! Ek sou wát wou gee om die gesprek te kon hoor tussen die twee bekommerde manne toe hulle huis toe stap.

Intussen het Maria weer by die graf aangekom, al huilende. Nou was haar Meester nie alleen dood nie, maar Sy lyk was boonop gesteel ook! Wat ‘n droewige situasie! Vol verwagting het sy by die graf ingeloer. Het sy dalk ‘n wonderwerk verwag - dat Jesus nog daar sou lê? En dan, die skok as sy twee baie vreemde manne met spierwit klere in die graf sien sit. Dit was eers baie later wat sy besef het dat hulle engele was. Die hemel het waarlik oopgegaan met Jesus se opstanding, net soos wat Jesus voorspel het in Johannes 1:51. Toe sy omdraai, het sy vir iemand agter haar sien staan. Deur haar trane het sy Hom eers gladnie herken nie - Hy was die héél laaste Persoon wat sy daar sou verwag. Maar toe Jesus haar vol deernis op haar naam aanspreek, was dit asof die skille van haar oë afgeval het. Hy leef! Sy wou Hom vasgryp en nooit óóit weer los nie! Maria Magdalena was oorstelp van vreugde - dan het alles tóg gebeur

soos wat Hy voorspel het! In my geestesoog sien ek die prentjie voor my, van Maria wat waarskynlik aan die voete van haar geliefde Rabboenie, haar Leermeester neerval en Hom om die bene gryp en vashou en druk van pure blydskap. Sy sou sékerlik sy voete onbeheers gesoen het en gehuil het van vreugde!

Toe gee Jesus haar ‘n opdrag. Sy moes nie hier aan Hom vasklou nie, maar sy moes eers vir die ander gaan vertel wat sy gesien het. Sy moes ‘n getuie wees van die opgestane Jesus. Later sou Jesus Sélf hierdie getuienis van haar kom bekragtig. Maar nou moes sy eers die ongelooflike nuus gaan oordra.

Maria het nie gras onder haar voete laat groei nie. “Ek het die Here gesien!”, het dit oor haar lippe geborrel toe sy by die ander aankom, “Ek het die Here gesien!” Toe sy tot bedaring kom, vertel sy verder: “Hy het gesê dat Hy na Sy Vader toe gaan opvaar. En Hy het ook gesê dat Sy Vader óns Vader is, en dat Sy God óns God is!” Oor en oor het Maria sékerlik hierdie wonderlike getuienis vertel aan elkeen wie sy teëgekom het. Sy kon net eenvoudig hieroor nie stilbly nie. Die Here het wáárlik opgestaan!

Is dit nie ironies nie, dat ‘n eenvoudige vrou wat niks beteken in die samelewing nie, die eerste

kragtige getuie word vir die opgestane Jesus! En dan dink ons onwillekeurig terug aan die Samaritaanse vrou by die put, dié een met die uiters twyfelagtige karakter! Ja, sy het ‘n hele dorp in beroering gehad met haar getuienis oor Jesus. Dan het ek en jy absoluut géén verskoning om ook ‘n getuie te wees nie. Kom ons maak werk daarvan, en wees getuies van dié Jesus wat opgestaan het en wat vandag lewe en regeer!

Gebed:

Here, maak my asseblief ‘n kragtige getuie vir U. Gee my asseblief die vrymoedigheid om vir U te getuig teenoor almal wat ek teëkom.

73

# Vrede vir Julle!

# Johannes 20:19-30

**VIDEO  *  OUDIO**

Dit is Sondagaand en ‘n patetiese groepie beangste, onseker, droewige mense is bymekaar agter geslote deure. Hierdie groep is amptelik die eerste kerk wat in sy babaskoentjies staan. Hulle is bang vir vervolging, want dieselfde Joodse leiers wat Jesus vervolg het, vervolg húlle nou. Hulle het die storie gaan loop en versprei dat Jesus opgestaan het uit die dood en die Jode wil hierdie “sekte” nou wortel en tak uitroei voordat dit die hele gemeenskap kom staan en besoedel. Waaroor gaan hulle gesprek? Natúúrlik is die middelpunt van die bespreking al die gebeure van die afgelope Paasfees. Elke klein detail daarvan is nog vars in hulle geheue vasgebrand. Die feit dat Maria Magdalena vir Jesus lewendig gesien het, laat almal gis oor waar Hy Hom bevind en allerhande vrae oor Hom doen die rondte. Maar daar is een leë plek, dié van Thomas. Hy is verward oor al hierdie dinge. Maria se verhaal het hom diep ontstel: Hoe is dit moontlik dat Jesus weer lewendig kon word? Hy is dan dood! Almal het tog gesien toe Hy sterf! Die soldaat het dit

bevestig. Hy is begrawe. Hy is dood! Dis alles verby!

En dan skielik staan Jesus hier tussen hulle. Almal is asvaal geskrik!

Hoe sou jy voel as jou geliefde wat net ‘n paar dae tevore begrawe is, skielik voor jou staan met ‘n glimlag op die gesig?

"Vrede vir julle” sê Jesus met ‘n sagte stem. Watter wonderlike kalmerende woorde midde in hierdie verskrikking wat besig is om hulle harte uitmekaar te skeur. Tóg so jammer dat Thomas nie daar is om ook hierdie vrede te kan ervaar nie, want dit is juis hý wat dit die nodigste van almal het.

Hoe dikwels gebeur dit nie dat wanneer jy die Sondag om die een of ander rede nie in die kerk was nie, iemand agterna vir jou kom sê het: "Ek wens so dat jy daardie preek kon beleef.....!" Dan wil jy jouself skop dat jy nie daar was nie. Ek dink Thomas wou homself dikwels skop omdat hy daardie ongelooflike, besonderse dag misgeloop het!

Jesus het nie net vrede gebring vir Sy volgelinge nie, maar Hy het ook ‘n opdrag vir hulle gehad: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.” Hulle moes net soos wat Hy gedoen het, die Evangelie gaan verkondig. Hierdie bang groepie

volgelinge wat selfs die deure agter hulle gesluit het wanneer hulle bymekaar gekom het - húlle moes nou die Evangelie aan dieselfde mense wat hulle so vervolg het, gaan verkondig. Dit klink absurd, maar Jesus het hulle toegerus met die Heilige Gees. Hulle het nie nodig gehad om dit alleen te doen nie, want die Heilige Gees was met hulle. Hulle het nie nodig gehad bang te wees oor wat hulle moes sê nie, want die Gees sou die woorde in hulle monde plaas. Die Evangelie wat hulle moes verkondig sou ‘n boodskap wees aan die wêreld, dat God is genadig is en dat Hy al jou sondes vergewe. Die enigste voorwaarde sou wees dat jy in Jesus moes glo. As jy dit egter nie gedoen het nie, sou daar geen vergifnis wees nie en jy sou verdoem wees tot die ewige straf. Só eenvoudig! Daardie groepie dissipels het dus die mag gekry om sondevergifnis sowel as verdoemenis te verkondig.

Inderdaad raak hierdie dinge elkeen van ons, want vandag is dit ek en jy wat Jesus se dissipels is. Wat vir hulle daardie tyd gegeld het, geld presies net so vir ons vandag. Om die waarheid te sê, ons is in ‘n baie meer bevoorregte posisie as wat hulle daardie tyd was, want hulle was die pioeniers van evangelisasie. Hulle moes van basies niks af begin om dinge uit te werk. Hulle het nog nie eers baie mooi besef wat aan't gebeure was nie. Hulle het

nog nie eers die implikasies van Jesus se kruisiging en opstanding besef nie en hier word hulle klaar uitgestuur. Dalk die moeilikste van alles, was dat hulle toe nog nie eers 'n Bybel gehad het as ‘n riglyn, ‘n “handboek” soos ons vandag het nie! Vir my en jou is daar kursusse en boeke en ‘n streep mense by wie jy kan gaan aanklop vir hulp. Maar die een groot Hulp wat ons beide het, is die Heilige Gees, want sonder Hom help al die moderne hulpmiddele wat ons het, absoluut niks! En mét Hom is selfs die mees onervare gelowige ‘n bekwame getuie as hy luister na die stem van die Heilige Gees. Selfs die ongelowige Thomas word ‘n getuie wie se getuienis deur die eeue heen weergalm as hy Jesus aanspreek as “My Here en my God!”

Ons het so byna-byna Johannes se Evangelie deurgewerk en daar is nog net enkele dagstukkies oor. Hier waar ons nou die einde nader, skryf Johannes dat hy hierdie boek geskryf het "...... sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en dat julle deur te glo, die lewe in sy Naam kan hê.” Dit was vir my ‘n ongelooflike voorreg om hierdie reeks oordenkinge met jou te kon deel. Die vraag is egter of jy, nadat jy dit alles gelees het, glo in Jesus as jou Verlosser. Het jy al ‘n oorgawe aan Hom gemaak, en die vergifnis van God ontvang vir jou sondes? Of staan jy steeds

met een voet in die ewige verdoemenis! Ek het oor die jare die Evangelie met etlike mense gedeel - mense wat gesê het dat hulle graag ook Christene wou word. As jy dalk nog twyfel, wil ek by jou pleit: neem vandág nog ‘n besluit, want more mag dalk reeds te laat wees......

Gebed:

Here, U het my gestuur om U Evangelie uit te dra. Help my om U opdrag met ‘n passie uit te voer.

## 74

# Vissers van Mense

## Johannes 21:1-14

**VIDEO * OUDIO**

Vir drie jaar lank het die twaalftal uitgesoekte manne hulle werk gelos en die Meester gevolg. Hulle het dag vir dag aan Sy voete gesit en geleer van die Koninkryk van God. Hy het hulle op talle praktiese eksursies geneem en gewys hoe die Evangelie verkondig moet word. Die doel van hierdie hele oefening was om ‘n kerngroepie kerkleiers op te lei. Hulle was die mense wat die Evangelie moes uitdra wanneer Hy nie meer daar was om dit te doen nie. Hulle was ook die manne wat by Hom moes oorneem om verder mense op te lei om die Evangelie te versprei. En nou skielik was Hy nie meer daar om vir hulle leiding te gee nie. Hulle sit rond en weet nie meer wat om met hulleself aan te vang nie, want skielik is hulle leierloos.

Dan wonder Petrus of dit nie dalk wys sou wees om nou terug te keer na sy ou beroep toe nie? "Ek gaan visvang - wie kom saam?” Sommer gou-gou het hy ‘n gewillige bemanning. “Vannag gaan ons róér onder die blinklywe!”

Maar dinge verloop nie soos beplan nie, want soos wat dit maar met menige hengel ekspedisie gaan, kom hulle baie bedroë daarvan af - die ganse nag se harde arbeid lewer nie eers een enkele ou sardientjie op nie. Petrus is moedeloos. Alles in die lewe loop vir hom skeef. Niks maak meer sin nie. Hy, die groot visserman, die een wat oral leiding neem - sy wêreld het inmekaar getuimel. Elke keer as hy dink dat hy nou héél bo is, dan kom hy weer hard terug aarde toe. Toe hy vir Jesus sê dat hy Hom nooit sou verlaat nie, het hy dit eerlik bedoel, maar Jesus het vir hom gesê dat hy sy Meester sou verloën. Hoe verskriklik spook daardie nag nie steeds by hom nie - die nag toe hy soos ‘n bang hond moes wegkruip sodat mense hom nie dalk sou herken nie. Drie maal daardie nag moes hy lieg en dit nogal vir ‘n simpel diensmeisie. En toe verloor hy alles wat vir hom in die lewe saakgemaak het, toe hulle sy Meester daar aan die kruis vermoor.

En nou hierdie vernedering: hy het gedink dat hy darem nog kan visvang, maar nou kan hy selfs nie eers meer ‘n enkele ou vissie in die hande kry nie.

En dan gebeur die wonderwerk. In die half-skemer staan Iemand op die strand en skree vir hom om die net aan die anderkant uit te gooi. Wat sal dit nou help? As daar nie visse links is nie sal daar

mos ook nie regs wees nie! Maar hy gehoorsaam. Hy sê vir die manne om die net anderkant in te gooi. Die volgende oomblik wemel dit van visse - nie maar net sardientjies nie, dis sommer gróót visse! Skielik dring die besef deur tot Petrus dat dit niemand anders is nie, as Jesus wat op die strand staan. Hy trek sy hemp haastig aan en spring in die see om die laaste end strand toe te swem.

Skielik het Petrus nou sy selfvertroue terug. Iets begin nou in sy gedagtes posvat: dit is nie hý wat sterk is nie, maar Jesus! Dis sy Meester wat hom daardie krag gee! Elke keer as hy iets sonder Jesus wil doen, misluk hy, maar as Jesus bykom dan staan hy sterk soos ‘n rots. Inderdaad moes Petrus ‘n paar weke later uitvind dat wat hy tot dusver beleef het nog niks was nie, want toe die Heilige Gees eers sy lewe oorgeneem het, het hierdie rots, Petrus uitgestyg as die onwrikbare, onverskrokke man van God wat selfs die magtige Joodse Raad kaalvuis kon aanvat!

Inderdaad het Petrus daardie oggend vroeg, daar op die strand, ook geleer dat om op jou eie krag vis te vang, niks in die sak bring nie. Met Jesus saam kan jy baie visse vang. Jesus het dit ook vir hom verduidelik dat hierdie visse in die see nie is wat Hy in gedagte het vir Petrus nie, maar dat hy vir Jesus visse van mense sou vang in oorvloed.

Hierdie ou paartjies (daar was 153 visse) wat hulle op die strand uitgesleep het is nog niks teen die magdom van mense-visse wat daar gevang sou word nie. Ja, op Pinksterdag alleen was die vangs drie duisend!

Ons is ook vissermanne (én vroue). Petrus se verhaal leer ons egter ‘n baie kosbare les. Waarom is dit dat ons beste evangelisasiepogings dikwels ‘n totale mislukking is? Ál ons beplanning en ál ons harde werk lewer dikwels absoluut niks op nie. Petrus moes op die harde manier leer dat hy op sy eie stoom nêrens kon kom nie. Die oomblik toe die Here bykom, was daar sukses.

Op Pinksterdag het die groot wonderwerk gebeur, toe Jesus die Heilige Gees aan Sy kerk gegee het. Dit was nie net vir die mense van daardie tyd bedoel nie, maar vir die kerk deur die eeue - óók vir ons vandag. Deur die Heilige Gees, beleef ons vandag dieselfde krag van Jesus as wat Petrus dit destyds beleef het. Hy is in elke gelowige! Die groot geheim is om Hom net die kans te gee in jou lewe.

Die vraag kom dikwels op: Waarom beleef sommige mense die Heilige Gees meer suksesvol in hulle lewens as ander? Die geheim lê daarin dat hoe nader jy aan God leef, hoe meer gee jy die Heilige Gees geleentheid om jou lewe te beheer.

Hoe minder sonde daar in jou lewe is, hoe meer plek is daar vir Hom.

Gebed:

Here, dankie dat U Heilige Gees in my woon. Help my asseblief om so te leef dat Hy baie plek in my lewe het.

75

## Het jy My lief?

## Johannes 21:15-25

**VIDEO * OUDIO**

Ons het aan die einde gekom van hierdie wonderlike boek wat Johannes geskryf het. Vir die afgelope vier maande was dit vir my ‘n wonderlike voorreg om met jou hierdie boodskap van God se wonderbare Lig wat in die duister skyn te deel. Elke dag was vir myself ‘n verrassing, want dikwels het ek self nie eers geweet wat die boodskap van die oordenking was totdat ek die laaste reels skryf nie. Die reeks oordenkinge is nou saamgevat in ‘n e-boek met die titel: “Ontmoet Jesus!” Die boek is uniek, in dat jy die keuse het om dit te lees, na die oordenkinge te luister óf om na video opnames daarvan te kyk. Dit is gratis! Kyk gerus op ons webblad.

Jesus en sy dissipels sit op die strand en eet ontbyt. Op die spyskaart is brood en vis, vars uit die see, nadat Petrus en sy manne die swaar nette wat tot oorlopens toe vol gelaai was uitgesleep het. Dis ‘n rustige toneeltjie, met die klein brandertjies wat saggies teen die strand aanklots. ‘n Groot rustigheid het ook toegesak op die vissermanne na hierdie groot vangs waarmee hulle moes stoei. En

dan, uit die bloute vra Jesus vir Petrus hierdie indringende vraag: "..... het jy My baie lief...?”

Wat sou jou antwoord wees as Jesus jou vandag daardie vraag moes vra? Natuurlik sal jy nés Petrus antwoord: “Maar natúúrlik Here, U weet mos dat ek U liefhet!” Natúúrlik het ek en jy vir Jesus lief. Ons sê dit dikwels vir Hom wanneer ons met Hom praat. Ons sê dit selfs vir ander mense.

Wanneer Jesus ‘n tweede keer vir Petrus hierdie vraag vra, begin daar ontstellende gedagtes deur sy kop gaan: "Hoekom sou die Meester die vraag vir my tweekeer vra? Weet Hy dalk iets van my af wat ek baie goed wegsteek?” Daar sak ‘n ongemaklike stilte toe oor hierdie groepie manne. Elkeen is besig met sy eie gedagtes. "Pas My skape op,” sê Jesus vir Petrus.

Dit is ‘n baie groot opdrag wat Petrus hier kry. Jesus het ‘n groot "kudde" bymekaargemaak oor die drie jaar van Sy openbare optrede, ‘n reuse skare mense wat Hom gevolg het en dag-vir-dag aan Sy lippe gehang het oor die wonderlike dinge wat Hy gesê het. Dit is nou Petrus se plig om hierdie kudde te gaan versorg. Petrus herkou nog aan hierdie groot opdrag, dan bars die bom, want ‘n derde keer vra Jesus vir Petrus of hy Hom liefhet.

Petrus bars in trane uit: Waarom sou die Here hom driemaal vra of hy Hom liefhet? Die Here weet alles- ÁLLES! Natúúrlik weet Hy van al sy mislukkings! Natúúrlik weet Hy van al die kere wat hy so liederlik gefaal het! Natúúrlik weet die Here van daardie verskriklike nag toe hy Hom in Sy uur van nood verloën het. Hy weet van elke dingetjie wat in Petrus se gedagtes aangaan - selfs elke ding waarvan niemand anders weet nie! Petrus is maar net ‘n sondige mens, maar ten spyte van al sy swakhede en gebreke kry hy stééds die opdrag van Jesus om Sy kudde op te pas. Hoe kán Jesus hom só vertrou ten spyte van sy liefdeloosheid en al sy ander swakhede?

Vanoggend praat Jesus net so duidelik met my en met jou, liewe vriend, vriendin. Hy gesels nou al geruime tyd elke dag met jou deur die oordenkinge. Enkele van die lesers ken ek persoonlik, maar vir jou ken ek waarskynlik gladnie eers nie - nog nooit gesien nie! Ek wens so dat dit anders kon wees, en dat ek elke leser kon ontmoet en dat ons saam oor 'n koppie koffie kon gesels oor hierdie dinge, maar dit is natuurlik totaal onmoontlik.

Maar Jesus ken my en jou deur en deur. Die Here weet alles - ÁLLES! Soos Petrus kan ons ook maar net vanoggend in trane voor Hom kom staan en

ons harte uitstort, want ons liefde vir Hom skiet so verskriklik ver tekort. Dag-vir-dag bedroef ons Hom met ons liefdelose optrede en ons talle sondes. Maar ten spyte van dit alles het Hy ons steeds so onmeetlik baie lief. Hy het elke sonde van my en jou reeds vergewe en vergeet.

Sy opdrag aan ons is dan ook vanoggend om te gaan skape oppas. Hoe jy daardie opdrag gaan uitvoer is ‘n saak tussen jou en Jesus. Party van ons het baie skape gekry om na om te sien en party dalk net een skapie, maar die Here gee vir elkeen na sy eie vermoë. Hy vra net dat ons daardie skape wat Hy ons gegee het goed moet versorg, met liefde.

Ek wil hierdie reeks oordenkinge oor Johannes se Evangelie afsluit met ‘n opsomming. God het Sy wonderbare lig gestuur na hierdie donker wêreld. Dit het Hom duur gekos, want in die proses moes sy Seun, Jesus, verneder word en met Sy lewe daarvoor betaal. Dit het bewys hoe ongelooflik groot God se liefde vir jou en my is. Ek en jy is die spieëls wat hierdie Lig moet weerkaats sodat elkeen met wie ons in aanraking kom Jesus kan sien. Op hierdie manier betoon ons ook ons dankbaarheid en sê ons dat ons ook vir Jesus lief is.

Gebed:

Here Jesus, nadat ek hierdie Evangelie gelees het, kan ek nie anders nie as om in aanbidding voor U, die Skepper van die hemel en die aarde neer te val. U is die wonderbare Lig wat helder skyn. Dankie dat ek kan weet dat U liefde vir my oneindig groot is. Leer my om U ook waarlik lief te hê, en om U opdragte uit te voer.